

DIE TOEPASSING EN INVLOED VAN SLAWEWETGEWING
IN DIE LANDDROSDISTRIK TULBAGH/WORCESTER,
1816-1830

deur
P.G. WARNICH



Tesis voorgelê ter gedeeltelike voldoening van die vereistes
vir die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte
(Geschiedenis) aan die Universiteit van Stellenbosch

STUDIELEIER: PROF. DR. D.J. VAN ZYL

Maart 1988

VERKLARING

Ek die ondergetekende verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is wat nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander Universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê is nie.

27.02.1988

Datum

OPGEDRA

AAN MY MOEDER EN CECILE

"The disadvantage of men not knowing the past is that they do not know the present."

G.K. Chesterton

INHOUDBLADSY

VOORWOORD	v - x
1. INLEIDING	1 - 23
1.1 Administratiewe beheer	1
1.2 Die omvang van slawerny	12
2. DIE EERSTE SLAWEWETGEWING: DIE REGISTRASIE- PROKLAMASIES	24 - 60
2.1 Die 1816-proklamasie	24
2.2 Toepassing	31
2.3 Die 1818-proklamasie	37
2.4 Toepassing	43
Evaluering	53
3. DIE PROKLAMASIE VAN 18 MAART 1823	61 - 125
3.1 Bepalings met betrekking tot godsdiens en onderwys	62
3.2 Bepalings met betrekking tot sosiale aangeleenthede, voedsel en kleding	86 86
slawehuwelike en beperkings ten opsigte van aparte verkoop	94
3.3 Bepalings met betrekking tot ekonomiese aangeleenthede	102
besit van eiendom	102
werkure en rustye	106
3.4 Bepalings met betrekking tot geregtelike aangeleenthede	110
eedafllegging	110
straf	111
Evaluering	123

4.	DIE SLAWEOPSTAND VAN 1825: OORSAKE EN BEPLANNING	126 - 158
	Oorsake	133
	Beplanning	147
5.	DIE SLAWEOPSTAND VAN 1825: VERLOOP EN GEVOLGE	159 - 201
	Verloop	159
	Gevolge	177
	Evaluering	199
6.	ORDONNANSIE 19 VAN 19 JUNIE 1826	202 - 234
	6.1 Inhoud	203
	6.2 Invloed	214
	Evaluering	232
7.	SLOT	235 - 240
	BRONNE	241 - 260
	KAARTE EN ILLUSTRASIES	iii
	AFKORTINGS	iv

KAARTE EN ILLUSTRASIES

	<u>Teenoor</u> <u>bladsy</u>
1. Die drosdy Tulbagh in 1811	2
2. Sommige van die veldkornetskappe van die landdrosdistrik Tulbagh, 1816	3
3. 'n Plan van die voorgenome dorp Worcester op die leningsplase Langerug en Roodewal	4
4. Kaptein Charles Trappes (1776-1828) sedert 1822 landdros van die distrik Tulbagh/Worcester	6
5. Lord Charles Henry Somerset (1768-1831) sedert 1814 goewerneur van die Kaapkolonie wat d.m.v. wetgewing die lot van die slawebevolking wou verbeter	25
6. 'n Voetboei wat in April 1969 op die plaas Doringkraal, geleë in die Agter Witzenberg van die teenswoordige distrik Ceres, ontdek is	122
7. Galant, hoofaanvoerder van die slaweopstand in 1825	131
8. Die plaasopstal op Houd den Beck: 1825	164
9. Die koeëlgat deur die kosyn van die voordeur van die woonhuis op Houd den Beck	164
10. Plase in die voorste omtrek van die Koue Bokkeveld, 1824	186
11. Die geografiese ligging van Koppieshoogte	186
12. Koppieshoogte gesien vanuit 'n noord-noordwestelike rigting	186
13. Thomas Heatlie (1787-1846), omstrede inwoner van die distrik Tulbagh/Worcester	194

AFKORTINGS

A.	Accessions
A.C.	Advisory Council
A.G.	Attorney-General
A.K.	Akteskantoor
B.R.	Bataafse Republiek
C.J.	Court of Justice
C.O.	Colonial Office
C.S.C.	Cape Town Supreme Court
G.	Tulbagh gemeente
G.H.	Government House
G.R.	Graaff-Reinet-argief
J.	Opgaafrolle
K.H.O.K.	Die Kantoor van die Hoofdirekteur Opmetings en Kartering
M.	Kaarte
M.O.O.C.	Master's Office and Orphan Chamber
N.G.K.A.B.	Nederduits Gereformeerde Kerkargief-bewaarplek
P.	Privaataanwinste
S.O.	Slave Office
S.T.B.	Stellenbosch-argief
W.O.C.	Worcester-argief
Z.	Microfilm Collection

VOORWOORD

Slawerny in die Kaapkolonie bied 'n wye veld van ondersoek en bly daarom steeds 'n gewilde studieterrein wat deur sowel plaaslike as oorsese historici ontgin word. Om die een of ander rede is neëntiende-eeuse studies, wat 'n deurlopende mikro-analitiese ondersoek na 'n faset van slawerny in een van die buitelandse distrikte van die kolonie as tema vereis, tot op hede jammerlik afgeskeep. Om hierdie rede en ook vanweë my groot belangstelling in menslike verhoudingstudies, het ek op hierdie studie besluit.

Ten opsigte van hierdie onderwerp is geen histories-wetenskaplike studie tot dusver onderneem nie. As logiese vertrekpunt is die jaar 1816 gekies, toe goewerneur lord Charles Somerset begin het om die eerste van 'n reeks slawewetgewing ter verbetering van die lot van die slawebevolking in die Kaapkolonie uit te vaardig. Hierdie studie strek tot 26 Augustus 1830. Op hierdie datum het die Bevel-in-Rade van 2 Februarie 1830 wat verdere regte aan die slawebevolking in die Kaapkolonie verleen het, wet geword.¹⁾

Vermeldenswaardige werke wat hierdie onderwerp sydelings aanraak, is die M.A.-tesis van M.T. Latsky, getitel: "Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834", die M.A.-tesisse van A. Janse van Rensburg en P.S. de Jongh, onderskeidelik getitel: "Die toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834" en "Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830" en die werk van I.E. Edwards, getitel: Towards Emancipation: A Study in South African Slavery. N.A. Worden se doktorsale proefskrif, getitel: "Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century", het as nuttige

1. The Cape of Good Hope Government Gazette, 13.8.1830 (Proclamation, 12.8.1830).

agtergrondliteratuur gedien. Dit dien ook hier vermeld te word dat A.P. Brink, die bekende skrywer, in 1982 die roman Houd-Den-Bek die lig laat sien het. Alhoewel die roman raakpunte met die geboekstaafde feite rondom die slaweopstand van 1825 toon, word dit by uitstek as fiksie aangebied. Om dié rede, en soos die skrywer tereg ook opgemerk het, het hy hom "vryhede veroorloof ten opsigte van die topografie en van bepaalde historiese insidente of personasies".

Die inligting in verband met hierdie onderwerp is grotendeels in argivale bronne, letterkundige bronne en koerante nagevors. Wat die neerslag van die argivale bronne betref, is die grootste gedeelte daarvan in die Staatsargiefbewaarplek in Kaapstad bekom. Navorsing is ook gedoen in die Akteskantoor, die Nederduits Gereformeerde Kerkargiefbewaarplek, die Suid-Afrikaanse Biblioteek, die Parlements-biblioteek, die Onderwysbiblioteek (almal in Kaapstad), die Jagger-biblioteek van die Universiteit van Kaapstad, die kantoor van die Hoofdirekteur Opmetings en Kartering in Mowbray en die J.S. Gericke-biblioteek in Stellenbosch.

Ek het ook by verskeie plekke besoek afgelê. In dié verband het verskeie persone op goedgeunstige wyse inligting aan my beskikbaar gestel. Ek wil graag die volgende persone uitsonder: mej. S. Schoeman van die Kleinplasia-museum te Worcester; mnr. C.H. Heatlie van die plaas Orange Grove buite Worcester; mev. B. Gehringer van die Togryersmuseum te Ceres; mnr. C. Riding van Andrews, Watt en Nel-Landmeters op Ceres; mnr. P.S. du Toit van Bergsigstraat 22, Ceres; mnr. C. Calitz van die Ceres-Afdelingsraad; mnr. J.H. van der Merwe van die plaas Ebenezer in die Koue Bokkeveld; sy seun H.S. van der Merwe van Môrester-Houdenbek-Boerdery en die eienaar van die plaas Houdenbek in die Koue Bokkeveld, mnr. Naas van der Merwe.

Uit die ondersoek het dit onder meer geblyk dat, in die geheel beoordeel, die toepassing en invloed van die reeks slawewetgewing wat in die tydperk onder bespreking uitgevaardig is, nie die verlangde resultate t.o.v. die algemene opheffing van die slawebevolking in die distrik Tulbagh/ Worcester opgelewer het nie. Een van die vernaamste redes hiervoor is die breuk in die eienaar-slaaf-verhouding wat onder andere teweeggebring is deur 'n oordrewe aanname deur die slaaf met betrekking tot sy regte wat deur middel van die wetgewing verkry is.

Enkele probleme is met die navorsing van hierdie studie ondervind. Nadat aanvanklik daarmee begin is, het die ongedefinieerde aard van die grenslyne tussen die onderskeie veldkornetskappe dit moeilik gemaak om die oppervlakte van elke veldkornetskap van die distrik Tulbagh/Worcester presies geografies af te baken. Alhoewel dit nie as 'n onmoontlike taak beskou moet word nie, sal die intrek van hierdie grense nietemin noukeurige en uitgebreide navorsing verg. Dit sal ook meebring dat 'n menigte argivale en letterkundige bronne vóór 1816 deurgewerk moet word. Op sigself regverdig dit dus in meer as een opsig 'n studie in eie reg. Derhalwe het ek besluit om my aanvanklike poging aan 'n volgende navorser oor te laat.

Ten opsigte van hoofstuk 2 is 'n probleem ondervind om geskikte terminologie vir die Engelse term "transcribed" te vind, sodat die onderskeid duidelik kan blyk tussen dié term en die term "transfer", met min of meer dieselfde betekenis, waar dit in verband met die registrasie van slawe gebruik is. Omdat eersgenoemde term meestal in argivale bronne gebruik is wanneer dit betrekking gehad het op die registrasie van slawe tydens die verhuising van een distrik na 'n ander, het ek op die term "gebiedsoorplasingregistrasie" as 'n geskikte Afrikaanse ekwivalent besluit. Die term "transfer" het dan uitsluitlik op dié gevalle betrekking waar 'n per-

soon slawe deur middel van geskenk, ruiling, verkope of nalatenskap bekom het en dit as sodanig op sy naam oorgedra moes word.

Dit dien ook hier vermeld te word dat die spelwyse van die plaasnaam Houd den Beck (die plek waar die treurspel van 1825 hom afgespeel het) in argivale stukke verskil. Vir die doel van hierdie studie sal volstaan word by laasgenoemde spelling omdat dit as sodanig gespel is toe dié plaas in 1819 in ewigdurende erfpag opgemeet is. Ná hierdie datum word die plaasnaam meestal as òf Houd den Bek òf Houd den Beke gespel.²⁾

Ten slotte wil ek graag my dank en waardering teenoor enkele persone en instansies betuig.

Eerstens my dank aan my studieleier, prof. D.J. van Zyl, onder wie se leiding ek hierdie verhandeling voltooi het, en wat die onderwerp aan die hand gedoen het. Reeds voor die aanvang van hierdie studie het hy my heelhartig ondersteun in my pogings om uitstel van beursverpligtinge by die Kaaplandse Departement van Onderwys te verkry. Te midde van 'n druk werksprogram was hy altyd tydens die duur van hierdie studie bereid om my van raad te dien wanneer probleme opgeduik het. Prof. van Zyl se helder insig, deskundige en inspirerende leiding was vir my van onskatbare waarde. Daarby het ek ook veel van hom geleer ten opsigte van navorsing, navorsingsmetodes en historiese kritiek.

'n Spesiale woord van waardering gaan ook aan my medestudieleier, dr. G. Pool, vir sy kritiese kommentaar.

2. Vgl. bv. (A.K.), Worcester Quitrents, 18.12.1829 to 4.7.1831, part I, Vol. 4, diagramno. 352/1819, farmno. 182, p. 23; Register van Plaasname, Ceres, Vol. II, No. 182/1; W.O.C. 15/18 Registers van Koste van Inspeksie en Opmeting van Landerye, 10.7.1820, No. 90, n.p.; J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.

'n Spesiale woord van waardering gaan ook aan my medestudieleier, dr. G. Pool, vir sy kritiese kommentaar.

Aan dr. J.C. Visagie ook 'n opregte woord van dank vir sy nuttige wenke met betrekking tot die opstel van die eerste kaart en die opsporing van bronne in die Kaapse Staatsargiefbewaarplek.

My dank gaan ook aan al die persone van voorgenoemde sentra wat my op die een of ander wyse behulpsaam was in die opsporing van navorsingsmateriaal. Omdat die meeste van my navorsing in die Kaapse Staatsargiefbewaarplek geskied het, rig ek 'n spesiale woord van dank aan veral die leeskamerpersoneel in die persone van mejj. J. Wengrove, M. Niemand, S. Meyer, mev. I. Gouws en P. Wernich en mnre. L. Thiart, D. McLennan en J.H. van der Merwe. Aan mnr. L. Cloete van die kantoor van die Hoofdirekteur Opmetings en Kartering en mej. M.C. Jooste van die Parlementsbiblioteek ook 'n opregte woord van dank vir hul hulp en bystand.

Ter nagedagtenis, daar hy tydens die duur van hierdie studie oorlede is, spreek ek my waardering uit teenoor sersant C.F. Smith wat aan die S.A.P. Strand verbonde was. Hy was verantwoordelik vir die gesigskets wat in hierdie verhandeling opgeneem is.

Voorts betuig ek my dank ook aan Anna van Heerden wat die manuskrip getik het, Elrethe van Rooyen vir die teken van die kaarte en Tessa Möller wat die manuskrip taalkundig versorg het.

Hierbenewens is ek ook baie dank verskuldig aan mnr. en mev. G. van Zyl van die dorpie Op-die-Berg wat aan my verblyf verskaf het tydens my terreinondersoek in die Koue Bokkeveld. Aan al die ander gasvrye inwoners van die Ceres-

distrik wat in hierdie tyd goedgunstiglik onderhoude aan my toegestaan het, 'n spesiale en opregte woord van dank.

Ook verdien al die dosente van die Departement van Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch, familielede, kollegas en vriende my dank vir hul volgehoue belangstelling en aanmoediging.

Aan die Kaaplandse Departement van Onderwys ook 'n woord van dank vir die verleen van studieverlof en uitstel van beursverpligtinge.

Geldelike bystand van die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van die navorsing vir hierdie verhandeling word hiermee met waardering erken. Menings in hierdie werk gehuldig, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is my eie en moet in geen omstandighede beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die genoemde Raad nie.

Ten slotte wil ek my diepe erkentlikheid teenoor my vrou en moeder betuig vir hul motivering, bystand en opoffering ten tyde van hierdie studie.

Bo almal dank ek die Hemelse Vader vir die inspirasie en krag wat my in staat gestel het om hierdie verhandeling te voltooi.

P.G. Warnich
Mosselbaai
Desember 1987

HOOFSTUK 1

INLEIDING

Om 'n goeie begrip van die toepassing en invloed van slawewetgewing in die landdrosdistrik Tulbagh/Worcester gedurende die onderhawige tydperk te vorm, is dit nodig om eers kortliks te verwys na die administratiewe beheer van dié betrokke distrik sowel as om 'n aanduiding te gee van die omvang van slawerny in dié distrik.

1.1 Administratiewe beheer

Ten opsigte van sy administratiewe beheer het die landdrosdistrik Tulbagh (later Worcester) sedert sy ontstaansjare veranderings beleef. Aangesien hierdie veranderings ook ten nouste verband gehou het met die studie van slawerny in dié betrokke distrik, word dit daarom noodsaaklik geag dat op die belangrikste aspekte daarvan gelet word.

Op 11 Julie 1804 is die landdrosdistrik Tulbagh deur kommissaris J.A. de Mist as die vyfde distrik van die Kaapkolonie geproklameer. Die ander distrikte was die Kaapse distrik en die distrikte Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet. Volgens die grensreëlings van De Mist sou die distrik Stellenbosch in twee verdeel word. Die suidelike deel sou die naam Stellenbosch behou, terwyl die noordelike gedeelte Tulbagh sou heet.¹⁾ Die naam Tulbagh is eers op 18 Julie 1804 amptelik aan die nuwe drosdy gegee.²⁾

Ongedefinieerde grense tussen die distrikte Stellenbosch, Swellendam en Tulbagh het die landdros van Tulbagh in 1807

-
1. Kaapsche Courant, 14.7.1804 (Publicatie, 11.7.1804).
 2. B.R. 42 Resolusies, 18.7.1804, p. 51.



DIE DROSDY TULBAGH IN 1811

'n Voorstelling deur die Britse reisiger, W.J. Burchell
(Kaapse Argiefbewaarplek, No. M. 333)

beweeg om 'n versoek tot die owerheid te rig vir die spesifisering van die grense tussen hierdie distrikte. Hieraan het goewerneur Caledon gehoor gegee. Op 1 Februarie 1808 is 'n gedeelte van die landdrosdistrik Stellenbosch afgesny en by die distrik Tulbagh gevoeg.³⁾


Hierdie nuwe reëling, wat die distrik Tulbagh nog groter in omvang gemaak het, het die doeltreffende handhawing van wet en orde haas onmoontlik gemaak. In 'n poging om hierdie ongerief ongedaan te maak, het die Bataafse owerheid die opstal van die leningsplaas Jandisselsvlei, wat aan S. van Reenen toegeken was, teen 'n bedrag van 6 000 riksdalders aangekoop. Op 1 Februarie 1808 is Jandisselsvlei tot adjunk-drosdy geproklameer.⁴⁾

'n Adjunk-landdros in die persoon van Daniël Johannes van Ryneveld, geassisteer deur 'n bode, het van bogenoemde datum af by Jandisselsvlei as verteenwoordiger van die staatsgesag en -administrasie opgetree. Hy was onderhewig aan die opdragte van die landdros en heemrade van Tulbagh aan wie hy maandelikse verslae moes stuur. Ooreenkomstig sy jurisdiksie het hy opgaafgeld en belastings van belastingpligtiges ingevorder, en het hy ook oor minder belangrike siviele sake uitsluitel gegee. In sake van 'n meer ernstige aard sowel as kriminele sake moes die adjunk-landdros verklarings en getuienisse afneem en dit saam met gearresterdes na Tulbagh stuur.⁵⁾

3. P.S. de Jongh: Sendingswerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, pp. 2-3.

4. G.M. Theal: History of South Africa, 1795-1834, p. 139; P.A.N. Swart: Clanwilliam 150 jr. (1814-1964), p. 9.

5. P.L. Scholtz: Die Historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p. 91.



Op 21 Januarie 1814 het goewerneur Cradock die subdistrik Jandisselsvlei tot Clanwilliam herdoop.⁶⁾

Teen 1816 het die landdrosdistrik Tulbagh, met Johannes Henricus Fischer as landdros, uit die volgende 31 veldkornetskappe bestaan, waarvan sommige geïllustreer is op die kaart teenoor hierdie bladsy: Kom van Tulbagh, Voor die Breërivier, Oor die Breërivier, Goudini, Oor die Hexrivier, Agter die Hexrivier, Voorste Bosjesveld, Middel Bosjesveld, Warm Bokkeveld, Agterste omtrek van Koue Bokkeveld, Voorste omtrek van Koue Bokkeveld, Voor die Vier en Twintigriviere, Oor die Vier en Twintigriviere, Voor die Piketberge, Agter die Piketberge, Agter die Piketberge,⁷⁾ Berg- en Verlorevallei, Voor die Olifantsrivier, Klein Roggeveld, Die Koup, Nieuweveld, Voorste omtrek van Middel Roggeveld, Agterste omtrek van Middel Roggeveld, Onder-Roggeveld, Klein Swartberg, Olifantsrivier, Sederberge en Bidouw, Mond van die Olifantsrivier, Hantam, Klein Namakwaland en Kamiesberge en Onder-Bokkeveld.⁸⁾

Laasgenoemde ses veldkornetskappe het teen 1816 onder die jurisdiksie van die adjunk-drosdy Clanwilliam geressorteer waar Olof Martin Bergh op daardie stadium as adjunk-landdros opgetree het.⁹⁾ Hy moes die veldkornetskappe jaarliks besoek. Op dergelike besoeke het sy pligte onder meer die

6. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.1.1814 (Government Advertisement, 21.1.1814).

7. Sien voetnoot 55 vir 'n volledige beskrywing van die administratiewe reëlings in verband met hierdie veldkornetskap.

8. J. 384 Opgaafrol, Tulbagh 1816, n.p.; J. 24 Opgaafrol, Clanwilliam 1816, p. 13; The African Court Calendar and Directory, for 1817, p. 40.

9. J. 24 Opgaafrol, Clanwilliam 1816, p. 13; The African Court Calendar and Directory, for 1817, p. 40.

volgende behels: die aanhoor van klagtes, die verhoor van sake, die inspeksie van grondrekweste, die nagaan van optredes en boeke van die veldkornette, die bekendstelling van proklamasies en die ondersoek van dienskontrakte.¹⁰⁾

Om die adjunk-landdros in sy werksaamhede by te staan, het die Goewerneur gedurende die eerste helfte van 1818 twee heemrade aangestel.¹¹⁾ Namate die werksaamhede by die adjunk-drosdy toegeneem het, veral met die koms van die Ierse Setlaars na Clanwilliam in Junie 1820,¹²⁾ het die aanstelling van verdere heemrade gevolg.¹³⁾

Op aanbeveling van landdros Fischer¹⁴⁾ het goewerneur lord Charles Somerset in 1819 'n tweede subdistrik vir die landdrosdistrik Tulbagh geproklameer. Dit het as Worcester bekend gestaan.¹⁵⁾ Vir dié doel het die koloniale regering in Desember 1818 die twee leningsplase Roodewal en Langerug, geleë aan die Hexrivier, vir 'n bedrag van 140 000 guldens

-
10. P.L. Scholtz: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p. 91.
 11. W.O.C. 17/34 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Bergh, 4.3.1818, No. 220, n.p.
 12. G.B. Dickason: Irish Settlers to the Cape, p. 21.
 13. C.O. 4844 Letters Despatched, General: Ellis - Fischer, 21.2.1821, n.n., p. 239; W.O.C. 19/9 Inkomende Briewe van Amptenare: Bird - Landdros en Heemrade van Tulbagh, 28.11.1821, copy, No. 4, n.p.
 14. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Bird, 9.11.1818, No. 36, n.p.; 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, p. 80.
 15. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 6.11.1819 (Government Advertisement, 20.10.1819).

aangekoop.¹⁶⁾ Die verkoping van die bouerwe het egter eers op 28 en 29 Februarie 1820 plaasgevind.¹⁷⁾

Die stigting van die adjunk-drosdy te Worcester het meegebring dat grensreëlings tussen hierdie subdistrik en Tulbagh opnuut vasgestel moes word.¹⁸⁾ Dit het tot gevolg gehad dat die veldkornetskappe Oor die Hexrivier, Goudini, Agter die Hexrivier, Voorste Bosjesveld, Middel Bosjesveld, Klein Swarteberg en Klein Roggeveld nie meer onder die jurisdiksie van die drosdy Tulbagh geressorteer het nie, maar wel onder die jurisdiksie van die adjunk-drosdy Worcester.¹⁹⁾ Hier was J.F. van de Graaff die adjunk-landdros²⁰⁾ met magte en pligte van dieselfde aard as dié van sy ampsgenoot by die adjunk-drosdy te Clanwilliam.²¹⁾

'n Hewige winterstorm het in Julie 1822 oor die westelike gedeeltes van die Kaapkolonie losgebars. Vanaf 19 Julie tot die oggend van 26 Julie 1822 het 'n bykans onophoudelike stormwind met 'n gepaardgaande stortreën groot dele van die distrik Tulbagh geteister. Groot skade is aan die huise in Kerkstraat aangerig, en baie van die gesaaides in die veldkornetskap Kom van Tulbagh is deur die vloed wegge-

-
16. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Bird, 21.12.1818, No. 37, n.p.
17. C.O. 2627 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Fischer - Bird, 8.3.1820, No. 15, n.p.
18. W.O.C. 17/9 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Bird, 11.4.1820, No. 1395, n.p.
19. African Court Calendar and Directory, for 1822, pp. 52-53.
20. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 6.11.1819 (Government Advertisement, 20.10.1819).
21. G.M. Theal: Short History of South Africa, 1486-1826, p. 216.



KAPTEIN CHARLES TRAPPES (1776-1828)

Sedert 1822 landdros van die distrik Tulbagh/Worcester
(Kleinplasië-museum, Worcester)

spoel.²²⁾ Wat die skade aan die drosdy Tulbagh en sy buitegeboue betref, blyk dit of kaptein Charles Trappes, sedert 4 Januarie 1822 die nuwe landdros,²³⁾ die omvang daarvan oordryf het²⁴⁾ toe hy dit op 26 Julie 1822 aan die koloniale regering gerapporteer het.²⁵⁾ Vir die nuwe dorp Worcester het hierdie rapport egter belangrike toekomstige verwikkelinge ingehou.

Op 16 Augustus 1822 het goewerneur Somerset vir Van de Graaff en Trappes van sy besluit verwittig om nie die onkoste aan te gaan om die skade aan die regeringsgeboue by Tulbagh te herstel nie, maar om eerder die landdrossetel van Tulbagh na Worcester te verskuif.²⁶⁾ Die onmiddellike dryfveer agter die besluit van die Goewerneur was Trappes se rapport van 26 Julie 1822.²⁷⁾

Die landdrossetel te Worcester het in Oktober 1822 begin funksioneer met Trappes se vertrek vanaf Tulbagh om sy intrek te neem in die ou plaasopstal op Roodewal wat tydelik as drosdy diens sou doen.²⁸⁾ In dieselfde maand is H.L. de

22. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 3.8.1822 (Cape Town).

23. C.O. 5964 Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, 1822, p. 118.

24. 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, p. 81.

25. C.O. 2643 Letters Received from Drostdy Tulbagh: Trappes - Bird, 26.7.1822, No. 126, n.p.

26. C.O. 4847 Letters Despatched, General: Bird - Van de Graaff and Trappes, 16.8.1822, No. 78, n.p.

27. 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, p. 81.

28. W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Van de Graaff, 7.10.1822, No. 2216, n.p.

Lange as 'n spesiale heemraad op Tulbagh aangestel,²⁹⁾ waar hy met die hulp van 'n klerk,³⁰⁾ onderskout, twee blanke en twee swart konstabels die werksaamhede aldaar behartig het.³¹⁾

Op 8 November 1822 het die naam van die distrik van Tulbagh na Worcester verander.³²⁾

Ten einde fondse te verkry vir die finansiering van 'n nuwe drosdy en ander regeringsgeboue by Worcester, het die landdros en heemrade van Worcester die volgende besluite geneem: Die ou drosdy te Tulbagh met sy buitegeboue, die nabygeleë beesplaas Witzenberg asook die oorblywende 55 bouerwe in die nuwe dorp Worcester sou verkoop word. Die bedrag ingesamel van die alreeds verkoopte 89 bouerwe in Februarie 1820 sou ook vir dié doel aangewend word. Hierbenewens het die landdros en heemrade van Worcester die koloniale regering om magtiging versoek vir 'n belastingheffing van twee riksdalders vir elke slaweman en een riksdalder vir elke slavin ouer as 14 jaar asook vier skellings ('n halwe riksdalder) vir elke slaweman of slavin jonger as 14 jaar. Verder het hulle ook versoek dat hierdie belasting vir drie agtereenvolgende jare van krag mag wees.³³⁾

29. C.O. 4847 Letters Despatched, General: Bird - Trappes, 16.10.1822, n.n., p. 198.

30. G. and G. Fagan: Church Street in the Land of Waveren, p. 47.

31. C.O. 2651 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 30.1.1823, No. 16, n.p.; C.O. 4847 Letters Despatched, General: Bird - Trappes, 6.2.1823, n.n., p. 447.

32. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 9.11.1822 (Government Advertisement, 8.11.1822).

33. W.O.C. 17/36 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Trappes - Bird, 11.10.1822, No. 1218, n.p.

Laasgenoemde versoek het vrugte afgewerp. Met die proklamasie van 7 Februarie 1823 het goewerneur Somerset die landdros en heemrade van Worcester die reg toegesê om 'n belasting van twee riksdalders te hef vir elke slaaf ongeag die geslag, wat in die ouderdomsgroep 14 jaar of ouer geval het, en 'n halwe riksdalder vir elke slaaf jonger as 14 jaar. Die belastings kon gehêf word vir die tydperk 1823 tot 1825.³⁴⁾

Teen 1823 het die distrik Tulbagh/Worcester reeds 'n agteruitgang op ekonomiese gebied beleef.³⁵⁾ Dit kan as rede aangevoer word waarom die landdros en heemrade van Worcester in praktyk afgewyk het van die proklamasie van 7 Februarie 1823. Om die belastinglas so laag moontlik te hou het die landdros en heemrade eerder volstaan by hulle aanvanklike versoek, dit wil sê om 'n belasting van twee riksdalders te hef op elke slaweman ouer as 14 jaar en een riksdalder (in plaas van twee) op elke slavin ouer as 14 jaar.³⁶⁾

Ten spyte van hierdie toegewing het die landdros en heemrade hulle nogtans verplig gevoel om die transportgeld en kommandobelasting te verhoog. Dit was 'n poging om die uitstaande skuld wat die distrik ten opsigte hiervan gehad

34. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 8.2.1823 (Proclamation, 7.2.1823).

35. C.O. 2679 Letters Received from Drosdy Worcester I: Trappes - Plasket, 3.1.1826, No. 2, n.p.

36. W.O.C. 17/37 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Poggenpoel - Gregory, 22.3.1825, n.n., n.p.

het te probeer delg.³⁷⁾ Daarby is addisioneel ook nog vir die eerste keer van Maart 1824 af 'n kerkbelasting gehef waarvan die opbrengste in 'n kerkfonds gestort sou word om 'n deel van die onkoste te delg vir die bou van 'n kerk op Worcester.³⁸⁾ Vir hierdie belasting is die bedrag van vier riksdalders en agt stuiwers op elke lenings- en erfpagplaas gehef, en op elke erf twee riksdalders en vier stuiwers.³⁹⁾

Die verskuiwing van die landdrossetel na Worcester het die ontevredenheid van baie inwoners tot gevolg gehad. Verskeie versoekskrifte van die inwoners van Tulbagh en die veldkornetskap Koue Bokkeveld is aan Somerset voorgelê waarin daarteen protes aangeteken is. Die petitionarisse het ook gegrief gevoel oor die verhoogde belastings waarna hierbo verwys is. Hulle was van mening dat die verskuiwing van die landdrossetel van Tulbagh vir hierdie verhoging verantwoordelik was.⁴⁰⁾ Ook die nuut ingestelde slawebelasting het uit alle oorde groot misnoë ontlok. Adjunk-landdros van Ryneveld van Clanwilliam het die gevoelens van die inwoners opgesom toe hy in dié verband verklaar het:

-
37. W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Bigge, 16.5.1824, No. 3123, n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVII (Statement of Mr. Theron to the Commissioners of Enquiry, 17.5.1824), p. 319.
38. C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 17.2.1824, No. 25, n.p.; C.O. 4849 Letters Despatched, General: Brink - Landdrost and Heemraden of Worcester, 5.3.1824, n.n., p. 417.
39. Ibid.; 406 Documents referred to in the Reports of the Commission of Inquiry at the Cape of Good Hope, 4.10.1825, p. 545.
40. W.O.C. 12/12 Inkomende Briewe van Amptenare: Bigge - Trappes, 15.5.1824, No. 149, n.p.

"... there was more complaint about that (die slawe-belasting), than any thing else I ever heard of."⁴¹⁾

Van die ander vernaamste besware wat deur die petisionarisse aangevoer is, was die volgende: Tulbagh se inwonertal was groter as dié van Worcester; die verskuiwing sou aanleiding gee tot 'n depresiasie van eiendom op Tulbagh; die sentrale ligging van Tulbagh het in soverre dit afstand en bereikbaarheid betref, groter voordeel ingehou vir die inwoners van die Roggeveld, Bokkeveld en Karoo; Worcester sou in die wintermaande ontoeganklik wees as gevolg van oorstroomde riviere; die uitsluitlike reg van die landdros van Worcester om opgaaf in te vorder sou 'n verpligte reis daarheen beteken vir diegene van daardie veldkornetskappe wat onder die jurisdiksie van Worcester geressorteer het, en die spesiale heemraad van Tulbagh, wie se mag tot dié van 'n veldkornet beperk is, kon nie aan die administratiewe behoeftes van die Tulbagh-inwoners voldoen nie.⁴²⁾ Die spesiale heemraad het byvoorbeeld nie eens oor die bevoegdheid beskik om opgaaf te ontvang nie.⁴³⁾

Só sterk het die petisionarisse oor hierdie saak gevoel, dat sommige van hulle selfs aangebied het om op eie koste die restourasiewerk aan die drosdy by Tulbagh en sy buitegeboue

41. A.C. 6 Appendices, No. II, C: Minutes of evidence taken before the Council, 8.12.1826, p. 17.

42. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVI (Removal of the Seat of Magistracy from Tulbagh to Worcester, 1.9.1823), pp. 226-230; XVII (Removal of the Drosdy from Tulbagh to Worcester, 18, 20 - 23.5.1824), pp. 351-356; C.O. 3924 Memorials Received I: 51 inwoners van Tulbagh - Somerset, Januarie 1823, No. 37, n.p.; 28 inwoners van Tulbagh - Somerset, Januarie 1823, No. 38, n.p.; 12 inwoners van die veldkornetskap Koue Bokkeveld - Somerset, 21.1.1823, ongeno., n.p.

43. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVII (Statement of Mr. P.J. Theron to the Commissioners of Enquiry, 17.5.1824), p. 318.

te onderneem, op voorwaarde dat die landdrossetel weer daarheen sou verskuif.⁴⁴⁾

Goewerneur Somerset het egter nie ag geslaan op hierdie griewe en voorstelle nie en Worcester het as hooflanddrossetel bly voortbestaan.⁴⁵⁾

In Januarie 1823 is begin met die bou van die nuwe drosdy op Worcester onder die persoonlike toesig van Trappes. Net die oprigtingskoste van die drosdy alleen is op 68 000 riksdalders beraam. Hiervoor, en vir die oprigting van ander regeringsgeboue, het die koloniale regering 'n lening van 100 000 riksdalders aan die distrik bewillig. Die regeringsgeboue moes voorsiening maak vir 'n landdroshof, kantore vir die landdros, die sekretaris en sy klerk, die distriksklerk en die registrateur van slawe asook vir 'n kerk, 'n tronk en 'n huis waarin die boodskapper en die tronkbewaarder gehuisves sou word.⁴⁶⁾ Die voorwaarde verbonde aan hierdie lening was dat die landdros en heemrade

-
44. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVI (Removal of the Seat of Magistracy from Tulbagh to Worcester, 1.9.1823), pp. 229; C.O. 3924 Memorials Received I: 51 inwoners van Tulbagh - Somerset, Januarie 1823, No. 37, n.p., 12 inwoners van die veldkornetskap Koue Bokkeveld - Somerset, 21.1.1823, ongeno., n.p.
45. W.O.C. 12/9 Inkomende Briewe van Amptenare: Reply to the Memorial of Several Inhabitants of Tulbagh ..., 5.2.1823, Copy (enclosure to Bird - Trappes, 6.2.1823, No. 60, n.p.).
46. 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, p. 82.

van Worcester die bedrag geleidelik moes delg namate die kapitaal uit die voorgestelde fondse ingevorder is.⁴⁷⁾

1.2 Die omvang van slawerny

Wat die tydperk 1816-1830 betref, was die landdrostdistrik Tulbagh/Worcester die derde grootste slawebesittende distrik van die Kaapkolonie. Die Kaapse distrik en die distrik Stellenbosch het onderskeidelik die eerste en tweede plek beklee⁴⁸⁾.

Die tabel op p. 13 gee die verspreiding weer van die slawebevolking in die onderskeie veldkornetskappe in 1816, 1820, 1824 en 1826. Vanweë die fragmentariese aard van die gegewens vir die tydperk ná 1826 is 'n volledige weergawe van die verspreiding van die slawebevolking veldkornetskappewys nie moontlik nie. Ook moet in gedagte gehou word dat bevolkingstatistieke nie absoluut betroubaar is nie.

47. Sien pp. 7-8 en C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - The landdrost of Worcester, 4.8.1825, n.n., p. 378. (Op p. 377 van hierdie dokument word verkeerdelik na 98 i.p.v. 89 erwe verwys. Vgl. in die verband C.O. 2627 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Fischer - Bird, 8.3.1820. No. 15, n.p.).

48. C.O. 6135 Statements of the Population and the Quantity of Lands at the Cape of Good Hope, 1806-1825, n.p.; C.O. 5970, 5971, 5972 en 5973 Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, pp. 152, 44, 175, 158.

TABEL 1 Die verspreiding van die slawebevolking in die onderskeie veldkornetskappe van die landdrosdistrik Tulbagh/Worcester, 1816, 1820, 1824 en 1826.

Veldkornetskapp	Aantal slawe			
	1816 ⁴⁹⁾	1820 ⁵⁰⁾	1824 ⁵¹⁾	1826 ⁵²⁾
Kom van Tulbagh ⁵³⁾	524	486	370	437
Voor die Breërivier	114	133	148	180
Oor die Breërivier, (later Wagenboomsrivier en Slanghoek) ⁵⁴⁾	214	184	180	199
Worcester en Goudini	201	279	413	406
Oor die Hexrivier	245	294	127	154
Agter die Hexrivier	129	66	151	111
Voorste Bosjesveld	141	143	140	187
Middel of Agterste Bosjesveld	64	81	101	105
Warm Bokkeveld	123	128	100	127
Agterste omtrek van Koue Bokkeveld	93	114	48	115
Voorste omtrek van Koue Bokkeveld	103	102	97	138
Voor die Vier en Twintigriviere	119	117	117	130
Oor die Vier en Twintigriviere	267	277	282	284
Voor die Piketberge	207	220	192	231
Agter die Piketberge I)	194	238	-	-
Agter die Piketberge II)	57	38	-	-
Berg- en Verlorevallei, (later Berg- en Langevallei) ⁵⁶⁾	77	65	112	116
(Voor) die Olifantsrivier ⁵⁷⁾	80	85	118	101
Klein Roggeveld	103	71	73	88
Die Koup)	45	-	-	-
Nieuweveld)	24	-	-	-
Voorste omtrek van Middel Roggeveld	98	78	47	145
Agterste omtrek van Middel Roggeveld	43	71	39	84
Onder-Roggeveld	146	185	78	214
Klein Swarteberg	6	26	18	29
Sederberge en Bidouw	20	33	50	53
Mond van die Olifantsrivier	118	131	134	132
Olifantsrivier, (later Clanwilliam) ⁵⁹⁾	129	128	124	151
Hantam:	71	103	-	-
Voor Hantam)	-	-	76	74
Agter Hantam)	-	-	54	55
Klein Namakwaland (en) ⁶¹⁾	39	30	9	7
Kamiesberge	-	-	32	22
Onder Bokkeveld	111	141	137	121
TOTAAL	3 905	4 047	3 567⁶²⁾	4 196

49. J. 384 Opgaafrol, Tulbagh 1816, n.p.; J. 24 Opgaafrol, Clanwilliam 1816, p. 13.
50. J. 389 Opgaafrol, Tulbagh 1820, pp. 5-6, 8-9, 11, 13-14, 16, 18, 22, 24-25, 27, 29-30, 34; J. 252 Opgaafrol, Stellenbosch 1816 (opgaafrol, Clanwilliam 1820, is hierby ingebind); J. 410 Opgaafrol, Worcester 1820, n.p.; The African Court Calendar and Directory, for 1820, pp. 45-46; W.O.C. 17/35 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Redelinghuys, 8.3.1820, No. 576, n.p.
51. J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.; J. 30 Opgaafrol, Clanwilliam 1824, p. 26.
52. J. 423 Opgaafrol, Worcester 1826, n.p.; J. 32 Opgaafrol, Clanwilliam 1826, p. 28.
53. Soms is daar kortweg na dié veldkornetskapp as net Tulbagh verwys. (Vgl. bv. J. 391 Opgaafrol, Tulbagh 1821; The African Court Calendar and Directory, for 1821, p. 46).
54. African Court Calendar and Directory, for 1822, p. 50; African Court Calendar and Directory, for 1823, p. 51.
55. In die opgaafrolle word afsonderlike opgawes vir elk van die veldkornetskappe Agter die Piketberge gegee. (Vgl. bv. J. 384 Opgaafrol, Tulbagh 1816, n.p.). Dié twee veldkornetskappe Agter die Piketberge het ook elkeen 'n eie veldkornet gehad. (Vgl. The African Court Calendar and Directory, for 1818, p. 40; 1820, p. 46). Vanweë die uitgestrektheid van dié deel waarvan D. Lambrechts as veldkornet opgetree het, het die landdros en heemrade van Tulbagh op 26 September 1820 toestemming verleen dat die veldkornetskapp verder onderverdeel mag word. Die een gedeelte sou die naam Agter die Piketberge behou, terwyl die ander gedeelte as die veldkornetskapp van die Grote Bergrivier bekend sou staan met J.C. Kotzee as die voorlopige veldkornet. (Vgl. W.O.C. 17/35 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Lambrechts, 26.9.1820, No. 728, n.p.; The African Court Calendar and Directory, for 1821, p. 46). Op versoek van die landdros en heemrade van Worcester het die koloniale kantoor op 13 November 1823 toestemming verleen dat die veldkornetskapp Agter die Piketberge, met J.N. Smit as veldkornet, in die vervolgt onder die jurisdiksie van Clanwilliam sou ressorteer. (Vgl. C.O. 2651 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 4.11.1823, No. 115, n.p.; C.O. 4849 Letters Despatched, General: Bird - Landdros and Heemraden of Worcester, 13.11.1823, n.n., p. 80). Die ander veldkornetskapp met dieselfde naam, nl. Agter die Piketberge, met D. Lambrechts as veldkornet en die Grote Bergrivier het steeds bly ressorteer onder die jurisdiksie van Worcester. (Vgl. African Court Calendar and Directory, for 1824, p. 51). Dit blyk dus na aanleiding van bogenoemde dat die twee Agter die Piketberge in die praktyk as twee onafhanklike veldkornetskappe gefunksioneer het. Beide die veldkornetskappe Agter die Piketberge en die veldkornetskapp Grote Bergrivier is op 5 Maart 1824 weggeveem van die distrik Worcester en by die Kaapse distrik ingelyf (The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 6.3.1824 (Proclamation, 5.3.1824)). In die proklamasie van 5 Maart 1824, wat laasgenoemde reëling aangekondig het, word daar verkeerdelik na die veldkornetskapp Voor Piketberg (i.p.v. Agter die Piketberg) verwys. [Vgl. S.O. 8/4 Abstract of Casualties from Diary kept in the Slave Registry Office Clanwilliam: Schönberg - Smith, 20.5.1824, n.n., n.p.; The Cape of Good Hope Government Gazette, 30.1.1829 (Proclamation, 28.1.1829)].
56. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 6.3.1824 (Proclamation, 5.3.1824); African Court Calendar and Directory, for 1823, p. 52; 1824, p. 52.
57. In die opgaafrol van Tulbagh vir die jaar 1816 word daar na dié veldkornetskapp as Voor die Olifantsrivier verwys, maar in die tydperk daarna staan dit meesal as net Olifantsrivier bekend (Vgl. J. 384 Opgaafrol, Tulbagh 1816, n.p.; J. 391 Opgaafrol, Tulbagh 1821, n.p.). Sedert 13 November 1823 het hierdie veldkornetskapp nie meer onder die jurisdiksie van Tulbagh geressorteer nie, maar onder Clanwilliam (Vgl. C.O. 4849 Letters Despatched, General: Bird - Landdros and Heemraden of Worcester, 13.11.1823, n.n., p. 80).
58. Met die stigting van die subdistrik Beaufort in 1818, het hierdie twee veldkornetskappe opgehou om te bestaan (Vgl. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 28.11.1818 (Proclamation, 27.11.1818)).
59. African Court Calendar and Directory, for 1823, p. 52; 1824, p. 52.
60. Sedert 27 Maart 1823 het die veldkornetskapp Hantam uit twee dele bestaan, naamlik Voor- en Agter Hantam. (Sien W.O.C. 12/71 Gemengde Inkomende Briewe: Bird - Landdros en Heemrade van Worcester, 27.3.1823, No. 119, n.p.).
61. Die veldkornetskapp Klein Namakwaland en Kamiesberge het sedert Januarie 1822 as twee onafhanklike veldkornetskappe gefungeer. (Sien C.O. 4846 Letters Despatched, General: Bird - Landdros and Heemraden of Tulbagh, 24.1.1822, n.n., p. 90).
62. Die somtotaal van die aantal slawe van die veldkornetskappe wat in 1824 onder die adjunk-drosdy Clanwilliam geressorteer het, is as gevolg van 'n optelfout in die opgaafrol van daardie jaar (J. 30, p. 26) verkeerdelik as 746 in plaas van 846 bereken. Deur hierdie verskil by te reken, het die totale slawebevolking in die distrik Worcester op 3 567 te staan gekom.

Uit die tabel is dit duidelik dat die grootste konsentrasie slawe tot die jaar 1820 in die veldkornetskap Kom van Tulbagh voorgekom het. Ten spyte hiervan het hierdie veldkornetskap sedert 1816 'n negatiewe groeikoers in sy slawebevolking getoon, naamlik van ongeveer 13% van die totaal in 1816 tot ongeveer 10% van die totaal in 1826. Daarteenoor het die veldkornetskap Worcester en Goudini in die ooreenstemmende tydperk 'n positiewe groeikoers in sy slawegetalle getoon, naamlik van ongeveer 5% van die totaal in 1816 tot ongeveer 10% van die totaal in 1826, nadat dit tot ongeveer 12% van die totaal in 1824 gestyg het.

Die stigting van 'n adjunk-drosdy te Worcester (1820), en die latere verskuiwing van die landdrossetel daarheen in 1822, kan as 'n rede aangevoer word vir die styging van die slawegetalle in die veldkornetskap Worcester en Goudini. Faktore soos die degradering van Tulbagh se status van hooflanddrossetel tot benede dié van adjunk-drosdy, die gevolglike depresiasie van eiendom aldaar,⁶³⁾ die besondere vrugbare bodem van die Worcester-vallei en die beskikbaarheid van water, die vooruitsig van 'n beter afsetgebied vir produkte by Worcester, met die gerieflikheid wat 'n nabygeleë hooflanddrossetel bied, was moontlik enkele stimuli wat die boere van die veldkornetskap Kom van Tulbagh en andere veldkornetskappe beweeg het om hulle in die veldkornetskap van Worcester en Goudini te vestig.⁶⁴⁾

63. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVII (32 inhabitants of the Town of Tulbagh - Mohr, 18.5.1824), p. 353.

64. 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, p. 81; The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 20.11.1819 (Sale of Several lots of ground, situated at the entrance of the Hex Rivers Kloof, adjacent to the new sub-drosdy Worcester).

Die tabel toon ook verder dat van die 31 veldkornetskappe in 1816; die 29 in 1820, 1824 en 1826; die onderstaande 13 veldkornetskappe (vir die jare 1824 en 1826 slegs 11) by name Kom van Tulbagh, Worcester en Goudini, Voorste Bosjesveld, Agterste Bosjesveld, Voor die Breërivier, Oor die Breërivier (later Wagenboomsrivier en Slanghoek), Oor die Hexrivier, Agter die Hexrivier, Voor die Vier en Twintigriviere, Oor die Vier en Twintigriviere, Agter die Piketberge (I en II) en Voor die Piketberge gesamentlik die grootste bydrae tot die totale slawebevolking gemaak het. Dit het naamlik ongeveer 63% van die totale vir beide die jare 1816 en 1820, ongeveer 62% van die totaal vir 1824 en ongeveer 58% van die totaal vir die jaar 1826 verteenwoordig - 'n gemiddelde van ongeveer 62% van die totale.

Die rede waarom hierdie veldkornetskappe 'n bogemiddelde slawebevolking gehad het, kan toegeskryf word aan 'n oorwegend meer gemengde boerdery in dié streke waar geboer is met vee, wingerd, graan,⁶⁵⁾ vrugte,⁶⁶⁾ en in sommige gevalle, soos byvoorbeeld in die Piketberge, ook met tabak.⁶⁷⁾ Al hierdie landbouvertakkinge het intensiewe handarbeid, wat normaalweg deur slawe verrig is, vereis.⁶⁸⁾

Die persentuele daling in die slawegetalle in die veldkornetskappe hierbo genoem van ongeveer 62% van die totaal in 1824 tot ongeveer 58% van die totaal in 1826 is eerder

65. The South African Almanack and Directory, for the Year 1830, p. 215; W. Somerville: Cape of Good Hope, p. 6.

66. H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806 I, pp. 175, 182.

67. G. Curtis: An Account of the Colony of the Cape of Good Hope, with a View to the Information of Emigrants, p. 58.

68. D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, p. 6.

aan verslegtende ekonomiese toestande te wyte. Tussen die jare 1821 en 1826 het die Kaapkolonie 'n algemene ekonomiese depressie beleef wat meegebring is deur faktore soos onder andere die depresiasie van die riksdalder, die ineerstorting van die St. Helena-mark met die dood van Napoleon in 1821,⁶⁹⁾ en die wysiging van die voorkeurtariewe op Kaapse wyn wat 'n agteruitgang in die wynuitvoerhandel met Brittanje meegebring het.⁷⁰⁾ Hierbenewens, en meer spesifiek wat die distrik Tulbagh/Worcester betref, het rampe soos oorstromings, droogtes, en roes in die koring in dieselfde jare die landbou 'n verdere knou toegedien.⁷¹⁾ Geen bewyse kon daarvoor gevind word dat die daling van die slawegetalle in die veldkornetskappe hier ter sprake die gevolg was van buitengewone hoë sterftes⁷²⁾ onder of verkope van slawe in hierdie tyd nie.⁷³⁾

Die ekonomiese depressie het noodwendig verarming in die hand gewerk. Dit het daartoe aanleiding gegee dat diegene wat nie meer kop bo water kon hou nie, die verlating van hul plase en die wegneem van hul vee as die enigste uitweg gesien het. Trappes het die toestand in sy distrik in Januarie 1826 soos volg aan koloniale sekretaris R. Plasket

69. C.G.W. Schumann: Structural Changes and Business Cycles in South Africa, 1806-1936, p. 69.

70. D.J. van Zyl: Kaapse Wyn en Brandewyn, 1795-1860, pp. 138 - 140.

71. 371 Further Papers relating to the Government of the Cape of Good Hope, 21.4.1825, No. 12, pp. 77, 79; The South African Chronicle, and Mercantile Advertiser, 29.9.1824 (From our obliging Correspondent and agent at Tulbagh).

72. S.O. 7/36 Diverse Slave Returns, 1816-1834, n.n., n.p.; S.O. 7/37 Diverse Slave Returns, 1825-1834, n.n., n.p.

73. S.O. 10/15 Return of Slaves sold by Public Auction with the amount of each sale, 1823-1830, n.n., pp. 95-97; S.O. 10/16 Return of Slaves sold by Public Auction with the amount of each sale, 1823-1830, n.n., n.p.

verduidelik: "... the wretched state of the crops of this district of the last six years, and more particularly the severe blight that has this year (1825) assailed the whole of the crops of graan (sic) together with the severe drought that has obliged many individuals to quit their places to save the remains of their herds and flocks from starvation ..."⁷⁴⁾

Hierdie wegtrekverskynsel kan as 'n rede aangevoer word vir die 4% afname in die slawegetalle vir die tydperk 1824 tot 1826 in die oorwegend landbougebiede. In teenstelling hiermee het 'n veldkornetskap soos die Onder-Roggeveld, wat saam met die Middel- en Klein Roggeveld as 'n permanent goeie veegebied bekend gestaan het,⁷⁵⁾ in die ooreenstemmende tydperk 'n persentuele toename van ongeveer 3% van die totale in sy slawebevolking getoon.

Die tipe werk asook die werkomstandighede van die plaasslaaf het heelwat verskil van die van die slaaf in die stad. Wat die tipe werk betref, kan slawe in twee kategorieë verdeel word, nl. geskoolde en ongeskoolde arbeiders. Relatief gesproke het die meeste ongeskoolde manlike slawe hulle op die plase bevind.⁷⁶⁾ Die aard van arbeid hier betrokke, veral op daardie plase waar uitgebreide landboubedrywighede aan die gang was, het 'n groot vraag na slawe veroorsaak.

Op die graanplase het die manlike slawe gedurende Mei tot Julie, wanneer ploeg- en saaityd aangebreek het, die graan met die hand gesaai en ook die rol van ploegdrywers en tou-

74. C.O. 2679 Letters Received from Drosdy Worcester I: Trappes - Plasket, 3.1.1826, No. 2, n.p.

75. P.J. van der Merwe: Trek: Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, p. 124.

76. D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, p. 15.

leiers vervul. Oestyd het normaalweg tussen Desember en Februarie plaasgevind. Om die graan met sekels en sense af te sny en in gerwe te bind, het maar slegs 'n deel van die slaaf se arbeid in hierdie besige tyd uitgemaak. Gerwe moes op waens gelaai word, miedens moes gepak word, die graan moes met behulp van perde uitgetrap word - 'n werk wat groot vaardigheid aan die kant van die slaaf vereis het -, graan moes uitgewan word, in sakke gegooi en dan gedra word na 'n bergplek om dáár gepak te word.⁷⁷⁾

Op die wynplase was die arbeid wat deur manlike slawe verrig is nie veel ligter van aard nie. Tussen Julie en September moes die wingerde gesnoei, getop en die grond bemes word. Die aanplant van nuwe wingerdstokke het in Julie en Augustus plaasgevind. Oktober en November was weer tyd vir grond omskoffel, onkruid uittrek en wingerdlote stut. Die groei-tyd van die druif was in Januarie en Februarie. Gedurende hierdie tyd moes die slawe toesien dat voëls en verdwaalde diere nie die wingerd skade aandoen nie. Die drukste tyd op die wynplase was vanaf laat Februarie tot einde Maart, wanneer die slawe moes bontstaan om die druiwe gepluk en gepars te kry om uiteindelik die wyn in die vate te kan gooi.⁷⁸⁾

Hierdie intensivering van arbeidskrag gedurende die besige tye het menige graanboere van die distrik Tulbagh/Worcester, waar die algemene vraag na arbeid die aanbod oorskry het, genoodsaak om addisionele werkers te huur om in oestye te help met die sny van die graan. Aan sulke huurarbeiders het die graanboer 'n kwart van 'n mud koring of ander graan-gewas (een mud = 90,9 kg.) per dag betaal. In geldwaarde omgerek en was dit ongeveer drie pennies per dag,

77. Ibid., pp. 15-16; N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, pp. 48-49, 51.

78. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, pp. 51, 53.

voedsel en wyn wat ook deur die boer voorsien is, uitgesluit. Die huurder was gewoonlik nie geïnteresseerd in huurvolk wat kontant vir hul dienste verlang het nie. Die rede hiervoor was dat harde kontant nie altyd so geredelik beskikbaar was nie, en om produkte na die naaste mark te neem, moes die boer dikwels groot distansies daarheen aflê, wat vir hom nie net 'n groot ongerief nie, maar ook addisionele onkoste en baie verlore tyd meegebring het.⁷⁹⁾

Dit was 'n algemene praktyk dat wynboere hul slawe gedurende oestyd aan die koringboere verhuur het. Die vergoeding wat so 'n slaaf ontvang het, het sy eienaar toegekom, wat laasgenoemde weer in staat gestel het om sy eie slawe te onderhou.⁸⁰⁾

Buiten die seisoenstake moes die manlike slawe ook nog ander roetinewerk op die plase verrig, soos los werkies in en om die huis doen, as veewagters en wadrywers optree en brandhout versamel. Somtyds moes hulle ook as boodskappers optree of as kruiers en gidse diens doen vir reisigers wat deur hul streek gereis het.⁸¹⁾

In die veldkornetskappe waar oorwegend meer veeboere aangetref is, het die slaaf meestal as veewagter opgetree.⁸²⁾ Hulle werkslading was min of meer konstant deur

79. C.O. 2723 Letters Received from Drosdy Worcester: Truter - Bell, 6.1.1830, No. 4, n.p.

80. A.C. 6 Appendices, No. II, C: Minutes of Evidence taken before the Council, 5.12.1826, p. 3, 13.12.1826, pp. 26-27.

81. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, pp. 54-55, 236.

82. The South African Almanack and Directory, for the Year 1830, p. 215.

die jaar, uitgesonder in Mei en Junie wanneer dit lam- en kalftyd was en die versorging van lammers en kalwers meer aandag vereis het.⁸³⁾

Nie alle slawemans op die plaas was ongeskool nie. Van hulle was opgelei in ambagte soos smeewerk, skrynwerk, messelwerk en wamakery. Diesulkes was nie net vir hulle betrokke eienaars van groot nut in soverre hulle die betrokke ambag op die plaas uitgeleef het nie, maar ook wanneer hy hulle in die hoedanigheid verhuur het.⁸⁴⁾

Slawe-eienaars het somtyds ook onder die verpligting gestaan om slawe beskikbaar te stel vir openbare diens, soos vir die instandhouding van paaie.⁸⁵⁾ In die dorp Tulbagh moes slawe by tye die watervoor, wat van die pastorie na die huis van die koster geloop het, skoon en dieper maak,⁸⁶⁾ en ook diens by die brandspuite doen.⁸⁷⁾

Wat die slavinne betref, het die grootste gros hul tyd bestee aan gewone huiswerk, of deur as kokke diens te

83. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, p. 48.

84. D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, p. 16.

85. Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter, 13.9.1806 (Gouwernements Advertentie, 12.9.1806).

86. W.O.C. 17/12 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Theron, 8.8.1827, No. 9080, n.p.

87. W.O.C. 1/4 Notule van Landdros en Heemrade, 4.12.1820, p. 140.

doen.⁸⁸⁾ Gedurende oestyd het hulle ook gehelp met die sny van graan.⁸⁹⁾

Die slawekinders op die plase het meestal ligter takies verrig. Tydens die groeitydperk van die graan moes hulle die voëls van die lande verjaag, en gedurende oestyd het hulle die snyers gevolg en die graan in stapels opgehoop, gereed om in gerwe gebind te word.⁹⁰⁾

Die plaasslaaf het nie net in die algemeen liggaamlik harder as die stedelike slaaf gewerk nie, maar eersgenoemde se werkure was ook dikwels langer, wat die geleentheid vir ontspanning verminder het. Die swaarder werk van die plaasslaaf het by die stedelike slaaf die vrees laat ontstaan om verkoop te word aan 'n slawe-eienaar op die platteland.⁹¹⁾

Nietemin het die plaasslaaf in sommige gevalle sekere toegewings van sy eienaar ontvang as blyk van beloning of aanmoediging. Soms is 'n lappie grond aan die slaaf afgestaan waarop hy in sy vrye tyd sy eie groente of graan kon kweek om dit op 'n dorpsmark of elders te verkoop. Dikwels het die eienaar ook sy wa tot die beskikking van die slaaf gestel om sy produkte na die mark te neem.⁹²⁾

88. D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, p. 16.

89. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, p. 50.

90. Ibid., pp. 49 - 50.

91. J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 164.

92. P. Kolbe: Naaukeurige en Uitvoerige Beschrywing van de Kaap de Goede Hoop II, p. 324; D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, pp. 17-18.

Waar die afstand na die mark te groot was, het slawe eerder lewende hawe soos pluimvee, skape, bokke, perde en beeste aangehou. Hierdie vee het tussen dié van sy eienaar geloop en mettertyd aangeteel.⁹³⁾

As 'n onvrye wese het die slaaf in die meeste gevalle onder die belangrikste eiendom van die boer getel.⁹⁴⁾ Slawebesit is nie net as 'n groot ekonomiese bate beskou nie, maar ook as 'n vername kapitale belegging wat geredelik as sekuriteit deur geldskieters aanvaar is.⁹⁵⁾ Dit alleen was 'n genoegsame rede vir enige slawe-eienaar om te sorg dat sy slawe deurgaans goeie welsyn geniet.⁹⁶⁾

Die slaaf se waarde het toegeneem nadat die verbod op die invoer van slawe in 1808 van krag geword het.⁹⁷⁾ Slawepryse het as gevolg daarvan die hoogte ingeskiet. Dit het weer aanleiding gegee tot 'n algemene bewuswording by die slawe-eienaar van die noodsaaklikheid om sy slaaf met groter sorg te behandel en meer aandag te bestee aan die grootmaak van die slawekinders in sy diens. Die slawe-eienaar het ook tot die besef gekom dat slawe nie meer so algemeen verkrygbaar was nie. Dit het al hoe meer tot die neiging bygedra om slawe binne die familiebande te hou, 'n eer wat voorheen net

93. A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 55.

94. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 1.2.1824, No. 71, p. 124.

95. Ibid.: Somerset - Bathurst, 5.2.1824, Private and Confidential, No. 71a, p. 125; A Resident at the Cape of Good Hope: Remarks on the Demoralizing Influence of Slavery, p. 9.

96. W. Harrison: Minutes of a Voyage to the Cape of Good Hope and a Journey into the Interior of South Africa in the Years 1830-1831, p. 264.

97. E.A. Walker (editor): The Cambridge History of the British Empire VIII, p. 270.

die gunstelingslaaf te beurt geval het. Gevolglik is 'n groot aantal slawe aan die mark onttrek.⁹⁸⁾

Die slawe-eienaar het 'n willose gehoorsaamheid van sy slawe vereis. 'n Opstandige houding by die slaaf is gewoonlik met lyfstraf onderdruk. Vrees vir straf was gevolglik in die meeste gevalle die slaaf se belangrikste aansporing om te werk en sy meester gehoorsaam te wees.⁹⁹⁾

Die tydperk 1816-1830 was gekenmerk deur slawewetgewing wat enersyds ten doel gehad het om die posisie van die slaaf op alle lewensterreine te verbeter, maar wat andersyds ook die mag van die eienaar aangaande sy slaaf ingekort het. In die hoofstukke wat hierop volg, sal daar gekyk word na dié betrokke slawewetgewing en die toepassing en invloed daarvan op beide die slawe-eienaar en slaaf van die distrik Tulbagh/Worcester.

98. C.O. 238 Letters Received from Court of Justice, I: Truter - Somerset, 25.5.1825, No. 29, pp. 5-6.

99. J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 176.

HOOFSTUK 2

DIE EERSTE SLAWEWETGEWING: DIE REGISTRASIE-PROKLAMASIES

2.1 Die 1816-proklamasie

Van 1816 af het die Kaapse- en Britse regering verskeie slawewetgewing uitgevaardig wat 'n ingrypende invloed op die lotgevalle van die slawe van die Kaapkolonie sou uitoefen. Dit het ook 'n invloed op die eienaar/slaaf verhouding gehad. Die uitvaardiging van hierdie slawewetgewing en hulle invloed, spesifiek in die distrik Tulbagh/Worcester, word vervolgens in behandeling geneem.

Goewerneur lord Charles Somerset het op 26 April 1816 op eie inisiatief 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens die registrasie van slawe in die Kaapkolonie verpligtend gemaak is.¹⁾ Hierdie stap het verband gehou en was in volle pas met die algemene openbare gevoel in Brittanje.²⁾ Hier was die filantropie besig om geleidelik al hoe meer steun te verkry na hulle eerste groot oorwinning in die Britse parlement in hulle stryd teen slawerny toe 'n wet in 1807 daargestel is wat slawehandel in die Britse Ryk verbied het.³⁾ Om die slawe-eienaar se slawevoorraad vas te pen en

1. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).
2. G.H. 1/19 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Somerset, 6.9.1816, No. 128, pp. 100-101.
3. G.H. 1/4 Papers Received from Secretary of State, London: An Act for the Abolition of the Slave Trade, 25.3.1807, pp. 22-31 (enclosure to Gastlereagh - Caledon, 2.10.1807, Circular, Duplicate, No. 93, pp. 19-20); W.H. Macmillan: The Cape Colour Question: A Historical Survey, pp. 34, 71; B.J. Liebenberg: Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die Implikasies daarvan, pp. 7-8.

deur te verhoed dat enige ander slaaf in die plek van 'n gestorwene of sieke ingevoer word, sou daartoe bydra dat slawe beter behandel word, aldus een van die filantropiesgesinde staatsmanne, Wilberforce.⁴⁾

Wilberforce en die ander afskaffers - soos diegene in Brittanje bekend gestaan het wat hulle vir die geleidelike afskaffing van slawerny beywer het⁵⁾ - se volgende doel was die daarstelling van verdere maatreëls wat die onwettige invoer van slawe op 'n doeltreffende wyse sou verhinder. As plan hiervoor het Wilberforce 'n register van slawe in elke Britse kolonie en ook 'n algemene register van slawe in Brittanje voorgestel.⁶⁾

In hierdie klimaat het Somerset se proklamasie die goedkeuring van die Moederland geniet.⁷⁾ Die Imperiale regering het tot kort na die proklamasie van 18 Maart 1823 (sien hoofstuk 3) 'n redelike mate van vrye teuels aan die plaaslike goewerneurs gegee om na goeddunke met die kwessie van slawerny om te gaan.⁸⁾

Die proklamasie van 1816 is uitgevaardig om te voorkom dat getalle op enige ander manier, behalwe as gevolg van natuurlike aanwas, vermeerder. Daarom kan dit gedeeltelik ook as

-
4. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1816 - 1834, pp. 18, 30.
 5. W.L. Mathieson: British Slavery and it's Abolition, 1823-1838, p. 18.
 6. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, pp. 13-14, 18.
 7. G.H. 1/19 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Somerset, 6.9.1816, No. 128, pp. 101-102.
 8. A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 16.

'n verlengstuk van die veldtog teen slawehandel beskou word.⁹⁾

Die proklamasie het ten doel gehad om te verhoed dat vry swartes, wat hoofsaaklik vrygestelde slawe was,¹⁰⁾ tot slawe gemaak word.¹¹⁾ Dit het ook betrekking gehad op "prize negroes" wat gekonfiskeerde slawe was wat ná 1808 die kolonie binnegekom het¹²⁾ en wat vir 14 jaar lank as ingeboekte arbeiders by die koloniste diens moes verrig het.¹³⁾

Om die hele stelsel van slaweregistrasie op die been te bring, het die proklamasie bepaal dat 'n slaweregistrasiekantoor in Kaapstad en by elk van die drosdye in die buiteland distrikte opgerig sou word. Die kantoor in Kaapstad, wat as die hoofkantoor sou dien, sou beman word deur 'n inspekteur, assistent-inspekteur en klerke.¹⁴⁾ Majoor G.J. Rogers en V.A. Schönberg, was die eerste twee persone wat onderskei-

9. Ibid.; E. Walker (editor): The Cambridge History of the British Empire VIII, p. 271.

10. G.C. de Wet: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707, p. 2.

11. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816); G.H. 23/5 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 18.5.1816, No. 54, p. 110.

12. Z.C. 1/6 A Short History of Slavery at the Cape, No. 1840, pp. 6-7.

13. G.H. 23/5 Papers Despatched from Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 19.5.1817, Private, No. 84a, p. 191.

14. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

delik die amp van inspekteur en assistent-inspekteur beklee het.¹⁵⁾

Die slaweregistrasiekantore in die buiteland distrikte sou onder die beheer van die distriksklerke staan, behalwe in die distrik Stellenbosch, waar geen distriksklerk was nie. Hier sou die sekretaris die amp van registrasiebeampte vervul.¹⁶⁾

J.C. Winterbach, distriksklerk op Tulbagh ten tyde van die uitvaardiging van die proklamasie, sou as slaweregistrasiebeampte optree. As kompensasie vir hierdie addisionele plig het hy jaarliks 'n toevoeging van 500 riksdaalders tot sy salaris ontvang.¹⁷⁾

Winterbach se werksaamhede het onder die onmiddellike toesig van sy landdros gestaan en onder die algemene beheer van die hoofslaweregistrasiekantoor in Kaapstad. Hy was verplig om maandeliks 'n verslag oor sy werksaamhede aan die hoofslaweregistrasiekantoor te stuur, waar elke distrik se registers afsonderlik gehou is.¹⁸⁾

Die register van Winterbach - soos al die ander registrasiebeamptes in die buiteland distrikte s'n - sou deur die Rondgaande hof tydens sy jaarlikse omgang ondersoek word. Hulle bevindings in dié verband moes aan die Goewerneur

15. G.H. 23/5 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 18.5.1816, No. 54, p. 111; The African Court Calendar and Directory, for 1817, p. 10.

16. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

17. W.O.C. 11/4 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Bird - Winterbach, 26.4.1816, Copy, Circular (enclosure to Bird-Fischer, 26.4.1816, Circular, n.n., n.p.).

18. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

gerapporteer word. Ook die registers van die hoofslaweregistrasiekantoor sou jaarliks ondersoek moes word deur 'n kommissie wat deur die hooggeregshof aangestel sou word, waarna weer eens verslag aan die Goewerneur gedoen moes word.¹⁹⁾

Ook is 'n wet op 12 Julie 1819 deur die Britse parlement aangeneem wat voorsiening gemaak het vir die stigting van 'n slaweregistrasiekantoor in Londen. Dit het onder die beheer van 'n Registrateur: Koloniale slawe, gestaan. Van die hoofslaweregistrasiekantoor het hierdie wet verwag om afskrifte van sy slawe-opgawes na die kantoor in Londen te stuur.²⁰⁾

By aanvanklike registrasie is van die slawe-eienaar verwag om 'n staat van al sy slawe op te stel, met opgaaf van iedereen se naam, geslag, ouderdom, herkoms en beroep. Hierdie informasie moes hy by die slaweregistrasiekantoor van die distrik waarin hy woonagtig was, inlewer. By ontvangs hiervan sou hy as waarborg van sy betrokke registrasiebeampte 'n gratis registrasiesertifikaat ontvang met die naam, geslag, ouderdom, herkoms en beroep van sy slawe daarop aangeteken.²¹⁾ Selfs al sou 'n inwoner van byvoorbeeld die distrik Tulbagh slawe besit, waarvan sommige in ander distrikte woonagtig was, moes dergelike slawe nog

19. Ibid.

20. S.O. 1/2 Letters Received from Colonial Office: Copy of an act for establishing a Registry of Colonial Slaves in Great Britain, and for making further Provision with Respect to the Removal of Slaves from British Colonies, 12.7.1819 (2nd enclosure to Bird - Rogers, 1.4.1820, No. 96, n.p.). (Theal fouteer in sy History of South Africa from 1795 - 1872 II, p. 64, waar hy beweer dat die wet in September 1819 in stede van Julie 1819 deur die Britse parlement aangeneem is.)

21. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

altyd geregistreer word by die Tulbaghregistrasiekantoor, dit wil sê by die registrasiekantoor van die distrik waarin die eienaar woonagtig was.²²⁾

Die eienaars van slawe in Kaapstad en Simonstad-omgewing is tot 31 Maart 1817 tyd gegun om hulle slawe te registreer, terwyl slawe-eienaars in die buitelandse distrikte, waarvan die distrik Tulbagh een van was, uitstel gegee is tot die einde van die jaar 1817. Waar 'n persoon sou nalaat om sy slawe binne hierdie voorgeskrewe tyd te registreer, sou dit aanvaar word dat so 'n eienaar die slawe wat nog nie geregistreer was nie, vrygestel het. Die ongeregistreerde slaaf kon dan by die geregshof om sy vryheid aansoek doen.²³⁾

Die proklamasie van 26 April 1816 het ook verdere bepalings ten opsigte van verkope, skenkings, erfnisse, ruilings, geboortes en sterftes van slawe neergelê, waaraan die slawe-eienaars gehoor moes gee.²⁴⁾

Wanneer 'n slaaf byvoorbeeld verkoop is, moes die koper as bewys van die transaksie 'n sertifikaat van die inspekteur in Kaapstad of van sy betrokke slaweregistrasiekantoor verkry, met die naam, geslag, ouderdom, herkoms en beroep van die slaaf daarop aangedui. Die uitreiking van hierdie sertifikaat, wat as oordragsakte gedien het, kon slegs geskied indien die verkoper vooraf van sodanige verkoop kennis gegee het. Vir die sertifikaat van oordrag moes die koper tien riksdaalders betaal,²⁵⁾ 'n seëlheffing van vyf

22. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slaweregistrasie: Rogers - Winterbach, 29.8.1816, Circular, n.n., n.p.

23. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

24. Ibid.

25. Ibid.

riksdaalders per slaaf²⁶⁾ en 'n addisionele heffing van vyf riksdaalders wat ter vereffening van hul onkoste in die rekening van die registrasieburo gestort is.²⁷⁾

Wanneer 'n slaaf verkoop is aan 'n persoon woonagtig in 'n ander distrik, moes die registrasiebeampte van die distrik waarin die slaaf geregistreer was, onmiddellik optree. In sodanige gevalle moes kennis daarvan gee word aan die slawe-registrasiekantoor waaronder die koper geressorteer het.²⁸⁾

'n Soortgelyke oordragertifikaat teen dieselfde bedrag as wat aan die koper uitgereik is, is ook aan die nuwe eienaar van 'n slaaf uitgereik. Dit was ongeag of hy die slaaf deur middel van 'n geskenk, erfnis of ruiling bekom het.²⁹⁾

Die slawe-eienaar moes binne ses maande vandat 'n slaaf gebore is 'n geboortesertifikaat bekom. Andersins sou die kind vrygestel word. By registrasie van die geboorte van 'n slawekind is een riksdaalder as registrasiefooi verlang. Daarna sou die eienaar 'n sertifikaat ontvang met besonderhede aangaande die moeder se waarskynlike ouderdom, herkoms en beroep daarop.³⁰⁾

26. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slawe-registrasie: Rogers - Winterbach, 10.5.1816, Circular, n.n., n.p.

27. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

28. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slawe-registrasie: Rogers - Winterbach, 10.5.1816, Circular, n.n., n.p.

29. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 27.4.1816 (Proclamatie, 26.4.1816).

30. Ibid.

'n Sertifikaat sou kosteloos aan 'n persoon uitgereik word wanneer hy die dood van 'n slaaf laat registreer het.³¹⁾

'n Boete van 100 riksdalders is aan eienaars opgelê wat versuim het om vrystellings, sterftes, erfnisse of verwisseling van eiendom by die hoofkantoor of slaweregistrasiekantore in die buitelandse distrikte aan te meld.³²⁾

Ten slotte het die proklamasie bepaal dat aanspraak op 'n slaaf slegs geldig sou wees in gevalle waar die oordrag of verwisseling van eiendom behoorlik geregistreer was. Ten bewyse van so 'n transaksie, is van die aanspraakmaker verwag om sy verkreeë sertifikaat voor te lê.³³⁾

2.2 Toepassing

Die 1816-slawewetgewing, soos onder meer toegepas en uitgevoer in die distrik Tulbagh, het op die volgende neergekom.

Op 13 Mei 1816 het landdros Fischer aan die onderskeie veldkornette van sy distrik opdrag gegee om in hul betrokke veldkornetskappe bekend te maak dat distriksklerk Winterbach daaglik van nege uur voormiddag tot twee uur namiddag by die drosdy beskikbaar sou wees vir die registrasie van slawe.³⁴⁾

Eers op 29 September 1820, met die aanstelling van D. Schönberg as sekretaris van die adjunk-drosdy op

31. Ibid.

32. Ibid.

33. Ibid.

34. W.O.C. 17/7 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Alle de Veldcornets, 13.5.1816, Circulaire, No. 243, n.p.

Clanwilliam,³⁵⁾ is daar ook 'n begin gemaak om 'n slawe-registrasiekantoor by Clanwilliam in te rig.³⁶⁾ Dit was egter nie voor 1 September 1821 nie dat die registrasie van slawe hier in aanvang geneem het.³⁷⁾ Met Schönberg as die eerste registrasiebeampte het hierdie slaweregistrasiekantoor selfstandig gefunksioneer op dieselfde wyse as al die ander slaweregistrasiekantore in die kolonie.³⁸⁾

Met die afstigting van Worcester as 'n tweede adjunk-drosdy in 1819 is daar geen slaweregistrasiekantoor geopen nie.³⁹⁾

Die slawe-eienaars het nie veel ag geslaan op die voorskrifte van die proklamasie van 26 April 1816 nie en gevolglik het baie van hulle in gebreke gebly om hulle slawe te registreer,⁴⁰⁾ soveel so dat daar op 1 September 1816 slegs 865 slawe en 538 slavinne in die registrasieboeke van Winterbach aangeteken was.⁴¹⁾ Dit het onderskeidelik 'n per-

-
35. S.O. 1/2 Letters Received from Colonial Office: Bird - Fischer, 29.9.1820, Copy (enclosure to Bird - Rogers, 29.9.1820, No. 117, n.p.); The African Court Calendar and Directory, for 1821, p. 10.
36. C.O. 4843 Letters Despatched General: Bird - Rogers, 29.9.1820, n.n., p. 586.
37. S.O. 1/2 Letters Received from Slave Registry Office Clanwilliam: Schönberg - Smith, 2.9.1825, n.n., n.p.
38. C.O. 4843 Letters Despatched General: Bird - Rogers, 29.9.1820, n.n., p. 586.
39. W.O.C. 19/8 Inkomende Briewe van Amptenare: Bird - Van de Graaff, 21.11.1821, n.n., n.p.
40. W.O.C. 17/7 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Alle de Veldcornets, 25.11.1816, Circulaire, No. 367, n.p.
41. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh - Worcester: Aspeling - Smith, 29.11.1825, n.n., n.p.

sentasie van 37,7% en 33,3% verteenwoordig, bereken volgens die slawebevolkingsyfer vir die jaar 1816.⁴²⁾

Ook het baie persone nagelaat om die geboortes en sterftes van hulle slawe by die registrasiekantoor te rapporteer.⁴³⁾ In 'n poging om die oordragsfooi te ontduik, is die oordragte van slawe, wat op openbare veilings gekoop is, ook nie altyd gereël nie.⁴⁴⁾

Fischer het die hoofrede vir die trae houding by die slawe-eienaars om ag te slaan op die voorskrifte van die 1816-proklamasie hoofsaaklik aan 'n totale onkundigheid toegeskryf.⁴⁵⁾ Dit was uitgesonder dié slawe-eienaars wat voorbedagtelik probeer het om die voorskrifte van die 1816-proklamasie te ontduik.

Hierdie onkunde van die slawe-eienaars is veral gewyt aan die gebrek aan kommunikasie in Tulbagh wat een van die distrikte van die kolonie was wat die grootste oppervlakte beslaan het. Van suid tot noord het dit 'n afstand van ongeveer 416 km. beslaan, beginnende by die grens tussen die distrik Swellendam en Worcester in die Bosjesveld tot by die noordgrens van die kolonie, naamlik die Koussierivier. Van wes na oos het dit oor 'n afstand van ongeveer 208 km.

42. C.O. 6135 Statements of the Population and the Quantity of Lands at the Cape of Good Hope, 1806-1825, n.p.

43. W.O.C. 17/8 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Alle de Veldcornets, 2.1.1817, Circulaire, No. 397, n.p.

44. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 14.12.1816 (Bekendmaking, 12.12.1816); W.O.C. 1/15 Bylae tot Notule van Landdros en Heemrade: Bird - Kuys, 23.12.1816, Circular, No. 83, n.p.

45. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Somerset, 15.1.1818, No. 3, n.p.

gestrek, beginnende by die Vogelvallei naby die Roodesandkloof tot by die Rietrivier agter die Roggeveld.⁴⁶⁾

Die nomadiese tipe veeboer in die grensveldkornetskappe was ook meestal die grootste slagoffers van onkunde. Hulle het gedurig van een plek na 'n ander agter water en weiveld aangetrek het en dus oor geen vaste woonplek, waar hulle maklik bereik kon word, beskik nie.⁴⁷⁾

'n Ander faktor wat bygedra het tot die onkunde van die slawe-eienaars was die ontoereikende posdiens. Die postukke het op 'n ongereëelde grondslag die veldkornette bereik, soveel so dat hulle soms vir 'n maand en langer geen koerante en briewe ontvang het nie.⁴⁸⁾

Dit het ook dikwels gebeur dat te min koerante die distrik bereik het sodat sommige veldkornette nie eers 'n eksemplaar daarvan ontvang het nie.⁴⁹⁾

-
46. The South African Directory Advertiser, for the year 1831, p. 152-n. (In hierdie bron stem die windstreke en die geografiese verwysingspunte van die distrik nie ooreen nie, waar vermeld word dat die Vogelvallei in die ooste geleë is (i.p.v. die weste) en die Rietrivier in die weste (i.p.v. die ooste)); Vgl. kaart teenoor p. 3.
47. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Somerset, 15.1.1818, No. 3, n.p.; W.O.C. 17/13 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Truter - The Board of Commissioners for Lands Cape Town, 8.11.1830, n.n., n.p.
48. W.O.C. 17/8 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Alle de Veldcornet, 18.1.1819, No. 954, n.p.; W.O.C. 12/74 Gemengde Inkomende Briewe: Winterbach - Le Sueur, 31.5.1828, n.n., n.p.
49. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Bird, 15.6.1816, Translation, No. 21, n.p.; W.O.C. 17/35 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Bird, 10.3.1822, No. 1019, n.p.; C.O. 2707 Letters Received from Drosdy Worcester: Van Ryneveld - Bell, 11.1.1828, No. 9, n.p.

Tesame met die onkunde kan die ongeletterdheid van sommige slawe-eienaars ook as 'n verneme mede-oorsaak aangevoer word vir die ondoeltreffende slaweregistrasie. Waar 'n slawe-eienaar nie kon lees of skryf nie, het hy 'n ander persoon versoek om namens hom 'n staat van sy slawe op te stel. In sommige gevalle het dit dan gebeur dat die saakgelastigde nagelaat het om 'n slaaf se gegewens af te neem, wat uiteindelik tot die nie-registrasie van dergelike slaaf gelei het.⁵⁰⁾

Om hierdie gevalle te akkommodeer, het Rogers op 14 Februarie 1817 aan Winterbach toestemming verleen om, waar die eienaar daarvoor aansoek gedoen het, ook daardie slaaf of slawe te registreer wat nie op die aanvanklike staat van die slawe-eienaar verskyn het nie. Die voorwaarde hieraan verbonde was 'n deeglike ondersoek wat bewys sou lewer dat die eienaar nie die ongeregistreerde slaaf of slawe by wyse van 'n onwettige transaksie bekom het nie. Van die eienaar is verwag om opnuut 'n nuwe staat van sy slawe in te dien, en by die ontvangs daarvan sou die slaweregistrasiekantoor die ou registrasiesertifikaat kanselleer en 'n nuwe een uitreik. Die hoofslaweregistrasiekantoor moes van dergelike veranderinge verwittig word.⁵¹⁾

Op 31 Desember 1817, die dag waarop die registers vir die registrasie van slawe in die buitelandse distrikte gesluit het, is die name van 'n verdere 1 636 slawe en 1 192 slavinne in die

50. S.O. 1/44 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Winterbach - Maynier, 22.8.1818, n.n., n.p.

51. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slaweregistrasie: Rogers - Winterbach, 14.2.1817, Circular, n.n., n.p.

registers van die distrik Tulbagh opgeteken. Hierdie getalle is vanaf die periode 1 September 1816 bereken.⁵²⁾

Om aan die oningelikes verdere tyd te verleen vir die registrasie van hulle slawe, het Fischer die Goewerneur op 15 Januarie 1818 versoek om die tydperk van registrasie vir sy distrik met twee tot drie maande te verleng.⁵³⁾ In 'n private brief vier dae vantevore, het Winterbach 'n soortgelyke versoek aan J.J. Maynier, die nuwe assistent-inspekteur, gerig.⁵⁴⁾ Dit alles het op dowe ore geval en Fischer se versoek is nie toegestaan nie.⁵⁵⁾

By 'n vorige geleentheid was dit reeds duidelik dat die Goewerneur nie van voorneme was om enige verlenging in registrasietyd toe te staan in soverre dit die buitedistrikte betref het nie. Dit kon bevestig word uit sy proklamasie van 20 Junie 1817. Op versoek van Rogers⁵⁶⁾ het Somerset in hierdie proklamasie die registrasietydperk vir die slawe-eienaars in die Kaapse distrik en Simonstad-omgewing van 31 Maart tot 1 September 1817 verleng, maar in die geval van

-
52. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Smith, 29.11.1825, n.n., n.p.
53. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Somerset, 15.1.1818, No. 3, n.p.
54. S.O. 1/44 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Winterbach - Maynier, 11.1.1818, Privaat, n.n., n.p.; The African Court Calendar and Directory, for 1818.
55. C.O. 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Somerset, 15.1.1818, No. 3, n.p. (kantaantekening in potlood).
56. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), pp. 355-356.

die buitelandse distrikte is die einde van die jaar 1817 steeds as die sperdatum vir registrasie gestel.⁵⁷⁾

2.3 Die 1818-proklamasie

Byna 'n maand nadat die registrasie vir slawe in die buitelandse distrikte gesluit het, het goewerneur Somerset sy proklamasie van 30 Januarie 1818 uitgevaardig. Hierdie proklamasie het op 'n meer gedetailleerde wyse voortgeborduur op die artikels van die proklamasies van 26 April 1816 en 20 Junie 1817. Dit het veral ten doel gehad om voorsiening te maak vir die spoedige registrasie wanneer verwisseling van slawe-eiendom plaasgevind het.⁵⁸⁾

Artikel een van genoemde proklamasie het die koper van slawe verplig om binne drie maande, bereken vanaf die koopdatum, sy sertifikaat van oordrag te verkry. Dit kon òf by die registrasiekantoor waar die gekoopte slawe geregistreer was, òf by die algemene registrasiekantoor in Kaapstad afgehaal word. Die verkoper was ook verplig om binne drie maande, bereken vanaf die verkoopdatum, 'n skriftelike kennisgewing van sodanige verkoop aan die registrasiekantoor waar sy slawe geregistreer was, in te dien. 'n Boete van 100 riksdaalders is aan diegene opgelê wat in gebreke sou bly om ooreenkomstig die voorskrifte van hierdie artikel te handel.⁵⁹⁾

Die gevolg van artikel een was vele versoekskrifte wat die Goewerneur bereik het. Hierin het persone wat die voorskrifte van artikel een oortree het, om kwytstelling van

57. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 21.6.1817 (Proclamation, 20.6.1817).

58. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 31.1.1818 (Proclamation, 30.1.1818).

59. Ibid.

boetes gepleit. In 'n poging om 'n einde hieraan te probeer maak, het die Goewerneur op 27 Augustus 1823 'n sirkulêre aan die onderskeie vendumeesters gerig. Hulle het opdrag ontvang om slawekopers in te lig omtrent die besluit dat daar voortaan geen kwytskelding van boetes toegestaan sou word in gevalle waar die oordragregistrasie nie binne die voorgeskrewe tyd afgehandel is nie.⁶⁰⁾ In die praktyk is hierdie waarskuwing egter nie na die letter afgedwing nie, en gevalle van kwytskelding van boetes waar artikel een oortree is, het steeds voorgekom.⁶¹⁾

Alvorens 'n uitspraak oor boetes gelewer is, het die Goewerneur eers die advies van Rogers daaromtrent ingewin. Wanneer laasgenoemde oortuig was dat die petisionaris hom/haar nie aan opsetlike oortreding skuldig gemaak het nie, het hy aanbeveel dat dit die gunstige oorweging van die Goewerneur moes geniet, waarna kwytskelding van die boete in die meeste gevalle gewoonlik gevolg het.⁶²⁾

As gevolg van die toename wat mettertyd ten opsigte van die kwytskelding van boetes voorgekom het, het Rogers reeds op 19 Maart 1819 die koloniale regering om strenger wetstoepassing in dié verband versoek. Hy het sy versoek gebaseer op die feit dat, indien daar voortgegaan sou word om aan alle

60. W.O.C. 12/10 Inkomende Briewe van Amptenare: Bird - The respective Venduemasters, 27.8.1823, Circular, Copy, No. 97, n.p.

61. S.O. 2/8 Letters Despatched: Smith - Aspelung, 9.7.1824, n.n., p. 186, 15.10.1824, n.n., p. 219.

62. Vgl. byvoorbeeld: S.O. 1/3 Letters Received from Colonial Office: Bird - Rogers, 13.11.1823, No. 126, n.p.; S.O. 2/8 Letters Despatched: Rogers - Bird, 1.12.1823, n.n., p. 129; S.O. 1/3 Letters Received from Colonial Office: Copy of a reply to the memorial of P.J. Theron junior..., 10.12.1823 (enclosure to Bird - Rogers, 10.12.1823, No. 129, n.p.).

aansoekers kwytskelding van boetes te verleen, die proklamasie van 30 Januarie 1818 in sy doel sou misluk.⁶³⁾

Op 23 Maart 1819 is aan Rogers se versoek gehoor gegee, met die versekering dat geen slawe-eienaar voortaan kwytgeskeld sou word van 'n boete wanneer hy die artikels van die proklamasie van 30 Januarie 1818 oortree het nie.⁶⁴⁾

Dit wil voorkom of hierdie besluit nie baie nougeset nagevolg is nie, want op 19 Januarie 1821 het waarnemende goewerneur sir Rufane Donkin weer eens gewaarsku dat in belang van akkurate slaweregistrasie hy geen ag sou slaan op versoeke vir die kwytskelding van boetes nie.⁶⁵⁾

Artikel twee van die proklamasie van 30 Januarie 1818 het handelswyses voorgeskryf met betrekking tot slawesterftes.

Van die eienaar is verwag om 'n skriftelike rapport òf by die slaweregistrasiekantoor waaronder hy geressorteer het òf by die algemene registrasiekantoor in te lewer. Aan die eienaar in Kaapstad is een maand grasia, bereken vanaf die sterfdag, vir hierdie rapportering verleen. Die eienaars in die buiteland is kans gegun tot nie later nie as die daaropvolgende opgaaf. Oortreders van hierdie artikel wat skuldig bevind is, sou met 100 riksdalders beboet word.⁶⁶⁾

63. C.O. 103 Letters Received from Sundry Civil Officers: Rogers - Bird, 19.3.1819, No. 18, n.p.

64. C.O. 4841 Letters Despatched, General: Bird - Rogers, 23.3.1819, n.n., p. 177.

65. Kaapstads Kourant en Afrikaansche Berigter, 20.1.1821 (Gouvernements Advertentie, 19.1.1821).

66. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 31.1.1818 (Proclamation, 30.1.1818).

Wanneer 'n slaaf te sterwe sou kom, moes die distriksklerk en veldkornet daarvan in kennis gestel word. Eers nadat laasgenoemde daarvan verwittig is, kon die eienaar sy gestorwe slaaf begrawe. Na die begrafnis moes die eienaar binne drie maande ook nog die dood van sy slaaf aan die landdros rapporteer.⁶⁷⁾ Hierdie reëlins is in 1826 ietwat aangepas. Dit het bepaal dat alvorens die eienaar die oorskot van sy slaaf mag begrawe hy eers die skriftelike toestemming van die plaaslike owerheid waaronder hy geresorteer het, moes verkry. In gevalle waar dit nie vir die eienaar moontlik was om binne 24 uur die bystand van die plaaslike owerheid te verkry nie, moes hy twee van sy bure inroep vir skriftelike sertifisering van die waarskynlike ouderdom en geslag van die slaaf asook die toestand van die gestorwene se liggaam en vermoedelike oorsaak van sterfte. Hierdie sertifikasie moes die eienaar sonder enige versuim na die plaaslike owerheid deurstuur. Sou daar merke op die dooie liggaam verskyn of ander omstandighede verantwoordelik wees vir 'n onnatuurlike dood, moes die sertifikasie agterweë gehou word. In só 'n omstandigheid moes die twee bure wat die lyk ten aanskoue gehad het, dit onmiddellik aan die naaste plaaslike owerheid rapporteer.⁶⁸⁾

As kontrolemaatreeël het Rogers teen die einde van Januarie 1825 verlang dat alle slawe-eienaars by die volgende opgaaf - wat gewoonlik in April plaasgevind het⁶⁹⁾ - hul registrasiesertifikate aan hulle onderskeie registrasiebeamptes moes

67. Ibid., 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823); W.O.C. 19/20 Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe: Aspeling - De respective Veldcornetten, 30.6.1825, n.n., n.p.

68. Ibid., 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

69. P.L. Scholtz: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p. 86.

voorlê. Dit was 'n poging om vas te stel of die slawename op die registrasiesertifikate ook in die registrasieboeke van die betrokke slaweregistrasiekantoor verskyn het.⁷⁰⁾

Artikel drie van die 1818-proklamasie het uitgebrei op ander vorme van slaweoordrag, soos wanneer 'n slaaf deur middel van geskenk, ruiling of nalatenskap verkry is. Waar 'n slaaf op dergelike wyses bekom is, moes die nuwe eienaar die slaweregistrasiekantoor waaronder hy geressorteer het, skriftelik daarvan verwittig. Die tydperk waarbinne sodanige kennisgewing moes geskied, was ses maande. Dit is bereken vanaf die sterfdag van die persoon van wie die besitreg verkry is, of, waar die slaaf deur middel van geskenk of ruiling verkry is, bereken vanaf die datum waarop die skenkings- of ruilingsakte afgehandel is. Die oortreding van hierdie artikel was met 'n boete van 100 riksdallders strafbaar.⁷¹⁾

Waar 'n eienaar slegs die dienste van sy slaaf aan 'n ander persoon bemaak of permanent beskikbaar gestel het, het dit nie beteken dat die begunstigde die slaaf as sy wettige eiendom kon reken nie. Nogtans het die vierde artikel die betrokke persoon wat die dienste van 'n slaaf op hierdie wyse bekom het, verplig om binne ses maande die slaaf op sy naam te registreer en die onkoste van die oordrag te dra.⁷²⁾

Artikel vyf van die proklamasie het betrekking gehad op slawe wat hul vryheid verkry het. Dit het bepaal dat wanneer vryheid aan 'n slaaf toegestaan is, die eksekuteur

70. S.O. 2/8 Letters Despatched: Smith - The Registrars of this Department in the Country Districts, 28.1.1825, n.n., p. 258.

71. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 31.1.1818 (Proclamation, 30.1.1818).

72. Ibid.

(in gevalle waar vryheid testamentêr bekom is) of die eienaar wat vryheid verleen het, skriftelik daarvan kennis moes gee aan òf die slaweregistrasiekantoor waaronder hy geressorteer het òf die algemene registrasiekantoor in Kaapstad. Dit was noodsaaklik met die oog op die skrapping van die vryverklaarde se naam uit die slaweregisters. Sodanige kennisgewing moes binne 12 maande geskied, bereken vanaf die dag waarop vrystelling toegestaan is of, in die geval waar vryheid testamentêr bekom is, vanaf die sterfdag van die erflater. 'n Boete van 100 riksdalders is aan diegene opgelê wat hierdie artikel sou oortree.⁷³⁾

Die 1818-proklamasie het ook ten doel gehad om bedrog uit te skakel. Dit is dikwels gepleeg wanneer eienaars van dié slawe wat onder verband gebring is, geprobeer het om dergelyke slawe van die hand te sit sonder om die voornemende koper omtrent die verbintenis waaraan so 'n slaaf onderhewig was, in te lig.⁷⁴⁾ Daarom het artikel nege bepaal dat indien 'n persoon sy slaaf of slawe sou belas deur hulle byvoorbeeld as sekuriteit vir 'n lening te laat dien, hy verplig sou wees om dit aan die slaweregistrasiekantoor waaronder hy geressorteer het, te rapporteer. By hierdie geleentheid moes die eienaar verklaar teen watter bedrag hy die slaaf of slawe belas het, en wie die verbandnemer was. Hierdie inligting sou dan deur die betrokke registrasie-beampte teenoor die naam van die slaaf in die registers geskryf word waarna 'n ondergetekende sertifikaat aan die verbandgewer uitgereik sou word. Verbandsertifikate sou kosteloos tot op 30 Junie 1818 uitgereik word. Ná hierdie datum sou 'n seëlheffing van twee riksdalders (indien dit slegs 'n enkele slaaf was wat onder verband gebring is) vereis word. Vir elke bykomende slaaf ingesluit op dieselfde

73. Ibid.

74. Ibid.

sertifikaat moes 'n addisionele bedrag van een riksdalder betaal word.⁷⁵⁾

Waar daar verwisseling van slawe-eiendom plaasgevind het, kon 'n aansoek om 'n oordragsertifikaat geweier word indien die registrasieboeke bewys daarvan sou lewer dat sodanige slaaf of slawe onder verband gebring is. Toekenning van 'n oordragsertifikaat sou dan slegs kon geskied indien die verbandnemer skriftelike toestemming aan die registrasiekantoor in Kaapstad of aan die betrokke distriksregistrasiekantoor sou verleen. Daarin moes hy verklaar of die verband gelikwieder was of, waar dit steeds van krag was, dit op instemming van die betrokke partye nog steeds op die slaaf van toepassing sou wees om hom/haar in sy nuwe besit te volg.⁷⁶⁾

Diegene wat verbandtransaksies aangegaan het vóór die uitvaardiging van die proklamasie van 30 Januarie 1818, is tot 30 Junie 1818 kans gegun om hul verbandsertifikate te bekom. Diegene wat teen die gemelde datum nog nie in besit daarvan was nie, se verbandtransaksie sou as ongeldig beskou word.⁷⁷⁾

2.4 Toepassing

Nadat die proklamasie van 30 Januarie 1818 van krag geword het, het sy verskillende artikels hom op 'n wye front in die distrik Tulbagh laat geld.

Verskeie slawe-eienaars het in die strikke van artikel een beland. In die onderstaande twee voorbeelde in die distrik

75. Ibid.

76. Ibid.

77. Ibid.

Tulbagh word geïllustreer dat die rede daartoe grotendeels te wyte was aan 'n algemene oningeligtheid met betrekking tot die 1818-proklamasie.

Dit was normale praktyk dat 'n koopbewys op openbare veilings aan kopers uitgereik is nadat die verskuldigde bedrag vir die gekoopte slawe vereffen is.⁷⁸⁾ Wanneer hierdie koopbewys by 'n registrasiekantoor getoon is, is dit ingeskryf in wat bekend gestaan het as 'n koopbewysboek. Laasgenoemde is by die registrasiekantore gehou. Die oorspronklike koopbewys wat by die oordragsertifikaat van die gekoopte slaaf aangeheg is, is daarna aan die nuwe eienaar teruggegee.⁷⁹⁾

Jan Hendrik Visser, senior, wat by tye in die Roggeveld woonagtig was, het onder die indruk verkeer dat sy koopbewys ook as wettige sertifikaat van oordrag vir sy gekoopte slawe gedien het.⁸⁰⁾ 'n Rede wat moontlik bygedra het tot Visser se misvatting is die feit dat die koopbewys wel vroeër as genoegsame bewys gedien het dat 'n slaaf die wettige eiendom van sy nuwe eienaar geword het.⁸¹⁾

In 'n ander geval was dit deur die toedoen van die vendumeester, J.F. van de Graaff, dat Petrus Jacobus Theron, junior, hom aan 'n oortreding skuldig gemaak het. Van de

78. C.O. 3916 Memorials Received II: Visser - Somerset, 29.12.1819, No. 439, n.p.

79. S.O. 10/15 Return of Slaves sold by Public Auction with the Amount of each Sale, 1823-1830, Addenda, G.J. Rogers, n.d., n.n., p. 183.

80. C.O. 3916 Memorials Received II: Visser - Somerset, 29.12.1819, No. 439, n.p.

81. S.O. 1/2 Letters Received from Colonial Office: Wunsch (for Heinrich) - Donkin, 15.1.1821, Copy (enclosure to Ellis - Rogers, 17.1.1821, No. 145, n.p.); S.O. 10/22 Statement of Slaves sold by Sequestrator: Van der Riet - Rogers, 21.5.1816, n.n., n.p.

Graaff het die amp van vendumeester sedert 5 April 1820 saam met dié van adjunk-landdros van Worcester bekleë.⁸²⁾

In November 1821 het Theron 'n slaaf en slavin op 'n sesmaandelikse kredietbasis op 'n openbare veiling te Worcester gekoop. Omdat hy 'n aansienlike afstand van die registrasiekantoor by Tulbagh af woonagtig was, en ook nie op hoogte was van die koopprosedure nie, het hy op grond van die bereidwilligheidsverklaring van Van de Graaff aan laasgenoemde volmag verleen om die oordrag van sy slawe namens hom te reël. In Februarie 1822 het distriksklerk Winterbach die oordrag van die slavin afgehandel nadat Van de Graaff die koopbewys van die slavin getoon het. Winterbach het egter by dié geleentheid geen koopbewys vir die slaaf ontvang nie, en hy kon derhalwe nie die oordrag van die betrokke slaaf afhandel nie. By die ontvangs van die oordragdokument vir sy slavin, het Theron onder die indruk verkeer dat dié dokument tegelyk ook die oordrag van die slaaf ingesluit het. Daarom het hy nie die moeite gedoen om die oordrag van sy slaaf binne die voorgeskrewe tyd gereël te kry nie.⁸³⁾

Beide Visser⁸⁴⁾ en Theron⁸⁵⁾ is in hierdie gevalle vrygespreek van die betaling van enige boete.

82. C.O. 4843 Letters Despatched, General: Bird - Van de Graaff, 5.4.1820, n.n., p. 178.

83. S.O. 1/3 Letters Received from Colonial Office: Theron - Somerset, 21.10.1823 (enclosure to Bird - Rogers, 13.11.1823, No. 126, n.p.); S.O. 1/45 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Rogers, 21.8.1822, n.n., n.p.

84. C.O. 4318 Register of Memorials Received, 27.1.1820, No. 10, n.p.

85. S.O. 1/3 Letters Received from Colonial Office: Copy of a reply to the memorial of P.J. Theron junior..., 10.12.1823 (enclosure to Bird - Rogers, 10.12.1823, No. 129, n.p.).

Die aantal slaweoordragte wat as gevolg van verkope gereël is, het vir die tydperk 1816 tot en met 1824, in sowel die slaweregistrasiekantore van Tulbagh/Worcester as Clanwilliam op 'n totaal van 1 060 te staan gekom. Hiervan was 434 slavinne.⁸⁶⁾

Die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh het weinig ag op Rogers se kontrolemaatreeël geslaan wat vereis het dat registrasiesertifikate tydens die jaarlikse opgaaf voorgelê moet word aan die registrasiebeamptes.⁸⁷⁾ Dit is gedoen om te kontroleer of die slawe-eienaars in die kolonie ooreenkomstig die voorskrifte van die tweede artikel gehandel het. Hierdie gedrag van die slawe-eienaars het Aspeling, wat Winterbach op 15 Februarie 1822 as distriksklerk en slaweregistrasiebeampte van Tulbagh opgevolg het,⁸⁸⁾ vier maande later genoodsaak om op te tree. Diesulkes is gedreig dat hulle by die regering verkla sou word indien hulle nie die

-
86. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Return of the number of Slaves that have been transferred by Sale at this Office, in each year from 1816 to 1824 inclusive, distinguishing the Males from the Females, 28.6.1825 (enclosure to Aspeling - Smith, 28.6.1825, No. 11, n.p.); S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office Clanwilliam: Return of the number of Slaves that have been transferred by Sale at this Office from 1820 to 1824 inclusive, distinguishing the Males from the Females 15.7.1825 (enclosure to Schönberg - Smith, 15.7.1825, No. 4, n.p.).
87. W.O.C. 19/20 Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe: Aspeling - de respective Veldcornetten, 10.2.1825, n.n., n.p.
88. Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, 16.2.1822, (Gouvernements Advertentie, 15.2.1822).

vereiste registrasiesertifikate voor 1 September van dieselfde jaar aan hom sou voorlê nie.⁸⁹⁾

In hoeverre hierdie maatreël van Rogers verantwoordelik was vir die toename in versoekskrifte aan die Goewerneur, waarin om kwytskelding van boetes gevra is (d.w.s. in gevalle waar die dood van slawe nie gerapporteer is nie), is onbekend. Nietemin moes die Goewerneur op 14 Junie 1825, soos in die geval van artikel een, waarsku dat vanweë die menige aansoeke om kwytskelding van boetes hy voortaan geen bevestiging aan diegene sou verleen wat nagelaat het om binne die voorgeskrewe tyd van artikel twee die dood van hulle slawe te rapporteer nie.⁹⁰⁾ Aspeling het sy verskillende veldkornette op 30 Junie só ingelig. Hy het hulle voorts die opdrag gegee om die waarskuwing aan elke slawe-eienaar in hul betrokke wyk bekend te maak.⁹¹⁾

Nicolaas Everhardus Lambrechts, woonagtig aan die Vier en Twintigriviere,⁹²⁾ wat in Julie 1825 besitter van 31 slawe was,⁹³⁾ asook Gabriel Francois Rossouw, senior, wat op dieselfde tydstip twee slawe besit het,⁹⁴⁾ was die eerste

-
89. W.O.C. 19/20 Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe: Aspeling - de respective Veldcornetten, 30.6.1825, n.n., n.p.
90. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - The Inspector for the Registry of Slaves, 14.6.1825, n.n., pp. 204-205.
91. W.O.C. 19/20 Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe: Aspeling - de respective Veldcornetten, 30.6.1825, n.n., n.p.
92. C.O. 3929 Memorials Received II: Lambrechts - Somerset, Julie 1825, No. 466, p. 398.
93. S.O. 6/129 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), pp. 28-29.
94. S.O. 6/135 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), p. 17.

twee persone in die distrik wat met die volle konsekwensies van hierdie besluit te doene gekry het. Elkeen het afsonderlik nagelaat om binne die bestemde tyd die afsterwe van twee van hulle slawe te rapporteer. Beide is egter deur goewerneur Somerset begenadig en elkeen se boete is tot tien riksdalders per slaaf verminder,⁹⁵⁾ wat die totale boetegeld vir elk van die eienaars op 40 riksdalders te staan gebring het.⁹⁶⁾

Soos voorgeskryf deur die proklamasie van 30 Januarie 1818,⁹⁷⁾ het Aspeling die een helfte van die ingevorderde boete (naamlik 20 riksdalders) na die koloniale skatkis deurgestuur. Die ander helfte is in die distrikskas gestort.⁹⁸⁾

Op 14 Oktober 1825 het Trappes weer eens opdrag aan die verskillende veldkornette gegee om die besluit van die Goewerneur aan elke inwoner in sy veldkornetskap bekend te maak.⁹⁹⁾ Hiervolgens is slawe-eienaars gewaarsku dat voortaan geen kwytskelding van boetes toegestaan sou word nie. Dit het vir daardie gevalle gegeld waar eienaars versuim het om binne die voorgeskrewe tyd van die proklamasie van 30

95. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Rogers, 20.9.1825, n.n., n.p.

96. S.O. 2/9 Letters Despatched: Rogers - His Excellency Commissioners of Enquiry, 6.12.1825, Return No. 5, p. 96.

97. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 31.1.1818 (Proclamation, 30.1.1818).

98. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Rogers, 20.9.1825, n.n., n.p.

99. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Veldcornets, 14.10.1825, Circular, No. 3772, n.p.

Januarie 1818 hulle gekoopte slawe op hul naam oor te dra, of om die dood van hulle slawe te rapporteer.¹⁰⁰⁾

Hierdie en soortgelyke waarskuwings, waar dit alleenlik betrekking op die afsterwe van slawe gehad het, het waarskynlik verhinder dat daardie eienaars wat in die verlede nagelaat het om die dood van hul slawe te rapporteer, na vore kom. Hulle het dit bloot gedoen omdat hulle nie by magte was om die boete van 100 riksdalders vir elke oortreding te betaal nie.¹⁰¹⁾

In 'n poging om daardie eienaars te probeer identifiseer wat nie betyds die dood van hulle slawe aangemeld het nie, het die Goewerneur op 26 November 1829 maatreëls afgekondig wat dit vir skuldiges moontlik sou maak om na vore te kom. Hiervolgens sou rapporte van skuldiges in Kaapstad en die Kaapse distrik tot op 31 Desember 1829 by die slaweregistrasiekantoor in Kaapstad ingewag word. Die skuldiges in die buiteland is tot 28 Februarie 1830 uitstel gegun om hul skuld by hul onderskeie slaweregistrasiekantore te beken. Slawe-eienaars wat van hierdie geleentheid gebruik sou maak om binne die voorgeskrewe tye hul skuld te beken, sou slegs 'n bedrag van vyf sjielings hoof te betaal vir elke slaaf wie se dood nie aangemeld is nie. Diegene wat hierdie vergunning sou ignoreer, sou vir elke versuim vir die volle bedrag van 100 riksdalders aanspreeklik gehou word.¹⁰²⁾

100. W.O.C. 11/7 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Plasket - The Landdrost of Worcester, 20.9.1825, Circular, n.n., n.p.

101. The Cape of Good Hope Government Advertiser, 27.11.1829 (Government Advertisement, 26.11.1829).

102. Ibid.

Een van diegene wat vanweë oningeligtheid hierdie regulasie oortree het, was die bejaarde Marthinus Prinslo(o), 'n inwoner van die veldkornetskap Middel Roggeveld. In 'n versoekskrif aan die Goewerneur, het hy gemeld dat sy slaaf Civiël reeds ongeveer in die jaar 1822 deur Boesmans vermoor is terwyl hy vee opgepas het. Hierdie gebeurtenis het hy wel aan sy veldkommandant en veldkornet gerapporteer, maar nooit aan sy slaweregistrasiekantoor nie. Daarom het hy versoek om onthef te word van die boete wat hy hom op hierdie wyse op die hals gehaal het.¹⁰³⁾ In hierdie geval het die Goewerneur 'n uitsondering gemaak en hom bereid verklaar om die petitioneris te begenadig en nie verantwoordelik te hou vir die boete van 100 riksdalders nie.¹⁰⁴⁾

Dit wil voorkom of die derde artikel wat voorsiening gemaak het vir ander vorme van slaweoordrag, soos wanneer 'n slaaf bekom is deur middel van geskenk, ruiling of nalatenskap, met groot stiptelikheid in die distrik Tulbagh/Worcester uitgevoer is. In Oktober en November 1825 het die registrasiebeamptes van onderskeidelik die Clanwilliam¹⁰⁵⁾ en Worcester'slaweregistrasiekantore¹⁰⁶⁾ verklaar dat nog geen boete op gesag van artikel drie ingevorder is nie.

103. C.O. 3949 Memorials Received IV: Prinslo - Cole, 8.10.1830, No. 10, n.p.

104. C.O. 4900 Letters Despatched, Civil III: Bell - The Registrar of Slaves, 29.10.1830, n.n., p. 428; W.O.C. 19/21 Uitgaande Briewe van Assistent-Registrateur: Poggenpoel - Coetzee, 10.11.1830, Translation, n.n., n.p.

105. S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office Clanwilliam: Schönberg - Smith, 14.10.1825, No. 4, n.p.

106. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Smith, 29.11.1825, n.n., n.p.

Ook die vyfde artikel wat vereistes neergelê het vir wanneer vryheid aan 'n slaaf toegestaan is, is in die distrik Tulbagh/Worcester nougeset nagekom. Teen Oktober en November 1825 het onderskeidelik die Clanwilliam - en Worcester-slaweregistrasiekantore dit nog nie nodig gevind om op gesag van artikel vyf boetes in te vorder nie.¹⁰⁷⁾

Die negende artikel wat voorskriftelik was in gevalle waar slawe onder verband gestaan het, kon nie daarin slaag om sy invloed in die distrik Tulbagh af te dwing nie. Onreëlmatighede het steeds van tyd tot tyd op openbare veilinge voorgekom, waar persone voortgegaan het om hul slawe wat onder verband gebring is, te verkoop. Om dit te probeer verhoed, en omdat die vendumeesters nie deur hulle instruksies daartoe genoodsaak was nie, het Rogers op 10 Augustus 1818 'n aanbeveling by goewerneur Somerset in dié verband gemaak. Hiervolgens sou alle vendumeesters opdrag ontvang om nie 'n slaaf wie se verband nog nie gekanselleer was nie te verkoop nie, tensy die verbandnemer sy toestemming daartoe verleen het.¹⁰⁸⁾ Hierdie aanbeveling is goedgekeur en op 14 Augustus 1818 het die koloniale regering aan die verskillende vendumeesters opdrag gegee om ooreenkomstig dié aanbeveling van Rogers te handel.¹⁰⁹⁾

Met hierdie opdrag het die vendumeester van Tulbagh, D. Kuys, probleme ondervind. In Januarie 1821 het hy verklaar

-
107. S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office Clanwilliam: Schönberg - Smith, 14.10.1825, No. 4, n.p.; S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh - Worcester: Aspeling - Smith, 29.11.1825, n.n., n.p.
108. W.O.C. 12/69 Gemengde Inkomende Briewe: Rogers - Bird, 10.8.1818, Copy (enclosure to Bird - Kuys, 14.10.1818, Circular, No. 85, n.p.).
109. C.O. 4840 Letters Despatched, General: Bird - The Commissary of Vendues and to the Respective Vendue Masters, 14.8.1818, Circular, n.n., p. 349.

dat, alhoewel dit selde gebeur het dat persone van ander distrikte hul slawe op openbare veilings in die distrik Tulbagh kom verkoop het, hy dit nogtans in sulke gevalle moeilik gevind het om vas te stel of die slawe moontlik elders onder verband gebring is. Om hierdie probleem hok te slaan, het hy aanbeveel dat die name van slawe wat onder verband gebring is, op die agterkant van die eienaar se registrasiesertifikaat aangebring moes word.¹¹⁰⁾

Nadat hierdie versoek aan Rogers voorgelê is, het hy twee besware teen Kuys se voorstel geopper. Eerstens het hy beweer dat dit alle slawe-eienaars sou noodsaak om hul registrasiesertifikate na die slaweregistrasiekantore te bring sodat die name van hul slawe wat onder verband gebring is, daarop aangeteken kon word. Tweedens sou dit van dieselfde slawe-eienaars verwag word om vir 'n tweede keer na die slaweregistrasiekantore te gaan sodra die verband afbetaal was aangesien die kansellasië daarvan ook op die registrasiesertifikate aangebring moes word.¹¹¹⁾

Rogers het ook verder van die veronderstelling uitgegaan dat die praktiese probleme wat Kuys ervaar het, slegs ontstaan het in gevalle waar 'n vendusie haastig gereël is. Sy aanname het hy gegrond op die feit dat by behoorlike geadverteerde vendusies dit enige slawe-eienaar wat sy/haar slawe op die veiling wou verkoop, vrygestaan het om kosteloos 'n registrasiesertifikaat van enige slawekantoor in die kolonie te bekom. Hierdie sertifikaat het al die inligting bevat aangaande die verkoper se slawe, en sou ook

110. W.O.C. 17/35 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Bird, 12.1.1821, No. 787, n.p.

111. S.O. 2/8 Letters Despatched: Rogers - Ellis, 31.1.1821, n.n., p. 93.

aangetoon het of enige slawe onder verband gebring is.¹¹²⁾ Ooreenkomstig die proklamasie van 20 Junie 1817 was die verkoper ook verplig om hierdie registrasiesertifikaat aan die vendumeester te toon alvorens laasgenoemde 'n slaaf kon begin opveil.¹¹³⁾

In die lig van genoemde besware het Rogers Kuys se voorstel verwerp as "onraadsaam om te oorweeg"¹¹⁴⁾ - 'n besluit wat deur die Goewerneur onderskryf is.¹¹⁵⁾

Evaluering

In die geheel beskou was die proklamasie van 26 April 1816 nie in alle opsigte 'n sukses nie. Daar was gebreke in die mondering van die proklamasie wat skuiwergate gelaat het. Die registers het byvoorbeeld nie voorsiening gemaak vir inligting omtrent die voorkoms van die slaaf nie.¹¹⁶⁾ Tweedens was daar ook geen behoorlike kontrole, deur byvoorbeeld registrasiebeamptes, van die persoonlike identifikasie van slawe wanneer eienaars hul opgawes gemaak het nie. Daarby was die slaweregisters ook in sommige gevalle onvolledig aangesien daar dikwels verskille tussen die somtotale van slawe in die opgaafrolle en dié in die slaweregistrasieboeke voorgekom het. Die totale van die opgaafrolle is bereken volgens jaarlikse opgawes wat vir die doeleindes van

112. Ibid.

113. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 21.6.1817 (Proclamation, 20.6.1817).

114. S.O. 2/8 Letters Despatched: Rogers - Ellis, 31.1.1821, n.n., p. 93.

115. C.O. 5720 Schedule of Papers submitted to His Excellency the Acting Governor: 6.2.1821, Schedule no. 3, No. 54, n.p.

116. E.A. Walker (editor): The Cambridge History of the British Empire VIII, p. 271.

belastingberekening deur die individu self van al sy verskillende vorme van eiendom gemaak is. Die totale van die slaweregistrasieboeke daarenteen is jaarliks bereken volgens opgawes van geboortes, sterftes en oordragte van slawe wat van tyd tot tyd by die onderskeie slaweregistrasiekantore aangemeld is.¹¹⁷⁾ In baie gevalle is daar ook onnodig lank gesloer met die verhoor van slawe wat hulle vryheid geëis het.¹¹⁸⁾

Die proklamasie het ook nie die moontlikheid van korrupsie uitgeskakel nie. In die Kaapkolonie het die lede van die laer en hoër howe slawe besit. Hierdie persone moes nie net 'n wakende oog hou oor die hele stelsel van slaweregistrasie nie, maar moes ook uitspraak lewer wanneer 'n slaaf hom op sy/haar vryheid beroep het. Hierdie situasie het die vraag na absolute onpartydigheid laat ontstaan in gevalle waar die howe sake van dié aard moes verhoor. Aansluitend hierby het die proklamasie ook geen straf aan registrasiebeamptes opgelê wanneer hul skuldig bevind is aan wanpraktyke tydens die uitvoering van hulle pligte nie. Hiervoor is eers voorsiening gemaak met die uitvaardiging van Ordonnansie 19 van 19 Junie 1826. Volgens hierdie ordonnansie kon skuldiges 'n boete van nie meer nie as 100 pond sterling en nie minder nie as 50 pond sterling opgelê word, en kon hulle ook uit hul poste ontslaan word.¹¹⁹⁾

Bogenoemde gebreke was ook aanwesig in die proklamasie van 30 Januarie 1818. Daarby is dit te betwyfel of hierdie

117. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), pp. 359-360.

118. Vgl. byvoorbeeld S.O. 3/22 Slave Cases, 1816-1827, Case No. 47: Jonas of W.N. Vos; E.A. Walker (editor): The Cambridge History of the British Empire VIII, p. 271.

119. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, pp. 23, 27.

proklamasie heeltemal in sy doel geslaag het, naamlik om 'n spoediger registrasie te bewerkstellig in gevalle waar daar 'n verwisseling van slaweoordrag plaasgevind het. Soos aangetoon, is kwytskelding geredelik toegestaan waar persone hul 'n boete op die hals gehaal het in gevalle waar hulle nie binne die voorgeskrewe tye die gevraagde handeling uitgevoer het nie. Hoe goed dit ook van die kant van regeringsweë bedoel was, het die kwytskelding van boetes nie net 'n belangrike vorm van staatsinkomste laat verlore gaan nie, maar dit het ook 'n negatiewe uitwerking gehad ten opsigte van die hou van akkurate slaweregisters.

Wanneer die doeltreffendheid van die slaweregistrasiekantore van Tulbagh/Worcester en Clanwilliam geëvalueer word, kan dit nie sonder meer in isolasie gedoen word nie. Die hele onderbou van die slaweregistrasiestelsel het immers op interdistrikskorrespondensie en korrespondensie met die hoofslaweregistrasiekantoor in Kaapstad berus.

Wat die hoofslaweregistrasiekantoor betref, het Rogers in Oktober 1826 verklaar dat sy kantoor nie kon bybly met sy pligte teenoor die slaweregistrasiekantore in die buite-distrikte nie.¹²⁰⁾ In Januarie 1827 het hy aan die Goewerneur gerapporteer: "... that all the office affairs are greatly in arrear, ... in a state approaching to the greatest confusion and disorder, whilst the arrear daily increases, without a shadow of chance of it's being overcome ...".¹²¹⁾ Hierdie situasie is vererger deur die Goewerneur se optrede om in hierdie tyd van ekonomiese depressie in die Kaapkolonie die personeel van die hoofkan-

120. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Secretary to Government, 10.10.1826, Confidential, n.n., p. 23.

121. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Lieutenant-Governor, 13.1.1827, No. 10, p. 52.

toor te verminder.¹²²⁾ Hierdie inkorting van personeel het op 'n ongeleë tydstip plaasgevind juis toe die werksaamhede in die hoofkantoor na Rogers se verhoogde status as Registrateur en Voog van Slawe (in Junie 1826¹²³⁾) vermeerder het.¹²⁴⁾

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die probleme wat in die hoofslaweregistrasiekantoor ondervind is, met verloop van tyd ook 'n besliste uitwerking op die akkuraatheid van die slaweregisters in die Tulbagh/Worcester- en Clanwilliam-registrasiekantore sou hê.

'n Ander faktor wat ook 'n invloed op die korrektheid van die slaweregisters van die Tulbagh/Worcesterregistrasiekantoor gehad het, was die ongereelde rapportering van sommige van die ander slaweregistrasiekantore aan dié betrokke kantoor oor sake rakende die oordragte en gebiedsoorplasingregistrasies van slawe.¹²⁵⁾ Gebiedsoorplasingregistrasie is verlang wanneer slawe-eienaars met hul slawe van een distrik na 'n ander verhuis het. Wanneer so 'n persoon in sy nuwe distrik aangekom het, moes hy sy registrasiesertifikaat van sy slawe aan sy nuwe registrasiebeampte toon, waarop laasgenoemde persoon die name van die slawe wat

122. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Secretary to Government, 2.9.1826, No. 28, p. 12, Rogers - Lieutenant-Governor, 13.1.1827, No. 10, pp. 51-52; G.C.O. Key: A Critical Study of the Administration of Lord Charles Somerset during the period 1821-1826, p. 76.

123. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves of the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

124. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Lieutenant-Governor, 13.1.1827, No. 10, p. 52.

125. W.O.C. 19/20 Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe: Aspeling - Smith, 25.1.1825, n.n., n.p., 21.2.1826, n.n., n.p.

daarop verskyn in sy registrasieboeke sou inskryf.¹²⁶⁾ Indien die verhuisde eienaar nie in besit van 'n registrasiesertifikaat was nie, sou die oorplasingregistrasie van so 'n slaaf geweier word.¹²⁷⁾ Onmiddellik nadat die registrasiebeampte die oorplasingregistrasie afgehandel het, moes hy die slaweregistrasiekantoor van die distrik waarvandaan die persoon verhuis het asook die hoofslaweregistrasiekantoor van sodanige handeling verwittig. Op ontvangs hiervan moes die registrasiebeampte van die distrik waarin die persoon voorheen woonagtig was, die name van die slawe van die verhuisde persoon van sy registers skrap. Die verhuisde persoon sou in sy nuwe tuiste geen nuwe registrasiesertifikaat ontvang wanneer die oorplasingregistrasie van sy slawe afgehandel was nie. Daar sou slegs 'n inskrywing aan die onderkant van sy registrasiesertifikaat gemaak word wat die oorplasingregistrasie sou bevestig.¹²⁸⁾

Daar was ook ander hindernisse wat in meerdere of mindere mate doeltreffende slaweregistrasie in die distrik Tulbagh/Worcester gekniehalter het. In die verband is reeds gewys op die uitgestrektheid van die distrik en die redelik algemene ongeletterheid van die slawe-eienaar. Hieraan moet toegevoeg word faktore soos vertraging in die afhaal en sirkulering van koerante en ander offisiële kennisgewings

126. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slaweregistrasie: Rogers - Winterbach, 14.2.1817, Circular, n.n., n.p.

127. S.O. 1/45 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Berrangé, 15.6.1824, n.n., n.p.

128. W.O.C. 19/15 Inkomende Briewe van Kantore van Slaweregistrasie: Rogers - Winterbach, 14.2.1817, Circular, n.n., n.p.

tussen die veldkornetskappe,¹²⁹⁾ swaar reëns (veral met die storms van Julie 1822¹³⁰⁾ en September 1824),¹³¹⁾ verspoelde paaie, oorstroomde riviere,¹³²⁾ perdesiektes,¹³³⁾ en die kommandodiens van 1819.¹³⁴⁾ Hierdie faktore was in baie gevalle verantwoordelik dat die eienaar versuim het om binne die voorgeskrewe tye ooreenkomstig die slaweregulasies te handel.¹³⁵⁾

Nog 'n faktor wat moontlik ook 'n stremmende uitwerking op slaweregistrasie gehad het, was die ongereëelde versending

129. W.O.C. 17/7 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Alle de Veldcornets, Circulaire, 15.5.1816, No. 245, n.p.; W.O.C. 12/11 Inkomende Briewe van Amptenare: 22 inwoners van die Kom van Tulbagh - Trappes, circa Desember 1824, ongeno., n.p.
130. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 3.8.1822 (Cape Town, 3.8.1822).
131. The South African Chronicle, and Mercantile Advertiser, 29.9.1824 (From our obliging Correspondent and Agent at Tulbagh 19.9.1824).
132. W.O.C. 19/12 Uitgaande Briewe van Adjunk-Landdros Worcester: Van de Graaff - Trappes, 30.7.1822, No. 413, p. 252, 12.8.1822, No. 421, p. 259; C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Synnot - Bird, 9.8.1822, No. 138, n.p.; The South African Commercial Advertiser, 19.8.1829 (Hantam District, Clanwilliam).
133. C.O. 2620 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Fischer - Bird, 17.5.1819, No. 35, n.p.; C.O. 2723 Letters Received from Drosdy Worcester: Truter - Bell, 31.3.1830, No. 34, n.p.
134. W.O.C. 17/34 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Botha, 22.2.1819, No. 350, n.p.; C.O. 4841 Letters Despatched, General: Bird - Fischer, 17.3.1819, n.n., p. 168; W.O.C. 13/12 Briewe ontvang van Veldkornette: Nel - Fischer, 20.4.1819, ongeno., n.p.
135. W.O.C. 17/34 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Rogers, 4.11.1819, No. 496, n.p.; E.C.W. Hengherr: Emancipation - and after: A Study of Cape Slavery and the Issues arising from it, 1830-1843, p. 18.

van skryfbehoeftes na die slaweregistrasiekantoor van Clanwilliam. In April 1825 het Schönberg byvoorbeeld op Clanwilliam verklaar dat hy 15 maande vantevore laas enige skryfbehoeftes ontvang het.¹³⁶⁾

Hierby kan gevoeg word Aspeling se ervaring dat slawe soms nie op dieselfde name genoem is as dié wat by die registrasiekantoor ingedien was nie. Dit het nie net die algemene slaweadministrasie bemoeilik nie, maar ook kontrole belemmer¹³⁷⁾.

Die registrasiewette het die slawe-eienaars tot die besef laat kom dat hulle hier met besliste regeringsoptrede te doene gehad het. Die onmiddellike doel was die hervorming van die hele slawestelsel, terwyl die uiteindelijke doel die totale beëindiging van slawerny was.¹³⁸⁾

Tog het die koloniale regering 'n simpatieke oor verleen waar die slawe-eienaars die artikels van die registrasiewette oortree het. Dit het omstandighede draagliker gemaak vir die slawe-eienaar wie se bestaan versondig is deur detail-registrasieregulasies met inbegrip van persoonlike rapportering by die slaweregistrasiekantore.¹³⁹⁾

Hierdie tegemoetkomendheid van die plaaslike regering was waarskynlik in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat,

136. S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office Clanwilliam: Schönberg - Smith, 1.4.1825, n.n., n.p., 15.4.1825, n.n., n.p.

137. S.O. 1/45 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Smith, 27.7.1824, n.n., n.p.

138. E. Stockenström: Vrystelling van die Slawe, p. 36.

139. E.C.W. Hengherr: Emancipation - and after: A Study of Cape Slavery and the Issues arising from it 1830 - 1843, p. 18.

sover vasgestel kon word, daar slegs een slafie in die distrik Tulbagh/Worcester was wat sedert die uitvaardiging van die 1816-proklamasie tot einde November 1825 vry verklaar is. Dit was as gevolg van sy eienaar wat nagelaat het om hom binne die voorgeskrewe tydperk van ses maande te registreer.¹⁴⁰⁾ In dieselfde tydperk is die registrasie van 29 slawe egter deur die geregshof gelas,¹⁴¹⁾ waar uitkoms aan daardie eienaars verleen is wie se slawe binne die raamwerk van 1816-proklamasie vryheid geëis het omdat hulle nie binne die voorgeskrewe tydperk geregistreer is nie.¹⁴²⁾

140. S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh-Worcester: Aspeling - Smith, 29.11.1825, n.n., n.p.; C.O. 3925 Memorials Received II: Pretorius - Somerset, 12.12.1823, No. 452, n.p.; S.O. 1/3 Letters Received from Colonial Office: Copy of a Reply to the memorial of Wessel Pretorius of Worcester..., 18.12.1823 (enclosure to Bird - Rogers, 18.12.1823, No. 133, n.p.); C.O. 4320 Register of Memorials Received, 18.12.1823, No. 748, n.p.

141. S.O. 2/9 Letters Despatched: Rogers - His Excellency Commissioners of Enquiry, 6.12.1825, Return No. 3, p. 95.

142. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 357.

HOOFSTUK 3

DIE PROKLAMASIE VAN 18 MAART 1823

Op 18 Maart 1823 het goewerneur Somerset weer op eie houtjie 'n slaweproklamasie uitgevaardig.¹⁾ Hierdie proklamasie wat as die Magna Carta²⁾ van die slawebevolking beskou kan word, het die verbetering van die lot van die slawe op alle lewensterreine ten doel gehad.³⁾

Wanneer daar na redes vir Somerset se stap gesoek word, is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat hy tydens sy verloop in Engeland (1820-1821) opnuut deur die entoesiasme van die afskaffers beïnvloed is.⁴⁾ Hierdie persone het toenemend begin aandring op verbeterde lewensomstandighede vir die slawe ter voorbereiding van hulle uiteindelijke emansipasie.⁵⁾ Voorts is sy 1816-proklamasie in sowel die kolonie⁶⁾ as Brittanje sonder enige teenstand aanvaar.⁷⁾

-
1. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823). (Gie fouteer in sy Geskiedenis vir Suid-Afrika II, 1795-1918 waar hy op p. 277 beweer dat Somerset hierdie proklamasie in opdrag van die Imperiale regering uitgevaardig het).
 2. Z.C. 1/6 A Short History on Slavery at the Cape, No. 1840, p. 20.
 3. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).
 4. Z.C. 1/6 A Short History on Slavery at the Cape, No. 1840, p. 20.
 5. F.J. Klingberg: The Anti-Slavery Movement in England, p. 233.
 6. G.M. Theal: History of South Africa since 1795 II, p. 64.
 7. G.H. 1/19 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Somerset, 6.9.1816, No. 128, pp. 101-102.

Die proklamasie van 1823 is egter in Brittanje met gemengde gevoelens begroet. Dit het, soos verwag kan word, groot byval by Wilberforce gevind, wat hom soos volg daarvoor uitgelaat het: "... paid to Lord Charles the tribute so justly due to him, of not waiting for any impulse from this country ...".⁸⁾ Lord Bathurst, Britse minister van kolonies, was minder entoesiasties daarvoor. Hy het Somerset gekapittel omdat hy nie die aangeleentheid vooraf met die Britse regering bespreek het nie. Volgens Bathurst was uniformiteit ten opsigte van die algemene maatreëls ter verbetering van die slawebevolking noodsaaklik.⁹⁾ In hierdie verband het hy waarskynlik na die resolusies van 15 Mei 1823 van die Britse parlement verwys. Dit het ook die opheffing van die slawebevolking in al die Britse kolonies in die vooruitsig gestel,¹⁰⁾ maar wat Somerset ten opsigte van sy proklamasie vooruitgeloop het.¹¹⁾

3.1 Bepalings met betrekking tot godsdiens en onderwys

Wanneer die proklamasie se inhoud bestudeer word, is dit reeds uit die aanhef duidelik dat Somerset hom daarmee veral vir die uitbreiding van die religieuse onderrig van slawe beywer het. Volgens hom sou die slawe langs hierdie weg 'n hoër peil van beskaafdheid bereik. Hy was van mening dat

8. A.K. Millar: Plantagenet in South Africa: Lord Charles Somerset, p. 158.
9. G.H. 1/34 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Somerset, 10.8.1823, No. 502, pp. 121-123.
10. E. Stockenström: Vrystelling van die Slawe, p. 44; F.J. Klingberg: The Anti-Slavery Movement in England, pp. 199, 205.
11. G.H. 23/7 Papers Despatched to the Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 1.2.1824, No. 71, pp. 123-124; 202 Papers Relating to Slaves at the Cape of Good Hope, 5.1.1824, enclosure No. 2, p. 8.

die verspreiding van die Christendom onder die slawe by uitstek sedelikheid onder hulle sou bevorder wat op sy beurt tot die verbetering van hul gedrag sou lei.¹²⁾

Artikel 11 van die proklamasie het bepaal dat, al sou hulle die eiendom van heidene word, Christenslawe nie die reg ontsê kon word om op Sondag die kerk of enige ander plek van aanbidding by te woon nie. 'n Boete van tien riksdalders is aan die eienaar opgelê indien hierdie artikel sonder 'n wettige rede oortree is.¹³⁾

Ten einde slawe-eienaars aan te moedig om hul slawe in die Christelike godsdiens te laat onderrig, het die proklamasie artikels bevat wat sekere materiële voordele vir die eienaar en slawe ingehou het. Artikel twee het voorgeskryf dat slawe-eienaars wat slawekinders in die Christelike godsdiens laat doop het, kwytgeskeld sou wees van enige belasting wat moontlik op slawe in die kolonie gehef kon word of kostes wat met die doop verband gehou het.¹⁴⁾

Kragtens artikel drie is dié slawe wat die Christelike geloof aangeneem het, by vrystelling kwytgeskeld van die gebruikelike betaling van 50 riksdalders aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Soos die ander lede van die kerk sou die vrygesteldes geregtig wees op bystand vanuit die kerkfonds, maar onderhewig aan die gewone regulasies en voorwaardes daaraan verbonde.¹⁵⁾

12. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

13. Ibid.

14. Ibid.

15. Ibid.

Ten opsigte van die onderwys van slawe het die vierde artikel Christen-slawe-eienaars verplig om slawekinders tussen die ouderdom van drie en tien jaar vanaf 1 Junie 1823 vir minstens drie dae van die week na die naaste vryskool te stuur. Die eienaars vir wie dit as gevolg van afgeleënhed onmoontlik was om aan hierdie eis te voldoen, is versoek om op alle moontlike maniere te probeer om in die onderrig van slawekinders te voorsien.¹⁶⁾

Om die toepassing en invloed van hierdie artikels op die distrik Tulbagh/Worcester in perspektief te beoordeel, moet die religieuse en skolastiese stand van die slawebevolking in hierdie distrik vóór 1823 eers onder die vergrootglas geplaas word.

Tydens die eerste vyftig jaar van die Roodezand- of Waverengemeente is daar nie veel op die gebied van sendingwerk vermag nie. Hierdie gemeente is reeds in 1743 gestig en tot die afstigting van Tulbagh as selfstandige distrik in 1804 het dit onder dié naam bekend gestaan. In die enkele gevalle waar slawe met die Christelike godsdiens in hierdie tyd te doen gekry het, was dit tot huisgodsdiens en godsdiens-oefeninge in die kerk beperk.¹⁷⁾

'n Groot aantal slawe-eienaars van sowel hierdie as ander gemeentes in die kolonie¹⁸⁾ het aanvanklik onverskillig gestaan teenoor enige poging wat daarop gemik was om die slawe

16. Ibid.

17. J.A.S. Oberholster: Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Tulbagh (Roodezand, Waveren), 1743-1943, pp. 6-7, 54, 87.

18. C.O. 84 Letters Received from Court of Justice, Port Office, and Collector of Tithes: Truter - Alexander, 18.9.1817, No. 33, n.p.; J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 169; W.W. Bird: State of the Cape of Good Hope, in 1822, p. 76.

in die Christelike godsdiens te onderrig. Slawe-eienaars in die Roodezand-/Waveren-gemeente was byvoorbeeld daarvan oortuig dat sodanige onderwysing 'n slaaf net meer werksku en onregeerbaar sou maak.¹⁹⁾

'n Ander rede vir die slawe-eienaars se apatiëse houding in dié verband kan toegeskryf word aan 'n wet wat op 10 April 1770 deur die hoë regering van Indië uitgevaardig is. Dit het bepaal dat gedoopte slawe nie deur hul eienaars verkoop mag word nie. Hierdie wet het nie die Christelike godsdiens in só 'n mate onder die slawe bevorder as wat oorspronklik daarmee beoog is nie omdat dit met die belange van die eienaar gebots het in soverre dit sy vrye besitreg oor sy slawe aangegaan het.²⁰⁾

Met die aanstelling van Michiel Christiaan Vos as vierde predikant in die Roodezand-/Waveren-gemeente in 1794 het 'n nuwe era vir die sending in hierdie gemeente aangebreek. Ten eerste sou godsdiensonderrig aan slawe voortaan op 'n georganiseerde wyse geskied.²¹⁾ As sendingyweraar het ds. Vos hom geroepe gevoel om die Evangelie aan "alle kreature", dus ook slawe, uit te dra.²²⁾ Dit was ook op sy aandrang

19. M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 119.

20. G.M. Theal: History of South Africa, 1795-1834, pp. 169-170.

21. J.A.S. Oberholster: Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Tulbagh (Roodezand, Waveren), 1743-1943, pp. 37, 87.

22. M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 119.

dat die koloniale regering in 1812 besluit het om die 1770-wet te herroep.²³⁾

Ds. Vos het elke tweede Sondagmiddag op Tulbagh vir die slawe en Hottentotte gepreek en hulle gekatkiseer. Hy is bygestaan deur die weduwee Matilda (Macteld) Smith, wat haar huis vir dié doel beskikbaar gestel het. Wanneer ds. Vos op huisbesoek in die buitewyke van sy gemeente was,²⁴⁾ het sy met die Sondagmiddagbyeenkomste, wat gewoonlik deur 120 tot 140 siele bygewoon is, voortgegaan.²⁵⁾ Ds. Vos het ook vir die heidene bidure gehou.²⁶⁾

Op hierdie wyse het hy geredelik daarin geslaag om die aanvanklike skeptisisme en antipatie van slawe-eienaars teenoor godsdiensoonderrig aan slawe uit die weg te ruim. Slawe-eienaars het opgemerk dat slawe, wat hul voorheen aan slegte gedrag skuldig gemaak het, ná katkisasie deur ds. Vos eienskappe van beleefdheid, gehoorsaamheid en arbeidsaamheid geopenbaar het.²⁷⁾

Ten einde dié eienaars op afgeleë plase te help wat begerig, maar onbekwaam was om hul slawe in die Christelike godsdienste onderrig, het ds. Vos 'n katkisasieboekie met gebruik-

23. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Cradock - Bathurst, 25.1.1813), p. 130 (enclosure C, Extract from a letter from the Revd. Mr. Vos, 19.3.1812), pp. 132-133; Kaapsche Stads Courant en Afrikaansche Berigter, 10.10.1812 (Proclamatie, 9.10.1812).

24. M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 126.

25. J. Phillip: Memoir of Mrs. Matilda Smith, p. 80.

26. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, p. 223.

27. M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, pp. 120-123.

aanwysings opgestel. Die inhoud hiervan is deur menige afgeskryf. Die boekie is ook in ander gemeentes gebruik.²⁸⁾

Na ds. Vos se vertrek in 1802 na Engeland het die direkteure van die Roodezandse hulpsendinggenootskap (die eerste takgenootskap van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap) die sendingwerk voortgesit. Om die beurt het hulle die heidene elke tweede Sondagmiddag onderrig.²⁹⁾

In 1811 het sendingwerk in die distrik Tulbagh 'n verdere hupstoot gekry met die aanstelling van Arie Vos as vaste sendingwerker in Tulbagh.³⁰⁾ In die oefeningshuis in Kerkstraat, wat teen September 1813 deur die toedoen van die Tulbaghse Sendinggenootskap voltooi is,³¹⁾ het Vos Sondagmiddae kerkdienste vir die Hottentotte en slawe gehou.³²⁾ In hierdie gebou is hulle ook twee keer per week in die Christelike godsdiens onderrig.³³⁾ Volgens hom het

28. Ibid.

29. G.M. Theal: History and Ethnography of South Africa south of the Zambesi III, p. 312; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester) 1799-1830, pp. 220, 223-224.

30. Die Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, Deel XIX 22.6.1867, p. 203; W. Holzapfel: Honderd Jaren Sendingwerk te Tulbagh, 21 September 1817 - 21 September 1917, p. 19.

31. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, p. 243.

32. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XVII (Statement of Mr. P.J. Theron to the Commission of Enquiry, 17.5.1824), pp. 318-319.

33. De Zuid-Afrikaan, 30.7.1830 (Tulbagh versus Philip, H.F. Moller and P.F. Theron Tz.).

hierdie byeenkomste sulke groot getalle getrek dat hy somtyds gesukkel het om die preekstoel te bereik.³⁴⁾

Vos het op vasgestelde tye besoek afgelê by die slawe en Hottentotte in die verafgeleë buitewyke. Veldkornetskappe wat op dié manier besoek is, was die Bokkeveld, Breërivier, Hexrivier, Bergrivier en Vier en Twintigriviere.³⁵⁾

Die inwoners van die adjunk-drosdy Clanwilliam en omgewing het ook deel van die Tulbagh-gemeente uitgemaak voordat 'n eie gemeente in September 1826 afgestig is.³⁶⁾ Sedert 1816 is die religieuse onderrig aan slawe, Hottentotte en blankes op Clanwilliam deur die ongeordende Pruisiese sendeling, Leopold Marquard, behartig. Marquard, wat die aansien van die inwoners van die dorp geniet het,³⁷⁾ het sy godsdienstige oefeninge in adjunk-landdros Synnot se woning gehou.³⁸⁾

-
34. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, p. 238.
35. G.M. Theal: Records of the Cape Colony X (Report of the Commission of Circuit for the Year 1813, Berrangé en Van Ryneveld - Cradock), pp. 85-86.
36. C.O. 369 Letters Received from Consistories, Clergymen and Master of the Grammar School: Thom - The Secretary of Government, 22.10.1829, No. 75, p. 565.
37. P.L. Scholtz: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p. 111; C.O. 2679 Letters Received from Drosdy Worcester I: Van Wyk, Smit, Bergh en Wolfaart - Van Ryneveld, 26.1.1826, Copy (enclosure to Van Ryneveld - Plasket, 27.1.1826, No. 16, n.p.); C.O. 2651 Letters Received from Drosdy Worcester II: Van Aarde, Lubbe, Van Zyl e.a. - Synnot, 6.1.1822 (enclosure to Synnot - Bird, 7.1.1823, n.n., n.p.).
38. C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester : Trappes - Bird, 23.2.1824, No. 27, n.p.; C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Trappes - Plasket, 12.9.1826, No. 136, n.p.

In Worcester en omgewing wat ook deel van die Tulbagh-gemeente uitgemaak het,³⁹⁾ het Arie Vos en ander plaaslike begeesterde individue sendingwerk verrig.⁴⁰⁾ Vos het sy taak hier voortgesit, selfs nadat die Nederduitse Gereformeerde gemeente Worcester in Januarie 1821 tot stand gekom het.⁴¹⁾

Nadat hy georden is,⁴²⁾ het Vos die geleentheid benut om in 1817 'n afsonderlike gemeente vir die heidene op Tulbagh te stig.⁴³⁾ Daar het hy die doop en Heilige Nagmaal aan hulle bedien.⁴⁴⁾

Die slavin Lea Cornelis, wat in diens van Louisa Cornelia Roets gestaan het, was die eerste persoon in Vos se gemeente wat op 21 September 1817 gedoop en aangeneem is.⁴⁵⁾ Op 19 Maart 1818 is twee slawemans, Adam en Mozes, wat albei aan

-
39. A. Dreyer: Gedenkt uwer Voorgangeren: Korte Levensschetsen van de Predikanten der Ned. Ger. Gemeente Worcester, p. 1.
40. J.A. Heese: Nederduitse Gereformeerde Kerk Gedenkboek Worcester, pp. 8, 122.
41. A. Dreyer: Gedenkt uwer Voorgangeren: Korte Levensschetsen van de Predikanten der Ned. Ger. Gemeente Worcester, p. 1.
42. W.O.C. 10/6 Dagregister van Landdros, 2.3.1817, p. 193.
43. C.O. 238 Letters Received from Court of Justice I: Truter - Somerset, 25.5.1825, No. 29, p. 29; W. Holzappel: Honderd Jaren Zendingwerk te Tulbagh, 21 September 1817 - 21 September 1917, p. 3.
44. W.O.C. 10/6 Dagregister van Landdros, 2.3.1817, p. 193.
45. (N.G.K.A.B.), G.4 5/1 Inkomende Briewe: Doop en Lidmaaten Boek van de Christen Gemeente op Tulbagh uit de Heidenen opgericht door den Missionaris Arie Vos in het jaar 1817, ongeno., n.p.; S.O. 6/135 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), 1816 - 1836, p. 32.

die weduwee van Pieter Joosten, senior, behoort het, ook gedoop en aangeneem.⁴⁶⁾

In vergelyking met godsdiensoonderrig het die skoolopleiding van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester, net soos in ander dele van die kolonie,⁴⁷⁾ voor 1823 baie stadig op dreef gekom. Die onderwys van slawe in die vroeë dekades van die negentiende eeu was hoofsaaklik daarop gemik om hulle vir lidmaatskap van die kerk voor te berei.⁴⁸⁾ Boonop was sommige eienaars teen die skoolbywoning van die slawe gekant⁴⁹⁾ omrede eersgenoemde dikwels self nie 'n vaardigheid, soos byvoorbeeld skryf, kon bemeester nie, en skoolbywoning dus as onnodig beskou het.⁵⁰⁾

In die oefeningshuis in Kerkstraat het Arie Vos in die aande, wat die geskikste tyd was, aan slawe en hul kinders onderrig in die onderwys, sowel as die Christelike godsdienste gegee. Wat die onderwys betref, is daar veral op aspekte

-
46. (N.G.K.A.B.), G.4 5/1 Inkomende Briewe: Doop en Lidmaaten Boek van de Christen Gemeente op Tulbagh uit de Heidenen opgericht door den Missionnaris Arie Vos in het jaar 1817, ongeno., n.p.; S.O. 6/127 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), 1816 - 1835, p. 16.
47. A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806 - 1834, p. 36.
48. J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 171.
49. W.O.C. 19/121 Inkomende Briewe aan Skoolkommissie: Martens - President en Leden der Bybel en Schoolkommissie op Worcester, 12.10.1823, ongeno., n.p.
50. Records of the Cape Colony XVII (Somerset - Bathurst, 31.1.1824), p. 40.

soos die leer van die alfabet, lees en spel klem gelê.⁵¹⁾ Hy is deur sy enigste seun,⁵²⁾ W.N. Vos,⁵³⁾ bygestaan. Vanaf 1821 kon Arie Vos ook van die dienste van die koster, G. Keet, gebruik maak. Dit was nadat die kerkraad van Tulbagh hom toestemming gegee het om elke derde Sondag gedurende die erediens onderwys aan die heidene in die oefeningshuis te gee.⁵⁴⁾

Op Worcester self het daar vóór 1823 geen skool bestaan waar slawe of die kinders van die koloniste opleiding kon ontvang nie.⁵⁵⁾ Die publieke skool op Clanwilliam het met die uit-

-
51. C.O. 203 Letters Received from the Bible and School Commission: Truter - The Gentlemen forming the Bible and School Commission, 24.2.1824, Translation (enclosure to Von Manger - Somerset, 19.2.1824, No. 2, n.p.); P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, (sedert 1822 Worcester) 1799-1830, p. 241.
52. G. and G. Fagan: Church Street in the Land of Waveren, pp. 107, 136.
53. J. Campbell: Journal of Travels in South Africa, among the Hottentot and other Tribes in the years 1812, 1813, and 1814, pp. 225-226.
54. D.C. Botha: Die Kerk op Tulbagh, 1743-1835, pp. 143-144.
55. C.O. 203 Letters Received from the Bible and School Commission: Truter - The Gentlemen forming the Bible and School Commission, 24.2.1824, Translation (enclosure to Von Manger - Somerset, 19.2.1824, No. 2, n.p.).

trede van sy laaste skoolmeester in 1823⁵⁶⁾ 'n leerlingtal van slegs vier gehad, waaronder geen slawe getel het nie.⁵⁷⁾

In die buitewyke van die distrik Tulbagh/Worcester het privaat onderwysers, waar hulle bekostig kon word en ten spyte van hul tekortkominge, die kinders van die slawe-eienaars onderrig.⁵⁸⁾ Dit het dus van die eienaar se algemene ingesteldheid teenoor onderwysersverskaffing aan slawe afgehang of sy slawe die dienste van 'n betrokke privaat onderwyser mag benut het.

Om te bepaal of die toepassing en invloed van genoemde artikels betreffende die religieuse en skolastiese opvoeding van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester enige invloed gehad het, kan kortliks na die stand daarvan gedurende die jare 1824 tot 1830 gekyk word.

-
56. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Trappes - Plasket (Potloodinskrywing), 12.9.1826, No. 136, n.p.; W.O.C. 19/121 Inkomende Briewe aan Skoolkommissie: Augustyn - Collegie van Landdrost en Heemraden Clanwilliam, 7.9.1823, Copia, ongeno., n.p.
57. C.O. 203 Letters Received from the Bible and School Commission: Truter - The Gentlemen forming the Bible and School Commission, 24.2.1824, Translation (enclosure to Von Manger - Somerset, 19.2.1824, No. 2, n.p.).
58. Vir die identifikasie van sommige van hierdie privaat skoolmeesters in die agtiende en vroeë negentiende eeu sien C.R. Venter: Die ontwikkeling van die Onderwys in Tulbagh, 1700-1905, pp. 6-7; Sien ook W.O.C. 12/73 Gemengde Inkomende Briewe: Verlee - Trappes, 22.8.1827, ongeno., n.p.; W.O.C. 13/13 Briewe ontvang van Veldkornette: Steenkamp - Fischer, 18.4.1820, ongeno., n.p.; W.O.C. 19/11 Inkomende Briewe van Private Persone: Schultze - Van de Graaff, 22.10.1821, ongeno., n.p.; W.O.C. 19/73 Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegerereg: Poggenpoel - The Clerk of the Peace Cape Town, 25.11.1829, n.n., n.p.

Ten opsigte van religieuse onderrig het Trappes op versoek van die Goewerneur⁵⁹⁾ in Februarie 1824 verklaar dat ongeveer 70 slawe normaalweg die kerkdienste in sy distrik bygewoon het. Hierdie dienste is gehou in die kerk waar daar spesiale sitplekke vir die slawe gereserveer was,⁶⁰⁾ die oefeningshuis op Tulbagh, 'n gehuurde huis op Worcester en aan huis van die adjunk-landdroos op Clanwilliam. Indien die Sondag uitsluitlik vir godsdienstdienste afgesonder sou word, sou 'n bywoningsgetal van een kwart van die slawebevolking bo 14 jaar of te wel 690 siele verseker word, aldus Trappes.⁶¹⁾

Alhoewel bogenoemde gegewens van 'n lae bywoningsyfer spreek, het geleenthede vir die slawe ten opsigte van die kennismaking met of die uitlewing van die Christelike godsdiens in die distrik Tulbagh/Worcester tog algaande verbeter. Die vordering wat ten opsigte hiervan gemaak is, kan nie in alle gevalle aan die invloed van die 1823-proklamasie toegeskrywe word nie, maar ook aan 'n sendinggeesdrif wat hom toenemend ontsluit het.

Teen 1830 was nog 'n sendeling, Gustav Adolf Zahn, saam met Arie Vos op Tulbagh werksaam. Gedurende die somermaande het hy in die buitewyke besoek afgelê,⁶²⁾ waar hy op verskeie

59. C.O. 4849 Letters Despatched, General: Bird - The respective Landdrosts of the Country Districts, President and Members of the Burgher Senate, and Resident of Simons Town, 9.1.1824, n.n., pp. 251-252, Brink - The respective Landdrosts of the Country Districts, President and Members of the Burgher Senate, Resident of Simons Town, 30.1.1824, Circular, n.n., p. 315.

60. De Zuid-Afrikaan, 30.7.1830 (Tulbagh versus Philip, H.F. Moller and P.F. Theron Tz.).

61. C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 23.3.1824, No. 27, n.p.

62. W. Holzapfel: Honderd Jaren Zendingwerk te Tulbagh, 21 September 1817 - 21 September 1917, pp. 10-11.

plase gepreek en ook katkisasie gehou het. Hy het ook vir die gevangenes in die tronk op Worcester godsdiensoordere gehou.⁶³⁾ In die reënmaande het hy in Tulbagh gebly om vir slawe en ander te preek. Dinsdagaande het hy bidure gehou en Donderdagaande was die tyd vir kategismuslesse.⁶⁴⁾

Teen die einde van 1830 het Vos met sy besoeke aan plase en dorpe 'n omtrek van 384 km. gedek. Hy het twee maal per jaar toere onderneem en het op dié manier elke keer 35 tot 40 plekke aangedoen, waar hy die leer van Christus aan tussen 2 000 tot 3 000 boere, slawe en Hottentotte uitgedra het. Vos het ook twee maal per jaar Worcester besoek waar hy vir ongeveer 90 Hottentotte en slawe in die gevangenis 'n erediensoordere gehou het.⁶⁵⁾ Op Tulbagh het Vos ook met 'n Sondagskool begin en twee keer per maand is biduurbyeenkomste gehou. Teen 1830 het hy tien Nagmaalgangers in sy gemeente gehad en 40 Bybels en Testamente was reeds onder dié slawe en Hottentotte wat kon lees, versprei.⁶⁶⁾

Op versoek van Arie Vos en die direkteure van die Tulbaghse Sendinggenootskap is verlof in 1830 toegestaan vir die aanbring van 'n klok tussen die woonhuis van die sendeling en die oefeningshuis. Hierdie praktiese maatreël het as teenvoeter vir die gebrekkige tydsbesef van slawe gedien. Boon-

63. (N.G.K.A.B.), P.42 1/1A Zahn se Dagboek, Januarie 1830 - Desember 1834, pp. 3, 5 (Opsommende vertaling uit Duits deur J.A. Heese).

64. G. and G. Fagan: Church Street in the Land of Waveren, pp. 113-114.

65. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, p. 239.

66. The Report of the Directors to the thirty-seventh General Meeting of the Missionary Society usually called the London Missionary Society, 1831, p. 78.

op het dit 'n meer gereelde bywoning by die godsdiens- en onderwysoefeninge op Tulbagh verseker.⁶⁷⁾

Op Worcester het M. Vogelgezag sedert 1825 met die toestemming van die kerkraad onderrig aan die heidene gegee.⁶⁸⁾ In November van dieselfde jaar is hy deur die kerkraad geëksamineer, en as onderwyser in die godsdiens goedgekeur.⁶⁹⁾

In die adjunk-landdrossetel van Clanwilliam het Isaac Johannes van Rooyen, wat 'n inwoner (maar nie slawe-eienaar nie) van die veldkornetskap Sederberge en Bidouw was,⁷⁰⁾ in 1825 by die koloniale regering aansoek om 'n stuk grond in ewig-durende erfpag gedoen. Hy was voornemens om op dié grond 'n huis te bou waarin Hottentotte en slawe onderwys in die Christelike godsdiens kon ontvang.⁷¹⁾ Dit is egter te betwyfel of Van Rooyen se ideaal ooit verwesenlik is omdat die betrokke grond reeds ten tyde van sy aansoek aan Robert Woodcock,⁷²⁾ 'n Britse setlaar, toegeken was.⁷³⁾

L. Marquard was nog op Clanwilliam werksaam, maar sedert 1826 as 'n geordende sendeling van die Nederduitse Gerefor-

67. (N.G.K.A.B.), G.4 12/1 Tulbagh Sendinggenootskap, Diverse Stukke: Vos - Winterbach, 5.1.1830, ongeno., n.p.; W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Vrederegter Tulbagh: Winterbach - Vos, 13.2.1830, No. 571, n.p.

68. G.L. van Heerde: Twee Eeue van Sendingwerk, 1652-1857, p. 119.

69. A.79 Private Journal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester, 28.11.1829, n.p.

70. J. 30 Opgaafrol, Clanwilliam 1824, pp. 12-13; African Court Calendar and Directory, for 1825, p. 60.

71. W.O.C. 1/6 Notule van Landdros en Heemrade, 7.3.1825, n.p.

72. Ibid., 6.6.1825, n.p.

73. G.B. Dickason: Irish Settlers to the Cape, pp. 23, 88-89.

meerde Kerk.⁷⁴⁾ Sy dienste is gereeld deur die heidene op of naby die dorp bygewoon, maar diegene wat verder van die dorpsentrum gewoon het, was geestelik nog baie verwaarloos.⁷⁵⁾ Die geestelike versorging van die slawe het feitlik tot 'n stilstand gekom⁷⁶⁾ met Marquard se vertrek van Clanwilliam na Kaapstad in 1829.⁷⁷⁾ Ongeveer 50 slawe het ook die eredienste van dr. George Thom, predikant van Tulbagh⁷⁸⁾ en konsulent van die gemeente Clanwilliam, bygewoon⁷⁹⁾ tydens sy besoeke aldaar een of twee maal per jaar.⁸⁰⁾

In die veldkornetskap Bosjesveld het die sendeling Cornelis Kramer, wat sedert 1816 daar arbeidsaam was, sy werksaamhede na die uitvaardiging van die 1823-proklamasie met ywer voortgesit.⁸¹⁾ Hy het hom nie net tot sy eie veldkornetskap

-
74. Die Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, 6.7.1867, p. 218.
75. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, p. 249.
76. The South African Commercial Advertiser, 17.10.1829 (Clanwilliam: Want of a Minister and Surgeon).
77. C.O. 2716 Letters Received from Drosdy Worcester: Marquard - Bell, 23.9.1829, No. 115, n.p.; C.O. 4899 Letters Despatched, Civil II: Bell - Marquard, 23.9.1829, n.n., p. 201.
78. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - Thom, 19.8.1825, n.n., pp. 444-445.
79. P.A.N. Swart: Clanwilliam 150 jr. (1814-1964), pp. 18, 20.
80. C.O. 369 Letters Received from Consistories, Clergymen and Master of the Grammar School: Thom - Bell, 22.10.1829, No. 75, p. 566.
81. C.O. 3905 Memorials Received II: Marais, Groenewald en Gildenhuijs - Gouverneur, 14.10.1815, No. 142, n.p.; C.O. 4839 Letters Despatched, General: Bird - Kicherer, 23.1.1816, n.n., p. 235.

beperk nie, maar ook vir die boere, Hottentotte en slawe in die omliggende veldkornetskappe gepreek en onderrig.⁸²⁾

Soos vroeër vermeld, is die uiterlike teken van die doop in sommige artikels van die 1823-proklamasie as vereiste gestel alvorens 'n slaaf op die regte daarin vervat, kon aanspraak maak. Daarom wou die Goewerneur verseker dat die doop met betrekking tot veral slawekinders in die praktyk maklik uitvoerbaar sou wees. Hy wou ook toesien dat die ongerief vir die eienaars in die verafgeleë dele uitgeskakel word.⁸³⁾

Nege dae na die uitvaardiging van die proklamasie het Somerset 'n omsendskrywe tot die landdroste in die distrikte gerig. Hierin is die wens uitgespreek dat die predikante jaarliks met die landdroste sou ooreenkom oor die geskikte tye en plekke in hul distrikte waar slawekinders gedoop kon word.⁸⁴⁾ Sedert 1826 het die Goewerneur opdrag gegee dat hierdie skakeling op 'n halfjaarlikse basis moes geskied.⁸⁵⁾

Ten spyte van hierdie reëling het daar, sover vasgestel kon word, geen toename in die doopsyfer plaasgevind nie. Gedurende die tydperk 1824 en 1828 is slegs een slavinnetjie en

82. The Report of the Directors to the thirty-seventh General Meeting of the Missionary Society usually called the London Missionary Society, 1831, p. 79.

83. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

84. C.O. 4848 Letters Despatched, General: Bird - The Respective Landdrosts, 27.3.1823, Circular, n.n., p. 56.

85. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823); 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

een slavin gedoop.⁸⁶⁾ Die drie maande oue slavinetjie is deur Arie Vos Antjie gedoop,⁸⁷⁾ en het aan die gesiene boer, Pieter Jacobus de Vos (Woutersson), aan die Hexrivier behoort.⁸⁸⁾ Aan die ander dopeling, die 39-jarige slavin Christina, het Vos die doop in die oefeningshuis bedien. Sy het in Kerkstraat gewoon⁸⁹⁾ en was die enigste slaaf van Magdalena Christina Marais.⁹⁰⁾

Alhoewel die doopsyfer vir die jaar 1830 bewys lewer van 'n geringe toename,⁹¹⁾ is dit moeilik om te verklaar waarom

-
86. S.O. 7/35 Return of Slave Baptisms (1824-1832): Return of Baptisms in the Worcester District, C.F. Scholtz, 31.12.1826, n.p.; W.O.C. 15/140 Briewe en Kerkrekenings aan Landdros en Kommissaris Politiek, en Skoolkommissie: Conradie, Theron, Marais, e.a. - Trappes, 26.10.1824, ongeno., n.p.; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, Appendix D, 25.6.1827, Return of the Baptisms of Slaves reported to the Registrar and Guardian during the half year ending 24th June 1827, No. 37, n.p.; W.O.C. 19/58 Gemengde Dokumente betreffende Slawe en Huurjongens, 27.5.1829, Copy, ongeno., n.p.
87. S.O. 7/35 Return of Slave Baptisms (1824-1832): Return of Baptisms in the Worcester District, C.F. Scholtz, 31.12.1826, n.p.
88. S.O. 6/140 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), p. 81; (N.G.K.A.B.), P. 42 Zahn se Dagboek, Januarie 1830 - Desember 1834, p. 4 (Opsommende vertaling uit Duits deur J.A. Heese).
89. W.O.C. 19/58 Gemengde Dokumente betreffende Slawe en Huurjongens: Return of such Slaves baptized within the District of Worcester up to the 27th May 1829, 27.5.1829, Copy, n.n., n.p.
90. S.O. 6/130 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), p. 97.
91. (N.G.K.A.B.), P. 42 1/1A Zahn se Dagboek, Januarie 1830 - Desember 1834, pp. 6-7 (Opsommende vertaling uit Duits deur J.A. Heese); The Report of the Directors to the thirty-seventh General Meeting of the Missionary Society usually called the London Missionary Society, 1831, p. 78.

daar steeds so min slawekinders gedoop is. Die uitgestrektheid van die distrik kon beslis sake in hierdie opsig bemoeilik het.⁹²⁾ 'n Ander rede kan moontlik voor die deur van die slawe-eienaars gelê word wat ongeneë was om hul slawe te laat doop. Hulle het steeds verkeerdelik geglo dat Christenslawe, dit wil sê gedoopte slawe, die reg tot vryheid gehad het,⁹³⁾ soos vroeëre wetgewing in der waarheid aanvanklik bepaal het.⁹⁴⁾

Ter verbetering van die onderwysgeleenthede vir slawe, het Somerset vier maande na die uitvaardiging van sy proklamasie dit noodsaaklik geag om die onderskeie distrikte verantwoordelik te hou vir die oprigting van 'n openbare skool in elke dorp. Die distrik moes die kostes hiervan dra, en elke klaskamer moes met 'n houtskeiding gedeel word sodat die slaweseuns en -dogters apart van mekaar onderrig kon ontvang. In hierdie skole sou ook godsdiensoefeninge gehou word, maar dan het Somerset voorgeskryf moes die houtskeiding sonder veel moeite verwyder kon word sodat almal bymekaar kon wees.⁹⁵⁾

Omdat die distrikskas nie oor die nodige fondse beskik het nie, het die landdros en heemrade van Worcester teen 1 Maart

92. The South African Directory Advertiser, for the year 1831, p. 152-n.

93. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 366.

94. G.M. Theal: History of South Africa, 1795-1834, p. 169; R. Elphick and R. Shell: Intergroup Relations: Khoi-khoi, Settlers and Free Blacks, 1652-1795 (R. Elphick and H. Giliomee (editors): The Shaping of South African Society, 1652-1820, pp. 119-122).

95. C.O. 4848 Letters Despatched, General: Bird - The Landdrosts of the Cape District, Stellenbosch, Swellendam, Worcester, George and Uitenhage, 8.7.1823, Circular, n.n., p. 357; W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 1.3.1824, n.p.

1824 nog geen vinger verroer om uitvoering aan Somerset se bevel te gee nie. Trouens, daar is besluit dat dié saak tersyde gestel sou word totdat fondse daarvoor verkry kon word.⁹⁶⁾ Hierdie behoefte aan georganiseerde onderwys vir slawe het in Worcester tot 1831 voortbestaan toe 'n skool vir slawe en Hottentotte geopen is.⁹⁷⁾

Of slawe onderrig ontvang het in die Engelse Vryskool van James Rattray wat vir die eerste keer in Oktober 1822⁹⁸⁾ sy deure in Kerkstraat, Tulbagh geopen het,⁹⁹⁾ word betwyfel. Nogtans was hy voorwaardelik daartoe verbind om ook aan heidene onderwys te gee indien dit verlang sou word.¹⁰⁰⁾ Vier maande na die uitvaardiging van die 1823-proklamasie het Rattray aan Trappes gerapporteer dat die gebou waarin hy onderrig het vanweë die skerp toename in leerlinggetalle te klein geword het, en hy dus nie slawekinders ook kon

96. W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 1.3.1824, n.p.

97. The South African Commercial Advertiser, 16.3.1831 (Public School at Worcester).

98. C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Trappes - Bird, 10.12.1822, No. 195, n.p.; Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, 13.7.1822 (Gouvernements Advertentie, 12.7.1822). [In laasgenoemde dokument word Rattray se voorletter verkeerdelik as W. aangegee. Vgl. byvoorbeeld African Court Calendar and Directory, for 1823 and 1824, p. 50 en sy eie handtekening in C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester: Numbers 1-4, Quarterly Reports of the English Free School at Tulbagh, District of Worcester, for January to December 1823 (enclosure to Trappes - Bird, 26.1.1824, No. 13, n.p.)].

99. C.O. 3949 Memorials Received IV: Inhabitants of the old Drosdy and its environs - The Governor of the Cape of Good Hope and its Dependencies, 13.4.1830, No. 251, n.p.

100. C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Brink, 16.11.1824, No. 121, n.p.

akkommodeer nie.¹⁰¹⁾ Die vermoede dat slawekinders nie in hierdie skool onderrig ontvang het nie word verder bevestig deur die eerste en daaropvolgende skoolregisters wat geen slawename toon nie.¹⁰²⁾

Om die swak onderwysgeleentheid in die adjunk-drosdy van Clanwilliam teen te werk, het Trappes kort na die uitvaardiging van die proklamasie voorstelle in die verband aan die Goewerneur voorgelê. Hy was daarvan oortuig dat die skoolmeesters wat onder dié adjunk-landdrossetel geressor-teer het met groter voordeel aangewend kon word, dit wil sê indien hy die diskresionêre bevoegdheid van die owerheid sou verkry om hulle te verskuif na dié plekke waar hulle die grootste aantal leerlinge kon byeenbring. Die adjunk-landdros en heemrade sou Trappes inlig omtrent die geskikste standplase vir die skoolmeesters. Trappes het voorgestel dat wanneer dié stap geneem is slawe-eienaars, wat hulle in die omgewing van die skoolmeesters bevind het, uitgenooi moes word om hul kinders sowel as hul slawe vir onderrig te stuur.¹⁰³⁾

Hierdie voorstelle is deur die Goewerneur aanvaar¹⁰⁴⁾ en in die begin van September 1823 is stappe gedoen om hierdie

101. W.O.C. 12/10 Inkomende Briewe van Amptenare: Rattray - Trappes, 11.7.1823, No. 25, n.p.

102. C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: A Copy of the School Register Tulbagh, 27.10.1822 (enclosure to Trappes - Bird, 10.12.1822, No. 195, n.p.); W.O.C. 19/121 Inkomende Briewe aan Skoolkommissie: Copy of the Government English School Register at Tulbagh, 12.2.1823, 3.7.1823.

103. C.O. 2651 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 1.7.1823, No. 84, n.p.

104. C.O. 4848 Letters Despatched, General: Bird - Trappes, 14.8.1823, n.n., p. 418, Bird - Synnot, 14.8.1823, n.n., p. 418.

reëling te implementeer.¹⁰⁵⁾ Die waarskynlikheid dat hierdie maatreëls die slawe in hierdie geweste noemenswaardig bevoordeel het, word bevraagteken omdat dit vir die eienaars by implikasie beteken het 'n verlies aan werkkrag sowel as ekstra moeite en onkoste.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die hoofdoelwit van die 1823-proklamasie, naamlik die uitbreiding van die Christelike godsdiens onder die slawe, wel sy beslag in die distrik Tulbagh/Worcester gekry het. Vir sover dit geleent-hede waartydens die slawe met die Christelike godsdiens en ook skoolonderwys kon kennis maak betref, het dit na die uitvaardiging van die proklamasie vermeerder. Vergeleke met die tydperk vóór 1823, en met inagneming van so 'n belangrike doelwit, sou 'n mens nietemin verwag het dat vordering op godsdiens- en onderwysgebied van 'n ingrypende aard sou gewees het.

Daar was verskillende faktore wat die uitbreiding van godsdiens en onderwys onder slawe beperk het. Daar is reeds gewys op die onvoldoende fondse van die distrikskas van Tulbagh/Worcester waarby ook gevoeg kan word die gebrek aan genoegsame predikante en skool- of katekisasie-meesters. In 1824 het Trappes ten opsigte hiervan verklaar dat 11 predikante en 33 skool- of katekisasie-meesters vir die inwonertal van sy distrik nodig was. Dit sou 'n uitgawe van ongeveer 9 000 riksdaalders per jaar beteken.¹⁰⁶⁾ Die koloniale regering se versoeke tot die Britse owerheid om finansiële bystand het op dowe ore geval.¹⁰⁷⁾

105. W.O.C. 12/10 Inkomende Briewe van Amptenare: Synnot - Trappes, 4.9.1823, No. 120, n.p.

106. C.O. 2660 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Bird, 23.4.1824, No. 27, n.p.

107. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXVI (Herriers - Hay, 9.5.1826), p. 345, (Bathurst - Somerset, 20.2.1826), p. 38.

Nog 'n beperkende faktor was Somerset se verduideliking van sy 1823-proklamasie. Die verkorte opsomming daarvan het op 20 April 1825 verskyn en was een van die gevolge van die slaweopstand (sien hoofstukke 4 en 5) wat in dieselfde jaar plaasgevind het.¹⁰⁸⁾ Ter verduideliking is die sinsnede "Christen-slawe-eienaars", soos dit oorspronklik in die vierde artikel van die 1823-proklamasie verskyn het,¹⁰⁹⁾ omskrywe as "eienaars van Christenslawe".¹¹⁰⁾ Die praktiese implikasie hiervan was dat slegs kinders van Christenslawe die vryskole kon bywoon.¹¹¹⁾ Kinders van nie-Christenslawe wat die Christelike geloof wou aanneem, is dus hierdie geleentheid ontsê aangesien die vryskool die plek was waar onderrig in die Christelike godsdiens gegee is.¹¹²⁾ In die buitedistrikte waar die aantal Christenslawe maar min was, is hierdie beperking merkbaar gevoel. Dit is in Junie 1826 met die uitvaardiging van Ordonnansie 19 herroep, waarna Christen-slawe-eienaars weer toegelaat is om slawekinders na vryskole te stuur sonder om die geloof van die ouers in ag te neem.¹¹³⁾

-
108. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXI (Government Advertisement, explanations of the provisions of the Proclamation of the 18th March 1823, to be made to the slave population throughout the Colony by local authorities, R. Plasket, 20.4.1825), pp. 56-58.
109. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).
110. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 5.
111. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 365.
112. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 5.
113. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), pp. 365-366.

'n Hindernis van 'n meer lokale aard was die taphuis in Kerkstraat, Tulbagh. Die bestaan daarvan is in 1821 deur die landdros en heemrade van Tulbagh goedgekeur.¹¹⁴⁾ Een van die pagvoorwaardes waarby die pagter hom moes neerlê, was die verbod op die verkoop van drank voor of gedurende openbare godsdienstrye.¹¹⁵⁾ Dit wil egter voorkom of die pagter hom nie veel hieraan gesteur het nie. Die kerkraad van Tulbagh, ondersteun deur die direkteure van die Tulbaghse Sendinggenootskap,¹¹⁶⁾ het reeds in 1822 'n versoek tot die landdros en heemrade gerig om die taphuis te verbied, of ten minste die verkoop van sterk drank gedurende dienste in die kerk en oefeningshuis te belet. Volgens die kerkraadslede het die taphuis "... veel ongeregeldheden en schadelijke invloeden op de godsdienst ..." gehad.¹¹⁷⁾

Met hierdie versoek is geen hond haar-af gemaak nie. Die situasie het na 1823 voortgeduur omdat die landdros en heemrade oortuig was dat indien die taphuis verbied sou word, dit nie die kwaad sou verminder nie, maar veel eerder die teendeel, naamlik smokkelary en groter onreëlmatighede, tot gevolg sou hê.¹¹⁸⁾

114. G. and G. Fagan: Church Street in the Land of Waveren, p. 103.

115. W.O.C. 17/7 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Bird, 12.1.1816, No. 118, n.p.; W.O.C. 1/4 Notule van Landdros en Heemrade, 4.12.1820, p. 135.

116. W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 5.10.1822, p. 28; W.O.C. 1/18 Bylae tot Notule van Landdros en Heemrade, 5.10.1822, No. 341, n.p.

117. W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 7.10.1822, p. 27.

118. W.O.C. 17/36 Uitgaande Briewe van Sekretaris van Landdros en Heemrade: Kuys - Het Eerwaarde Collegie van Kerkenraden te Tulbagh, 18.10.1822, No. 1233, n.p., Kuys - de Heeren Directeurs van het godsdienst gestigt te Tulbagh, 18.10.1822, No. 1234, n.p.

Die landdros en heemrade het wel die pagter met die pag-voorwaardes van 1824 aan bande probeer lê deur hom byvoorbeeld te belet om die taphuis vanaf die aanvang van die kerkdiens op Sondag tot vieruur die namiddag te open.¹¹⁹⁾ Hierdie maatreël het geen waarborg vir orde gebied nie, want dit het dikwels gebeur dat slawe en Hottentotte in die vroeë oggendure van 'n Sondagmôre soveel drank by die taphuis gekoop het dat hulle in 'n beskonke toestand die godsdienbyeenkomste bygewoon het. Dit het weer tot groot wanorde en ontstigting gelei. Menigmaal het die slawe ook na die middagdiens direk na die taphuis gegaan, waar brassery en sedeloosheid aan die orde van die dag was.¹²⁰⁾

Wanneer Arie Vos saans vir die slawe skool gehou het en in die Christelike godsdien onderrig het, is daar terselfdertyd in die taphuis viool gespeel. Op maat van hierdie musiek is die slawe- en Hottentotkinders geleer om te dans. Dit het onvermydelik tot 'n vermindering in die bywonersgetal van slawekinders in die oefeningshuis gelei. By een geleentheid was daar slegs drie slawekinders teenwoordig.¹²¹⁾

Die bedrywighede van die taphuis het ook daartoe gelei dat die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh/Worcester 'n veranderde houding jeens die opvoeding van hulle slawe begin openbaar het. Baie eienaars wat voorheen hul slawe na die

119. W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 1.1.1824, n.p.

120. W.O.C. 12/72 Gemengde Inkomende Briewe: Vos - Collegie van Landdrost en Heemraden van Worcester, 18.7.1826, ongeno., n.p.

121. Ibid.; W.O.C. 12/17 Inkomende Briewe van Amptenare: Thom - Theron, 17.12.1826, Copy, n.n., n.p.; Vos - Theron, 17.2.1826, Copy, n.n., n.p.; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830, pp. 240-241.

godsdiensoefeninge gestuur het, het dit goedgepink om hul eerder tuis te hou.¹²²⁾

3.2 Bepalings met betrekking tot sosiale aangeleenthede

Voedsel en kleding

Ondanks 'n aanbeveling van die Kompanjie in 1681 dat boere koring, pampoene, suikerriet asook die "gewone" rantsoene aan hul slawe moes verskaf, het daar vóór 1823 geen wetgewende bepalings aangaande die voeding van slawe bestaan nie.¹²³⁾ Dit het ook ten opsigte van die kleding van slawe gegeld.¹²⁴⁾

Artikels 14 en 15 van die proklamasie van 1823 het voorgeskryf dat slawe nie alleen van genoegsame en gesonde voedsel voorsien moes word nie, maar ook van goeie en voldoende klerasie. Indien daar ontevredenheid hieroor sou ontstaan, het die proklamasie aan beide die eienaar en slaaf die reg verleen om hulle op die plaaslike owerheid vir beslissing te beroep. Wanneer die gebrek aan voedsel/klerasie of die slegte kwaliteit daarvan bewys is, sou die eienaar of werkgewer aanspreeklik gehou word vir 'n boete van 25 riksdaalders vir die eerste en 50 riksdaalders vir die tweede oortreding. Indien 'n klag as ongegrond bewys word, sou die betrokke slaaf gestraf word.¹²⁵⁾

122. W.O.C. 12/72 Gemengde Inkomende Briewe: Vos - Collegie van Landdrost en Heemraden van Worcester, 18.7.1826, ongeno., n.p.

123. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, p. 246.

124. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen, 16.3.1813), pp. 147, 159.

125. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

Oor die algemeen het die voedsel van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester uit die volgende bestaan: Brood wat van òf koringmeel òf gesifte gortmeel gebak is, bees-, skaap- en bokvleis, en groente soos pampoens, ertjies, boontjies, aartappels en droëvrugte.¹²⁶⁾

Brood was die enigste artikel wat in 'n beperkte hoeveelheid aan elke slaaf voorsien is. Teen 1830 het elke slaaf se daaglikse broodporsie van 'n pond tot 'n pond en 'n half gewissel. Dit was ook dieselfde vir 'n slavin wat op die land gewerk het.¹²⁷⁾ Hoewel slawekinders se voedsel van dieselfde aard en gehalte as dié van volwasse slawe was, was die hoeveelheid minder. Hul daaglikse broodrantsoen was byvoorbeeld 'n halwe pond, maar sodra hulle saam met die slawemans en -vrouens begin werk het, het hulle dieselfde rantsoene ontvang.¹²⁸⁾

In die kort winterdae het slawe twee etes genuttig, maar in die somerdae drie, wat uit gekookte vleis en groente bestaan het. Slawe het soveel vleis en groente ontvang as wat hulle wou hê waar dit beskikbaar was. In baie gevalle het die slawe egter nie elke dag vleis geëet nie, selfs nie eens die eienaar nie. Verskeie slawe-eienaars het boonop gedurende ploeg- en oestyd aan hul slawe 'n bottel of meer wyn per dag gegee.¹²⁹⁾

126. W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer: Beddy - The Protector of Slaves Cape Town, 24.9.1830, No. 3, n.p.

127. Ibid.

128. Ibid.

129. Ibid.

In die meer noordelike dele van die distrik Tulbagh/ Worcester, soos byvoorbeeld die Roggeveld¹³⁰⁾ en Hantam, waar min koring verbou is en veeteelt voorspoedig was, het die meeste inwoners van vleis geleef.¹³¹⁾ Dit het meegebring dat eienaar en slaaf dikwels maande lank sonder brood en groente moes klaarkom.¹³²⁾ Daarom het veewagters se voedselvoorraad anders daar uitgesien. Hulle het in die oggend, voordat daar met die vee na die weivelde vertrek is, 'n derde van 'n groot skaapboud of -blad ontvang, of die helfte daarvan wanneer die skaap van gewone grootte was.¹³³⁾

Teen 1830 het dit 'n slawe-eienaar van die distrik Tulbagh/Worcester ongeveer 15 sjielings per maand gekos om 'n slaaf te voed.¹³⁴⁾

Wat die kleding van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester betref, is hulle in die maande April en Oktober van klere voorsien as voorsorg vir die winter- en somerseisoen. By die geleentheid het 'n slaweman 'n hemp van growwe katoenstof en 'n leerbroek ontvang. Soms is daar ook 'n growwe katoenslaapmus of kopdoek uitgereik. Een keer elke twee jaar, aan die begin van die winter- en somerseisoen, het 'n slaweman

130. W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa I, p. 171.

131. H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806 I, p. 113.

132. Ibid., W.O.C. 11/4 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: 26 inwoners van die Hantam - Somerset, circa Junie 1816, Translation, Copy (enclosure to Bird - Fischer, 28.6.1816, n.n., n.p.).

133. W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer: Beddy - The Protector of Slaves Cape Town, 24.9.1830, No. 3, n.p.

134. Ibid.

ook 'n duffelse of karsaaise (gekeperde Engelse wolstof)¹³⁵⁾ baadjie en 'n leer- of growwe katoenbaadjie ontvang. Dit het 'n slawe-eienaar gemiddeld 25 riksdalders of fl-17s-6d per jaar uit die sak gejaag om in die kleding van 'n slaweman te voorsien.¹³⁶⁾

'n Slavin se uitrusting het bestaan uit twee growwe katoenrokke of twee onderlyfies en twee onderrokke asook twee sakdoeke. Die beraamde waarde hiervan was ongeveer 17 riksdalders of fl-5s-6d. Soms is twee growwe katoenhemde ("shifts") ter waarde van ongeveer vier riksdalders of ses sjielings by bogenoemde uitrusting gevoeg. Dit blyk egter dat laasgenoemde dikwels nie voorsien is nie.¹³⁷⁾

Slawekinders se kleredrag was van dieselfde aard en is in dieselfde hoeveelheid voorsien. Die gemiddelde koste hiervan was ongeveer twee derdes van dié van volwasse slawe wat neergekom het op fl-0s-5d vir 'n seun en 17 sjielings vir 'n dogter.¹³⁸⁾

Nêrens word daar in die lys van slawe-uitrustings melding van skoene gemaak nie. Die slaaf wat wel 'n behoefte aan skoesel ondervind het, het self 'n tipe velskoen gemaak.¹³⁹⁾

135. F.F. Odendal (hoofred.): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, p. 530.

136. W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer: Beddy - The Protector of Slaves Cape Town, 24.9.1830, No. 3, n.p.

137. Ibid.

138. Ibid.

139. A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 51.

As gevolg van die kapitale uitgawes verbonde aan die kleding van sy slawe, het sommige eienaars dit as voorwaarde gestel dat klere goed versorg moes word. So, byvoorbeeld, het Phillipus Jacobus Smit, senior, sy slaaf Marinus 25 houe met 'n kats toegedien omdat hy nie sy klere heelgemaak en gewas het nie.¹⁴⁰⁾

Vir die slawe-besittende veeboere van veral die veldkornetskappe Koue Bokkeveld, Middel- en Klein Roggeveld was die kleding van hul slawe nie so 'n groot uitgawe as elders in die distrik nie. Om te verseker dat die winterkoue nie sy merk op hulle vee laat nie, het hierdie veeboere, vergesel van hul slawe, jaarliks 'n wintertrek na die Karoo onderneem.¹⁴¹⁾ Gedurende die drie tot vier maande van die jaar wanneer die veeboer hom op sy legplek in die Karoo bevind het,¹⁴²⁾ was die brei van velle een van die aktiwiteite van die vrouens. Dit is as klere deur die veeboer se kinders en sy slawe gedra.¹⁴³⁾ Baie van die leer is ook Kaap toe gestuur of verkoop aan koloniste in dié dele wat oorwegend vir landbou geskik was.¹⁴⁴⁾

Die sukses al dan nie van die artikels wat oor die voorsiening van voedsel en kleding gehandel het, sou egter nog

-
140. W.O.C. 19/74 Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegereg Worcester: Poggenpoel - Prokureur-Generaal Kaapstad, 15.3.1830, No. 8, n.p.
141. C.O. 2609 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George: Fischer - Bird, 13.8.1817, No. 24, n.p.; P.B. Borchers: An Autobiographical Memoir, p. 52; P.J. van der Merwe: Trek: Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, p. 128.
142. C.O. 2723 Letters Received from Drosdy Worcester: Truter - Bell, 14.9.1830, No. 77, n.p.
143. P.J. van der Merwe: Trek: Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, p. 143.
144. H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806 I, p. 154.

altyd afgehang het van die mate van oorweging wat elke slawe-eienaar in die distrik Tulbagh/Worcester daaraan sou skenk. Ook was die rykdom van die slawe-eienaars bepalend gewees vir die behandeling wat slawe ten opsigte van voeding en kleding ontvang het. Waar 'n eienaar in oorvloed gelewe het, het sy slawe gewoonlik daarin gedeel; dit het ook vir die tye van teenspoed en skaarste gegeld.¹⁴⁵⁾

'n Geval is opgeteken waar die eienaar dit hotagter gekry het om in die kleding van sy slaaf te voorsien. Hy het daarom geleenthede vir sy onderdaan geskep om op eie stoom hierdie noodsaaklikheid aan te vul. Die betrokke slawe-eienaar was Isaak van Zyl wat onder die adjunk-drosdy van Clanwilliam geressorteer het. Hy het sy slaaf Cupido toegelaat om sekere tye vir homself te werk en ook 'n aantal vee aan te hou¹⁴⁶⁾ met die oog daarop om 'n kontantverdiens te in ten einde vir hom die nodige klere te kan koop.

Die klagtes van slawe ten opsigte van voedsel en/of kleding gee 'n aanduiding van die proklamasie se invloed in die verskillende veldkornetskappe van die distrik Tulbagh/Worcester. Gedurende die tydperk 1 Julie 1828 tot 9 Junie 1830 het 98 slawe by die assistent-beskermer van slawe in on-

145. N.A. Worden: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century, p. 245; A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 47.

146. S.O..3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division, Appendix C, Report of the proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 1st of March to the 30 June 1828, ongedat., No. 7, n.p.

derskeidelik Worcester en Clanwilliam klagtes ingedien¹⁴⁷⁾.

147. Die gegewens is uit die volgende bronne versamel, t.w. vir Julie 1828 tot Desember 1828 uit S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam, from the 23 of June to the 8th of December 1828, 8.12.1828, No. 14, n.p., Report of Law Proceedings in Cases at which the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam attended, pursuant to the 7th Section of Ordinance No. 19 from 23rd of June to 8th December 1828, 8.12.1828, Nos. 9, 10, n.p., Report of Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 1st July to the 3rd November 1828, 9.12.1828, Nos. 3-10, n.p., Report of Complaints of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 16th October to the 5th December 1828, 9.12.1828, Nos. 1-10, n.p.; vir Desember 1828 tot Mei 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D3, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 8th of December 1828 to the 31st of May 1829, 31.5.1829, Nos. 15-23, n.p., Appendix D4, Report of Law Proceedings in Cases at which the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam attended, pursuant to the 7th Section of Ordinance No. 19, from 8th December 1828 to 31 May 1829, 31.5.1829, Nos. 11-13, n.p., Appendix D5, Report of Complaints made to the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, Nos. 11-24, n.p., Appendix D6, Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, Nos. 11-29, n.p.; vir Mei 1829 tot November 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D1, List of Complaints and Applications made to the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 1st of June to the 7th of December 1829, 7.12.1829, Nos. 24-27, n.p., Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 1st of June to 7th December 1829, 7.12.1829, Nos. 24-27, n.p., Report of Law Proceedings in Cases at which the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam attended pursuant to 7th Section of Ordinance No. 19, from the 1st of June to 7th December 1829, 7.12.1829, Nos. 14-15, n.p.; S.O. 3/3 Reports of the Protector of Slaves: Report of Complaints of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 27th May to the 27th November 1829, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 25-43, n.p., Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 27th May to the 27th November 1829, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 30-48, n.p.; vir November 1829 tot Junie 1830 uit S.O. 3/5 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D, Complaints and other Applications, Clanwilliam, 8.6.1830, Nos. 28-29, 16, n.p., Report of Complaints or Applications made by Slaves to the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from 27th November 1829 to the 9th June 1830, Duplicate, 9.6.1830, Nos. 41-60, n.p.

Hiervan het slegs 22 slawe wat aan 12 verskillende eienaars behoort het oor onvoldoende voedsel en/of kleding gekla. Dit het 'n persentasie van 22,4% verteenwoordig.¹⁴⁸⁾

Alhoewel dit 'n relatiewe lae persentasie van die totale aantal slaweklagtes uitgemaak het, moet in gedagte gehou word dat dit nie as absoluut beskou kan word nie. Die

148. Die gegewens is uit die volgende bronne versamel, t.w. vir Julie 1828 tot Desember 1828 uit S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam, from the 23 of June to the 8th of December 1828, 8.12.1828, Nos. 6 and 7, n.p.; Report of Complaints of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 16th October to the 5th December 1828, 9.12.1828, No. 7, n.p.; S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D6, Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, No. 21, n.p.; vir Desember 1828 tot Mei 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D5, Report of Complaints made to the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, Nos. 16, 22, 23 and 24, n.p.; Appendix D6 Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 9th December 1828 to the 27 May 1829, 27.5.1829, No. 28, n.p.; S.O. 3/3 Reports of the Protector of Slaves: Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 27th May to the 27th November 1829, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 30, 31, n.p.; W.O.C. 19/36 Boek van Klagtes, 1828 - 1829, pp. 8-9 (daarna ongepag.); vir Mei 1829 tot November 1829 uit S.O. 3/3 Reports of the Protector of Slaves: Report of Complaints of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from the 27th May to the 27th November 1829, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 25, 26, 31-35, 39, n.p.; Report of Legal Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester from the 27th May to the 27 November 1829, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 33, 34, 40-43, 45, 47, n.p.; W.O.C. 19/36 Boek van Klagtes, 1828-1829, pp. 8-9 (daarna ongepag.); vir November 1829 tot Junie 1830 uit S.O. 3/5 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D, Report of Complaints or Applications made by Slaves to the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, from 27th November 1829 to the 9th June 1830, Duplicate, 9.6.1830, No. 54D, n.p.

moontlikheid bestaan dat faktore soos die groot afstande na die plaaslike owerhede¹⁴⁹⁾ en die vrees vir weerwraak¹⁵⁰⁾ slawe daarvan kon weerhou het om klagtes in te dien.

Nietemin dui die resultate van hierdie ondersoek tog aan dat gedurende gemelde tydperk klagtes van hierdie aard nie die swaarste gewig by slawe gedra het nie. Op sigself dui dit dus op 'n redelike mate van tevredenheid by slawe ten opsigte van die voorsiening van voedsel en kleding. Van die klagtes wat wel in dié verband geopper is, het die meeste na ondersoek wel grondig geblyk te wees, naamlik 14 van die 22 slaweklagtes - 'n persentasie van 63,6%.¹⁵¹⁾

Slawehuwelike en beperkings ten opsigte van aparte verkoop

In ooreenstemming met die beginsels van die Romeinse reg wat die basis gevorm het van talle slawewette aan die Kaap,¹⁵²⁾ was 'n wettige huwelik nie vir slawe beskore nie.¹⁵³⁾ Slawe wat tot die Mohammedaanse geloof behoort het, is wel op 'n

149. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXIII (Report of the Commissioners of Enquiry to Earl Bathurst upon Criminal Law and Jurisprudence, Bigge, Colebrooke and Blair, 18.8.1827), p. 38; XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 371.

150. Vgl. byvoorbeeld C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh and J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edelen Actbaren Raad van Justitie..., 24.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 14, p. 1036.

151. Sien voetnoot 148.

152. C.G. Botha: Slavery at the Cape (The South African Law Journal, February 1933 Vol. I, p. 5); A.M. Hugo: The Cape Vernacular (Inaugural Lecture, University of Cape Town, 11.5.1970, pp. 7-9, 11).

153. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen, 16.3.1813), p. 150.

gereëelde grondslag deur hul priesters in die huwelik bevestig, maar hierdie huwelike is nie deur die wet erken nie. Volgens die Mohammedaanse geloof is 'n man selfs toegelaat om twee vrouens te hê.¹⁵⁴⁾

Nie-bloedverwante slawe is wel toegelaat om as man en vrou saam te woon, maar indien een van die partye so 'n verbintenis met die tussenkoms van 'n derde persoon sou verbreek, kon die skuldige nie op die klag van owerspel teregstaan nie.¹⁵⁵⁾

Die kinders van slawe het die status van die moeder aangeneem en indien sy 'n slavin was, het haar kinders die eiendom van haar meester geword. Die kinders van slawe wat saamgewoon het, kon op enige ouderdom van hulle geskei word, terwyl hulle self die gevaar geloop het om apart verkoop te word.¹⁵⁶⁾

Artikel vyf van die 1823-proklamasie het bepaal dat gedoopte en nie-bloedverwante slawe in die huwelik kon tree, mits die eienaar vooraf skriftelike toestemming daartoe verleen het vir voorlegging aan die plaaslike owerheid. Die kinders wat uit só 'n huwelik gebore word, sou die eiendom van die

154. 50 Papers Relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, within the Colony of the Cape of Good Hope, or beyond the frontier of that Colony, part I, 13.12.1824, pp. 207-208, 10.1.1825, p. 210; W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 16.

155. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen 16.3.1813), pp. 150-151; C.G. Botha: Slavery at the Cape (The South African Law Journal, February 1933, Vol. 1, p. 5).

156. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen, 16.3.1813), pp. 146-147.

eienaar van die slawemoeder word. Dieselfde het ook gegeld wanneer slawe met vry persone huwelike aangegaan het en die moeder van die kinders 'n slavin was.¹⁵⁷⁾

Artikel ses het voorgeskryf dat die skriftelike toestemming van die slawe-eienaars via die plaaslike owerheid na die plaaslike predikant gestuur moes word. Die plaaslike owerheid se verantwoordelikheid in die opsig was om die slawehuwelike sonder versuim te registreer, waarna ook die slaweregistrasiekantoor daarvan verwittig moes word.¹⁵⁸⁾

Waar die ligging van die kerk dit moontlik gemaak het, sou slawehuwelike op Sondag in die kerk bevestig word. Andersins was dit die plig van die predikante om een keer elke jaar (sedert 1826 halfjaarliks)¹⁵⁹⁾ die geskikste plekke in die distrik vas te stel om slawe dáár te trou. Die voltrekking van die huwelike sou gratis geskied.¹⁶⁰⁾

Op sy beurt het die tiende artikel bepaal dat in die onderskeie slaweregistrasiekantore afsonderlik boekgehou moes word van die registrasie van alle slawehuwelike en wettig gebore slawekinders. Vir dié doel moes slawe-eienaars by slaweregistrasiekantore die datum en bewys van die doop van dergelike kinders aanmeld. Indien die eienaar sou versuim om binne een jaar die kinders van sy Christenslawe wat wettig getroud was te laat doop, het hy hom skuldig gemaak aan 'n boete van minstens 25 riksdaalders en hoogstens 100

157. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

158. Ibid.

159. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

160. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

riksdaalders vir elke oortreding. Daarby moes hy op eie koste vir die doop van die slawekinders voorsiening maak.¹⁶¹⁾

Ten opsigte van die verkoop van slawe was die 1823-proklamasie ook voorskriftelik. Die sewende artikel het bepaal dat dit verbode was om na die voltrekking van 'n slawehuwelik man of vrou apart te verkoop. Ook die kinders van 'n wettig getroude slawepaar mag nie voor die ouderdom van tien jaar afsonderlik van hul ouers of die langslewende verkoop word nie, behalwe in sodanige gevalle waar dit deur 'n besluit van die geregshof toegestaan is. In samehang hiermee het die agste artikel bepaal dat slawekinders wat uit 'n onwettige huwelik gebore is, maar waarvan die moeder 'n gedoopte slavin was, nie sonder hul moeder verkoop mag word alvorens hulle nie die ouderdom van nege jaar bereik het nie. Uitsonderings sou slegs gemaak word waar die geregshof dit bepaal het. Artikel nege het verder die onderskeid getref dat slavinne wat nie die Christelike geloof aangeneem het nie, se kinders in haar sorg moes bly tot op agtjarige ouderdom.¹⁶²⁾ In 1826 is hierdie onderskeid opgehef. Toe kon geen slawekind, behalwe in dié uitsonderlike gevalle waar dit tot voordeel van sy welsyn sou strek, voor die ouderdom van tien jaar van sy moeder geskei word nie.¹⁶³⁾

Die uitwerking van bogenoemde artikels het op die volgende wyse sy neerslag in die distrik Tulbagh/Worcester gevind.

161. Ibid.

162. Ibid.

163. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

Wat die huwelike van slawe betref, het die Goewerneur net soos in die geval van die doop van slawe, dit beklemtoon dat die voltrekking van huwelike in die praktyk maklik uitvoerbaar moes wees. Kort op die hakke van die 1823-proklamasie het Somerset 'n omsendbrief aan die verskillende landdroste in die Kaapkolonie gestuur. Hierin het hy opnuut die wens uitgespreek dat die predikante jaarliks met die landdroste moes ooreenkom ten opsigte van die geskikste tye en plekke in die distrikte waar slawehuwelike voltrek kon word.¹⁶⁴⁾

Ten spyte van hierdie reëling het die situasie onveranderd gebly. Sover vasgestel kon word, is geen slawehuwelik in die distrik Tulbagh/Worcester van 1824 tot 1830 voltrek

164. C.O. 4848 Letters Despatched, General: Bird - The Respective Landdrosts, 27.3.1823, Circular, n.n., pp. 56-57.

nie.¹⁶⁵⁾ In die hele kolonie is gedurende die tydperk 1827 en 1830 maar vier huwelike voltrek.¹⁶⁶⁾

Verskeie faktore was daarvoor verantwoordelik waarom daar so min slawehuwelike plaasgevind het.

Ds. Sutherland, wat sedert Augustus 1824 as eerste leraar van die Worcester-gemeente opgetree het,¹⁶⁷⁾ het in 'n private brief aan die koloniale sekretaris, R. Plasket, uitgewei oor enkele faktore wat meegewerk het dat só min slawehuwelike plaasgevind het. Syns insiens het die koop en verkoop van slawe hulle somtyds so ver van mekaar verwyder dat hulle nie in staat was om getrou aan mekaar te bly nie wat gevolglik menige 'n slaweverhouding op die rotse laat beland het en daarmee saam die kanse op 'n huwelik veron-

165. S.O. 8/31 Register of Marriages, 1824-1830; The South African Commercial Advertiser, 27.12.1828 (Cape of Good Hope: - Population for 1825); S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant-Governor, Report of Proceedings between the 1st day of August and 24th December, 6.1.1827, No. 4, p. 47, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 25.6.1827, No. 37, p. 109; S.O. 3/1 Reports of the Protector of Slaves, Appendix E, Return of Slave Marriages which have been reported to the Registrar and Guardian of Slaves during the half year ending 24th June 1827; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant-Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 31.12.1827, No. 73, p. 193, Murphy - Lieutenant-Governor, Half Yearly Report of the Guardian of Slaves, 30.6.1828, n.n., p. 254, 29.12.1828, n.n., p. 308, 29.6.1829, n.n., pp. 363-364; S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division, Appendixes D1, D5, D6; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Cole, Half Yearly Report of the Guardian of Slaves, 29.12.1829, n.n., p. 446, 28.7.1830, n.n., p. 34; S.O. 3/5 Reports of the Protector of Slaves, Appendix E.

166. I.E. Edwards: Towards Emancipation: A Study in South African Slavery, p. 115.

167. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 7.8.1824 (Government Advertisement, 6.8.1824).

geluk het. Die feit dat slawe ook geen private eiendom besit het nie en ook nie selfvoorsienend teenoor hulle kinders kon optree nie, het bygedra tot die apatiese houding van slawe teenoor die huwelik. Volgens Sutherland het die slawe-eienaars ook nie slawehuwelike aangemoedig nie en was tevrede dat slawe net saamwoon.¹⁶⁸⁾ Trouens, eienaars van slawe het 'n slawehuwelik as iets belaglik en 'n te eervolle instelling vir persone met so 'n lae status beskou.¹⁶⁹⁾ 'n Slawehuwelik sou ook tot die nadeel van die eienaar strek omdat dit sou verhoed dat een van die partye apart verkoop kon word.¹⁷⁰⁾

Ook het die doopsyfers bewys daarvan gelewer dat 'n geringe aantal slawe in die distrik Tulbagh/Worcester die Christelike geloof aangeneem het. Dit het tot Junie 1826 as vereiste gegeld alvorens slawe in die huwelik bevestig kon word.¹⁷¹⁾ Met Ordonnansie 19 van 19 Junie 1826 is verlof aan alle slawe toegestaan om huwelike aan te gaan op voorwaarde dat die slavin nie jonger as 15 jaar en die slaaf nie jonger as 20 jaar sou wees nie.¹⁷²⁾

168. C.O. 283 Letters Received from Churches: Sutherland - Plasket, 6.2.1826, Private, No. 7, n.p.

169. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 15.

170. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, p. 81.

171. Sien pp. 69-70, 77-78; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant-Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 31.12.1827, No. 73, p. 193.

172. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826). (Latsky fouteer in sy Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, waar hy op p. 79 ontken dat Ordonnansie 19 die reg van die huwelik ook aan die nie-Christenslawe voorsien het).

Dat alleenlik slawe van dieselfde eienaar toegelaat is om met mekaar te trou, was nog 'n faktor wat slawehuwelike ontmoedig het. Dit spreek vanself dat dit vir die enkelingslaaf op 'n plaas sou beteken dat 'n huwelik vir hom/haar buite die kwessie was.¹⁷³⁾ Die geleentheid om in die huwelik te kon tree, sou hom ook minder voordoen op 'n plaas waar die verhouding van slawemans tot slavinne (of omgekeerd) baie oneweredig was.

Ten laaste was die gewoonte om nie te trou nie al so sterk by die slawe ingewortel dat hulle steeds verkies het om saam te woon. Waar daar 'n band van liefde bestaan het, is na mekaar as man en vrou verwys.¹⁷⁴⁾

Die artikel van die 1823-proklamasie wat die skeiding van slawekinders van hul moeders voor 'n voorgeskrewe ouderdom verbied het, het met die toepassing daarvan in die distrik Tulbagh/Worcester 'n leemte by testamentêre beskikkings uitgewys.

'n Toepaslike geval is dié van die weduwee van Jacobus Joosten, wat in haar testament bepaal het dat haar slavin Lea tesame met haar twee seuns, Adam en Carolus, afsonderlik die eiendom van onderskeidelik haar twee dogters sou word.¹⁷⁵⁾ Hierdie slaweseuns was ten tyde van die weduwee se dood onderskeidelik ses en een en 'n half jaar oud. In ooreenstemming met die 1823-voorskrifte kon hulle dus nie

173. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, p. 81.

174. J. Campbell: Travels in South Africa, p. 5; W.O.C. 19/71 Inkomende Briewe van Assistent-Beskermer van Slawe, Worcester: Borchards - Clerk of the Peace, Worcester, 13.5.1830, n.n., n.p.

175. S.O. 1/45 Letters Received from Slave Registry Office, Tulbagh - Worcester: Aspeling - Rogers, 1.4.1824, n.n., n.p.

van hul moeder geskei word nie. Die geregshof het daarom besluit dat Adam en Carolus in die sorg van hul moeder sou bly totdat hulle die verlangde ouderdom bereik het waarop hulle na hul wettige erfgename oorgeplaas kon word. Die erfgename van Lea het egter geweier tot die onderhoud van die slaweseuns en op haar beurt het die erfgename van die seuns ook nie daarin belanggestel om vir enige onderhoud op te dok nie. Die uiteinde van hierdie saak was dat Lea se kinders in haar sorg gebly het, met haar eienaar wat steeds nie vir hulle onderhoud kompensasie ontvang het nie.¹⁷⁶⁾

3.3 Bepalings met betrekking tot ekonomiese aangeleenthede

Besit van eiendom

Voor 1823 was dit vir slawe onmoontlik om eiendom te besit. Alles wat hulle besit het, was die eiendom van hul meesters.¹⁷⁷⁾ Nogtans was dit by sommige slawe-eienaars die gebruik om vrye beskikkingsreg aan slawe toe te staan, waar eiendom óf deur vir hulself te werk óf andersins bekom is. Waar die slawe van mening was dat hulle ten opsigte van die eiendom só verkry onregverdig deur hul eienaars behandel is, kon die eienaar deur die wet daarvoor aanspreeklik gehou

176. Ibid., W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Lind, 9.4.1824, No. 3069, n.p.; W.O.C. 12/12 Inkomende Briewe van Amp-tenare: Lind - Trappes, 3.5.1824, No. 138, n.p.

177. C.O. 47 Letters Received from Fiscal I: Denyssen - Cradock, 16.3.1813, No. 20, n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen, 16.3.1813), pp. 150, 152-153.

word.¹⁷⁸⁾ Ook is slawe tot voor 1823 nie toegelaat om 'n testament te maak nie.¹⁷⁹⁾

Die 1823-proklamasie het hieraan egter belangrike veranderinge teweeggebring. Artikel 13 van die proklamasie het besitreg aan alle slawe gewaarborg ten opsigte van eiendom wat deur ekstra werk te verrig of deur middel van 'n skenking, nalatenskap of enige ander geoorloofde wyse verkry is. Slegs wanneer die slaaf selfmoord gepleeg het, kon die eienaar op die oorledene se eiendom aanspraak maak. Indien daar geskille rondom die besit van eiendom sou ontstaan, was enige van die belanghebbendes gemagtig om die saak onder die aandag van die plaaslike hof te bring.¹⁸⁰⁾

Hierdie artikel het ook aan die slawe die reg verleen om deur middel van testamentêre bepalings oor hul eiendom te beskik. Indien 'n slaaf wat geen testament of naasbestaandes (eggenote of kind) gehad het nie, te sterwe sou kom, sou die laaste verklaring van die oorledene ten opsigte van die bemaking van sy eiendom geld. Hierdie verklaring moes onder eed deur twee geloofwaardige getuies van 25 jaar en ouer bevestig word. In só 'n geval sou die Weeskamer verantwoordelik wees vir die verdeling van die gestorwene se eiendom, op voorwaarde dat nie een van laasgenoemde twee getuies daardeur begunstig sou word nie.¹⁸¹⁾

178. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denysen, 16.3.1813), pp. 152-153.

179. Ibid., p. 150.

180. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

181. Ibid.

In gevalle waar die oorledene oor geen testament of naasbestaandes beskik het nie en ook geen laaste verklaring uitgereik het nie, is só 'n nalatenskap in 'n fonds gestort wat vir die vrykoop van slawedogters aangewend sou word.¹⁸²⁾

Dit is moeilik om vas te stel hoeveel slawe in die distrik Tulbagh/Worcester ná die inwerkingtreding van hierdie artikel in 'n toenemende mate eiendom bekom het.

Dit is wel bekend dat van die slawe wat as veewagters opgetree het, toegelaat is om hul ledige uurtjies (wat die aard van hul beroep noodwendig meegebring het) tot eie voordeel aan te wend. Sommige het velle gebrei of houtborde en ander primitiewe artikels gemaak om te verkoop. Hiermee kon 'n bietjie geld vir hul eie sak verdien word.¹⁸³⁾

Dit wil voorkom of sommige slawe finansieel in 'n redelik sterk posisie was. Pieter van Aarde, wat onder die adjunk-drosdy van Clanwilliam geressorteer het, het in 1828 sy eertydse slaaf Zimrie (Simri), 'n hande-arbeider van beroep,¹⁸⁴⁾ 127 riksdalers geskuld vir osse wat verkoop is. Johannes David van Aarde het ook aan hom 20 riksdalers geskuld vir 'n os van hom wat hy verkoop het.¹⁸⁵⁾ Aan H. Hanekam het Zimrie 12 riksdalers geleen om sy belasting

182. Ibid.

183. W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer: Beddy - The Protector of Slaves Cape Town, 24.9.1830, No. 3, n.p.

184. S.O. 6/36 Register of Slaves Clanwilliam, 1821-1835, p. 1.

185. S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 23 of June to the 8th of December 1828, 8.12.1828, Nos. 12-13, n.p.

te betaal.¹⁸⁶⁾ Na invordering van die uitstaande skuld wou hierdie slaaf graag sy vryheid vir 250 riksdalders koop - die prys wat aanvanklik vir hom betaal is.¹⁸⁷⁾

Thomas Seton, 'n Ierse Setlaar van Clanwilliam,¹⁸⁸⁾ het ook aan 'n slaaf geld geskuld.¹⁸⁹⁾

In ander gevalle word terloops melding gemaak van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester wat oor lewende hawe soos koeie,¹⁹⁰⁾ osse¹⁹¹⁾ en skape¹⁹²⁾ beskik het.

In 'n verdere poging om die aard van slawe-eiendom te ondersoek, is die boedels van onder andere Theunis en Lea,

186. S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D3, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 8th of December 1828 to the 31 May 1829, 31.5.1829, No. 23, n.p.

187. S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 23 of June to the 8th of December 1828, 8.12.1828, No. 12, n.p.

188. C.O. 3944 Memorials Received IV: Seton - Cole, 12.5.1829, No. 808, n.p.

189. S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office, Clanwilliam: Lind - Murphy, 2.12.1828, n.n., n.p.

190. S.O. 3/6 Reports of the Protector of Slaves: Worcester, 4.11.1830, Case No. 12, p. 210.

191. S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of Law Proceedings in Cases at which the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam attended pursuant to the 7th Section of the Ordinance No. 19 from the 1st of March to the 30th June 1828, n.d., No. 6, n.p.

192. Ibid., Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 23 of June to the 8th of December 1828, 8.12.1828, Nos. 12-13, n.p.

onderskeidelik slaaf en slavin van Jacobus du Toit (Janzoon) en Jacob de Vos, nagegaan. Dit het bewys gelewer van besitreg oor 'n groot verskeidenheid huisraad, byvoorbeeld katels, kussings, 'n peul ('n opgestopte onderkussing wat die hele breedte van 'n verebed aan die koppenent bedek het),¹⁹³⁾ kombers en tafel, stoele, kiste, banke, kaste, ketels, skottels, kannetjies, verskillende groottes potte wat verskeie gebruike gehad het, borde, kommetjies, mandjies, trommels, stowe, 'n asskop, rooster, konfoor, koffie-meul, seilsak, knapsakke, potstoele en 'n blikemmer.¹⁹⁴⁾ 'n Snuifdosie en selfs vier boeke het onder die persoonlike artikels getel.¹⁹⁵⁾

Dit is nie bekend hoeveel van hierdie artikels deur die slawe aangekoop is uit geld wat hulle moontlik op een of ander wyse verdien het nie. Na alle waarskynlikheid het die eienaar die meeste daarvan as geskenke aan hul onderdane gegee.

Werkure en rustye

Met die 1823-proklamasie is daar ook vir die eerste keer wetlike bepalinge met betrekking tot werkure en rustye van slawe vasgestel.¹⁹⁶⁾

Artikel 16 het voorgeskryf dat die werksdag van slawe wat tuin- of veldarbeid verrig het nie langer as tien uur per

193. F.F. Odendal (hoofred.): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, p. 834.

194. M.O.O.C. 7/1/117 Testamente, Algemene Reeks, 27.6.1832, Copy, No. 102, n.p., 7/129 Ongeregistreerde Testamente en Inventarisse, circa September 1834, No. 31, n.p.

195. M.O.O.C. 7/129 Ongeregistreerde Testamente en Inventarisse, circa September 1834, No. 31, n.p.

196. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

dag vanaf 1 April tot 30 September (winterseisoen) en 12 uur per dag vanaf 1 Oktober tot 31 Maart (somerseisoen) moes duur nie. Dit het nie vir ploeg- en oestye of ander uitsonderlike omstandighede gegeld nie. In sodanige gevalle moes slawe in terme van bykomende geld of voedsel vir hul dienste vergoed word. Indien geen ooreenkoms bereik kon word omtrent ekstra vergoeding nie, moes die plaaslike landdros die geskil tussen eienaar en slaaf bylê. Hy sou bepaal of die vergoeding in die vorm van geld of kos sou geskied. By die oortreding van hierdie artikel is 'n boete van hoogstens 50 riksdalders en minstens tien riksdalders opgelê.¹⁹⁷⁾

Onderhewig aan dieselfde straf, het artikel een van dié proklamasie Sondag tot rusdag vir slawe verklaar. Op hierdie dag is eienaars verbied om slawe enige werk te laat doen, behalwe wanneer dit as 'n gewone noodsaaklike werk beskou is.¹⁹⁸⁾

Die toepassing en invloed van gemelde twee artikels in die distrik Tulbagh/Worcester het op die volgende neergekom.

Op die landbouplase in die distrik het die werksaamhede van slawe met sonsopgang begin en met sonsondergang geëindig. Gedurende die winter is 'n halfuur tot 45 minute vir ontbyt en een uur vir middagete afgestaan. In die somer is 'n addisionele een en 'n half tot twee uur tot die etenstye gevoeg. Dan het die slawe gerus en geen werk tot eie voordeel of vir die eienaar verrig nie. Gedurende ploegtyd het slawe lank voor dagbreek begin werk en gedurende oestyd van voor dagbreek tot na sonsondergang, met 'n gereelde blaaskans deur die dag. Geen ander werk is gedurende die nag van slawe verlang nie, behalwe om af en toe as

197. Ibid.

198. Ibid.

boodskapper op te tree. Op die veeplase waar die slawe hoofsaaklik as veewagters opgetree het, het hulle as gevolg van die aard van hul werk meer vrye tyd gehad.¹⁹⁹⁾ Nietemin het die lamseisoen, normaalweg tydens Junie en Julie, 'n groter werklading tot gevolg gehad.²⁰⁰⁾

Gedurende die periode 30 Junie 1828 tot 9 Junie 1830 het net twee slawe oor té lang werkure gekla. Beide klagtes is egter na ondersoek as ongegrond bewys.²⁰¹⁾

Daar is reeds vroeër melding gemaak van slawe wat hulle op Sondag by godsdiensoefeninge of die taphuis bevind het.²⁰²⁾ Uit hierdie asook ander terloopse mededelings in argivale stukke wil dit voorkom of die slawe in die distrik Tulbagh/Worcester tot 'n groot mate Sondag vry gehad het en enige harde arbeid gespaar was.²⁰³⁾ Die feit dat geen slawe

199. W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer: Beddy - The Protector of Slaves, 24.9.1830, No. 3, n.p.

200. W.O.C. 17/13 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Truter - The Board of Commissioners for Lands Cape Town, 8.11.1830, n.n., n.p.

201. S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of Law Proceedings in Cases at which the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam attended, pursuant to the 7th section of Ordinance No. 19 from 23rd of June to 8 December 1828, Appendix C, 30.6.1828, No. 9, n.p.; S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Report of the Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Clanwilliam from the 1st of June to the 7th December 1829, Appendix D1, 26.9.1829, No. 26, n.p.

202. Sien pp. 67-68, 85.

203. C.O. 2680 Letters Received from Dosdy Worcester II: Theron - Trappes, 19.9.1826, Copy, n.n., n.p. (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.); W.O.C. 19/74 Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegerereg: Poggenpoel - Prokureur-Generaal Kaapstad, 15.3.1830, No. 8, n.p.

tussen 30 Junie 1828 en 9 Junie 1830 klagtes van dié aard ingedien het nie, lewer verdere bewys hiervan.²⁰⁴⁾

204. Hierdie gegewe is uit die volgende bronne versamel, t.w. vir Julie 1828 tot Desember 1828 uit S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of Proceedings ... Clanwilliam, from 23rd of June to 8th of December 1828, 8.12.1828, n.p., Report of Law Proceedings ... Clanwilliam, from 23rd of June to 8th December 1828, 8.12.1828, n.p., Report of Proceedings ... Worcester, from the 1st July to the 3rd November 1828, 9.12.1828, n.p., Report of Complaints ... Worcester from the 16th October to the 5th December 1828, 9.12.1828, n.p.; vir Desember 1828 tot Mei 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D3, Report of the Proceedings ... Clanwilliam from the 8th of December 1828 to 31st of May 1829, 31.5.1829, n.p., Appendix D4, Report of Law Proceedings ... Clanwilliam from the 8th December 1828 to 31 May 1829, 31.5.1829, n.p., Appendix D5, Report of Complaints ... Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, n.p., Appendix D6, Report of Legal Proceedings ... Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, n.p.; vir Mei 1829 tot November 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D1, List of Complaints ... Clanwilliam from the 1st of June to the 7th of December 1829, 7.12.1829, n.p., Report of the Proceedings ... Clanwilliam from the 1st of June to 7th December 1829, 7.12.1829, n.p., Report of Law Proceedings ... Clanwilliam from the 1st of June to the 7th December 1829, 7.12.1829, n.p.; S.O. 3/3 Reports of the Protector of Slaves: Report of Complaints ... Worcester, from the 27th of May to the 27th November 1829, Duplicate, 27.12.1829, n.p., Report of Legal Proceedings ... Worcester from the 27th May to the 27th December 1829, n.p., Duplicate, 27.11.1829,; vir November 1829 tot Junie 1830 uit S.O. 3/5 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D, Complaints and other Applications, Clanwilliam, 8.6.1830, n.p., Duplicate, Report of Complaints ... Worcester from the 27th November 1829, to the 9th June 1830, 9.6.1830, n.p.

3.4 Bepalings met betrekking tot geregtelike aangeleenthede

Eedaflegging

Die getuienis van slawe is in alle sake toegelaat waar dit nodig geag is.²⁰⁵⁾ Die waarde wat daaraan geheg is, het afgehang van die mate waarin dit 'n gegewe verklaring van 'n bevoegde getuie bevestig het.²⁰⁶⁾ Slawegetuienis was egter nie voor 1823 beëdig nie.²⁰⁷⁾

Die 12de artikel het aan die gedoopte slaaf die reg verleen om 'n beëdigde verklaring te mag aflê. Dit sou, net soos dié van enige ander Christen, as volwaardige getuienis in die howe erken word.²⁰⁸⁾

Geoordeel na die klein persentasie gedoopte slawe in die distrik Tulbagh/Worcester, is dit onwaarskynlik dat hierdie artikel enige noemenswaardige invloed gehad het.²⁰⁹⁾ Waar die reg wel uitgeoefen is, was die vraag steeds hoeveel slawe die aard daarvan begryp het.²¹⁰⁾

205. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 22.

206. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 31.1.1824, No. 70, p. 118; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXIII (Report of the Commissioners of Enquiry to Earl Bathurst upon Criminal Law and Jurisprudence, Bigge, Colebrooke, Blair, 18.8.1827), pp. 80-81.

207. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 22.

208. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

209. Sien pp. 69-70, 77-78.

210. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 22.

Straf

Die risiko wat 'n slaaf geloop het om gestraf te word, was in meer as een opsig groter as byvoorbeeld dié van 'n vry persoon. Behalwe gewone landswette was daar ook dié wat as "huislike oortredings" bekend gestaan het, en waaraan die slaaf gehoorsaam moes wees. Dit het oortredings soos werkskuheid, nalatigheid, astrantheid, moedswillige ongehoorsaamheid aan wettige bevele, dronkenskap, drostery en kleinere diefstalle ingesluit.²¹¹⁾ Alhoewel 'n groot mate van buigzaamheid ten opsigte van sommige van bogenoemde gegeld het, het dit nie die slawe-eienaar daarvan weerhou om as regter in eie saak op te tree wat die toediening van straf betref het nie. Lyfstraf wat gewoonlik met 'n sambok (gemaak van renoster-, seekoei- of buffelsvel),²¹²⁾ riem, rottang, stok, kweperlat of 'n plat stuk leer toegedien is, was die gebruiklikste vorm van straf. Dit kon geskied sonder die tussenkoms van 'n hof of regeringsamptenaar.²¹³⁾

Die vroeë slawewetgewing van 1658 het wel die eienaar verbied om 'n onbehoorlike strafwerktuig by die toediening van lyfstraf te gebruik, maar was nie voorskriftelik ten opsigte van die aantal houe wat 'n eienaar sy slawe kon toedien nie.²¹⁴⁾ Eers in die jaar 1813 het goewerneur Cradock hierdie tekortkoming geïdentifiseer, toe hy die

211. C.O. 47 Letters Received from Fiscal I: Denyssen - Cradock, 16.3.1813, No. 20, n.p.

212. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 372; W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 27.

213. A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, pp. 61-62.

214. H.P. Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking I: Aanvangsjare, 1652-1795, p. 230.

aantal houe wat slawe mag ontvang op 39 vasgestel het.²¹⁵⁾ Dit was in ooreenstemming met die Joodse wet, waarvolgens 'n persoon nie meer as 40 houe toegedien mag word nie. Uit vrees vir 'n foutiewe telling is dit toe veiligheidshalwe tot 39 beperk.²¹⁶⁾

Dit het die eienaar vrygestaan om, wanneer die oortreding syns insiens te ernstig was om self lyfstraf toe te dien, of wanneer hy dit om die een of ander rede nie self wou doen nie, die toediening van straf aan die landdros oor te laat.²¹⁷⁾ In só 'n geval is 'n kort ondersoek na die klag geloods en indien dit gegrond bevind is, kon die landdros sonder die toetrede van die hof die straf toedien. Op die verafgeleë plase het die toediening van lyfstraf byna uitsluitlik by die eienaar berus. In die uitoefening daarvan moes die ander slawe bystand verleen deur die oortreder vas te hou of op die grond uit te strek. Die skuldige is ook soms aan 'n boom, wawiel of paal vasgemaak. Lyfstraf is dan gewoonlik op die onbedekte liggaam toegedien, met weinig sprake van onderskeid tussen slawemans en slavinne.²¹⁸⁾

Dit was ook die eienaar geoorloof om, waar dit in belang van sy eie veiligheid en dié van sy familie was, of wanneer dit

215. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXIII (Report of the Commissioners of Enquiry to Earl Bathurst upon Criminal Law and Jurisprudence (Bigge, Colebrooke, Blair, 18.8.1827), p. 35.

216. M.D. Teenstra: De Vruchten mijner Werkzaamheden, p. 195.

217. C.O. 47 Letters Received from Fiscal I: Denyssen - Cradock, 16.3.1813, No. 20, n.p.

218. J. Backhouse: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa, p. 520; A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 62.

as strafmiddel teen drostery aangewend is, sy slaaf in boeie te slaan.²¹⁹⁾

Die reg van slawe wat veronreg gevoel het om 'n klag by die owerheid teen sy eienaar aanhangig te maak, dateer reeds vanaf die vroegste tye. Indien 'n klag van mishandeling na ondersoek gegrond bevind sou word, was die konfiskering van sy onderdaan die strengste straf wat 'n eienaar opgelê kon word.²²⁰⁾

Die 1823-proklamasie het ook artikels bevat wat voorskriftelik oor die toediening van straf aan slawe was.

Artikel 17 het die aantal houe wat 'n slawe-eienaar sy slawe vir "huishoudelike oortredings" kon toedien tot 25 verminder. Dit sou ook ontoelaatbaar wees om hierdie drag slae binne 24 uur te herhaal, of alvorens die oortreder van die gevolge van enige van sy vorige tugtigings herstel het. Slegs 'n roede of ander geskikte strafwerktuig kon vir die toediening van lyfstraf gebruik word. Die oortreding van hierdie artikel was met 'n boete van minstens 50 en hoogstens 100 riksdalders strafbaar.²²¹⁾

Volgens artikel 20 kon eienaars of werkgewers van slawe nie hul reg met betrekking tot die toediening van lyfstraf delegeer nie, behalwe in gevalle waar die bevoegde persone liggaamlik swak, sieklik, vroulik of ouer as sestig jaar was. In sodanige gevalle kon 'n slaaf vir dié doel aangewend word wanneer daar nie 'n vry persoon in diens van die

219. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denyssen, 16.3.1813), p. 149.

220. Ibid., pp. 151-152.

221. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

eienaar of werkgewer gestaan het nie. Dieselfde boete van minstens 50 en hoogstens 100 riksdalders is opgelê by die oortredeing van hierdie artikel.²²²⁾

Artikel 19 het uitsluiters gegee in gevalle waar 'n slaaf deur sy eienaar mishandel is. Waar mishandeling nie die dood tot gevolg gehad het nie, het die eienaar hom, afhangend van die aard van die saak, aan vonnis soos 'n boete, gevangenisstraf en verbanning blootgestel. Hierbenevens het die eienaar ook die gevaar geloop om sy slaaf te verloor, wat ten behoewe van laasgenoemde per openbare veiling verkoop sou word.²²³⁾ 'n Belasting van tien persent is op sulke verkope gehef, wat deur die eienaar aan die regering betaal moes word.²²⁴⁾ Wanneer konfiskering wel plaasgevind het, was die voorwaarde daaraan verbonde dat die verkoopte slaaf nooit weer in besit van sy eienaar, dié se ouers, kinders, broers of susters mag kom nie. Wanneer die dood op mishandeling gevolg het, moes die geregshoue uitspraak vel ooreenkomstig die wet wat op manslag betrekking gehad het.²²⁵⁾

Artikel 18 het, aanvullend tot vroeëre wetgewing in dié verband,²²⁶⁾ 'n boete van 50 riksdalders aan daardie eienaar opgelê wat sy slaaf in boeie geslaan het, en nie die

222. Ibid.

223. Ibid.

224. R.B. Fischer: The Importance of the Cape of Good Hope as a Colony to Great Britain, p. 166.

225. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

226. G.M. Theal: Records of the Cape Colony IX (Statement of the Laws of the Colony of the Cape of Good Hope regarding Slavery, D. Denysen, 16.3.1813), pp. 148-149.

plaaslike owerheid binne 24 uur verwittig het oor die redes en omstandighede wat hom daartoe genoop het nie.²²⁷⁾

Op sy beurt het die 21ste artikel weer eens die reg van die slaaf om te mag kla, bevestig en optrede teen die aangeklaagde verseker indien die klag grondig bewys sou word. Indien bewys van die teendeel gelewer is, was die klaer, na gelang van die aard van die saak, onderworpe aan wettige straf.²²⁸⁾

'n Onderzoek na slaweklagtes in die distrik Tulbagh/Worcester gedurende die tydperk 1 Julie 1828 tot 9 Junie 1830, het aangetoon dat klagtes oor mishandeling wat deur lyfstraf meegebring is, verreweg die meeste in getal voorgekom het. Dit blyk ook dat slawemans in vergelyking met slavinne gedurende hierdie tydperk net oor die helfte meer klagtes van dié aard ingedien het. Wat beide geslagte

227. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

228. Ibid.

betref, is die meerderheid van hul klagtes na ondersoek vals bewys. 229)

'n Rede vir die verskynsel dat meer slawemans klagtes van mishandeling ingedien het, kan onder andere toegeskryf word aan die groter persentasie slawemans teenoor slavinne in die distrik Tulbagh/Worcester in hierdie tyd. Dit kan uit die volgende gegewens afgelei word.

229. Die gegewens is uit die volgende bronne versamel, t.w. vir Julie 1828 tot Desember 1828 uit S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix C, Report of the Proceedings ... Clanwilliam, from the 23 June to the 8th December 1828, 8.12.1828, No. 14, n.p., Report of Law Proceedings ... Clanwilliam from 23rd June to 8th December 1828, 8.12.1828, No. 10, Report of Proceedings ... Worcester, from the 1st July to the 3rd November 1828, 9.12.1828, Nos. 3, 5, 8-10, n.p., Report of Complaints ... from the 16th October to the 5th December 1828, 9.12.1828, Nos. 2-10, n.p.; vir Desember 1828 tot Mei 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D4, Report of Law Proceedings ... Clanwilliam from 8th December 1828 to 31 May 1829, 31.5.1829, Nos. 11-13, n.p., Appendix D3, Report of Proceedings ... Clanwilliam from the 8th December 1828 to the 31st May 1829, 31.5.1829, Nos. 15-17, n.p., Appendix D5, Report of Complaints ... Worcester from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, Nos. 11-21, n.p., Appendix D6, Report of Legal Proceedings ... Worcester, from the 9th December 1828 to the 27th May 1829, 27.5.1829, Nos. 15, 29, n.p.; vir Mei 1829 tot November 1829 uit S.O. 3/4 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D1, List of Complaints ... Clanwilliam from the 1st of June to the 7th of December 1829, 7.12.1829, Nos. 25-27, n.p., Report of the Proceedings ... Clanwilliam from the 1st of June to 7th December 1829, 7.12.1829, No. 14, n.p.; S.O. 3/3 Reports of the Protector of Slaves: Report of Complaints ... Worcester, Duplicate, 27.11.1829, Nos. 27-30, 35-38, 40-43, n.p.; vir November 1829 tot Junie 1830 uit S.O. 3/5 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix D, Complaints and other Applications, Clanwilliam, 8.6.1830, No. 29, n.p., Reports of Complaints ... Worcester from 27th November 1829 to the 9th June 1830, Duplicate, 9.6.1830, Nos. 41-53, 55-59, n.p.

TABEL II

Getalsverhouding tussen manlike slawe en slavinne in die distrik Tulbagh/Worcester, 1828-1830²³⁰⁾

Jaar	Manlike slawe	Persentasie van totaal	Slavinne	Persentasie van totaal
1828	2 265	53	2 042	47
1829	2 306	54	1 971	46
1830	2 857	55	2 350	45

'n Opvallende verskynsel wat uit hierdie statistieke afgelei kan word, is die jaarlikse groei van een persent wat slawemans teenoor die slavinne getoon het.

'n Ander rede waarom daar meer slawemans was wat klagtes van mishandeling ingedien het, kan moontlik toegeskryf word aan die invloed van wetgewing in 1826, wat ligter strawwe aan slavinne voorgeskryf het. Hiervolgens is 'n eienaar gemagtig om van eensame afsondering as strafmaatreeël gebruik te maak waar sy slavinne wat goeie gesondheid geniet het, die landswette oortree het. Dit moes in 'n gesonde plek geskied en die opsluiting mag nie langer as drie uur geduur het nie. Vir "huislike oortredings" kon lyfstraf aan 'n slavin toegedien word, maar dit moes privaat plaasvind. Die eienaar kon ook op 'n matige wyse op die slavin se boarms slaan, net soos vry kinders in skole gestraf is, op voorwaarde dat dit nie binne 24 uur herhaal word nie.²³¹⁾

230. C.O. 5970, 5972, 5973 Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, pp. 152, 175, 158.

231. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

Petrus Jacobus Theron (Petrusson), junior, wat ten tyde in die Klein Roggeveld woonagtig was, is 'n voorbeeld van 'n slawe-eienaar teen wie 'n hoë graad van mishandeling van sy slavin, Silvia, bewys is. Theron het Silvia 'n remketting om die nek geplaas waarmee hy haar vir 'n hele nag aan 'n wawiel vasgemaak het. Volgens Theron, wat hom in daardie stadium in die oop veld op soek na weiveld bevind het, was dit 'n voorkomende maatreël omdat sy slavin die gewoonte gehad het om weg te hardloop. Die oggend na die betrokke nag, is Silvia losgemaak en daarna deur Theron se vrou met 'n riem geslaan omdat sy nie haar pligte nagekom het nie. Theron moes van sy slavin en haar driejarige kind, Onverwagt, afstand doen sodat hulle verkoop kon word.²³²⁾

Jan Jacob de Villiers was die enigste persoon in die periode onder bespreking wat in die distrik Tulbagh/Worcester voor die hooggeregshof tereggestaan het op 'n klag van moord op die slaaf Syme, wat aan sy vader, Paul de Villiers, senior, behoort het.²³³⁾ Hierdie slaaf wat ten tye van die gebeure 60 jaar oud was, was sieklik en het aan 'n chroniese asma kwaal gely. Op sy vader se plaas, Doornrivier, wat in die veldkornetskap Voorste Bosjesveld geleë was, het die beskuldigde op 22 Desember 1827 die slawe wat besig met hul werk was, byeengeroep. Hy wou by hulle weet waar die drosterslaaf Maandag hom bevind het. Omdat niemand hom hierop geantwoord het nie, het hy al die slawe geslaan insluitend Syme, wat ten einde laaste bekend gemaak het dat Maandag se wegkruipplek op 'n eiland in die rivier was. Vervolgens het Syme vir De Villiers na die rivier geneem,

232. W.O.C. 19/24 Dagboek van Assistent-Beskermer, 31.12.1827, n.p.; J.425 Opgaafrol, Worcester 1827, p. 27; S.O. 6/138 Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), p. 38.

233. W.O.C. 19/70 Inkomende Briewe van Prokureur-Generaal: Oliphant - Poggenpoel, 18.3.1828, No. 26, n.p.

maar kon nie die plek uitwys nie. Syme is weer deur die beskuldigde geslaan waarna hy deur die ander werkers na die plaas gedra is om saam met 'n ander slaaf in 'n spensie sonder lug, kos of 'n bed opgesluit te word. Die volgende oggend is Syme vrygelaat, waarop hy weer 'n loesing ontvang het. Daar is beweer dat hierdie behandeling die dood van Syme versnel het, indien nie veroorsaak het nie.²³⁴⁾

Dr. Gleaser, distriksgeneesheer van Worcester wat 'n nadoodse ondersoek op Syme uitgevoer het, het in sy getuienis die onmiddellike oorsaak van die oorledene se dood aan 'n longaandoening toegeskryf. Nog slawe en ander getuies is aangehoor voordat die jurie in sy uitspraak De Villiers aan strafbare manslag skuldig bevind het, maar aanbeveel het dat die beskuldigde begenadig word. Op 17 Julie 1828 is aan De Villiers die vonnis van een jaar gevangenisstraf opgelê, wat hy in die gevangenis van Stellenbosch moes uitdien.²³⁵⁾

Soos vroeër aangetoon, is klagtes van slawe wat in verband met mishandeling gestaan het, nie altyd as gegrond bewys nie. Een van dergelyke voorbeelde was 'n saak waarby Abraham van Wyk, senior, en sy vrou betrokke was. Dit was van so 'n aard dat dit 'n onuitwisbare indruk op die

234. C.S.C. 1/1/1/1 Records of Proceedings, Criminal Cases: 7.7.1828, No. 3, n.p.; S.O. 3/2 Reports of the Protector of Slaves for Western Division: Appendix A, Return of Prosecution for and against Slaves in the several Law Courts of the Western Division of the Colony of the Cape of Good Hope, at which the Guardian of Slaves has attended from the 25th June to the 24th December 1828, No. 66, pp. 1-6; The Colonist, 22.7.1828, 29.7.1828, 5.8.1828, 19.8.1828, 26.8.1828, 2.9.1828 (Supreme Court, The King versus Jan de Villiers).

235. Ibid.; W.O.C. 19/69 Inkomende Briewe van Klerke van die Vredegerereg: Cloete - The Clerk of the Peace of Worcester, 25.1.1828, No. 5, n.p.; G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Huskisson, 11.8.1828, No. 41, p. 407.

gemoedere van die slawe-besittende koloniste van die distrik Tulbagh/Worcester gemaak het.²³⁶⁾

Van Wyk wat onder die veldkornetskap Breërivier geressorteer het,²³⁷⁾ se slawe het doelbewus saamgesweer om 'n vals klag van mishandeling teen sy vrou te probeer bewys. Die onderliggende rede hiervoor was om voordeel daaruit te trek wanneer hulle op bewys van hul klag verkoop sou word en terselfdertyd hulle eienaar skade te berokken wanneer hy op dié manier ontnem sou word van sy arbeidskragte. Die inisiatief is geneem deur een van die slawe wat as Roeland bekend gestaan het. In Julie 1825 het hy by die spesiale heemraad op Tulbagh gaan kla oor Van Wyk se vrou wat herhaaldelik sy houvrou, Rachel, geslaan het en waarvan sy gevolglik siek geword het. Kort hierna is Rachel dood en Roeland het dit toegeskrywe aan die loesings wat sy van haar eienaar se vrou ontvang het. As getuies vir sy saak het Roeland hom beroep op van die ander slawe in diens van Abraham van Wyk.

Op 18 Maart 1826 het hierdie saak begin om voor die landdros en heemrade van Worcester te dien. Van die slawegetuies het mekaar weerspreek en dit het aan die lig gekom dat Rachel se dood te wyte aan 'n vrouekwaal was. Tydens die ondersoek is ook onthul dat Roeland en veral ook die slaaf Malotjie die twee hooffigure was in die aanhitsing van die ander slawe om in hierdie saak saam te sweer. Op 30 Maart is laasgenoemde twee slawe tot openbare geseling gevonniss. Daarbenewens moes

236. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 39 slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.); Anoniem: Kopyen der Briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19, pp. 24-25.

237. C.O. 2679 Letters Received from Drosdy Worcester I: Extract uit het Journaal gehouden by den Specialen Heemraad van Tulbagh, 5.6.1825 (enclosure to Trappes - Bourke, 4.4.1826, No. 48, n.p.); African Court Calendar and Directory, for 1825, p. 57; J. 423 Opgaafrol, Worcester 1826, n.p.

hulle ook sonder loon en in ysters geslaan vir 'n tydperk van twee jaar openbare werk op Robbeneiland of elders gaan verrig.²³⁸⁾ Waarnemende goewerneur Bourke, wat Somerset op 5 Maart 1826 opgevolg het,²³⁹⁾ het hierdie vonnis versag deur die skuldiges van die openbare geseling kwyt te skeld.²⁴⁰⁾

Alhoewel die Van Wyks onskuldig in hierdie saak bevind is, het die vonnis nogtans vir Abraham beteken dat hy voortaan ontnem sou wees van twee arbeiders. Die verlies hieraan het hy ook intens ervaar wat hom in Mei 1826 daartoe genoop het om die Goewerneur te versoek om aan Roeland en Malotjie verlof toe te staan om hul vonnis in sy diens uit te dien.²⁴¹⁾ Hierdie versoek is egter geweier.²⁴²⁾

Die 18de artikel het probleme besorg namate dit as 'n voorkomende maatreël teen die toenemende diensverlating van slawe in 'n groter mate in die distrik Tulbagh/Worcester toegepas is. Dit was veral kenmerkend van die tydperk na

238. C.O. 2679 Letters Received from Drosdy Worcester I: Trappes - Bourke, 4.4.1826, No. 48, n.p.

239. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 10.3.1826 (Proclamation, 5.3.1826).

240. C.O. 4886 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - The Landdrost and Heemraden of Worcester, 14.4.1826, n.n., p. 17; W.O.C. 1/6 Notule van Landdros en Heemrade, 1.5.1826, ongeno., n.p.

241. C.O. 3930 Memorials Received I: Van Wyk - Bourke, 3.5.1826, No. 182, n.p.

242. C.O. 4321 Register of Memorials Received, 5.5.1826, No. 2167, n.p.

1823.²⁴³⁾ Aangaande die reg van eienaars om op toestemming hul slawe in boeie te mag slaan, skryf Trappes in Junie 1823 aan De Lange, spesiale heemraad van Tulbagh, dat baie eienaars misbruik hiervan gemaak het. Hy het daarop gewys dat die ysters wat om die bene van die skuldiges geslaan is, so dik en swaar was dat nouliks daarmee geloop kon word en nog minder gewerk kon word. Om hierdie rede het Trappes vir De Lange opdrag gegee om tegelykertyd wanneer toestemming weer op só 'n versoek verleen word, die eienaar te verplig om sy boeie vir ondersoek voor te lê. Die verskoning van onkundigheid kon dan nie meer aangevoer word wanneer die eienaar kragtens die wet vervolg sou word nie, aldus Trappes.²⁴⁴⁾

Ten slotte het die 23ste artikel van die proklamasie van 18 Maart 1823 bepaal dat twee derdes van alle boetegeld, waar die voorskrifte van hierdie proklamasie oortree is, in 'n fonds gestort sou word. Dit sou dan aangewend word om die vryheid van slawedogters in vryskole te koop.²⁴⁵⁾ Teen Augustus 1825 het die distriksklerk van Worcester reeds 166 riksdaalders, vyf skellings en twee stuiwers vir dié doel in hande gehad.²⁴⁶⁾

243. W.O.C. 20/1 Inkomende Briewe van Spesiale Heemraad Tulbagh: Winterbach - De Lange, 28.5.1823, ongeno., n.p.; C.J. 3416 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Clanwilliam, Tulbagh, Worcester, Swellendam: 17.6.1823, Copy, ongeno., pp. 234-235; C.J. 3420 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Clanwilliam, Worcester, Beaufort West: 30.6.1824, ongeno., pp. 364-368.

244. W.O.C. 20/1 Inkomende Briewe van Spesiale Heemraad Tulbagh: Trappes - De Lange, 9.6.1823, ongeno., n.p.

245. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

246. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Plasket, 8.8.1825, No. 3667, n.p.

Evaluering

Somerset se 1823-proklamasie het inhoudelike tekortkominge getoon. Van die artikels het nagelaat om die aard van 'n gevraagde noodsaaklikheid te spesifiseer. So, byvoorbeeld, was daar geen omskrywing van hoeveel en watter soort voedsel as genoegsaam en gesond beskou is nie,²⁴⁷⁾ wat as goeie en voldoende kleding beskou is,²⁴⁸⁾ en watter werk op Sondag as gewone, noodsaaklike werk gereken is nie. Ook die strafwerktuie is nie volledig gedefinieer nie.²⁴⁹⁾

Wat die algemene invloed van die 1823-proklamasie betref, het dit in die distrik Tulbagh/Worcester nie noemenswaardig bygedra tot die verhoging van die beskawingspeil van die slawebevolking nie. Daar is reeds gewys op die hindernisse wat verhoed het dat die uitbreiding van die Christendom onder die slawe in die distrik Tulbagh/Worcester tot sy reg gekom het.²⁵⁰⁾ Hierby kan ook nog die volgende gevoeg word, naamlik dat daar geen dwangmaatreëls op die eienaar gerus het om sy slawekinders na vryskole te stuur, waar hul in die Christelike godsdienst onderrig kon word nie.²⁵¹⁾ Die bekoring wat die beginsels van die Mohammedaanse geloof ingehou het, was verdere beperkende faktore.²⁵²⁾

247. M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, p. 34.

248. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 373.

249. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

250. Sien pp. 82-84.

251. W. Wright: Slavery at the Cape of Good Hope, p. 4.

252. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Report upon the Slaves and State of Slavery at the Cape of Good Hope, J.T. Bigge, 5.4.1831), p. 366.

Ook die bepalings met betrekking tot die slawe se voeding, kleding, werkure en rustye het, soos aangetoon, min nuwe betekenis aan plaasarbeid in die distrik Tulbagh/ Worcester gegee. Die gebruike alhier was dus min of meer in ooreenstemming met die voorskrifte van die proklamasie.²⁵³⁾ Daarom kan laasgenoemde ook as rede aangevoer word waarom die 1823-proklamasie in die distrik Tulbagh/Worcester, soos in die res van die kolonie, sonder aanvanklike teenstand deur die eienaars begroet is.²⁵⁴⁾ Somerset het in elk geval ook in die slotartikel van sy proklamasie die versekering gegee dat die bepalings daarin vervat geen inbreuk sou maak op die eiendomsreg van die eienaar ten opsigte van sy slawe nie.²⁵⁵⁾

Dit het egter nie lank geduur voordat baie slawe tekens van 'n weerbarstige houding begin toon het nie, veral namate hulle bewus geword het van hul verkreë regte wat voorheen slegs as voorregte beskou is.²⁵⁶⁾ Dit het die slawe-eienaars ten einde laaste tog laat voel dat sy mag oor sy slawe deur dié wetgewing aan bande gelê is.²⁵⁷⁾ Dit alles het 'n wig tussen eienaar en slaaf ingedryf wat daartoe

253. Sien pp. 91-93, 108-109.

254. G.M. Theal: History of South Africa from 1795-1872 II, p. 65.

255. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823).

256. G.M. Theal: History of South Africa from 1795-1872 II, p. 65; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), p. 408; W.O.C. 14/11 Inkomende Briewe van Private Persone en Amptenare: Van Wyk - Trappes, 9.12.1825, ongeno., n.p.

257. I.E. Edwards: Towards Emancipation: A Study in South African Slavery, p. 137.

gelei het dat goeie gesindhede na 1823 by uitsondering eerder as in die algemeen voorgekom het.²⁵⁸⁾

In die volgende twee hoofstukke sal daar onder meer ook gelet word op die aandeel van die 1823-proklamasie in die slaweopstand van 1825.

258. Ibid.; M.T. Latsky: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834, p. 101.

HOOFSTUK 4

DIE SLAWEOPSTAND VAN 1825: OORSAKE EN BEPLANNING

Slawerny het 'n toestand van onvryheid en onderworpenheid veronderstel, en daarom sou 'n algehele aanvaarding van hul lot nooit heeltemal by slawe realiseer nie¹⁾. Slaweverset het hom op verskillende maniere geopenbaar, onder andere deur middel van drostery²⁾, brandstigting³⁾, diensweiering⁴⁾, selfmoord⁵⁾ en gepoogde vergiftiging⁶⁾ van of direkte individuele aanvalle op hul eienaars⁷⁾.

-
1. A.G. 31 Papers Despatched, Fiscal: Denyssen - Reynell, 27.2.1813, n.n., p. 238; D.J. van Zyl: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834, p. 4.
 2. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 24.6.1809 (Proclamation, 23.6.1809).
 3. W.O.C. 12/51 Inkomende Briewe van Adjunk-landdros Clanwilliam: Bergh - Fischer, 21.4.1817, ongeno., n.p.; W.O.C. 12/68 Gemengde Inkomende Briewe: Sentie in sake van den Landdrost van Tulbagh, J.H. Fischer R.O. Eisscher in cas Crimineel contra Aron van de Kaap ..., Bentinck, Bresler, Le Sueur, Berrangé, 18.9.1817, ongeno., n.p.
 4. W.O.C. 14/11 Inkomende Briewe van Private Persone en Amptenare: Van Wyk - Trappes, 9.12.1825, ongeno., n.p.
 5. C.O. 2697 Letters Received from Drosdy Worcester II: Trappes - Plasket, 11.10.1827, No. 177, n.p.; W.O.C. 12/8 Inkomende Briewe van Amptenare: Van Zyl - Nieuwoudt, 25.7.1822, Copia (enclosure to Synnot - Trappes, 12.8.1822, No. 55, n.p.).
 6. W.O.C. 17/9 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Fischer - Lind, 13.2.1822, No. 1896, n.p.
 7. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXX (Report of the Law Proceedings of the Assistant Guardian of Slaves at Worcester, Nos. 3, 5, C.F. Scholtz, 12.12.1826), p. 82; N.A. Worden: Violence, Crime and Slavery on Cape Farmsteads in the Eighteenth Century (Kronos, Vol. V 1982, pp. 52-56).

Van georganiseerde slaweopstande met die doel om die hele slawesisteem omver te werp, was daar in die agtiende eeu van die Kaapkolonie geen sprake nie. Die rede hiervoor moet eerstens toegeskrywe word aan die paternalistiese houding van slawe-eienaars wat die staat van slawerny vir hul onderdane draaglik gemaak het.⁸⁾ Andersyds was dit die gevolg van die afwesigheid van 'n sterk ontwikkelde slawekultuurpatroon wat meegebring is deur die heterogene samestelling van die slawebevolking. Ook die isolasie van wydverspreide plaasslawe het die moontlikheid van 'n gesamentlike slaweweerstand aan bande gelê.⁹⁾ 'n Tydgenootlike getuie, D. Denyssen, wat sedert 1812 fiskaal in die Kaapkolonie was,¹⁰⁾ het die standpunt gehandhaaf dat die afwesigheid van slaweopstande toegeskryf moes word aan 'n bewustelike inprenting in die gemoed van slawe dat hulle verplig was om te dien en te gehoorsaam. Dit was volgens hom 'n noodsaaklike vereiste om onrus en oproer te verhoed. Verder was hy van mening dat indien hierdie situasie versteur sou word, soos wanneer daar 'n bewuswording intree van die ongelykheid van die slaaf se posisie teenoor andere in gunstiger omstandighede, dit tot ontevredenheid aanleiding sou gee. Die slawebevolking sou gevolglik hulle onregverdige las besef het en by elke geleentheid geprobeer het om hulle daarvan te bevry.¹¹⁾

8. N.A. Worden: *Violence, Crime and Slavery on Cape Farmsteads in the Eighteenth Century* (*Kronos*, Vol. V 1982, p. 49).

9. *Ibid.*; N.A. Worden: *Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century*, p. 318.

10. C.O. 5963 Cape of Good Hope Blue Book and Statistical Register, p. 29.

11. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: *Fiscus R.O. vs. Galant C.S.*, 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., pp. 1089-1093.

Die slaweopstand van 1808 het so 'n geleentheid gebied waar daar gepoog is om die juk van slawerny af te werp. Hierdie gebeurtenis wat in die Swartland begin het, is deur twee kwaadwillige persone van Ierse afkoms, Hooper en Kelly, geïnisieer. Hulle doel daarmee was klaarblyklik om die land in verwarring en anargie te dompel om daaruit groot voordeel vir hulself te trek. Hooper-hulle het valslik aan die slawe voorgehou dat hulle teen die wil van die heersers in Brittanje, waar daar geen slawe was nie, in slawerny gehou word. Die tussen 300 en 400 opstandelinge wat hoofsaaklik uit slawe en Hottentotte bestaan het, is egter deur regeringstroepen onderduk voordat hul groot skade kon aanrig.¹²⁾

Die enigste ander slaweopstand in die Kaapkolonie het hom met die aanvang van die jaar 1825 in die veldkornetskap Voorste omtrek van die Koue Bokkeveld afgespeel.¹³⁾

Die Koue Bokkeveld het ongeveer 134 km. in lengte en op sy breedste deel ongeveer 38 km. beslaan.¹⁴⁾ Naas pluimvee het 'n verskeidenheid van landbouprodukte, bv. vrugte, groente, graan, wingerd en tabak hier goed geaard.¹⁵⁾ Die

12. Ibid., pp. 1093-1096; Z.C. 1/6 A Short History on Slavery at the Cape, No. 1840, pp. 13-14. Vir 'n volledige beskrywing van hierdie slaweopstand sien D.C. Joubert: Die Slawe-opstand van 1808 in die Koe-Tygerberge en Swartland-distrikte.
13. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Deel II, No. 1 Jan. - Febr. 1825, p. 62; W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Plasket, 8.2.1825, No. 3403, n.p.
14. A.79 Private Journal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester, 3.12.1830, n.p.
15. W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa I, p. 59; H. Lichtenstein: Travels in South Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806 I, pp. 159-161; The South African Almanack and Directory, for the Year 1830, p. 216.

ontwikkeling van die landbou is egter teengewerk deur die groot afstand na die Kaapse mark. Met die reis daarheen moes deeglik rekening gehou word met uiters gevaarlike oorgange oor die berge. Weinig van die reise was ongeluksvry. Die hoë risiko verbonde aan só 'n tog, tesame met die tolgeld, het transportkoste baie hoog gemaak.¹⁶⁾ Dit het die kolonis van hierdie gebied verplig om hom eerder op vee toe te lê.¹⁷⁾

Ten tyde van die slaweopstand in 1825 was Houd den Beck een van die plase in die Voorste omtrek van die Koue Bokkeveld wat nie net in die besonder vir veeteelt geskik was nie, maar ook vir landbou.¹⁸⁾ Dit was ongeveer 13 uur te perd vanaf die drosdy Worcester geleë.¹⁹⁾ Die eienaar van hierdie plaas, wat in totaal 3 207,8 hektaar en 316 vierkante roede beslaan het,²⁰⁾ was die 36-jarige Willem Nicolaas van der Merwe (Carelzoon).²¹⁾ Sedert Oktober 1812 was hy getroud met Elsje Cecilia du Plessis²²⁾ en gemeet aan die ekonomiese posisie van ander boere in sy veldkornetskap, was

16. C.O. 3914 Memorials Received IV: 18 inhabitants of the Cold Bokkeveld-Somerset, 22.12.1818, No. 607, n.p.; A.79 Private Journal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester, 3.12.1830, n.p.; W.O.C. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 6.10.1818, p. 392.
17. C.O. 3914 Memorials Received IV: 18 inhabitants of the Cold Bokkeveld - Somerset, 22.12.1818, No. 607, n.p.
18. J.421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.
19. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 8.2.1825, No. 20, n.p.
20. Worcester Quitrents, 18.12.1829 to 4.7.1831, part I, Vol. 4, diagramno. 352/1819, farmno. 182, p. 23.
21. J.421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.; C.C. de Villiers: Geslagregisters van die ou Kaapse Families II, p. 563.
22. (N.G.K.A.B.), G.4 9/1 Tulbagh Huweliksregister, 3.10.1812, p. 83; J.421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.

Willem van der Merwe welgesteld. Bereken volgens die benaderde gemiddelde totale van 1824, het Van der Merwe toé 13 meer Hottentotte, 6 meer slawe, 'n gelyke hoeveelheid waen ryperde, 13 meer aanteelperde, 14 meer trekosse, 41 meer aanteelbeeste, 153 meer skape, 17 meer bokke en 7 meer varke as die gemiddelde boer in sy veldkornetskap besit. Daarbenewens het hy ook 62 mud meer koring, 50 mud meer gars en 26 mud meer rog geoes.²³⁾

Willem van der Merwe het hom as gelowige onderskei. Hy het na die sieleheil van sy onderdane omgesien deur vir hulle twee maal per week psalms te laat sing, by welke geleenthede hy ook vir hulle gepreek het.²⁴⁾ Die byeenkomste is goed bygewoon. Daar was egter enkeles wat dit nie bygewoon het nie omdat hulle na bewering te uitgeput was. 'n Maand voordat die opstand begin is, het Van der Merwe nog die emeritus-leraar, ds. M.C. Vos,²⁵⁾ wat in Tulbagh gewoon het,²⁶⁾

23. J.421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.

24. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 4.5.1825 (Vervolg van de teregtsstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 18.3.1825); M.D. Teenstra: Die Vruchten mijner Werkzaamheden, p. 206.

25. C.O. 4840 Letters Despatched, General: Bird - Vos, 12.5.1818, n.n., p. 269.

26. W. Holzapfel: Honderd Jaren Zendingwerk te Tulbagh, 21 September 1817 - 21 September 1917, pp. 8-9; W.O.C. 15/109 Register van Geboortes en Sterfgevallen van Inwoners, 6.4.1825, ongeno., n.p.

toegelaat om 'n godsdiensoefening vir sy plaasarbeiders te hou²⁷⁾.

Op Houd den Beck het ook die hoofaanvoerder van die opstand, die 26-jarige slaaf Galant, gewerk.²⁸⁾ Hy het in 'n besondere verhouding tot sy eienaar gestaan. As speelmaats het Galant en Willem van der Merwe van kindsbeen af op broederlike voet saam groot geword.²⁹⁾ Willem se ma Hester Cecilia,³⁰⁾ het selfs as soogvrou vir Galant opgetree³¹⁾ - 'n praktyk wat nie heeltemal vreemd in die Kolonie was nie.³²⁾

Op die plaas is Galant bo die ander plaasarbeiders bevoordeel. Hy is toegelaat om twee houvroue in plaas van een aan

-
27. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and prisoners, J.A. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 297; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 4.5.1825 (Vervolg van de teregstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 18.3.1825).
28. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., p. 1200; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, D.F. Berrangé, 21.3.1825, ongeno., p. 1.
29. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Gallant (sic) C.S. vs. Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher, ongedat., J.H. Hofmeijr, No. 8, p. 1270.
30. C.J. 3399 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Tulbagh, Uitenhage, George, Swellendam, Caledon (Bylae), 1.9.1815, No. 13, p. 110.
31. Het Nederduitsch Zuid Afrikaansch Tydschrift, Deel VII, No. 3 Mei-Junie 1830, p. 205.
32. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 31.12.1827, No. 73, p. 198.

te hou.³³⁾ Hy het sy eienaar ook dikwels op reise vergesel, iets wat volgens 'n Hottentot-arbeider daarvoor verantwoordelik was dat Galant se werkslading minder was as dié van die ander arbeiders op die plaas.³⁴⁾ Hierdie bevoorregte posisie het 'n mate van voorbarigheid by Galant gekweek. Hy het byvoorbeeld nie die aanspreekvorme van "mijnheer", "baas" of "Seur" eerbiedig nie. Wanneer hy Willem van der Merwe geantwoord het, is slegs 'n ja of nee geuiter, sonder om eers na sy eienaar te kyk. Een van Van der Merwe se buurmanne het ten opsigte van Galant verklaar dat hy meer as sy meester te sê gehad het.³⁵⁾ Hierdie toenemende aстранte houding van hom, en sy klaarblyklike onverskilligheid teenoor gesag, het veroorsaak dat Galant by ander slawe-eienaars soos Willem se broer, Isaac van der Merwe, ongewild begin raak het.³⁶⁾

-
33. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., p. 1206.
34. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and prisoners, J.A. Truter and Court Members, 15.3.1825), p. 245.
35. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 11; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 4.5.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 18.3.1825).
36. C.J. 272 Kriminele Kladresolusies: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Ed. Achtb. Raad van Justitie dezen Gouvernements in zake van Z.M. Fiskaal vs. De Conspirateurs in het Bokkeveld, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, 9.3.1825, No. 20, n.p.; C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Te Rechtstelling van de Gedetineerdens: de Hottentot Fiks en de Hottentot Present, 21.3.1822 (enclosure to Trappes - Somerset, 15.4.1822, No. 65, n.p.).

Oorsake

Die vernaamste rede vir die opstand was blykbaar die verwagting wat by slawe in die Kaapse distrik en distrikte van Stellenbosch en Tulbagh/Worcester posgevat het dat 'n algemene vrystelling op hande was. Hierdie vergissing het sy ontstaan hoofsaaklik te danke gehad aan die ontoereikende wyse waarop die proklamasie van 18 Maart 1823 aan die slawebevolking in die kolonie bekend gemaak en verduidelik is.³⁷⁾ Aangevuur deur kwaadstokers, het dit die slawebevolking onder die indruk gebring dat die regering voornemens was om 'n einde aan slawerny te maak, maar dat die eienaars die hindernis in die weg daarvan was.³⁸⁾ Daar is verder van die veronderstelling uitgegaan dat die tydperk waarop vrystelling sou geskied teen ongeveer die begin van die jaar 1825 sou wees.³⁹⁾

37. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - H.M. Fiscal, and all the Landdrosts of the Country Districts, and Resident of Simons Town, 22.4.1825, Circular, n.n., p. 11; G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 26.4.1825, No. 166, pp. 269-270; C.O. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., pp. 1211-1217; C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denyssen - Plasket, 2.5.1825, No. 53, n.p.; C.O. 238 Letters Received from Court of Justice I: Truter - Somerset, 6.3.1825, No. 9, n.p., 25.5.1825, No. 29, p. 12; The South African Commercial Advertiser, 16.9.1826 (Woutersen - Plasket, 26.8.1826).
38. Z.P. 1/1/31 Letters Received from Court of Justice: The Chief Justice and Members of the Court - Somerset, 25.3.1825, Copy, n.n., pp. 320-321; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 2, 11; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1823, D. Denyssen, No. 8, pp. 1448-1449.
39. C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denyssen - Plasket, 2.5.1825, No. 53, n.p.

Dit is moeilik om die oorsprong van die valse gerugte wat in verband met die vrystelling van slawe die rondte gedoen het, presies vas te stel. 'n Slaaf van die Kaapse distrik wat in verband hiermee ondervra is, het aangevoer dat hy dit by 'n ander slavin en onbekende Engelssprekende sendeling gehoor het.⁴⁰⁾ Nieuwejaar, 'n slaaf van die Paarl, wat met sy op-ruiende uitlatings in verband met die vryheid van slawe 'n redelike mate van onrus onder die plaaslike inwoners veroorsaak het, het ook verklaar dat hy sy inligting van onbekendes in Kaapstad bekom het.⁴¹⁾

In die distrik van Tulbagh/Worcester is Trappes ook daarvan beskuldig dat hy medepligtig was in die verspreiding van 'n gerug wat met die vrystelling van slawe verband gehou het. Volgens die slaaf Aron (soms ook Aaron gespel) van Johannes Jacobus du Toit (Fransson), wat aan die Hartebeesterivier naby die drosdy van Worcester gewoon het,⁴²⁾ het hy Trappes tussen Kersfees 1823 en Nuwejaar besoek. Sy doel daarmee was om 'n klag in te dien. By dié geleentheid het Trappes

-
40. Ibid.: Records held before Messrs. D.W. Hertzog and F.W. Woeke, Commissioned Heemraden of the Cape District, 15.3.1825, Translation, Copy, No. 1a (enclosure to Denyssen - Plasket, 2.5.1825, No. 53, n.p.).
41. S.T.B. 20/46 Uitgaande Briewe van Landdros: Van Ryneveld - Plasket, 21.3.1825, No. 206, n.p.; C.J. 3289 Kladnotule, Verbale, ens. van Gekommitteerdens, 24.3.1825, ongeno., pp. 84-88; C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Van Ryneveld - Denyssen, 21.3.1825, Copy, No. 1c (enclosure to Denyssen - Plasket, 2.5.1825, No. 53, n.p.).
42. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: du Toit - Denyssen, 4.4.1825, n.n., n.p. (enclosure to Trappes - Plasket, 3.5.1825, No. 67, n.p.); C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denyssen - Plasket, 24.5.1825, No. 69, n.p.

hom meegedeel dat ooreenkomstig 'n bevel van die Koning van Engeland alle slawe binne drie maande vry sou wees.⁴³⁾

Op hierdie aanklag het Trappes hom verontskuldig. Hy het verduidelik dat genoemde slaaf hom slegs op 13 en 14 Mei 1824 besoek het. Op die eerste van dié twee dae het die onderskout vir Aron na hom toe gebring wat by welke geleentheid verklaar het dat dit vir hom wou voorkom of Aron van sy lotjie getik was omdat hy los en vas gepraat het. Met sy verskyning voor hom op hierdie dag, het Aron die rede van sy besoek opgegee as om meer te wete te wil kom oor die vryheid wat hy, Trappes, en sy klerk, Scholtz, hom sou be- loof het. Trappes het voorts verduidelik dat hy nie toe die logika van Aron se storie kon begryp nie en het daarom die onderskout B.H. de Vries, opdrag gegee om sy eienaar na die drosdy te ontbied.⁴⁴⁾

In die aanwesigheid van sy eienaar die volgende dag, het Aron die storie van die dag vantevore herhaal.⁴⁵⁾ Hierna het die landdros hom na die distriksgeneesheer, dr. Gird, verwys vir 'n verslag oor sy geestes- en algemene gesondheids- toestand. Na 'n ondersoek van ongeveer 'n driekwart uur kon Gird nie bo alle twyfel vasstel of Aron in 'n staat van kranksinnigheid verkeer het nie. Nogtans het dit vir hom geblyk of daar sprake van 'n geestesteuring kon wees. Ook

43. C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices - I: Records held before P.B. Borchers Esq. Sitting Commissioner of the Worshipful the Court of Justice of this Government, 11.4.1825, Translation, Copy, No. 1c (enclosure to Denyssen - Plasket, 2.5.1825, No. 53, n.p.).

44. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 3.5.1825, No. 67, n.p.; African Court Calendar and Directory, for 1824, p. 49.

45. Ibid.

het Gird bevind dat Aron 'n ligte koors onder lede gehad het.⁴⁶⁾

Alhoewel Aron se eienaar versoek het dat hy vir sy gedrag 'n loesing moes ontvang, is dit deur die geneesheer as onraadsaam beskou. Trappes het gevolglik aan die slaaf opdrag gegee om na sy eienaar terug te keer en ontslae te raak van sy valse denkbeelde.⁴⁷⁾ Daarmee was die saak afgehandel. Die Goewerneur het sy tevredenheid uitgespreek met die wyse waarop Trappes die saak hanteer het.⁴⁸⁾

Galant was meer spesifiek oor hoe die gerugte van vryheid hom bereik het. In Oktober 1824 het hy hom in Tulbagh bevind, waar hy deur die slawe van David Theron en Piet Joosten meegedeel is dat alle slawe tussen Kersfees en Nuwejaar vrygestel sou word. Indien dit volgens dié slawe nie binne hierdie tydperk 'n werklikheid sou word nie, moes die eienaars om die lewe gebring word.⁴⁹⁾

-
46. Ibid.; W.O.C. 19/42 Lyste van Verkoopte Slawe en ander Slawedokumente, H.H. Gird, 21.5.1825, n.n., n.p.
47. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 3.5.1825, No. 67, n.p.
48. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - The Landdrost of Worcester, 17.5.1825, n.n., p. 84.
49. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 1; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 16.3.1825), p. 277; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Gallant (sic) C.S. vs. Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eischer, ongedat., J.H. Hofmeijr, No. 8, p. 1274.

Wille^{Wille}m van der Merwe en sy vrou El^{El}sje se uitlatings oor be-
 rigte in koerante oor slawe-aangeleenthede wat van Kaapstad
 ontvang is, het verder bygedra om stukrag te verleen aan
 Galant se hoop op vryheid.

Elsje sou tydens een van haar gesprekke met Betje, Galant se
 Hottentot-houvrou, onder meer verklaar het dat daar 'n onbe-
 kende groot nasie was wat teen die boere sou veg indien die
 slawe nie vryheid gegee word nie. Sover dit van haar afge-
 hang het sou vryheid egter net toegestaan word indien sy met
 geld vergoed word. Dit moes die slawe van die Koning
 verkry.⁵⁰⁾ Alhoewel Betje dit in haar latere getuienis voor
 die hof ontken het,⁵¹⁾ het Galant aangevoer dat sy wel al
 hierdie inligting aan hom oorvertel het.⁵²⁾

Volgens Galant het Elsje ook teenoor hom erken dat daar in
 die koerante geskryf gestaan het dat die slawe vry moes

50. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser,
 13.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokke-
 veldsche Moordenaren, 10.3.1825); G.M. Theal: Records
 of the Cape Colony XX (Records held before His Honor
 Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the
 Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope
 and the Dependencies thereof, in the Criminal case of
 His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus
 Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members,
 10.3.1825), pp. 208-209.

51. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser,
 13.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokke-
 veldsche Moordenaren, 10.3.1825), 4.5.1825 (Vervolg van
 de teregtstelling der Bokkeveldsche Moordenaren,
 16.3.1825); G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX
 (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief
 Justice, and the Members of the Worshipful Court of
 Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies
 thereof, in the Criminal case of His Majesty's Fiscal,
 Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners,
 J.A. Truter and Court Members, 16.3.1825), pp. 275-276.

52. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser,
 13.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokke-
 veldsche Moordenaren, 10.3.1825).

word, maar dat dit slegs kon plaasvind indien die eienaars dit sou toelaat.⁵³⁾ In watter mate hierdie beskuldiging gegrond was, bly onbeantwoord. In die slaweopstand is Elsje swaar gewond wat haar verhinder het om die hofverrigtinge wat in die maand daarna gevolg het, by te woon. Gevolglik kon sy haar nie op hierdie aanklag verdedig nie.⁵⁴⁾ Dit dien vermeld te word dat Elsje wel vier dae na die opstand 'n voorlopige verklaring afgelê het, maar het vanselfsprekend toe nog nie geweet watter aanklagte Galant teen haar sou inbring nie.⁵⁵⁾

Galant het ook getuig dat Willem van der Merwe by meer as een geleentheid op onverskillige wyse die gerugte oor die vrystelling van slawe met ander blankes bespreek het. So sou Willem by geleentheid byvoorbeeld verklaar het dat hy hom gewapen hou om die slawe tesame met die eerste kommissaris, Engelsman of magistraat wat sou kom om hul vry te stel, dood te skiet.⁵⁶⁾ Galant het verder verklaar dat hy van die slaaf Abel, wat op die buurplaas gewerk het, ook iets in dier voege gehoor het. Volgens Abel het hy sy eienaar Barend van der Merwe hoor sê dat hy eerder al sy

53. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 10.3.1825), p. 209.

54. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., p. 1201.

55. Ibid.: Relateerde Elsje Cecilia du Plessis weduwe Willem Nicolaas van der Merwe..., 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 7, pp. 995-1000.

56. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser 13.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokkeweldsche Moordenaren, 10.3.1825).

slawe sou doodskiet as om hulle in algehele vryheid te stel.⁵⁷⁾

Uit die bestudering van die hofverslae is dit nie moontlik om vas te stel in hoe 'n groot mate hierdie aanklag van Galant meriete gehad het nie. 'n Rede vir hierdie gewraakte uitlatings sou egter waarskynlik gesoek kon word by die eienaar se vrees wat na die uitvaardiging van die proklamasie van 18 Maart 1823 algaande posgevat het dat die onmiddellike vrystelling van slawe 'n werklikheid kon word. Dit sou meebring dat die eienaar eensklaps van 'n belangrike kapitale bate en arbeidsbron ontnem sou word.⁵⁸⁾ Op sigself sou dit noodlottige gevolge vir enige boerdery ingehou het. Die koms van die Kommissie van Onderzoek na die Kaap in Julie 1823⁵⁹⁾ met as opdrag om die hele regeringsstelsel van die kolonie te ondersoek, het ook 'n bydrae gelewer om hierdie vrees by die slawe-besittende koloniste verder aan te jaag. Diegene wat nie presies geweet het vir watter doel die kommissaris daar was nie, het die Kommissie van Onderzoek as 'n bedreiging vir die gevestigde staat van ondergeskiktheid gesien. Dit het lank geneem voordat die nuus aangaande die ware aard van hierdie Kommissie die Koue Bokkevelders, sowat 150 km. noordoos van Kaapstad, bereik

57. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Deel II, No. 1 Jan. - Febr. 1825, p. 63; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 13.4.1825 (Vervolg van de terechtstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 10.3.1825); C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden voor de Heeren W. Hiddingh en J.C. Fleck gecommiteerde leden uit den Ed. Achtb. Raad van Justitie ..., 13.2.1823, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 13, p. 1013.

58. Sien Hoofstuk I, p. 22.

59. 282 Reports of the Commissioners of Inquiry upon the Administration of the Government at the Cape of Good Hope I, 6.9.1826, p. 348; A.M. Johnstone: The Judicial Aspect of the 1823 Commission of Inquiry to the Cape of Good Hope, p. 5.

het, en waar dit wel te hore gekom is, was dit na alle waarskynlikheid in verwronge vorm.⁶⁰⁾

Die hele kwessie rondom Trappes se verkeerde interpretasie van regeringsvoorskrifte in verband met die toediening van lyfstraf aan slavinne en Hottentotvroue is ook deur sommiges as een van die oorsake van die opstand voorgehou.⁶¹⁾

Op 9 Januarie 1824 het die koloniale sekretaris, Bird, aan Trappes 'n afskrif van 'n brief gestuur wat die Goewerneur vier dae vantevore aan die hoofregter en lede van die geregshof uitgereik het. In ooreenstemming met 'n besluit van die Britse parlement, is hierin onder andere opdrag gegee dat howe voortaan nie meer op slavinne en Hottentotvroue lyfstraf mag oplê nie.⁶²⁾

By ontvangs het Trappes verstaan dat dit aan die eienaars sowel as hulle slawe bekend gemaak moes word.⁶³⁾ Daarom was sy volgende stap om op 27 Januarie van dieselfde jaar 'n omsendskrywe aan die verskillende veldkornette van sy distrik te stuur. Hierin is hulle gelas om in die aanwesigheid van die slawe-eienaars, slavinne en Hottentotvroue

60. R. Ross: Cape of Torments: Slavery and Resistance in South Africa, p. 105.

61. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), pp. 408-409.

62. W.O.C. 11/6 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Bird - Trappes, 9.1.1824, Circular, No. 8, n.p.; 202 Papers Relating to Slaves at the Cape of Good Hope, 5.1.1824, enclosure No. 2, pp. 8-9; G.M. Theal: History of South Africa from 1795-1872 I, p. 493.

63. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), p. 409.

bekend te maak dat lyfstraf voortaan nie op die vroulike geslag toegedien mag word nie.⁶⁴⁾

Hierdie bevel is egter nie stiptelik deur die veldkornette uitgevoer nie. Slegs die eienaars is oor dié verbod ingelig. Dit is van die slawebevolking weerhou omdat gedink is dat die bekendmaking daarvan hul in 'n groot mate sou verontrus het. Slegs die een veldkornet van Tulbagh, D.J. Theron,⁶⁵⁾ het die inligting aan al die partye bekend gemaak.⁶⁶⁾

Soos verwag kon word, het Trappes se sirkulêre groot teenstand van die kant van die slawe-eienaars ontlok.⁶⁷⁾ Drie en vyftig inwoners van Tulbagh het op 11 Februarie 'n versoekskrif onderteken waarin verklaar is dat dit vir hulle onmoontlik was om lyfstraf op hul vroulike onderdane te staak. Hulle het dit as 'n noodsaaklikheid beskou vir die behoud van vrede en goeie orde.⁶⁸⁾ Ander versoekskrifte met 'n soortgelyke inhoudstrekking het gevolg vanuit die veldkor-

64. W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Veldcornet, 27.1.1824, Circulaire, No. 2982, n.p.

65. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), p. 409; African Court Calendar and Directory, for 1824, p. 50.

66. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), p. 409.

67. W.O.C. 13/8 Briewe ontvang van Veldkornette: Jooste - Trappes, 4.2.1824, ongeno., n.p., Theron - Trappes, 10.2.1824, ongeno., n.p., Rossouw - Trappes, 12.2.1824, ongeno., n.p., Theron - Trappes, 14.2.1824, ongeno., n.p., Marais - Trappes, 20.2.1824, ongeno., n.p., Smith - Trappes, 24.2.1824, ongeno., n.p., Meijburg - Trappes, 25.2.1824, ongeno., n.p., Coetzee - Trappes, 1.3.1824, ongeno., n.p.

68. C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices: 53 inwoners van Tulbagh - Trappes, 11.2.1824, Copy, No. 2, n.p. (enclosure to Denyssen - Plasket, 2.5.1824, No. 53, n.p.).

netskappe Agter die Hexrivier,⁶⁹⁾ die Bokkeveld⁷⁰⁾ en die Breërivier.⁷¹⁾ Dit is aan Trappes voorgelê met die versoek dat dit aan die Goewerneur gestuur moes word.⁷²⁾

Trappes het dit egter nie gedoen nie omdat hy geglo het dat die besware daarin geopper, ingedruis het teen reeds aangenome regeringsmaatreëls.⁷³⁾ Oor hierdie optrede het die Goewerneur hom by 'n latere geleentheid voor stok gekry.⁷⁴⁾

Nadat Trappes sy fout agtergekom het, het hy daarna 'n nog groter flater begaan. Op 1 Maart het hy 'n volgende omsendskrywe aan die veldkornette uitgereik. Hiermee het hy sy sirkulêre van 27 Januarie herroep,⁷⁵⁾ maar kennisgewing hiervan is slegs onder die slawe-eienaars se aandag gebring.

-
69. W.O.C. 14/10 Inkomende Briewe van Private Persone en Amptenare: 15 inwoners - Trappes, circa 1824, ongeno., n.p.; African Court Calendar and Directory, for 1824, p. 50.
70. Ibid.: 28 Bokkeveld-inwoners - Trappes, 16.2.1824, ongeno., n.p.
71. Ibid.: 22 Brederivier-inwoners - Trappes, 23.2.1824, ongeno., n.p.
72. Ibid.: 15 inwoners - Trappes, circa 1824, ongeno., n.p., 28 Bokkeveld-inwoners - Trappes, 16.2.1824, ongeno., n.p.
73. W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Theron, 17.2.1824, No. 2994, n.p.; C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Brink, 22.3.1825, No. 44, n.p.
74. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - Trappes, 27.5.1825, n.n., pp. 126-127.
75. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Brink, 22.3.1825, No. 44, n.p.; W.O.C. 17/10 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Fieldcornet, 1.3.1824, No. 3009, n.p., Trappes - Synnot, 1.3.1824, No. 3010, n.p.

Die slawe was dus steeds onder die indruk dat omstandighede onveranderd gebly het.⁷⁶⁾

Trappes se lomp hantering van hierdie hele aangeleentheid het moontlik daartoe bygedra om die slawebevolking se vermoede te versterk, naamlik dat die owerheid voornemens was om aan hulle vryheid toe te staan, maar dat hul eienaars dit van hulle weerhou.

Klagtes van slegte behandeling en mishandeling is ook as redes vir die opstand aangegee. Onvoldoende voeding en kleding en 'n té groot werkklas was van die algemeenste klagtes.⁷⁷⁾

Galant het veral gegrief gevoel oor die wyse waarop sy eenaar hom en diegene na aan hom mishandel het. Tydens die verhoor van die opstandelinge wat op 14 Maart 1825 voor die Raad van Justisie in Kaapstad begin het, het Galant die volgende getuienis hieroor gelewer.

Uit sy pleitverduideliking het dit geblyk of alles begin het nadat hy op 'n dag vir sy houvrou, Betje, in die kombuis gaan vra het hoekom die kos so min was omdat net sop aan hulle gegee is. Sy het geantwoord dat geen ander gereg met die bestanddele wat haar eienares aan haar voorsien het, voorberei kon word nie.

76. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825), p. 409.

77. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 10, 15.3.1825), pp. 221, 240, 245.

Hierdie gesprek is toevallig deur Willem van der Merwe aangehoor. Hy het Galant se arms met 'n sambok en osriem vasgebind en hom daarmee aan 'n balk opgehys. Daarna is 'n stok op sy liggaam stukkend geslaan en hy is beveel om te eet wat aan hom voorgesit word.

Hierna het Galant hom voorgeneem om 'n klag by die landdros op Worcester te maak. Hiervan het egter niks gekom nie omdat die landdros nie tuis gevind kon word nie. Vir sy poging om sy eienaar te gaan verkla, is hy egter swaar gestraf. Op Van der Merwe se versoek het die onderskout Galant aan 'n paal laat vasbind sodat hy gegesel kon word. Dit het in die winter van 1823 plaasgevind. Terug op die plaas is hy aan 'n leer vasgemaak om weer slae van sy eienaar te ontvang, maar waaroor nie gaan kla is nie.

Later daardie jaar het Galant weer na Worcester vertrek om sy eienaar te gaan verkla van wie hy intussen nog 'n pak slae ontvang het. Hy was veral ontevrede oor sy baadjie waarvoor hy agt riksdalders by 'n snyer betaal het, en met die slaan aan flarde geskeur is. Volgens Galant was die drag slae in elke geval onregverdig omdat sy eienaar verkeerdelik geglo het dat hy op die buurplaas gaan konkel het. (Dit is onbekend, sou Galant se beweringe gegrond wees, wat Van der Merwe se bedoeling hiermee was. Moontlik het hy toe reeds al 'n snuf in die neus gekry dat alles nie by sy slawe pluis was nie.) Galant het toegegee dat hy wel op die buurplaas was, maar het dit in die uitvoering van sy pligte gedoen toe navraag gaan doen is oor 'n os van sy eienaar wat weggeloop het.

By sy terugkeer van Worcester het Van der Merwe Galant weer 'n loesing gegee. Dié keer is hy daarvan beskuldig dat hy tien mud koring, twee mud meel en twee mud erte gesteel het. Weer het hy by landdros Trappes gaan kla en hom versoek om as getuies teen sy eienaar diegene op te roep aan wie hy

kwansuis die gesteelde goedere uitgedeel het. Dit is hom geweier.

Galant het ook gevoel dat hy te na gekom is toe hy op sy klag saam met Willem van der Merwe voor die landdros verskyn het. Alles wat hy tydens hierdie geleentheid kwytgeraak het, is deur sy eienaar as leuens afgemaak. Daarby is sy versoek om sy saak verder te mag stel, deur Trappes geweier. Trouens, vir sy beweerde ongegronde klagte het Galant weer lyfstraf ontvang.

Kort na hierdie gebeure het daar volgens Galant by dié geleentheid 'n gesprek tussen sy eienaar en Trappes plaasgevind, waarvan hy die inhoud gehoor het. Van der Merwe is deur die landdros gemaan om versigtig in sy optrede teenoor sy slaaf te wees en dat die aanhoudende straf wat hy aan sy slaaf uitgedeel het moontlik daartoe sou kon lei dat sy slaaf gekonfiskeer word, veral wanneer die Raad van Justisie daarvan te hore sou kom.

Vervolgens het Galant verklaar dat daarna slegs vier dae verloop het voordat hy 'n volgende loesing van sy eienaar ontvang het. By dié geleentheid is hy aan 'n boom vasgebind en die rede daarvoor was dat hy 'n hings wat hy moes inbreek, mishandel het. Dit het hom weer eens van die plaas laat dros om dié keer in Kaapstad te gaan kla.

Galant het egter nie Kaapstad bereik nie. Toe hy sien dat sy Hottentotagtervolgers hom sou inhaal, het hy besluit om eerder huiswaarts te keer en om vergifnis te vra. In die vier dae van sy afwesigheid het hy ook in besit van 'n geweer gekom wat van die Hottentot Andries Wildschut afge neem is. Hierdie Hottentot het diens verrig op Pieter van der Merwe se veepos, Laken(s)vall(e)y. Galant het verder beweer dat met sy aankoms hy die geweer aan sy eienaar oorhandig het, maar is nogtans vir sy drostery swaar gestraf.

Hy is beveel om op die grond te gaan lê waarna Willem van der Merwe hom 12 houe met 'n stok geslaan het. Die volgende oggend is hy weer gestraf, dié keer met osrieme.⁷⁸⁾

Galant het ook beweer dat Willem van der Merwe verantwoordelik was vir die dood van sy eenjaaroudkind, David. Volgens sy verklaring is sy seun vasgemaak aan 'n boom deur sy moeder Betje gevind met tekens wat van wrede mishandeling gespreek het. Op navraag het Betje verneem dat Elsje opdrag gegee het om die kind vas te maak, maar dat Willem die slaanwerk gedoen het. Galant het voorts verklaar dat die wonde van hierdie afranseling pas genees was toe Willem die kind weer geslaan het. Dit het ver van die huis geskied en 'n osriem is as strafwerktuig gebruik. Die gevolg hiervan was dat David teen die aand van dieselfde dag gesterf het. Geen lykskouing is gehou nie.

Ten tyde van sy kind se beweerde mishandeling het Galant hom in die Karoo bevind, waar hy osse van sy eienaar versamel het. Nadat Betje hom met sy terugkoms omtrent die gebeurte ingelig het, wou hy daaroor gaan kla, maar hy het later anders besluit toe sy hom ook meegedeel het dat hul eienaar vergifnis vir sy daad bepleit het.

Elsje van der Merwe het ook nie Galant se beskuldigings vrygespring nie. Hy het in die bresse getree vir die slavin, Lydia, vir wie Elsje na bewering ontlasting laat eet en urine laat drink het. Sy is ook met vasgemaakte hande en voete in 'n seekoeigat gegooi, waaruit sy eers gehaal is toe sy half dood was. Galant se derde beskuldiging teen Elsje

78. Ibid., pp. 212-216; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 13.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 10.3.1825); R. Ross: Cape Torments: Slavery and Resistance in South Africa, pp. 107-108; A. 79 Private Journaal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester, 27.6.1829, n.p.

was dat sy Lydia verskeie kere poedelnaak uitgetrek het en daarna die koue ingestuur het om brandhout te versamel.⁷⁹⁾ Die meriete van hierdie en ander beskuldigings word in hoofstuk 5 ondersoek.

Beplanning

Toe die algehele vrystelling van die slawe nie op die verwagte tyd 'n werklikheid word nie, het Galant begin planne beraam om dit deur middel van geweld te verkry.⁸⁰⁾ Teenoor Betje het hy opgemerk dat hy homself vry sal veg.⁸¹⁾ Hierdie uitspraak het gevolg na 'n mislukte aanslag op Willem van der Merwe se lewe aan die einde van 1824.

Galant en die ander oorblywende plaasarbeiders in Van der Merwe se diens het tydens oestyd 1824, dit wil sê in Desember van dié jaar, 'n plan beraam om hul meester te vermoor. Hulle wou hom uitlok om hulle te slaan wanneer hy hul op die oesland sou kom besoek. Wanneer hy dit sou doen, moes hy om die lewe gebring word.⁸²⁾

Om te verseker dat Van der Merwe die verwagte aksie sou uitvoer, sou hulle by hom kla oor die slegte voedsel wat

79. Ibid., pp. 216-217; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 20.4.1825 (Vervolg van de teregstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 10.3.1825).

80. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

81. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 27.4.1825 (Vervolg van de teregstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 16.3.1825).

82. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1442.

hulle van hom ontvang het. Hierdie plan het egter skipbreuk gely. Op hul beskuldiging het Van der Merwe hulle nie bestraf nie, maar net gesê dat hy nie beter voedsel kon voorsien nie, en weggeloop.⁸³⁾

Die volgende geleentheid vir plan maak het hom na die insameling van die oes voorgedoen. In hierdie tyd het Willem van der Merwe, vergesel van Galant en die Hottentotte, Isaac Thys en Isaac Rooy, by van sy vriende gaan kuier. Dit het aan Galant die geleentheid gebied om die arbeiders op die ander plase vir opstand oor te haal, byvoorbeeld in die geval van slawe-eienaars soos Willem van der Merwe se skoonvader, Jan Abraham du Plessis⁸⁴⁾ en P. Zwanepoel.⁸⁵⁾

Galant se plan was dat die plase aangeval en die eienaars vermoor word. Na besitname van die plase, moes die slawe na Kaapstad optrek. Indien dit nie dáár, of selfs binne die grense van die kolonie veilig sou wees nie, moes hulle na die Groot- of Oranjerivier uitwyk, waar met 'n aantal Basters verenig sou word.⁸⁶⁾ (Die Oranjerivier was dikwels die plek waarheen slawe en Hottentotte wat gedros het, hul begeef het. Die dwaling het ook bestaan dat wanneer dit bereik word daar op algehele vryheid aanspraak gemaak kon

83. Ibid., pp. 1442-1443; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 13.4.1825 (Vervolg van de teregtsstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 10.3.1825).

84. M.O.O.C. 7/1/95 Testamente, Algemene Reeks, 31.3.1817, Copy, No. 89, n.p.

85. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1443.

86. Ibid., p. 1446.

word, want slawe het geglo dat geen eienaar dit sou durf waag het om die grense van die kolonie oor te steek nie).⁸⁷⁾

Terug op Houd den Beck, het Galant sy propagandaveldtog voortgesit, en in die proses baie van die arbeiders van Willem van der Merwe vir sy plan oorgehaal. Hy het ook die samewerking verkry van die naburige plase se arbeiders.⁸⁸⁾

Op Sondag, 30 Januarie 1825, het Barend van der Merwe van sy skoonmoeder, die weduwee Hugo, se plaas Koelefontein, op Houd den Beck aangekom⁸⁹⁾. Saam met hom was sy slaaf, Abel, wat vir die nag ook op Houd den Beck oorgeslaap het.⁹⁰⁾

Gedurende die nag het Galant vir Abel omtrent sy plan ingelig, waarna laasgenoemde onderneem het om die plaas-arbeiders van sy eienaar daarvoor op te stook. Verder is daar maniere bespreek hoe om gewere in die hande te kry om die plan ten uitvoer te bring.⁹¹⁾ Betje is by 'n latere geleentheid deur Galant genader om behulpsaam te wees in die verkryging van hul eienaar se gewere, maar sy het

87. G. Thompson: Travels and Adventures in Southern Africa, p. 293; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden by den Heemraad Jan Harmse Nieuwoudt Janszoon ..., 12.10.1824, J.H. Nieuwoudt, J. van Lil, No. 10, pp. 390, 394, 396.

88. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1446-1447.

89. J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p., C.C. de Villiers: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families I, p. 339.

90. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 3 en die bladsy teenoor.

91. Ibid., p. 3.

geweier. Betje het trouens vir Willem van der Merwe gaan waarsku omtrent haar man se planne, maar hy het nie ag daarop geslaan nie omdat hy nie so iets van Galant verwag het nie.⁹²⁾ Galant se ander houvrou, die 25-jarige slavin Pamela,⁹³⁾ wou in hierdie opsig van hulp wees. As een van die huisbediendes⁹⁴⁾ in die Van der Merwes se huishouding, het sy kort voor die opstand 'n geleentheid gesoek om die gewere van haar eienaar te steel.⁹⁵⁾

Die tydstop waarop die moordplan uitgevoer moes word, is gestel op die nag tussen die 1ste en 2de Februarie 1825. Op die Dinsdagaand, 1 Februarie, het Abel na Houd den Beck gegaan. Dáár het hy Galant in sy pondok aangetref. Saam met hom was Isaac Rooy, Isaac Thys en Hendrik.⁹⁶⁾ Laasgenoemde was 'n Hottentot in diens van Johannes (Jan) Dalree, 'n Italiaansgebore kleremaker wat op Houd den Beck gewoon

92. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Relateerde de Hottentottin Betje in dienst van wylen Willem Nicolaas van der Merwe ..., 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 8, p. 1393; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 11.

93. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh, J.C. Fleck, Gecommitteerde Leden uit den Edele Achtbaaren Rade van Justitie ..., 25.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 15, p. 1075.

94. Ibid.

95. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 27.4.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokkeweldsche Moordenaren, 15.3.1825).

96. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1450-1451.

het.⁹⁷⁾ Hendrik het toevallig dié aand 'n perd van sy eienaar daar kom haal. Almal was in gereedheid. Abel het Galant meegedeel dat hy met sy eienaar se plaasarbeiders gepraat het en dat hulle bereid was om aan die moordplan mee te doen.⁹⁸⁾

Met Galant as selfaangestelde kaptein en Abel as die korpuraal, is daar begin om die moordplan in werking te stel.⁹⁹⁾ Die perde is uit die stal van Willem van der Merwe gesteel en Galant, Abel, Isaac Rooy, Isaac Thys en Hendrik het daarna na die plaas van Barend van der Merwe aan die Rietrivier gery.¹⁰⁰⁾ Dit is moeilik om te verklaar waarom Galant-hulle nie éérs vir Willem van der Merwe aangeval het nie, siende dat almal immers op Houd den Beck was. Na alle waarskynlikheid het Willem in die aande die deure van sy huis gesluit

-
97. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor, Sir J.A. Truter, Chief Justice, and Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 14.3.1825), p. 188; The South African Cronicle and Mercantile Advertiser, 4.5.1825 (Vervolg van de teregtstelling der Bokkeveldsche Moordenaren, 18.3.1825).
98. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
99. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1451-1452.
100. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 16.3.1825), p. 261.

wat Galant en sy volgelinge laat besluit het om liewers tot dagbreek toe te wag. Dan het hulle geweet, soos dit later sou blyk, sou Willem sy huis verlaat om na sy vee in die kraal te gaan kyk. Met 'n deur wat dan moontlik nie meer gesluit sou wees nie, het dit 'n geleentheid gebied om die huis binne te storm. As voorsorgmaatreël het Galant voor sy vertrek na Barend vir Betje laat vasbind sodat sy, wat kennis van alles gedra het, dit nie aan Willem openbaar kon maak nie.¹⁰¹⁾

Die plaas van Barend van der Merwe is omstreeks tienuur die nag bereik.¹⁰²⁾ 'n Entjie van die plaaswerf het die same-sweerders van die perde afgeklim. Hulle is in die sorg van Isaac Rooy gelaat terwyl Galant, Abel, Isaac Thys en Hendrik die plaaswerf verder te voet genader het.¹⁰³⁾

Op die werf het hulle Klaas, een van Barend se slawe, aangetref. Hy was besig om in opdrag van sy eienaar die skape wat dié nag toevallig uit die kraal gebreek het, weer in te jaag. Terwyl Klaas dié taak verrig het, het Barend op die stoep van sy woonhuis gestaan.¹⁰⁴⁾

Intussen het die honde van die plaas begin om aanhoudend te blaf. Barend het Klaas na die rede daarvan gevra, maar hy

101. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Relateerde de Hottentottin Betje in dienst van wylen Nicolaas van der Merwe ..., 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 8, p. 1394.

102. *Ibid.*: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., p. 1242.

103. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

104. *Ibid.*; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh and J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edelen Achtbaren Raad van Justitie ..., 24.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, en J.F. Jurgens, No. 14, p. 1026.

het sy eienaar verseker dat daar niks verkeerd was nie. Hierna het Abel, wat ewe onskuldig vir Klaas gehelp het om die skape in die kraal te kry, hom by Galant agter die kraal gaan versteek.¹⁰⁵⁾

Om hom eerder self van die rede vir die aanhoudende geblaf van die honde te vergewis, het Barend stal toe gestap. Hier het hy Klaas, Isaac Thys en Hendrik aangetref wat op sy vraag nie kon verklaar wat hulle daar gesoek het nie.¹⁰⁶⁾

Onderwyl Barend met die aanwesiges by die stal gepraat het, het Galant en Abel na die agterkant van die woonhuis beweeg. Kort daarna het Barend ook daarheen beweeg omdat hy hom verder wou vergewis van die stand van sake op sy werf. Dit het gemaak dat Galant en Abel om die woonhuis na sy voorkant beweeg het vanwaar hulle die huis stormgeloop het. In die slaapkamer, waar Barend se vrou, Hester Johanna (née Hugo),¹⁰⁷⁾ haar in die bed bevind het, het hulle twee gelaaide gewere, twee bandeliers met hael en 'n kruithoring met kruit buitgemaak. Hester het nie geprobeer om Galant en Abel hierin teen te staan nie wat meegebring het dat hulle haar ongemolesteer gelaat het. Buiten dit wat gebuit is, het Abel ook nog ses koeëls in sy besit gehad wat hy as skut van die plaas by geleentheid van sy eienaar bekom het.¹⁰⁸⁾

105. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in sake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

106. Ibid.

107. J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.

108. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden voor de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Ed. Achtb. Raad van Justitie ..., 13.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, en J.F. Jurgens, No. 13, p. 1015; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in sake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 4 en die bladsy teenoor.

Hierna het Galant en Abel die buit verdeel onder die opstandelinge, onder wie Klaas nou ook getel het.¹⁰⁹⁾

Nadat Galant en Abel die huis verlaat het, het Hester uit haar bed gespring en haar na buite gehaas. In die maanlig het sy Galant en Abel met die gebuite gewere in hul hande herken. Sy het na haar man geskreeu om hom te waarsku. In dieselfde asem het sy by hulle gepleit om haar lewe te spaar.¹¹⁰⁾

Dit het nie lank geduur voordat Barend onder skoot gekom het nie. Abel het hom in die regterhak getref en hy het neergeval. Nogtans het hy daarin geslaag om op te staan om saam met sy vrou die huis in te vlug.¹¹¹⁾ Omdat Barend die deur van die huis agter hom gesluit het, was alle toegang daartoe versper. Isaac Thys het met klippe teen die voordeur geslaan, maar kon dit nie oopkry nie.¹¹²⁾ Op sy beurt het Galant 'n skoot deur een van die vensters geskiet, en Abel

109. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyne Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1452.

110. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 4.

111. Ibid.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1452.

112. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edelen Achtbaren Raad van Justitie ..., 24.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 14, pp. 1027-1028.

wat ook nie op hom laat wag het nie, het 'n skoot by die agterdeur van die huis afgevuur.¹¹³⁾

Toe Abel nie meer by die agterdeur te sien was nie, het Barend dit as 'n goeie geleentheid beskou om daaruit te ontvlug. In hierdie stadium het hy hom oor sy eie veiligheid bekommer, en sy vrou en hul twee kinders, die slavin Jannetje, en die Hottentotvrou Stein met haar kind, aan hulle eie lot oorgelaat.¹¹⁴⁾ In sy vlug is daar weer na Barend geskiet, maar hy is nie getref nie. Met die kweperheining as skuiling, het hy daarin geslaag om die berge te bereik, waar hy hom in 'n klipkrans versteek het.¹¹⁵⁾

Hester wat nou nie meer op die hulp van haar man kon staatmaak nie, het saam met Jannetje, Stein en die kinders vir 'n oomblik radeloos op die stoep van hul woonhuis bly staan en het nie geweet waarheen om te gaan nie. Toe hulle Klaas gewaar, het hulle hom om hulp genader, maar hy wou nie help nie. Galant het gedreig om Hester te skiet, en hy sou dit ook gedoen het indien dit nie vir Jannetje en Stein was wat vir hul eienares tussenbeide getree het nie.¹¹⁶⁾

Hierna het Galant en sy handlangers hulle uit die voete gemaak. Die slaaf Goliath, wat nie deel van die komplot gevorm het nie, het toe vir Hester, Jannetje, Stein en die

113. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

114. Ibid.

115. Ibid.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1452-1453.

116. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

kinders in hul uur van nood gehelp.¹¹⁷⁾ Hy het hulle na Pieter van der Merwe se veepos geneem, waarvan sy slaaf, Mozes, die opsigter was.¹¹⁸⁾

Vanaf die plaas van Barend van der Merwe het Galant, Abel, Isaac Rooy, Isaac Thys, Hendrik en Klaas gewapen verder gery. Hulle het besluit om eers Jan Dalree te vermoor. Hy het op 'n erf gewoon,¹¹⁹⁾ ongeveer 'n halfuur se stap vanaf Houd den Beck.¹²⁰⁾

Die opstandelinge het later egter besluit om hierdie plan te laat vaar. Die rede hiervoor was dat hulle bang was dat Willem van der Merwe moontlik die skote sou hoor wat by Dalree afgevuur kon word. Dit sou hom op sy hoede stel en hom 'n geleentheid bied om vir sy verdediging voor te berei.¹²¹⁾ Nietemin het hulle in die verbygaan by Dalree se plek aangedoen. Daar is navraag gedoen oor Petrus Josephus

117. Ibid., C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1453.

118. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 5.

119. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1454.

120. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 8.2.1825, No. 20, n.p.

121. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1454.

de Campher, 'n blanke kneg in diens van Dalree¹²²⁾ en die Hottentot Platje Pas. Die opstandelinge wou hulle ook by die komplot betrek. Nadat verneem is dat geeneen van die twee tuis was nie, is die reis na Houd den Beck voortgesit.¹²³⁾

Hulle het dié plaas omstreeks twaalfuur die nag bereik, afgesaal en die perde versorg. Daarna het almal na die pondok van Galant afgesit waar Betje nog vasgebind aangetref is. Galant het haar losgemaak.¹²⁴⁾ In hierdie tyd het die ander arbeiders op die plaas, die slawe Achilles en Ontong en die Hottentotte, Valentyn en Vlak, hulle ook by Galant en sy makkers gevoeg.¹²⁵⁾

Terwyl daar geëet is aan 'n skaap wat van Willem van der Merwe geslag is, het hulle beraadslaag oor hoe hulle hul plan die beste kon uitvoer.¹²⁶⁾ Daar is ooreengekom om tot dagbreek te wag en tot aksie oor te gaan wanneer Van der Merwe volgens gewoonte sy woonhuis sou verlaat om na sy vee in die kraal te gaan. Aan elke opstandeling is 'n plek toegewys waar hy stelling moes inneem. Galant, Abel, Isaac

122. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 30.3.1825 (Verbaal, gehouden by den Heer mr. W. Hiddingh, gecommitteerd Lid uit den Ed. Actbaren Raad van Justitie, op Donderdag den 10 Maart 1825, 10.3.1825); W.O.C. 19/35 Klagtes, Rapporte, en Memos., 16.2.1825, ongeno., p. 144.

123. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denysen R.O., 10.3.1825, D. Denysen, No. 8, pp. 1454-1455.

124. Ibid., p. 1456.

125. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denysen, R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

126. Ibid.

Thys en Klaas sou hulle onder die perskebome wat voor die woonhuis gestaan het, versteek. Isaac Rooy, Achilles en Ontong sou by die veekraal gaan stelling inneem. Hendrik moes by die perdestal sy plek gaan inneem, terwyl die 16-jarige Valentyn die perde moes oppas.¹²⁷⁾ Vlak, wat die jongste van almal was,¹²⁸⁾ moes op die uitkyk wees vir 'n kommando, sodat hulle nie onverwags oorval word nie.¹²⁹⁾

Na die toewysing van poste en nadat almal klaar aan die skaapvleis geëet het, het sommige gaan rus, terwyl die ander om die vuur gebly sit en gewag het vir dagbreek sodat daar tot aksie oorgegaan kon word.¹³⁰⁾

127. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh, J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edele Actbaaren Rade van Justitie ..., 25.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 15, p. 1073.

128. Ibid., p. 1074.

129. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berangé, ongeno., n.p.

130. Ibid.

HOOFSTUK 5DIE SLAWEOPSTAND VAN 1825: VERLOOP EN GEVOLGE

Toe die dag van Woensdag, 2 Februarie 1825 breek, is die rus van die bewoners van die huis en sy buitekamer op Houd den Beck wreed versteur. In die huis was Willem van der Merwe, Elsje en hul kinders, die slavin Pamela en 'n onbekende blanke persoon, ene Johannes Hendrik Janse van Rensburg wat moontlik as 'n gas die vorige nag daar deurgebring het. In 'n buitekamer was 'n blanke gesin wat bestaan het uit Johannes Marthinus Verlee, sy jeugdige vrou Martha Elizabeth (née Swanepoel),¹⁾ en hul jonggebore kind. Verlee het vroeër in Kaapstad gewoon en het hom eers in Oktober 1823 in die distrik van Worcester gevestig.²⁾ Hy het as skoolmeester by die Van der Merwes opgetree, en het slegs twee dae voor die opstand op Houd den Beck aangekom.³⁾

Soos beplan, het die opstandelinge met dagbreek hulle onderskeie stellings ingeneem. Willem van der Merwe, vergesel van Janse van Rensburg het soos te wagte kort daarna hul verskyning by die voordeur van die woonhuis gemaak.⁴⁾ Beide het in die rigting van die skaapkraal begin loop. Toe dié

1. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.H. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 288.
2. W.O.C. 15/103 Attestatien, Oktober 1823, ongeno., n.p.
3. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
4. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Relateerde Elsje Cecilia du Plessis, weduwe Willem Nicolaas van der Merwe ..., 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 7, p. 997.

twee naby daaraan was, het Galant, Abel, Isaac Thys en Klaas hul skuilplek verlaat en die huis binnegestorm.⁵⁾

Galant en Abel het hul dadelik na die slaapkamer begeef, waar Willem van der Merwe sy twee gewere op 'n rak langs die muur geberg het. Elkeen het vir hom 'n geweer geneem, waarop Elsje dadelik uit haar bed gespring het. Sy het met elke hand 'n geweer gegryp, maar Galant het haar oorweldig en sy geweer aan Isaac Thys en Klaas wat buite die slaapkamer gewag het, gegee.⁶⁾

'n Worsteling om die tweede geweer het tussen Abel en Elsje ontstaan. Dit het later tot in die kombuis gevorder, waar Galant sy geweer met hael gelaai en op Elsje losgetrek het. Dit het 'n gevaarlike wond met 'n deursnee van ongeveer 20 cm. en tot 5 cm. diep⁷⁾ aan die boonste deel van haar linkerdy, naby die heup, veroorsaak. Sy het geval en was verplig om die geweer, wat sy uiteindelik in besit gekry het, te los. Galant het dit opgetel en hom saam met die ander boosdoeners na buite begeef.⁸⁾

By die hoor van die skoot, het Verlee sy buitekamer verlaat en na die opstal van die Van der Merwes geloop om ondersoek te gaan instel. Binne die huis het hy die gewonde Elsje aangetref, waarna hy in aller yl na sy woonplek teruggekeer

5. Ibid.: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1458.

6. Ibid., pp. 1459-1460.

7. Ibid., 5.2.1825, Copy, H.H. Gird, No. 6, p. 993.

8. Ibid.: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh and J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edelen Achtbaren Raad van Justitie ..., 24.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, J.F. Jurgens, No. 14, p. 1039, Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1460-1461.

het om sy vrou die nuus mee te deel. Onmiddellik weer het hulle twee na die woonhuis gegaan om bystand aan Elsje te verleen.⁹⁾ Die Verlees is bygestaan deur Betje wat net na Galant-hulle se binnestorm van die huis, ook ingegaan het.¹⁰⁾

Terwyl bystand aan die gewonde Elsje verleen is, het al die ander opstandelinge aan die buitekant van die woonhuis om Galant saamgedrom. Hy het een van die gewere aan Klaas gegee, en die ander een, waarvan die slot ontbreek het, aan Ontong oorhandig. Laasgenoemde het ook 'n kiere in sy besit gehad¹¹⁾. Isaac Thys het 'n sabel besit wat hy in die huis van Barend van der Merwe gesteel het. Achilles was met 'n assegaai bewapen. Op hierdie stadium het die opstandelinge reeds oor 'n hoeveelheid kruit en koeëls beskik. Daarby het hulle ook nog oor 'n hoeveelheid lood beskik. Deurdat Galant besit gehad het van 'n koeëlvorm wat die slaaf, Adonis, van sy eienaar, Jan Abraham du Plessis, gesteel het, kon die opstandelinge hul eie koeëls van dié lood maak.¹²⁾

Toe die eerste skoot knal, het Willem van der Merwe en Janse van Rensburg hulle na die woonhuis gehaas om uit te vind wat

-
9. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
 10. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1476.
 11. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
 12. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1440, 1461-1462.

gaande was. Op pad daarheen het Abel op Van der Merwe aangê en hom in die linkerarm of -skouer getref. Albei het egter daarin geslaag om die huis te bereik.¹³⁾

Hierna het 'n kort tydjie verloop waartydens die opstandelinge voorbereidings getref het om die huis storm te loop. In hierdie tyd het Janse van Rensburg sy kans waargeneem om uit die huis te ontsnap. Hy het op 'n perd gespring en na Dalree gejaag,¹⁴⁾ waarskynlik om hulp te ontbied.¹⁵⁾ Abel, Isaac Rooy en Isaac Thys het hom agternagesit. Abel, wat 'n goeie perd gery het, het Janse van Rensburg gou ingehaal en hom weer na die huis gedwing.¹⁶⁾ Naby die huis het Van der Merwe op die geskreeu van Janse van Rensburg die voordeur oopgemaak, waarop laasgenoemde met perd en al die huis ingery het. Die voordeur is hierna gesluit wat elke toegang

-
13. Ibid., pp. 1463-1464; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
14. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1464.
15. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
16. Ibid.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1465.

tot die huis afgesluit het.¹⁷⁾ Na hierdie gebeure het Willem vir sy gewonde vrou in hul kamer gaan bid.¹⁸⁾

Hierna het die opstandelinge die huis omsingel. In 'n poging om Willem van der Merwe na buite te lok, het die boosdoeners deur 'n uitroep te kenne gegee dat hul die plaas gaan verlaat. Dit was onsuksesvol,¹⁹⁾ soos ook Isaac Thys se poging om toegang tot die huis te verkry deur een van die vensterrame te breek. Galant het ongeduldig begin raak en wou by meer as een geleentheid die woonhuis aan die brand steek. Achilles en Ontong het hom hiervan weerhou omdat die vrouens en kinders ook sou omkom.²⁰⁾ Kort hierna het Willem van der Merwe deur 'n venster geloer. Abel het hom gesien en geskiet, maar die skoot het Van der Merwe se kop net skrams geraak.²¹⁾

-
17. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
 18. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 288.
 19. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
 20. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh, J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edele Achtbaaren Rade van Justitie ..., 25.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, J.F. Jurgens, No. 15, p. 1071, Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1446-1447.
 21. Ibid.: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1467.

Dit wil voorkom of Willem van der Merwe oortuig daarvan was dat sy invloed sterk genoeg was om die opstandelinge tot bedaring te bring. Hy het die voordeur van sy huis (suidekant) op 'n skrefie oopgemaak en aan Abel gevra waarom hulle hom so behandel en daarby gevoeg dat hulle die perde en gewere maar kon hou, maar sy lewe moet spaar.²²⁾ Dit het Abel 'n oomblik laat weifel, maar Galant het hom met 'n vloek beveel om te skiet, wat aan Van der Merwe die kans gegun het om weer die deur toe te maak.²³⁾ Hierna is hy na Elsje om weer vir haar te bid.²⁴⁾

Intussen het Galant só posisie ingeneem dat hy die deur onder skoot gehad het. Toe Willem weer sy voordeur oopmaak, het Galant hom met 'n kopskoot getref.²⁵⁾ Hy het onmiddellik dood in die deur neergeval. Verlee het die lyk na binne gesleep, en die deur gesluit.²⁶⁾

22. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
23. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1467-1468.
24. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 288.W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 7.
25. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1468.
26. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

Galant en Abel, gevolg deur Isaac Rooy, Isaac Thys, Hendrik, Klaas, Achilles en Ontong het hierna die huis deur die agterdeur (noordekant) binnegedring, maar hulle kon niemand onmiddellik vind nie omdat die bewoners van die huis hul versteek het.²⁷⁾ Die gewonde Elsje het in die kombuis se bakoond weggekruip. Janse van Rensburg het hom in die vuurherd gaan versteek. Verlee het in 'n ander gedeelte van die huis geskuil. Sy vrou, hul kind en die Van der Merwekinders het hulle op die soldertjie bokant die kombuis gaan versteek.²⁸⁾

Steeds soekende na die bewoners van die huis het die bende vervolgens buite om die huis na die kombuis gegaan.²⁹⁾ Van buite af het Galant met 'n koevoet 'n gat in die bakoond gebreek, waarna almal tegelyk daarin geskiet het. Dit het veroorsaak dat Elsje uit die bakoond geval en onder 'n hoop kluite te lande gekom het. Uit hierdie benarde posisie het Janse van Rensburg haar ternouernood gered.³⁰⁾

27. Ibid.

28. C.O. 3949 Memorials Received IV: P.J. Swanepoel, 26.8.1827 (enclosure to J.B. Hoffman (for Widow J.M. Verlee) - L. Cole, 2.2.1830, No. 272, n.p.); W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, D.F. Berrangé, 21.3.1825, ongeno., n.p.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Relateerde Elsje Cecilia du Plessis weduwe Willem Nicolaas van der Merwe ..., 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 7, p. 998.

29. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1469.

30. Ibid., pp. 1469-1470; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

Op daardie oomblik het Galant die kombuisdeur (oostekant) met sy koevoet oopgebreek en met sy volgeling binnegestorm. Toe Janse van Rensburg sien dat sy lewe bedreig word, het hy die moordenaars gesmeek om hom nie dood te maak nie. Abel het hom geantwoord dat geen Christen vergifnis moes ontvang nie, want die gerug was dat die slawe met Nuwejaar vry sou wees. Omdat dit nie gebeur het nie, moes die vryheid daarom deur hulself bewerkstellig word. Sonder om te aarsel, het hy sy geweer op Janse van Rensburg gerig en hom met 'n skoot in die bors getref, wat hom onmiddellik dood laat neerslaan het.³¹⁾

Die volgende slagoffer was Verlee wat toe op die toneel verskyn het. Galant het hom 'n skoot in die linkerarm geskiet waarna hy opsetlik geval het sodat die opstandelinge kon dink dat hy dood was.³²⁾ Dit het aan Galant en sy makkers tyd gegun om in die kombuis en elders rond te snuffel, waarop hulle nog 'n handvol lood en kruit asook twee pistole gevind het.³³⁾ Intussen het Klaas opgemerk dat Verlee nog lewe, waarop Abel nog 'n skoot op hom gevuur het. Hoewel hy weer gewond is, het Verlee nog geleef. Hierna het Galant een van die gelaaide pistole aan Isaac Rooy oor-

31. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1470-1471.

32. *Ibid.*, pp. 1471-1472; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

33. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1472.

handig, en hom beveel om Verlee dood te skiet, wat Isaac Rooy dan ook gedoen het.³⁴⁾

Terwyl dié gebeure aan die gang was, het Elsje onder 'n tafel in die voorhuis gaan wegkruip. Hier is sy deur Abel en Galant gevind. Sy het gehoor dat Galant aan Abel opdrag gegee het om haar te skiet waarop sy onder die tafel uitgekrom en Galant gesmeek het om haar lewe te spaar. Hy het haar geantwoord dat daar ook vir haar geen begenadiging kon wees nie, en het die geweer na haar bors gerig. Sy het dit weggedruk en hom weer om haar lewe gesmeek. Ten einde laaste het Galant van sy voorneme afgesien. Hy het sy eienares toegelaat om na haar kamer te gaan en die deur toe te maak.³⁵⁾

Vervolgens het Galant, vergesel van sy medepligtiges, na buite gegaan, maar na 'n rukkie weer teruggekeer. In hierdie tyd het Elsje vanuit haar kamer ontsnap en haar by Martha Verlee en die kinders op die soldertjie aangesluit.³⁶⁾

Tot dusver was die slavin Pamela, wat uit gewoonte elke aand in die woonhuis geslaap het, deurentyd bewus van die gebeure wat om haar afgespeel het. Sy het egter niks gedoen om hulp aan enige van die twee kante te verleen nie. Eers nadat Elsje na die solder gevlug het, het Pamela na Galant se pondok gegaan waar sy Betje van die gebeure in die woonhuis

34. Ibid.; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

35. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1473-1475.

36. Ibid., p. 1475.

vertel het. Dit het laasgenoemde laat besluit om self na die woonhuis te gaan om ondersoek te gaan instel.³⁷⁾

Met haar aankoms in die kombuis, het sy Galant, Isaac Thys en Klaas daar aangetref. Galant het aan Klaas opdrag gegee om te gaan kyk of Elsje en haar kinders hul nie op die solder bevind het nie. Betje het tussenbeide gekom en Galant gesmeek om Elsje met rus te laat. Omdat sy vir haar eienares durf pleit het, het Galant gedreig om haar dood te skiet, maar Klaas het hom daarvan laat afsien. Klaas het hierop na die solder gegaan waar hy die swaar gewonde Elsje aangetref het. Hy het haar probeer gerusstel deur te sê dat sy nie vir haar lewe hoef te vrees nie.³⁸⁾

Klaas was ook waarskynlik daarvoor verantwoordelik dat die lewens van Martha Verlee, vir wie Galant met 'n sambok geslaan het, en haar kind gespaar gebly het.³⁹⁾

Hierna het Galant gedreig om die kinders van Elsje te skiet, maar Klaas het ook dit verhoed. Isaac Thys het egter nie geaarsel om die kinders met sy sabel te dreig en te slaan nie.⁴⁰⁾

37. Ibid., pp. 1475-1477, Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh, J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edele Achtbaaren Rade van Justitie ..., 25.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, J.F. Jurgens, No. 15, p. 1075.

38. Ibid.: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1477-1479.

39. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

40. Ibid., C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1479-1480.

Teen hierdie tyd het Galant van vertroue oorgeloop en hy het ten aanhoor van sy eienares verklaar: "Witkop heb ik reeds, maar nu moet ik nog Isaak van der Merwe en Jan Abraham du Plessis hebben. Myn geweer is goed, en ik ben ook goed".⁴¹⁾

Vir oulaas, voordat hy die woonhuis van sy vermoorde eienaar verlaat het, het Galant nog 'n laai van 'n tafel oopgebreek. Hieruit het hy die vermiste slot van die een geweer gehaal. Nadat hy dit op die betrokke geweer vasgeskroef het, het hy dit aan Hendrik oorhandig. Alle opstandelinge het eers van die wyn in die huis gedrink voordat Galant, Abel, Isaac Rooy, Isaac Thys, Hendrik en Klaas Houd den Beck verlaat het. Valentyn, Vlak en Pamela het na die vertrek van die ander in die berge gaan skuil waar Galant hulle weer later op 'n afgesproke tyd en plek sou ontmoet. Achilles en Ontong het op die plaas agtergebly.⁴²⁾

Op bevel van Galant het Valentyn die perde na die woonhuis van Houd den Beck gebring. Hiervandaan het die ses stuks na die woning van Dalree vertrek. Gewapen met die vier gesteelde gewere en twee pistole was hul van voorneme om Dalree om die lewe te bring. Hulle kon hom egter nie vind nie. Op die waarskuwing van 'n Hottentotvrou⁴³⁾ en Barend van der Merwe het Dalree en sy vrou die

41. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1479.

42. Ibid., pp. 1480-1482.

43. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.H. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 296.

berge ingevlug.⁴⁴⁾ Barend het die oggend van 2 Februarie sy skuilplek in die berge verlaat. Steeds geklee in sy onderbroek en hemp is hy vandaar te perd na Dalree om hom omtrent die gebeure van die vorige nag te vertel. By Dalree se woning het hy 'n 34-jarige Pruisies gebore skoolmeester, William Pearson, aangetref. Daar is beraadslaag oor die beste moontlike manier waarop die omgewing se mense omtrent die komplot ingelig kon word. Pearson het uiteindelik met die nuus na Isaac van der Merwe gegaan. By ontvangs daarvan het Isaac 'n Hottentot in sy diens te perd na Willem Francois du Toit gestuur.⁴⁵⁾ Laasgenoemde het sedert Maart 1824 as veldkornet van die Koue Bokkeveld opgetree⁴⁶⁾ en het op die plaas Wagendrift gewoon.⁴⁷⁾

Toe die opstandelinge nie vir Dalree tuis kon vind nie, is besluit om vir 'n tweede keer na Barend van der Merwe se plaas te ry met die doel om hom dood te maak as hy intussen na sy huis teruggekeer het.⁴⁸⁾

-
44. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.
45. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: William Pearson statement, 6.2.1825, P. Poggenpoel, No. 10, pp. 1404-1406; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; C.J. 272 Kriminele Kladresolusies: Verbaal gehouden voor de Heer F.R. Bresler gecommiteerd lid uit den Ed. Achtbaren Raad van Justitie deezes Gouvernements wegens de Conspiratie in 't Bokkeveld, 19.3.1825, No. 20, n.p.
46. W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 5.4.1824, n.p.
47. J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.
48. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. . . ., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1482.

In sy soeke na sy vrou was Barend wel vir 'n wyle weer op sy plaas toe hy van Dalree af teruggekeer het. Vanaf sy plaas het hy sy reis voortgesit na Isaac van der Merwe se plaas, Moddervallei.⁴⁹⁾

Alhoewel hulle geen spoor van Barend op sy plaas kon vind nie, het Galant en die vyf ander die twee Hottentotte Admiraal Slinger en Andries Wildschut, asook die slaaf Mozes, gewapen dáár aangetref. Diegene het almal in diens van Barend se pa, Pieter van der Merwe, senior, gestaan, wie se veepos gegrens het aan die van sy seun se eiendom. Barend se vrou het ook die nag vantevore na hierdie veepos van haar skoonvader gevlug, en blykbaar het sy Admiraal Slinger, Andries Wildschut en Mozes gestuur om haar man by te staan.⁵⁰⁾

Die getalsterkte van Galant se bende het genoemde drie beweeg om hul aan die kant van die opstandelinge te skaar, maar dit wil tog voorkom of hulle lojaal aan hul eienares gebly het. Nadat almal eers aan die huis van Barend van der Merwe van sy brandewyn gedrink het, het Mozes tevergeefs

-
49. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.
50. W.O.C. 13/15 Briewe ontvang van Veldkornette: Jooste - Winterbach, 18.4.1822, ongeno., n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.H. Truter and Court Members, 16.3.1825), p. 267; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1483.

probeer ontsnap.⁵¹⁾ Hierna het almal na die veepos van Pieter van der Merwe vertrek. Op pad daarheen het Admiraal Slinger 'n skoot afgetrek om Barend van der Merwe se vrou, wat haar nog altyd by die veepos bevind het, te waarsku.⁵²⁾

Nadat Du Toit omtrent die opstand verwittig is, het hy onmiddellik 'n kommando van tien man op die been gebring. Naby Isaac van der Merwe se plaas Moddervallei, het Barend by die kommando aangesluit. Almal was te perd en gewapen.⁵³⁾

Die kommando het heel eerste na Houd den Beck gery. Benevens die oorskotte van Willem van der Merwe, Janse van Rensburg en Verlee, is Betje, Achilles, Ontong, asook Elsje in die plaashuis aangetref. Betje en dié twee slawe is later saam met die gewonde Elsje onder begeleiding van twee kommandoede na Moddervallei geneem. Die lyke is twee dae later begrawe.⁵⁴⁾

Vanaf Houd den Beck is koers gekies na die plaas van Barend van der Merwe. Op pad daarheen het die kommando die opstandelinge opgemerk.⁵⁵⁾

Galant was heel eerste om die kommando met sy perd en geweer tegemoet te ry. Om sy hoed was 'n rooi vlag gebind – die eertydse teken dat daar tot die aanval oorgegaan word. Hy

51. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1484.

52. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 9.

53. Ibid.

54. Ibid., p. 10.

55. Ibid.

het die eerste skoot na die kommando gevuur, waarna skote van weerskante af geval het. Geeneen is egter getref nie. Van agter 'n klip het Klaas op die kommando aangelê, maar hy is deur Admiraal Slinger verhoed om te skiet.⁵⁶⁾ Laasgenoemde, Andries Wildschut en Mozes het hulle aan die kant van die kommando geskaar toe die eerste skote begin val het.⁵⁷⁾

Kort hierna het die bende op die vlug geslaan. Die kommando het hulle agtervolg tot by die veepos waarheen Barend se vrou gevlug het. Hier is die aangeklamde Hendrik, wat van sy perd afgeval het, en Klaas gevange geneem.⁵⁸⁾ Dieselfde aand nog is Isaac Rooy deur Pieter van der Merwe se arbeiders vang. Veldkornet du Toit het terselfdertyd opdrag gegee dat die soektog na die voortvlugtiges Galant, Abel, en Isaac Thys onverpoos moes voortduur.⁵⁹⁾

Die kommando het ook in die loop van daardie dag Barend van der Merwe se vrou, die slavin Jannetje, die Hottentotvrou Stein, die kinders en Goliath na Isaac van der Merwe se plaas geneem.⁶⁰⁾

56. Ibid.

57. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 10.3.1825), p. 224.

58. Ibid., 15.3.1825, p. 260; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.

59. Ibid.

60. Ibid.

Die volgende dag (3 Februarie), is Valentyn en Vlak gevange geneem. Pamela, wat saam met hulle in die berge weggekruipt het, is eers ses dae later in die hande gekry.⁶¹⁾

Op die aand van 4 Februarie is die gewapende Abel deur 'n slaaf wat as veewagter diens gedoen het, in die Agterste omtrek van die Koue Bokkeveld gevange geneem. Met sy gevangeneneming het Abel erken dat hy van voorneme was om na Matjesfontein te gaan. Hierdie plaas het aan Rasmus van der Merwe behoort en Abel sou hom daar aan die hoof van die arbeiders stel wat ook by die komplot betrokke was. Daarna sou verdere moorde gepleeg word. Op dié manier sou ook die Warm Bokkeveld aan die beurt kom. In hierdie veldkornetskap was slegs oumense op die plase omdat al die ander op die kommando was.⁶²⁾

Na Abel se gevangeneneming het 'n tydperk van tien dae verloop alvorens Galant en Isaac Thys gevange geneem is.⁶³⁾ By geleentheid is dié twee tussen Houd den Beck en Moddervallei opgemerk, maar die kommando kon hulle nie vaspen nie. Hierna is die twee gedurende die nag van 12 Februarie op die plaaswerf van J.A. du Plessis gehoor. Ook hier kon die

61. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 15.3.1825), p. 257.

62. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., n.p.; C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, p. 1487; African Court Calendar and Directory, for 1825, p. 57.

63. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Du Toit - Trappes, 14.2.1825, No. 48, n.p.

kommando wat nog onverpoos op hul spoor gebly het, nie daarin slaag om die twee skuldiges te vang nie.⁶⁴⁾

Die bewegings van Galant en Isaac Thys het die inwoners van die omgewing verontrus.⁶⁵⁾ Van regeringskant is 'n beloning van 1 000 riksdalders uitgelooft aan enige persoon wat Galant of Isaac Thys sou uitlewer, dit wil sê indien albei nog teen 22 Februarie op vrye voet was.⁶⁶⁾ Op aanbeveling van Trappes,⁶⁷⁾ is 'n beskrywing van die twee in die staatskoerant geplaas.⁶⁸⁾

Op 14 Februarie is Galant en Isaac Thys deur 'n aantal Hottentotte in die Schurftberg tussen die plase van Jan du

64. Ibid., 13.2.1825, No. 49, n.p.; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 15.3.1825), p. 258.

65. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Lind, 19.2.1825, No. 3431, n.p., Trappes - Denysen, 20.2.1825, No. 3433, n.p.

66. C.O. 4852 Letters Despatched, General: Plasket - Trappes, 22.2.1825, n.n., p. 332.

67. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 8.2.1825, No. 20, n.p.

68. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 12.2.1825 (Advertisement, 11.2.1825); Sien skets van Galant teenoor p. 131 van Hoofstuk 4.

Plessis en Barend van der Merwe gevang.⁶⁹⁾ In hulle aanval het dié Hottentotte wat deel van die kommando uitgemaak het dié twee boosdoeners bekruip. Galant wat ook al in sy dienstydperk by Willem van der Merwe behulpsaam was om voortvlugtige Hottentotte vas te trek,⁷⁰⁾ het egter sy agtervolgers gewaar. Hy het op hulle aangelê, maar toe hy wou vuur, het sy geweer geweier.⁷¹⁾

Ooreenkomstig die opdragte van die veldkornet, en ook om hom bang te maak, het een van die Hottentotte skote langs Galant afgevuur. Dit het Galant weer korrel laat vat, maar sy geweer het steeds geweier om te vuur. Nadat nog skote langs hom afgevuur is, het Galant in 'n klipgat gekruip. Hieruit het hy eers gekom toe om die klip bosse aan die brand gesteeke is om hom uit die gat te "rook".⁷²⁾

Na sy verskyning, het hy die tromp van sy geweer onder sy ken vasgedruk asof hy homself om die lewe wou bring, maar hy

69. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Du Toit - Trappes, 14.2.1825, No. 48, n.p.; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in sake van Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 10; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 15.3.1825), p. 258.

70. C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Te Rechtstelling van de Gedetineerdens: de Hottentot Fiks en de Hottentot Present, 21.3.1822 (enclosure to Trappes - Somerset, 15.4.1821, No. 65, n.p.).

71. C.J. 272 Kriminele Kladresolusies: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Ed. Achtbaren Raad van Justitie dezès Gouvernements in sake van Z.M. Fiskaal, 9.3.1825, No. 20, n.p.

72. Ibid.

is betyds oorrompel en gevange geneem.⁷³⁾ Die volgende dag is Galant en Isaac Thys na Tulbagh geneem waar hulle albei onsuksesvolle pogings aangewend het om te ontsnap.⁷⁴⁾

Gevolge

Met al die opstandelinge in die gevangenis op Worcester het Trappes, in opdrag van hoofregter J.A. Truter,⁷⁵⁾ reëlings begin tref vir hulle oorplasing na die Kaapse gevangenis.⁷⁶⁾ Hierdie stap was ook in ooreenstemming met die wens van die Goewerneur wat die verhoor van die opstandelinge van groot en onmiddellike belang geag het.⁷⁷⁾

Op 21 Februarie het Galant en sy volgelinge Worcester in 'n perdewa onder begeleiding van die onderskout en agt burgers verlaat. Al die gevangenes was in swaar boeie geslaan.⁷⁸⁾ Daar was gerugte dat die gevangenes op hul tog daarin

73. Ibid.

74. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Theron - Trappes, 16.2.1825, No. 47, n.p.

75. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Lind, 19.2.1825, No. 3431, n.p.; W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Truter - Trappes, 11.2.1825, No. 41, n.p.

76. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Denyssen, 20.2.1825, No. 3433, n.p.

77. W.O.C. 11/7 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Plasket - Trappes, 22.2.1825, No. 61, n.p.

78. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Denyssen, 22.2.1825, No. 3443, n.p.

geslaag het om te ontsnap,⁷⁹⁾ maar almal het Kaapstad op die 23ste teen ongeveer twaalfuur die middag bereik.⁸⁰⁾

Hier is elkeen met kettings, wat aan blokke vasgemaak is, om die bene vasgebind en in aparte vertrekke van die nuwe gevangenis geplaas. Die eerste onderskout, N. Bamberger, moes strykdeur toesien dat daar geen onderlinge kommunikasie van enige aard tussen die opstandelinge plaasvind nie. Hulle moes ook daarvan weerhou word om met die ander gevangenes enige vorm van kommunikasie te bewerkstellig.⁸¹⁾

Die verhoor van die beskuldigdes het op 14 Maart 1825 in 'n stampvol raadsaal voor die Raad van Justisie begin. Advokate Hofmeijr en Faure is benoem om die aangeklaagdes te verdedig.⁸²⁾

Die objektiewe beoordeling van die veroordeeldes se getuienisse word bemoeilik deurdat die aangeklaagdes, om verstaanbare redes, alles in die stryd gewerp het om versagting van vonnise te verkry. Die moontlikheid van oordrywing moet dus in ag geneem word by die evaluering van die getuienis. Aan die ander kant bestaan die moontlikheid dat die eienaars van die aangeklaagdes hul wederregtelik aan

79. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Trappes, 21.2.1825, No. 65, n.p.

80. Ibid., 24.2.1825, No. 70, n.p.

81. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke, 14.2.1825, No. 8, pp. 1434-1435.

82. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 16.3.1825 (Regtszaak, 14.3.1825), 30.3.1825 (Present alle de Leden, 14.3.1825). (Die spelwyse van eersgenoemde advokaat word meestal, soos ook in laasgenoemde bron, as Hoffmeyr aangegee. Dit verskil egter wanneer dit met die handtekening van hierdie advokaat vergelyk word (Vgl. bv. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Gallant (sic) C.S. vs. Z.M. Fiskaal Daniel Denyssen R.O. Eischer, ongedat., J.M. Hofmeijr, No. 8, p. 1297).

growwe misdrywe skuldig gemaak het; misdrywe waarvan die plaaslike owerhede net nooit te hore gekom het nie. In die geval van Klaas het hy getuig dat hy nooit oor sy eienaar gaan kla het nie, omdat hy bang was dat laasgenoemde op hom, soos op die slaaf Goliath, weerwraak sou neem.⁸³⁾

Uit die verhoor het dit geblyk dat verskeie van Galant se klagtes teen sy eienaar, wat hom sou aangemoedig het om sy eienaar om die lewe te bring, ongegrond of oordryf was. Dit is byvoorbeeld bewys dat die dood van sy kind, David, waarvoor hy Willem van der Merwe aanspreeklik gehou het, nie soos hy beweer 'n jaar vantevore plaasgevind het nie, maar wel meer as agt jaar vantevore. Galant was ook nie by dié gebeure teenwoordig nie. Daarom kon hy nie oor eerstehandse kennis van die werklike oorsake wat vir die dood van sy seun verantwoordelik was, beskik nie. Hy moes hom dus verlaat op die oorvertelling van sy houvrou, Betje.⁸⁴⁾

Betje het in haar getuienis bevestig dat Willem van der Merwe vir David op onverdiende wyse gestraf het, maar dat die kind na die straf nie net nog geleef het nie, maar ook vir 'n periode daarna gesond was. Daarom sou dit in haar oë van alle waarheid ontbloot wees indien die dood van David op

83. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Edelen Achtbaren Raad van Justitie ..., 24.2.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck, en J.F. Jurgens, No. 14, p. 1036.

84. Ibid.: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., p. 1202.

die rekening van haar eienaar geplaas sou word.⁸⁵⁾ Nie een van die ander gevangenes wat in diens van Willem van der Merwe was, het ook iets geweet van 'n kind van Galant wat mishandel is nie.⁸⁶⁾

Voorts kon daar geen bevestiging verkry word vir Galant se verklaring dat hy deur sy eienaar mishandel is nie. Inteendeel, van sy medegevangenes het getuig dat Willem van der Merwe hom bo die ander op die plaas bevoordeel het.⁸⁷⁾ So is dit openbaar gemaak dat Galant in een van die wintermaande van 1824 met 'n gesteelde geweer gedros het. Hiermee het hy sy eienaar gedreig toe dié hom gevange wou neem. Gevolglik het hy gedros, maar het tog naderhand uit vrye wil weer na sy eienaar teruggekeer. Vir hierdie ernstige misstap het hy geen straf ontvang nie.⁸⁸⁾

Daar is ook reeds in hoofstuk 4 daarop gewys dat Galant oogluikend en ongestraf toegelaat is om twee houvroue aan te hou en om 'n oneerbiedige houding teenoor gesag in te neem.

85. Ibid., pp. 1202-1204; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 16.3.1825), pp. 274-275.

86. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., pp. 1204-1205.

87. Ibid., p. 1205.

88. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 16.3.1825), p. 190.

Ten slotte het fiskaal Denyssen, wat as publieke aanklaer opgetree het, verder ook die oortuiging uitgespreek dat die arbeiders van Willem van der Merwe goed behandel is met betrekking tot die aard en omvang van die voedsel wat hul ontvang het. Slegs Galant het om onbegryplike redes daaroor gekla. Buitendien het Van der Merwe nie eers Galant en sy slawe gestraf toe hulle binne ses dae vier skape van hom gesteel en geslag het nie.⁸⁹⁾

Met dit alles inaggenome, het Denyssen tot die gevolgtrekking gekom dat Willem van der Merwe nie daarvan beskuldig kon word dat hy sy slawe of Hottentotte sleg behandel het nie⁹⁰⁾.

In die beoordeling van Galant se beskuldiging dat Elsje die slavin Lydia mishandel het, het dit uit enkele getuienisse geblyk dat sy wel somtyds lyfstraf ontvang het.⁹¹⁾ Behalwe Pamela, wat aangevoer het dat sy dit by Lydia en haar man, Ontong, self gehoor het, kon niemand anders Galant se bewering bevestig dat Lydia in 'n seekoeigat gegooi is nie.⁹²⁾

89. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., pp. 1206-1211; The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 4.5.1825 (Vervolg van de terechtstelling der Bokkeweldsche Moordenaren, 18.3.1825).

90. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, ongeno., pp. 1210-1211.

91. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 10, 15.3.1825), pp. 225, 245, 247, 252.

92. Ibid., pp. 230, 242, (16.3.1825), p. 275.

Na afloop van die verhoor is Galant en Abel skuldig bevind aan hoogverraad, moord en gewapende geweld. Isaac Rooy, Isaac Thys, Hendrik, Klaas, Achilles, Ontong, Valentyn en Vlak is skuldig bevind aan medepligtigheid in die uitvoer van Galant en Abel se komplot. Die slavin, Pamela, is onskuldig bevind.⁹³⁾ Die aanklagte teen Petrus Josephus de Campher is vroeg reeds teruggetrek.⁹⁴⁾ De Campher is daarvan beskuldig dat hy aan die arbeiders van Willem van der Merwe die plan om hulle eienaar op die oesland om die lewe te bring, aan die hand gedoen het. Hy is ook daarvan beskuldig dat hy 'n aandeel gehad het in die opstel van die uiteindelijke plan, naamlik om die plase aan te val en die eienaars te vermoor.⁹⁵⁾

Die uitspraak is op 21 Maart gelewer. Aan die twee voorbokke, Galant en Abel, asook aan Isaac Thys is die galgdood opgelê. Na die voltrekking van dié vonnis sou die twee eersgenoemdes se koppe afgekap word, op ysterpenne gestee word en op twee afsonderlike pale aangebring word. Tot

93. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in zake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 12; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 21.3.1825), pp. 339-340.
94. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Records held before His Honor Sir J.A. Truter, Chief Justice, and the Members of the Worshipful Court of Justice at the Cape of Good Hope and the Dependencies thereof, in the Criminal Case of His Majesty's Fiscal, Prosecutor for the Crown, versus Galant and Prisoners, J.A. Truter and Court Members, 18.3.1825), p. 312.
95. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Acté van Beschuldiging in zake van Zyner Majesteit's Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. ..., 10.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1503-1504; W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Trappes, 24.2.1825, No. 68, n.p.

waarskuwing van ander moontlike opstandelinge sou hierdie pale vir 'n onbepaalde tydperk op ooglopende plekke in die Bokkeveld geplaas word.⁹⁶⁾

Isaac Rooy, Hendrik en Klaas sou met stroppe om hulle nekke aan die galg vasgemaak en aan die publiek vertoon word. Hierna sou hierdie drie, saam met Achilles en Ontong aan 'n paal vasgebind en op die kaal rug met roedes ge gesel word. Vervolgens sou hulle almal gebrandmerk en in ysters geslaan word waarna hulle sonder loon openbare werk by die drosdy van Worcester sou verrig. Isaac Rooy, Hendrik en Klaas moes hierdie dwangarbeid lewenslank verrig, terwyl Achilles en Ontong dit vir 'n periode van 15 jaar moes doen. Valentyn en Vlak sou, nadat hulle die openbare teregstelling gade geslaan het, in die gevangenis van Worcester lyfstraf ontvang. Dit moes in die teenwoordigheid van die heemrade geskied.⁹⁷⁾ Al die vonnisse wat opgelê is, het die goedkeuring van die Goewerneur weggedra.⁹⁸⁾

Onder bevel van die tweede onderskout, Mills, het polisie-offisiere en 'n militêre afdeling as begeleiding vir die veroordeeldes opgetree. Die gevangenes en hulle begeleiers het vermoedelik op 11 April van Kaapstad na Worcester

96. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in sake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 12.

97. Ibid.

98. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Trappes, 11.4.1825, No. 134, n.p. (In hierdie dokument word daar verkeerdlik vermeld dat die vonnis van die opstandelinge op 25 Maart (i.p.v. 21 Maart) gevel is. Vgl. in dié verband W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Sentie in sake Z.M. Fiskaal mr. Daniel Denyssen R.O. Eisscher in Cas Crimineel, 21.3.1825, D.F. Berrangé, ongeno., p. 12; C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denyssen - Plasket, 5.7.1825, No. 100, n.p.)

vertrek waar die vonnisse voltrek sou word. Die slaaf Adonis, was ook deel van hierdie groep. Hy is tydens die verhoor onskuldig bevind en is daarom na sy eienaar, J.A. du Plessis, teruggestuur.⁹⁹⁾ Gedurende die aand van 12 April is Stellenbosch bereik, vanwaar die reis die volgende oggend om 05h30 voortgesit is. Terselfdertyd is Mills se mag met gewapende burgers vanuit die distrik Stellenbosch versterk.¹⁰⁰⁾

Op 13 April het die veroordeeldes op Worcester aangekom waar Trappes hulle besoek het. Hy het die terdoodveroordeeldes ingelig omtrent hul vonnis wat op Vrydag, die 15de April om 08h00 die môre, voltrek sou word.¹⁰¹⁾ Hierdie optrede van die landdros was in opdrag van Denyssen wat vereis het dat Galant, Abel en Isaac Thys ten minste 24 uur vooraf kennis moes dra oor wanneer hul galgdood voltrek sou word.¹⁰²⁾

Tydens hul gevangeneskap op Worcester is daar ook na die sieleheil van die terdoodveroordeeldes omgesien. Galant en Isaac Thys het erken dat hul sondaars is en hulle het hulle bekeer. Vantevore al het Galant by geleentheid ook verklaar dat hy die straf van God verwag, maar dag en nag om vergifnis bid. Abel was oortuig dat God se genade hom sou

99. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Van Ryneveld, 11.4.1825, Copy (enclosure to Van Ryneveld - Trappes, 11.4.1825, No. 132, n.p.), Denyssen - Trappes, 11.4.1825, No. 134, n.p.

100. S.T.B. 20/46 Uitgaande Briewe van Landdros: Van Ryneveld - Denyssen, 13.4.1825, No. 244, n.p.; W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Trappes, 11.4.1825, No. 134, n.p.

101. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Erasmus, Meiring en Poggenpoel ('n kennisgewing), 13.4.1825, ongeno., n.p.

102. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Trappes, 11.4.1825, No. 134, n.p.

toeval, en hy het hom daarom bereid verklaar om te sterf.¹⁰³⁾

Om 07h00 die oggend van 15 April het die gewapende burgers wat opgeroep is om by die teregstelling teenwoordig te wees, reeds begin om bymekaar te kom. Onder begeleiding van hierdie persone en 'n afdeling van die 49ste Regiment (wat steeds op Worcester was nadat hulle die gevangenes van Kaapstad daarheen vergesel het), is die veroordeeldes na die teregstellingsterrein geneem.¹⁰⁴⁾

Die veroordeeldes het van die gevangenis af op pad na die teregstellingsterrein die 39ste gesang, "Jesus neem die sondaars aan", gesing. Nadat die vonnisse voorgelees is, het ds. Sutherland, wat predikant op Worcester was,¹⁰⁵⁾ in 'n innige gebed hul siele aan God opgedra. Onder die toesig van Trappes¹⁰⁶⁾ en ten aanskoue van 'n geringe aantal omstanders, is die doodvonnis kort hierna op Galant, Abel en Isaac Thys voltrek. Die ander het ook op hierdie dag hulle

103. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 11.5.1825 (De Gedetineerden na de Veroordeeling, en byzonderheden der Executie); M.D. Teenstra: De Vruchten Mijner Werkzaamheden, pp. 214-215.

104. Ibid.; W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denysen - Trappes, 11.4.1825, No. 134, n.p.

105. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 7.8.1824 (Government Advertisement, 6.8.1824).

106. W.O.C. 12/15 Inkomende Briewe van Amptenare: Denysen - Trappes, 9.4.1825, No. 130, n.p.

onderskeie strawwe ontvang,¹⁰⁷⁾ waarna Mills en sy geselskap na Kaapstad teruggekeer het.¹⁰⁸⁾

Ter voltooiing van Galant en Abel se vonnis, het Trappes opdrag gegee dat hul hoofde na die Bokkeveld gestuur moes word.¹⁰⁹⁾ Dit het die veldkornet, W.F. du Toit, nog op dieselfde dag bereik. Hy het hulp verleen om op die ver- naamste uitspanplaas van sy veldkornetskap, die Voorste omtrek van die Koue Bokkeveld, 'n 3,65 m. hoë eikekruishout op te rig.¹¹⁰⁾ Hierdie uitspanplaas was geleë tussen die plase Wagendrift wat aan veldkornet du Toit behoort het en Groenefontein waarvan sy buurman, Rasmus Pieter Erasmus, die eienaar was.¹¹¹⁾

Die koppe van die twee belhamels is op só 'n manier op die kruishout aangebring dat die een se gesig in die rigting van die Warm Bokkeveld gekyk het en die ander een s'n in die

107. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 11.5.1825 (De Gedetineerden na de Veroordeeling, en byzonderheden der Executie); M.D. Teenstra: De Vruchten Mijner Werkzaamheden, p. 215; J. Suasso de Lima: Geschiedenis van de Kaap de Goede Hoop, p. 71.

108. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Denyssen, 15.4.1825, No. 3514, n.p.

109. Ibid.: Trappes - Du Toit, 15.4.1825, No. 3515, n.p.

110. W.O.C. 13/19 Briewe ontvang van Veldkornette: Du Toit - Trappes, 15.4.1825, n.p.; African Court Calendar and Directory, for 1825, p. 57.

111. W.O.C. 12/74 Gemengde Inkomende Briewe: Du Toit - Trappes, 24.4.1828, ongeno., n.p.; J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.; W.O.C. 15/43 Lyste van Plase en Uitspanplekke, 20.11.1830, ongeno., n.p.; W.O.C. 13/19 Briewe ontvang van Veldkornette: Du Toit - Trappes, 15.4.1825, ongeno., n.p.

rigting van die Friesland.¹¹²⁾ Dit wil voorkom of die hoogte waarop die hoofde van Galant en Abel geplant is, later deur die inwoners van die omgewing as Koppieshoogte gedoop is.¹¹³⁾

Alhoewel die egtheid daarvan telkens getoets is aan die gegewens wat in die argiewe gevind is, was mondelinge oorlewering van onskatbare hulp om Koppieshoogte se ligging geografies presies vas te stel.

Mondelinge oorlewering het byvoorbeeld aan die lig gebring dat die eertydse pad teenaan Koppieshoogte verby gekronkel het nadat dit gevurk het na onderskeidelik Scotland en Friesland (suggestiewe name van die ou veldkornetskappe uit die Kompanjies tydperk).¹¹⁴⁾ Hierdie beskrywing het ook gestrook met Trappes se eerste voorstel aan veldkornet Du Toit ten opsigte van plekke waar hy dit goedgevind het om die hoofde van Galant en Abel op die kruishout te plaas.¹¹⁵⁾ Te meer nog het die Duitse reisiger Von Meyer, wat 15 jaar na die 1825-gebeure deur dié gebied gereis het, nog een van die kopbene aan dié hoë kruishout gesien wat vlakby die destydse pad gestaan het.¹¹⁶⁾

112. W.O.C. 13/19 Briewe ontvang van Veldkornette: Du Toit - Trappes, 15.4.1825, ongeno., n.p. (Theal fouteer in sy History of South Africa from 1795-1872 II, p. 66, waar hy beweer dat dit drie (i.p.v. twee) koppe was wat op pale (i.p.v. 'n kruishout) aangebring is).

113. Die Burger, 28.9.1968 (Van alle kante: Hoe Houdenbek sy naam gekry het); J.P.G. Underhay en H.C. Hopkins: Euufeesgedenkboek van Ceres, 1855-1955, p. 111.

114. P.J. van der Merwe: Trek:, Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, p. 123.

115. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Du Toit, 15.4.1825, No. 3515, n.p.; J. 421 Opgaafrol, Worcester 1824, n.p.

116. W. Von Meyer: Reisen in Süd-Afrika während der Jahre 1840 und 1841, p. 106.

Vroeëre kaarte wat van hierdie gebied bestudeer is, het nie die kronkels en vork van paaie op so 'n gedetailleerde wyse weergegee nie. Veral toon dit nie waar paaie hul weg om landmerke heen gevolg het nie.¹¹⁷⁾ Eers nadat lugfoto's van hierdie gebied ingewin is, kon volgens mondelinge oorslewing die spore van die eertydse pad positief geïdentifiseer word.¹¹⁸⁾

Deur middel van hierdie weg kon die ruitverwysing van Koppieshoogte op 33° 03' 20" S en 19° 19' 42" O vasgestel word.¹¹⁹⁾ Die ligging daarvan is ongeveer 4,5 km. per pad van die dorpie Op-de-Berg af.

Alhoewel die opstand onderdruk is, het die misdade van Galant en sy volgelinge 'n gevoel van onveiligheid en vrees ingeboesem. Dit was veral die inwoners van die distrik Worcester en sy buurdistrik Stellenbosch wie se gemoedere deur die gebeure vertroebel is.

Twintig inwoners van die veldkornetskap Koue Bokkeveld, onder wie ook veldkornet Du Toit en Isaac van der Merwe getel het, het op 1 Junie 1825 'n versoekskrif tot die Goewerneur gerig. Hierin het die ondertekenaars onder meer gemeld dat hul soms verplig was om Worcester saam met hulle Hottentotte en slawe te besoek. Kommer is uitgespreek dat diegene in hul diens tydens dergelyke besoeke 'n geleentheid kon vind om met die oorblywende veroordeeldes (wat hulle vonnisse op Worcester uitgedien het) gesprekke aan te knoop.

117. Vgl. bv. M4/1632, M3/1606, M2/234: Divisional Maps of Ceres, 1901.

118. (K.H.O.K.), Fototaak 126 van Desember 1948 tot Maart 1949, Strook 20, No. 05375; Vgl. kaart teenoor p. 186.

119. Topografiese kaart 1 : 50 000, 319AB Gydopas.

Dit sou 'n gevaar vir hernieude pogings tot komplotsmedingskep.¹²⁰⁾

Die petitionarisse het ook aangevoer dat die oorledenes se familieledes, solank as wat die opstandelinge in Worcester gebly het, hulle die gebeure gedurig voor gees sou roep. Op grond van hierdie besware, is versoek dat die veroordeeldes na Robbeneiland of enige ander veilige plek verplaas moes word.¹²¹⁾

Dié toedrag van sake het nie gestrook met koloniale sekretaris Plasket se ervaring toe hy aan die einde van Maart die gebied waar die moorde gepleeg is, deurreis het nie. Volgens Plasket het van die vooraanstaande inwoners met wie hy toe gepraat het hom meegedeel dat daar by hulle geen vrees bestaan het vir 'n herhaling van 'n soortgelyke opstand nie.¹²²⁾

Nadat Denysen ook hieroor geraadpleeg is,¹²³⁾ het Somerset tog 'n plan bedink om die gevangenes van Worcester af te verskuif. Hy het besluit om hulle vonnisse te versag op voorwaarde dat die opstandelinge daartoe sou instem om hul straf op Robbeneiland, op die paaie van Kaapstad-omgewing of enige ander plek wat die Goewerneur mag bepaal, uit te dien. Diegene aan wie lewenslange dwangarbeid opgelê is, se straf sou verminder word tot slegs 15 jaar. Die ander sou 'n

120. C.O. 3928 Memorials Received I: 20 inwoners van die Koue Bokkeveld - Somerset, 1.6.1825, No. 309, n.p.

121. Ibid.

122. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XX (Plasket - Wilmot Horton, 31.3.1825, p. 408.

123. C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denysen - Plasket, 5.7.1825, No. 100, n.p.

afslag van vyf jaar op hulle 15 jaar ontvang, wat slegs tien jaar hardearbeid sou beteken.¹²⁴⁾

Nadat Trappes die besonderhede aan die opstandelinge verduidelik het, het almal met Somerset se aanbod akkoord gegaan.¹²⁵⁾ Gevolglik het die Goewerneur op 1 Augustus Trappes opdrag gegee om die betrokkenes onverwyld onder behoorlike begeleiding na Kaapstad te stuur.¹²⁶⁾

Voordat die opstandelinge Worcester verlaat het, het die vrese van die inwoners van die Koue Bokkeveld egter opgevlam. Dit is veroorsaak deur gerugte dat die slaaf Piet Appel, voornemens was om sy eienaar, Ryno Verster, te vermoor. Dit het daartoe gelei dat hy in Junie 1825 deur waarnemende veldkornet Jan Abraham du Plessis in hegtenis geneem is. Dit was egter 'n vals alarm. Na deeglike ondersoek kon geen grond vir die beskuldigde se aanklag gevind word nie en Appel is gevolglik uit aanhouding ontslaan.¹²⁷⁾

In hierdie tyd het daar in die distrik van Stellenbosch, wat naas die Kaapse distrik die tweede meeste slawe in die kolonie gehuisves het,¹²⁸⁾ 'n groot aantal slawe uit diens gedros. Hulle het in die berge gaan skuiling soek vanwaar

124. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Plasket - Landdrost of Worcester, 14.7.1825, n.n., p. 303.

125. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Plasket, 22.7.1825, No. 107, n.p.

126. W.O.C. 11/7 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Plasket - Landdrost of Worcester, 1.8.1825, n.n., n.p.

127. C.J. 3426 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Worcester, Beaufort West, 4.8.1825, ongeno., pp. 176-177, 187-198, 202-204.

128. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 26.4.1825, No. 166, p. 269.

plundertogte op nabygeleë plase uitgevoer is. Dit het daartoe gelei dat baie van die inwoners verseg het om kerk toe te gaan omdat hulle nie hul huise onbewaak wou laat nie. Nagpatrollies is ook ingestel om beskerming van eiendom te verseker. Toe daar by geleentheid na 'n dol hond geskiet is, het dit groot ontsteltenis veroorsaak omdat die inwoners gedink het dat nog 'n slaweopstand uitgebreek het.¹²⁹⁾

In 'n poging om die inwoners van sy distrik te kalmeer, het landdros D.J. van Ryneveld die Goewerneur versoek om 'n afdeling troepe op Stellenbosch te plaas.¹³⁰⁾ Dit is opgevolg met 'n versoek dat meer ammunisie en gewere na Stellenbosch gestuur moes word.¹³¹⁾ Beide versoeke is toegestaan.¹³²⁾ In die daaropvolgende maand het 'n afdeling van die 98ste Regiment onder bevel van luitenant F.B. Fielding op Stellenbosch aangekom, waar hulle vir meer as twee jaar gebly het.¹³³⁾

Die Kaapse regering wou geen kanse met die slawebevolking waag nie. Daarom is die Imperiale regering in April 1825 versoek om die militêre mag van die kolonie te versterk. 'n Ander teenmaatreeël is ook geneem toe dit na die opstand bekend geword het dat die slawe hul meer regte toegeëien het as waarvoor daar oorspronklik in die proklamasie van 18

129. C.O. 2664 Letters Received from Drosdy Stellenbosch I: Van Ryneveld - Plasket, 26.4.1825, No. 57, n.p.

130. Ibid.

131. Ibid.: The Board of Landdrost and Heemraden - Plasket, 30.4.1825, No. 64, n.p.

132. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 26.4.1825, No. 166, p. 270.

133. C.O. 4853 Letters Despatched, General: Brink - Landdrost of Stellenbosch, 10.5.1825, n.n., p. 65; The Cape of Good Hope Government Gazette, 26.10.1827 (Stellenbosch, 1.10.1827).

Maart 1823 voorsiening gemaak is.¹³⁴⁾ Op 20 April 1825 het Somerset naamlik in 'n verkorte vorm 'n verklarende opsomming van sy 1823-proklamasie laat publiseer. Die inhoud hiervan moes deur die plaaslike owerhede aan alle slawe in die kolonie bekend gemaak word. Ter inleiding is opnuut bevestig dat slawe die eiendom van hul eienaars was. Elke eienaar se regmatige aanspraak wat hy op die dienste van sy slawe kon uitoefen, is weer eens bevestig.¹³⁵⁾

'n Verdere gevolg van die slaweopstand van 1825 was dat Trappes se aansien onder slawe-eienaars 'n knou gekry het. In Mei 1825 het Trappes in 'n brief aan die koloniale kantoor melding gemaak van "... the sensation that now exists against me not only in this District, but all the adjoining ones".¹³⁶⁾

Vir hierdie toedrag van sake is Denyssen verantwoordelik gehou. Trappes het sy misnoeë aangaande die fisikaal se onderduimse optrede uitgespreek toe laasgenoemde, sonder sy medewete, in private hoedanigheid met sommige van die inwoners van sy distrik gekorrespondeer het. Denyssen se doel hiermee was om verslae en menings in te win wat deel uitgemaak het van die ondersoek na Aaron se uitlatings.¹³⁷⁾ Volgens hierdie slaaf het Trappes voor die opstand teenoor

134. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 26.4.1825, No. 166, pp. 269-270.

135. W.O.C. 11/7 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Explanations of the Provisions of the Proclamation of the 18th March, 1823 (enclosure to Plasket - Landdrost of Worcester, 22.4.1825, No. 143, n.p.).

136. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Plasket, 3.5.1825, No. 3536, n.p.

137. Ibid.

hom erken dat alle slawe binne drie maande vrygestel sou word.¹³⁸⁾

Trappes was daarvan oortuig dat Denyssen met hierdie optrede die blanke inwoners van sy distrik vyandiggesind teen hom gemaak het en daarmee sy gesag as landdros ondermyn het. Hy het ook die gees van opstandigheid wat sedertdien in die gemoedere van die blanke inwoners van sy distrik aanwesig was, aan Denyssen se optrede toegeskryf.¹³⁹⁾

In hierdie saak het Trappes die simpatie en ondersteuning van die Goewerneur geniet. Denyssen se metode van ondersoek is veroordeel en opdrag is gegee om in die vervolg, wanneer die gedrag van 'n landdros weer onder verdenking sou kom, die ondersoek op 'n ander wyse uit te voer. Alle inligting wat vir dié doel bekom moes word, moes regstreeks van die betrokke landdros verkry word, of andersins van die koloniale kantoor.¹⁴⁰⁾

In antwoord hierop het Denyssen sy optrede geregverdig ooreenkomstig die amptelike mag wat in hom as fiskaal gesetel het. Hy het dit onomwonde gestel dat die doel van sy ondersoek slegs was om hom van die bestaan van Aaron se gerug te vergewis en om die geldigheid daarvan vas te stel. Sover dit hom aangegaan het, is Trappes nooit in enige stadium met agterdog bejeën nie, en was hy daarom nooit geïnteresseerd om oor sy gedrag navraag te doen nie.¹⁴¹⁾

138. Sien Hoofstuk 4, pp. 134-135.

139. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Plasket, 3.5.1825, No. 3536, n.p.

140. W.O.C. 11/7 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Plasket - Landdrost of Worcester, 17.5.1825, No. 176, n.p.

141. C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices I: Denyssen - Plasket, 24.5.1825, No. 69, n.p.

Denyssen het ook ander argumente aangevoer om hom te verweer teen Trappes se aanklag dat hy die blanke inwoners van die distrik teen hom vyandiggesind gemaak het. In dié verband het hy onder meer te kenne gegee - en dit is vir dié onderwerp van meer belang - dat die moontlikheid nie uitgesluit was nie dat sommige blanke inwoners lank reeds bevooroordeeld teenoor Trappes gestaan het nog voordat hy met sy ondersoek begin het.¹⁴²⁾

Die rol wat Thomas Heatlie in die verdagmaking van Trappes gespeel het, kan in dié opsig nie onderskat word nie. As 'n drosteroffisier van die Britse leër het Heatlie uit Engeland gevlug om hom in 1809 in Suid-Afrika te vestig.¹⁴³⁾ In Augustus 1823 is attestasie deur die landdros van die Kaapse distrik aan hom verleen vir vestiging in die distrik Tulbagh/Worcester.¹⁴⁴⁾ Dit wil egter voorkom of Heatlie al sedert ongeveer Maart 1823 in dié distrik woonagtig was.¹⁴⁵⁾ In hierdie tyd het hy ook die eienaar van die Tulbaghse drosdy geword.¹⁴⁶⁾ Dit het hy per openbare veiling gekoop

142. Ibid.

143. C.H. Heatlie: The first three Generations of Heatlies in South Africa, pp. 1, 9.

144. W.O.C. 15/103 Attestasie, 12.8.1823, ongeno., n.p.; W.O.C. 12/11 Inkomende Briewe van Amptenare: Van Breda - Trappes benevens de Heeren Heemraden van't District Worcester, 13.8.1823, ongeno., n.p.

145. W.O.C. 12/13 Inkomende Briewe van Amptenare: Heatlie - Theron, 28.9.1824, Copy, ongeno., n.p.

146. C.O. 2696 Letters Received from Drosdy Worcester I: Trappes - Plasket, 26.6.1827, No. 103, n.p.; C.O. 296 Letters Received from Court of Justice I: Fleck - Plasket, 31.1.1827, Appendix C, No. 15, p. 86.

nadat Somerset besluit het om die landdrossetel na Worcester te verskuif.¹⁴⁷⁾

Heatlie het hom kort na die opstand per brief tot Denyssen gerig waarin opgaaf gemaak is van alles wat volgens hom die pas afgelope jaar in die distrik Tulbagh/Worcester verkeerd geloop het. Hierin is Trappes se leiding in distriksaangeleenthede telkens veroordeel, selfs in só 'n groot mate dat hy die opstand as 'n uitvloeisel daarvan beskou het.¹⁴⁸⁾ Trappes het hom verontskuldig deur aan te voer dat Heatlie se aanklag uit 'n gees van wraak eerder as 'n liefde vir geregtigheid gebore is. Die waarskynlike oorsprong daarvan het Trappes tot by die 1819-kommando teruggevoer.¹⁴⁹⁾ In hierdie tyd was Trappes tweede in bevel op die oosgrens¹⁵⁰⁾ en volgens hom was hy, as gevolg van omstandighede buite sy beheer, verplig om Heatlie by geleentheid oor die hoof te sien ten opsigte van sekere voorregte nadat dit geblyk het dat 'n verhouding tussen laasgenoemde en 'n onderoffisier bestaan het.¹⁵¹⁾

Van Heatlie se beskuldigings teen Trappes het niks gekomnie. Die Goewerneur, aan wie Denyssen hierdie saak voorgelê

147. Kaapstads Courant en Afrikaansche Berigter, 25.1.1823 (D. Kuys, 6.1.1823); C.O. 372 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace, Judge of Police, Sheriff and Commissioner Watermeyer: Watermeyer - Bell, 22.5.1829, No. 79, p. 515.

148. C.O. 235 Letters Received form Private Individuals: Heatlie - Denyssen, 10.3.1825, No. 25, pp. 65-68; C.O. 4852 Letters Despatched, General: Brink - Trappes, 18.3.1825, n.n., p. 373.

149. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Brink, 22.3.1825, No. 44, n.p.

150. W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II, p. 769.

151. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Trappes - Brink, 22.3.1825, No. 44, n.p.

het, het Trappes se verontskuldigings aanvaar. Hy het ook bygevoeg dat Heatlie se aanklagte uit 'n gevoel van vyandiggesindheid jeens Trappes gespruit het wat nie verband met die opstand gehou het nie, maar wat fynbedag na vore gebring is op 'n tydstip toe daar na 'n sondebok vir die opstand gesoek is.¹⁵²⁾

In Junie 1825 het Heatlie weer in gesprekke met inwoners van die veldkornetskap Kom van Tulbagh, sy ontevredenheid met Trappes en sy klerk, Scholtz, te kenne gegee. Ook is die owerheidsfigure van Tulbagh in die persone van die spesiale heemraad, sy klerk en die veldkornet deur Heatlie gediskrediteer. Dit is geen wonder nie dat die spesiale heemraad van Tulbagh, P.J. Theron, Heatlie as 'n openbare rusversteurder beskryf het wie se strewe dit was om eers persone se guns te wen en hul daarna aan te hits tot verontagsaming van regeringsinstruksies.¹⁵³⁾ Op dié manier het Heatlie in die woorde van Theron "... eene geheele omkeering in dit District (Tulbagh/Worcester) te weeg gebragt..."¹⁵⁴⁾

'n Verdere gevolg van die slaweopstand was dat die weduwees Elsje en Martha in armoede gedompel is.

152. C.O. 4852 Letters Despatched, General: Plasket - H.M. Fiscal, 9.4.1825, n.n., pp. 489-490.

153. C.O. 2669 Letters Received from Drosdy Worcester: Theron-Trappes, 2.7.1825, and declarations of C.J. Jooste, J.P. Jooste and P.P. du Plessis, 1.7.1825 (enclosure to Trappes - Plasket, 11.7.1825, No. 101, n.p.).

154. W.O.C. 20/2 Uitgaande Briewe van Spesiale Heemraad Tulbagh: Theron - Trappes, 2.7.1825, No. 10, n.p.

Volgens die bepalings van Willem van der Merwe se testament was sy vrou Elsje die alleenerfgenaam,¹⁵⁵⁾ maar sy het saam met dit alles ook 'n groot boedelskuld geërf. Ter delging hiervan is sy gedwing om die plaas Houd den Beck sowel as die roerende en nie-roerende goedere daarop per openbare veiling te verkoop.¹⁵⁶⁾ Selfs hierna kon Elsje, wat nou verlam was,¹⁵⁷⁾ nie met haar ses kinders (waarvan een ook nog swaksinnig was) kop bo water hou nie.¹⁵⁸⁾

In hierdie omstandighede het haar broer van die Paarl, J.A. du Plessis, in Julie 1825 hom tot die landdros en heemrade van Worcester gerig. Hy het hulle versoek om verlof aan die veldkornette toe te staan vir die hou van 'n kollekte om vir Elsje op dié manier lewensonderhoud te voorsien.¹⁵⁹⁾ Net meer as 'n maand hierna het Elsje vanuit Tulbagh, waar sy vermoedelik nog by haar moeder aangesterk het, dieselfde

155. M.O.O.C. 7/1/95 Testamente, Algemene Reeks, 31.3.1817, Copy, No. 89, n.p.

156. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Du Pliesie - Trappes, benevens het verdere Collegie van Heemraden, 28.7.1825, ongeno., n.p., Van der Merwe - Poggenpoel, 22.3.1825, ongeno., n.p.; The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 16.4.1825 (Worcester, 29.3.1825).

157. The South African Chronicle and Mercantile Advertiser, 7.3.1826 (An Extract from a Traveller's Letter, Bokkeveld, 28.2.1826).

158. W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Du Pliesie - Trappes, benevens het verdere Collegie van Heemraden, 28.7.1825, ongeno., n.p.

159. Ibid.

versoek herhaal.¹⁶⁰⁾ Op 5 September is gehoor hieraan gegee. Heemraad P.J. de Vos het ook dieselfde dag nog namens Elsje die landdros en ander heemrade versoek om haar van die betaling van belastings vry te stel.¹⁶¹⁾

In November 1827 tree Elsje egter weer in die huwelik, en wel dié keer met die vrygesel Nicolaas Wilhelmus (Willem) Smith (Pietersson).¹⁶²⁾ Uit hul huwelik is drie kinders gebore alvorens sy op 31 Mei 1834 in die ouderdom van 38 jaar in die Koue Bokkeveld op die plaas de Langerivier gesterf het.¹⁶³⁾ Dit is nie bekend of haar vroeëre dood verband gehou het met haar wonde gedurende die opstand nie.

Martha Verlee het ook in Augustus 1827 haar geldnood by Trappes bekla en hom om bystand versoek.¹⁶⁴⁾

-
160. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Verbaal gehouden by de Heer J.C. Fleck Gecommitteerd Lid uit den Edelen Achtbaren Raad van Justitie, inhoudende Continuatie der precedente information weegens de Conspiratie in het Bokkeveld van Galant, slaaf van Willem van der Merwe C.S., 22.2.1825, J.C. Fleck en E. Bergh, No. 12, p. 1417; W.O.C. 12/14 Inkomende Briewe van Amptenare: Du Plesie - Landdrost en Heemraden, 1.9.1825, No. 12, n.p.
161. W.O.C. 1/6 Notule van Landdros en Heemrade, 5.9.1825, n.p.
162. (N.G.K.A.B.), G.4 9/1 Tulbagh Huweliksregister, 4.11.1827, ongeno., p. 152; S.O. 6/132 Register of Slaves, Tulbagh (Worcester) 1816-1836, p. 34; M.O.O.C. 7/1/124 Testamente, Algemene Reeks, 27.3.1830, No. 105, p. 180.
163. M.O.O.C. 7/1/125 Testamente, Algemene Reeks, 17.6.1834, No. 42, n.p.; M.O.O.C. 6/9/3 Death Register, Death Notice No. 585, circa Junie 1834, n.p.
164. W.O.C. 12/73 Gemengde Inkomende Briewe: Verlee - Trappes, 22.8.1827, ongeno., n.p.

'n Verdere gevolg van die opstand was dat die slawe in die distrik Tulbagh/Worcester mettertyd 'n al meer astrante en opstandige houding geopenbaar het.¹⁶⁵⁾

Evaluering

Na aanleiding van die voorafgaande is dit duidelik dat daar tog 'n verband tussen die slaweopstand van 1825 en die proklamasie van 18 Maart 1823 bestaan het.

Hierdie proklamasie het die verwagting van 'n algemene vrystelling by die slawebevolking geskep. Dit is hoogs-waarskynlik gevoed deur die optredes van liggelowige en oningeligte slawe-eienaars wat ook begin het om in hierdie tyd voorspooksels van 'n bevryde slawebevolking te sien. In gesprekke met mekaar is nie net die slawe gedreig nie, maar ook enigeen wat dit durf waag het om vryheid aan die slawe te gee. Dergelike uitlatings het ook die ore van die slawe bereik, sonder dat die eienaars altyd daarvan bewus was. Die gevolg van dit alles was 'n ongeduld en toorn wat by die

165. Vgl. bv. C.J. 637 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. Eisscher contra Patientie van Bougies slaaf van Carel Philip Storm, 10.8.1826, D. Denysen, No. 24, pp. 161-164, Verbaal gehouden voor de gecommiteerde Heemraden Roelof van der Merwe en Wouter de Wet, in zake van den Landdrost van Worcester Charles Trappes R.O. in Cas Crimineel versus den slaaf Patentie, 29.4.1826, R. van der Merwe, W. de Wet en P. Poggenpoel, No. 24, pp. 189, 210-211, 221-222, 224-225, 228-229, Verbaal gehouden by de Gecommiteerde Heemraden Jan H. Meiring en Wouter de Wet, 22.2.1826, J. Meiring, W. de Wet en P. Poggenpoel, No. 24, pp. 242, 252; C.O. 257 Letters Received from Court of Justice II: Criminal Sentences passed by the Commission of Circuit at Worcester, 5.10.1826, J.C. Fleck and R. Rogerson, Translation. No. 105, n.p.; W.O.C. 12/72 Gemengde Inkomende Briewe: Sentie in zake van den Landdrost van Worcester Charles Trappes R.O. Eisscher in Cas Crimineel vs. January van de Kaap Lijfeigen van Philip du Plessis ..., 5.10.1826, J.C. Fleck and R. Rogerson, ongeno., n.p.; W.O.C. 14/11 Inkomende Briewe van Private Persone en Amptenare: Van Wyk - Trappes, 9.12.1825, ongeno., n.p.

slawebevolking opgevlam het en primêr daartoe gelei het dat Galant die leiding in die organisering van die opstand geneem het.¹⁶⁶⁾

Ter evaluering van die aandeel wat die Hottentotte in die opstand gespeel het, kan met reg afgevra word om watter rede hulle aan die opstand deelgeneem het. By hulle kon daar geen sprake van 'n sug na vryheid gewees het nie aangesien hulle dit reeds geniet het. Moontlik het die hoop om op hul beurt eienaars van hul eienaars te word, hul tot deelname aangespoor.¹⁶⁷⁾ Vanuit sy bevoorregte posisie op die plaas en sy sterk persoonlikheid kon Galant die Hottentot-arbeiders ewe maklik as werktuie vir sy plan tot deelname verplig het. 'n Hottentotvrou in diens van W.N. van der Merwe het in dié opsig verklaar dat sy vir Galant banger was as vir haar eie meester.¹⁶⁸⁾

Vandag is Houd den Beck 'n plaas van 2 069 hektaar waarop oorwegend vrugte en groente verbou word. Nadat hierdie plaas oor die jare heen 'n hele aantal eienaars gehad het,¹⁶⁹⁾ behoort dit teenswoordig (1987) aan Alwyn Ignatius (Naas) van der Merwe. Volgens hom is hy 'n baie verlangse afstammeling van W.N. van der Merwe wat in 1825 op die plaas vermoor is. Hierdie plaas met sy ryke verlede dra vandag geen tasbare bewys meer van die gebeure wat hom daar

166. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1211-1217.

167. C.J. 633 Kriminele Prosesstukke: Fiscus R.O. vs. Galant C.S., 21.3.1825, D. Denyssen, No. 8, pp. 1222-1223.

168. C.J. 272 Kriminele Kladresolusies: Verbaal gehouden en vervolgd by de Heeren mr. W. Hiddingh en J.C. Fleck Gecommitteerde Leden uit den Ed. Achtb. Raad van Justitie dezen Gouvernements in zake van Z.M. Fiskaal vs. De Conspirateurs in het Bokkeveld, 9.3.1825, W. Hiddingh, J.C. Fleck en J.F. Jurgens, No. 20, n.p.

169. (A.K.), Register van Plaasname, Ceres, Vol. II, No. 182/1.

afgespeel het nie. Die ou woonhuis moes vermoedelik in die sestiger jare van hierdie eeu plek maak vir 'n nuwe gebou.¹⁷⁰⁾ Ook die deurkosyn met die koeëlgat daarin¹⁷¹⁾ het vir 'n geruime tyd reeds soek geraak.

170. Die Burger, 28.9.1968 (Van alle kante: Hoe Houdenbek sy naam gekry het).

171. Vgl. foto teenoor p. 164.

HOOFSTUK 6ORDONNANSIE 19 VAN 19 JUNIE 1826

In opdrag van Brittanje het waarnemende goewerneur sir Richard Bourke op 19 Junie 1826 Ordonnansie 19 uitgevaardig.¹⁾ Hierdie ordonnansie, wat ten doel gehad het om die toestand van die slawe in die Kaapkolonie te verbeter,²⁾ was in werklikheid die gevolg van volgehoue agitatie deur die afskaffers sowel binne as buite die Britse parlement.³⁾

Een van die parlementêre kampvegters, Thomas Fowell Buxton, het die veldtog vir die algehele afskaffing van slawerny verskerp toe hy in Mei 1823 'n belangrike voorstel in die Britse Laerhuis ingedien het. Dit het voorsiening gemaak vir die vrystelling van slawekinders en die geleidelike afskaffing van die stelsel van slawerny in al die Britse kolonies. Buxton het verklaar "that the state of slavery is repugnant to the principles of the British constitution, and of the Christian religion, ...".⁴⁾

Na 'n uitgerekte debat is die resolusies wat deur George Canning voorgestel is op 15 Mei 1823 eenparig aanvaar. Canning het as leier van die Laerhuis asook segsman van die

-
1. G.M. Theal: History of South Africa from 1795 to 1872 II, p. 66; The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).
 2. Ibid.
 3. F.J. Klingberg: The Anti-Slavery Movement in England, pp. 192-193.
 4. C. Buxton (editor): Memoirs of Sir Thomas Fowell Buxton, p. 113; F.J. Klingberg: The Anti-Slavery Movement in England, pp. 194-195.

Britse beleid oor slawerny opgetree. Hierdie resolusies, met as hoofdoel die verbetering van die toestand van die slawe en die geleidelike afskaffing van slawerny, sou voortaan die basis van Britse regeringsbeleid ten opsigte van slawerny uitmaak.⁵⁾ Met dié doel voor oë, en om as model vir die selfbesturende kolonies te dien, is die Trinidad Bevel-in-Rade (so genoem omdat dit die eerste keer op dié eiland toegepas is) in Maart 1824 aangeneem en na die onderskeie kroonkolonies, dit wil sê ook die Kaapkolonie, gestuur.⁶⁾ Hierdie Bevel-in-Rade het as Ordonnansie 19 sy verskyning in die Kaapkolonie gemaak.⁷⁾

6.1 Inhoud

Ordonnansie 19 was uitgebreid van aard en het uit 50 klousules bestaan. Dit het baie van die bepalings van die proklamasie van 18 Maart 1823 weer opgeroep. In verskeie gevalle is van hierdie klousules selfs breedvoeriger omskryf.⁸⁾ Aangesien dit noodsaaklik geag is om sommige van sodanige klousules van Ordonnansie 19 reeds in hoofstuk 3 te vermeld, word dit nie weer hier bespreek nie.

5. F.J. Klingberg: The Anti-Slavery Movement in England, pp. 167, 197-200, 203, 205, 211.
6. A.C. 5 Appendices, No. I: Bathurst - Somerset, 8.2.1825, Copy, No. 139, pp. 71-74; Anoniem: A Summary view of the progress of Reform in the Slave Colonies of Great Britain, since the 15th of May, 1823, pp. 1-2.
7. Z.C. 1/6 A Short History of Slavery at the Cape, No. 1840, p. 18; E.A. Walker: A History of South Africa, p. 178.
8. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823); 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

Artikel een van Ordonnansie 19 het vir 'n nuwe amp, dié van slaweamptenaar wat as die Registrateur en Voog van Slawe bekend sou staan, voorsiening gemaak. Die eer om hierdie amp vir die eerste keer te beklee, het G.J. Rogers te beurt geval. Dit het vir hom, as inspekteur van slawe, op 'n verhoging in status neergekom.⁹⁾

Om die Registrateur en Voog van Slawe in sy pligte by te staan, is die assistent-registrateurs van slawe in die buiteland tot assistent-registrateurs en voogde van slawe benoem.¹⁰⁾ In Januarie 1828 is die pos van assistent-registrateur en voog van slawe egter van mekaar geskei. Dit het beteken dat twee persone dié afsonderlike ampte sou beklee. Tot Oktober 1831 het die klerke van die vredegerog as assistent-registrateurs in die buiteland opgetree.¹¹⁾

9. Sien hoofstuk 2, p. 56; The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826), 7.7.1826 (Government Appointment, 6.7.1826); G.H. 1/57 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Bourke, 4.12.1826, No. 312, pp. 70-71.

10. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

11. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Huskisson, 25.2.1828, No. 8, p. 340; S.O. 2/9 Letters Despatched; Rogers - Assistant Registrars, except Simonstown, 21.12.1827, Circular, No. 205, p. 334; C.O. 4887 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - The Several Clerks of Peace for the Country Districts (excepting Cape District), 19.12.1827, Circular, n.n., p. 463; The South African Almanack and Directory for the Year 1830, pp. 213-214; C.O. 5829 Proclamations and Government Advertisements, 26.9.1831, No. 125, n.p.

Die pligte van bovermelde slaweampnare is in die sewende artikel van die ordonnansie vervat. Indien slawe voor 'n regbank gedaag sou word, was dit die taak van die Registrateur en Voog van Slawe of sy assistente in die buitedis-trikte om die verhoor ten behoeve van die slawe by te woon. Hierdie amptenare moes dan toesien dat reg en geregtigheid aan hul beskermlinge voor die houe geskied. Dit het gegeld ten opsigte van enige daad strafbaar met die dood, verbanning of transportasie, asook in sake waarin die kwessie tot die reg van beweerde vryheid of eiendomsbesit betwis sou word, of waarin 'n persoon van moord of enige ander misdryf teen die persoon van enige slaaf beskuldig sou word. In sake van dergelike aard sou die betrokke slawe voor die gereg behandel word asof hul vrye persone was.¹²⁾

In die verdere uitvoering van sy amp, het die 41ste artikel die Registrateur en Voog van Slawe genoodsaak om beëdigde halfjaarlikse verslae op te stel. Die verslae is aan die minister van kolonies gestuur. Die inhoud daarvan sou slawe-aangeleenthede van die kolonie op velerlei wyse belig.¹³⁾

Ordonnansie 19 het hom ook vir die verspreiding van die Christendom beywer, omdat daar geglo is dat dit, meer as enige ander maatreël, sedelikheid onder die slawebevolking sou bevorder.¹⁴⁾ Om dié rede het die agste artikel die hou van markte op Sondae verbied. Dit sou ook vir eienaars verbode wees om enige van hul slawe (en nie soos voorheen net hul Christenslawe nie)¹⁵⁾ daarvan te weerhou om op

12. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

13. Ibid.

14. Ibid.

15. Sien hoofstuk 3, p. 63.

Sondae die kerk of enige ander plek van aanbidding by te woon. Oortreding van hierdie artikel was met 'n boete van 20 sjielings strafbaar.¹⁶⁾

Tot verdere heiliging van die Sabbatdag is dié dag nie net tot rusdag verklaar nie, maar die negende artikel het ook bepaal watter werk as noodsaaklik geag is, en dus deur slawe verrig sou kon word. Behalwe die gewone huislike take sou slawe byvoorbeeld ook toegelaat word om wag te staan, siekes te versorg, diens by begrafnisse te verrig of 'n vuur te help blus. Hierbenewens sou 'n eienaar ook die arbeid van sy slawe op Sondae kon inspan as voorsorgmaatreël teen die moontlikheid dat onberekenbare skade aan sy eiendom aangerig word. Vir dergelike arbeid sou slawe egter nie op 'n loon kon aanspraak maak nie.¹⁷⁾

Laasgenoemde artikel het ook voorgeskryf dat slawe nie verplig kon word om dringende veldarbeid op Sondae te verrig nie. Sou hulle egter vrywillig daartoe instem, moes die eienaar 'n loon daarvoor betaal. Die minimum lone wat vir hierdie noodwerk betaal moes word, sou elke ses maande deur die Beskermer en Voog van Slawe vasgestel word. Dit het slawe ook vrygestaan om hul dienste op dié dag aan ander te verhuur, maar slegs in geval daardie persone dringende veldarbeid verlang het en op voorwaarde dat hul eienaars spesiaal skriftelik daartoe toestemming sou verleen. Indien die eienaars nie ag op die voorskrifte van hierdie artikel sou slaan nie, en byvoorbeeld van hul slawe sou verwag om enige ander werk op Sondae te doen as wat hierbo beskryf is,

16. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

17. Ibid.

sou hulle beboet word. Dit kon wissel tussen minstens een pond en hoogstens vyf pond.¹⁸⁾

Een van die hoofogmerke van Ordonnansie 19 was ook om slawe te beskerm teen buitensporige straf van hul eienaars.¹⁹⁾ Artikel 17 het ten opsigte hiervan veranderde prosedures voorgeskryf wanneer slawe voortaan klagtes van onwettige straf teen hul eienaars aanhangig sou maak. Wanneer slawe vars merke of wonde as gevolg van straf op hul liggame kon toon, sou daar in elke geval by voorbaat krediet aan hul verklarings in howe verleen word. Die onus het dan by die betrokke eienaar berus om sy onskuld voor die Registrateur en Voog van Slawe, of voor sy assistente wanneer in die buitelandstrikte, te bewys. Sou die eienaar daarin slaag, en dit geblyk het dat die klag ongegrond was, is die klaer, na gelang van die aard van die saak, wettige straf opgelê.²⁰⁾

Waar 'n eienaar wel skuldig bevind is aan die uitoefening van wrede en onwettige straf, het die 43ste artikel ook bevoegdheid aan die geregshowe verleen om die skuldige se aanspraak op sy slaaf verbeurd te verklaar.²¹⁾ In praktyk het dit inderdaad op die vryheid van só 'n slaaf neergekom.²²⁾

18. Ibid.

19. S.O. 1/6 Letters Received from Colonial Office: Cole - Bell, 10.12.1828, No. 6, Copy, Minute, n.p. (enclosure to Bell - The Guardian of Slaves Western Province, 11.12.1828, n.n., n.p.).

20. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

21. Ibid.

22. Het Nederduitsch Zuid Afrikaansch Tydschrift, Deel VII, No. IV Julie - Augustus 1830, p. 303.

Artikel 44 het dit 'n stap verder gevoer. Wanneer 'n persoon die tweede maal skuldig bevind sou word, is só iemand deur die hof onbevoeg verklaar om ooit weer slawe te besit. Die verontregte slaaf of slawe sou dan ten behoeve van die skuldige per openbare veiling verkoop word. Dit was onderhewig aan die voorwaarde dat die verkoopte/s nooit weer in die skuldige se besit, of dié van sy ouers, kinders, broers of susters mag kom nie.²³⁾

Ook het Ordonnansie 19 uitgebreide artikels neergelê wat in verband met die vrystelling van slawe gestaan het. Die belangrikste hiervan was stellig die 33ste artikel, waarvolgens slawe-eienaars verplig kon word om hul slawe vry te stel. Hiervolgens sou slawe toegelaat word om hul eie vryheid, asook dié van hul bloedverwante, te koop. As voorwaarde hiertoe moes voldoende bewys aan die Registrateur en Voog van Slawe of sy assistente gelewer word dat die geld of eiendom wat as losprys aangewend sou word, op wettige wyse verkry is.²⁴⁾ Indien 'n eienaar om die een of ander rede sou weier om op dié manier vryheid toe te staan, sou die geregshof, op aansoek van die Registrateur en Voog van Slawe, die eienaar versoek om ter geleëner tyd voor dié hof te verskyn.²⁵⁾

Die volgende artikel het uitgebrei op die modus operandi wat die geregshof in sake van dergelike aard moes volg. Sou daar byvoorbeeld 'n meningsverskil oor die geldwaarde van 'n slaaf tussen die Beskermer en Voog van Slawe en 'n eienaar ontstaan, kon die hof aan dié twee persone opdrag gee om

23. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

24. Ibid.

25. Ibid.

elkeen 'n taksateur te benoem. Ten eerste moes beide taksateurs, wat nie self slawe-eienaars mog wees nie,²⁶⁾ voor die hof beëdig dat hulle 'n regverdige en onpartydige taksasie van die slaaf sou maak. Hierna moes beide taksateurs binne sewe dae 'n gesamentlike taksasiesertifikaat aan die hof voorlê. Indien dit nie binne hierdie voorgeskrewe tyd sou geskied nie, het die geregshof verder oor die mag beskik om 'n arbiter te benoem. Van hierdie persoon is verwag om binne sewe dae 'n beëdigde waardering te maak vir finale voorlegging aan die hof, waarna dit as bindend beskou sou word.²⁷⁾

Volgens die inhoud van die 35ste artikel sou die slaaf as vry gereken word vanaf die oomblik dat sy getakseerde waarde aan die Algemene Ontvanger betaal is en laasgenoemde vir rekorddoeleindes 'n kwitansie daarvan aan die Registrateur en Voog van Slawe uitgereik het. Die onkoste wat met die taksasie gepaard gegaan het, sou volgens die bepaling van artikel 36 gelykop verdeel word tussen die eienaar en die slaaf wie se vryheid ter sprake was. Die helfte waarvoor die slaaf verantwoordelik was, sou van sy getakseerde waarde afgetrek word.²⁸⁾

Die 37ste artikel het voorskrifte neergelê in verband met die besteding van geld wat die geregshof uit verrigtinge van dié aard verkry het. Dit sou vir die vrykoop van ander slawe aangewend word. Indien geen aansoek daarvoor ontvang

26. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Assistant Guardian at Albany, Beaufort, Clanwilliam, Cradock, George, Graaff Reinet, Simon's Town, Stellenbosch, Uitenhage, Worcester, Zwelendani, 28.7.1826, Circular, No. A2, p. 1.

27. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

28. Ibid.

sou word nie, moes die geld in die hande van die Algemene Ontvanger bly. Dit sou as die eiendom van die eienaar beskou word en as waarborg dien vir enige aansprake, soos wanneer hy onder verband staan, waaraan 'n slaaf ten tyde van sy vrystelling onderworpe was. Ooreenkomstig die opdragte van die geregshof sou die Ontvanger sulke eise uitbetaal in gevalle waar daarvoor aansoek gedoen is.²⁹⁾

Ordonnansie 19 het ook 'n bydrae gemaak om slawe-eienaars aan te moedig om hul slawe uit eie wil vry te stel. 'n Begin hiermee is egter reeds gemaak toe die proklamasie van 18 Maart 1823 net Christenslawe van die betaling van 50 riksdalders by vrystelling kwytsgekeld het.³⁰⁾ Dit is in Oktober 1824 opgevolg met 'n maatreël wat hierdie voorreg ook tot die heidense slawe uitgebrei het.³¹⁾ Die betaling van 50 riksdalders het voortgespruit uit agtiende-eeuse wetgewing wat vereis het dat gemelde bedrag aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk betaal moes word alvorens vryheid aan 'n slaaf toegestaan kon word. Hierbenewens moes twee persone ook borg staan dat die vrygelatene nie binne 20 jaar armlastig van die kerk sou word nie. Hierdie waarborge is vereis omdat die gevaar altyd bestaan het dat eienaars hul sieklike en afgeleefde slawe sou vrystel om op dié

29. Ibid.

30. Sien hoofstuk 3, p. 63.

31. S.O. 1/4 Letters Received from Colonial Office: Brink - Rogers, 7.10.1824, No. 97, n.p.; S.O. 2/8 Letters Despatched: Smit - The different Functionaries of this Department in the Country Districts, 15.10.1824, n.n., p. 222; C.O. 268 Letters Received from Slave Registrar's Office and Slave Lodge: Statement of the Expenses attending the Manumission of a Slave at the Cape of Good Hope, G.J. Rogers, 3.2.1826, Nos. 63 and 64, n.p.

manier die verantwoordelikheid te ontduik om na hul welsyn om te sien.³²⁾

Die 32ste artikel van Ordonnansie 19 het weer eens bevestig dat geen geld by vrystelling verlang sou word nie. Des te meer nog, aldus Rogers se verduideliking van hierdie artikel, het dit ook die addisionele borg wat by vrystelling verlang is, opgehef.³³⁾

Op sy beurt het die 38ste artikel voorskrifte neergelê wat verseker het dat waar vryheid toegestaan is, die uitvoering daarvan spoedig afgehandel sou word. In plaas van om soos vroeër toestemming by die Goewerneur te verkry,³⁴⁾ is skriftelike kennisgewing aan die Registrateur en Voog van Slawe van eienaars vereis alvorens vrystelling deur middel van 'n privaat ooreenkoms gereël kon word. Die Registrateur en Voog van Slawe moes daarna die verantwoordelikheid op hom neem om toe te sien dat die vrystelling ten uitvoer gebring word. Die amptenaar moes ook toesien dat, onderhewig aan 'n boete van hoogstens 50 pond en minstens tien pond, sodanige

32. V. de Kock: Those in Bondage: An Account of the Life of the Slave at the Cape of Good Hope in the Days of the Dutch East India Company, pp. 200-201.

33. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Assistant Guardian at Albany, Beaufort, Clanwilliam, Cradock, George, Graaff Reinet, Simons's Town, Stellenbosch, Uitenhage, Worcester, Zwellendam, 28.7.1826, Circular, No. A2, p. 2, Rogers - His Honor the Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 25.6.1827, No. 37, pp. 109-110; The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

34. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - Assistant Guardian at Albany, Beaufort, Clanwilliam, Cradock, George, Graaff Reinet, Simons's Town, Stellenbosch, Uitenhage, Worcester, Zwellendam, 28.7.1826, Circular, No. A2, p. 2.

vrystellings binne een maand by die slaweregistrasiekantoor geregistreer word.³⁵⁾

Goewerneur Somerset het kort na sy terugkeer van verlof in Brittanje in Desember 1821 'n spaarbank vir slawe in die kolonie daargestel.³⁶⁾ Ordonnansie 19 het ook verder bygedra om 'n spaarsin by slawe aan te moedig. Die waarde hiervan was die feit dat dit aan slawe die geleentheid gebied het om 'n neseier bymekaar te maak wat uiteindelik aangewend sou kon word om hul vryheid, of dié van hul naasbestaandes, te koop. Ingevolge artikel 29 is 'n jaarlikse renteopbrengs van 4% aan slawe gebied in gevalle waar 'n belegging van minstens 25 sjielings in enige spaarbank gemaak sou word. Slawe kon ook deur middel van 'n verklaring bepaal op watter wyse die geld by hul afsterwe uitbetaal moes word. Indien geen verklaring of familieledede by afsterwe agtergelaat is nie, sou dié deposito's deur die Weeskamer in 'n fonds gestort word. Hierdie fonds wat alreeds in 1823 gestig is,³⁷⁾ sou aangewend word om slawedogters vry te koop.³⁸⁾

Wanneer slawe 'n deposito van meer as 50 sjielings wou maak, het die 31ste artikel bepaal dat daarvoor skriftelike toestemming van hul eienaars verkry moes word. Indien dit

35. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

36. G.H. 23/7 Papers Despatched to Secretary of State, London: Somerset - Bathurst, 31.1.1824, No. 70, p. 121; W.O.C. 19/8 Inkomende Briewe van Amptenare: Brink - Van de Graaff, 7.12.1821, Circular, n.n., n.p.

37. Sien hoofstuk 3, p. 122.

38. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

geweier sou word, kon slawe hulle op die Registrateur en Voog van Slawe of sy assistente in die buitelandse distrikte vir toestemming beroep. Sover dit die deposito's van slawe by spaarbanke aangegaan het, is dit ooreenkomstig die 30ste artikel onder beheer en inspeksie van die Registrateur en Voog van Slawe of sy assistente in die buitelandse distrikte geplaas.³⁹⁾

Ordonnansie 19 het ook ten opsigte van geregtelike aangeleenthede gegeld. Die 39ste artikel het aan alle slawe (en nie soos voorheen net aan die gedooptes nie)⁴⁰⁾ die reg verleen om beëdigde verklarings in enige hof van die kolonie af te lê. Die enigste vereiste was dat elke slawegetuie genoegsaam in die beginsels van die Christelike godsdiens onderrig moes wees, en die aard en verbintenis van 'n eed moes verstaan. Geen slaaf sou egter toegelaat word om te getuig in siviele sake waarby sy eienaar direk betrokke was nie.⁴¹⁾

Ten slotte het artikels 12 en 28 van Ordonnansie 19 onderskeidelik die strafwerktuig waarmee slawe-eienaars hul slawe kon kasty, en die aard van eiendom wat slawe mag besit, in meer besonderhede gedefinieer. Wat die strafwerktuig betref, is dit omskryf as een wat nie van 'n strawwer aard mog wees as dié wat in gevangenis gebruik is nie.⁴²⁾ In Augustus 1826 is die kasty as die enigste

39. Ibid.

40. Sien hoofstuk 3, p. 110.

41. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

42. Ibid.

strafwerktuig in die gevangnisse gewettig.⁴³⁾ Dit wil voorkom of daar in die tydperk onmiddellik voor Augustus 1826, sover dit die gevangnisse in die distrik Tulbagh/Worcester betref het, hoofsaaklik van rottangs gebruik gemaak is.⁴⁴⁾

Sover dit die besit van eiendom deur slawe aangegaan het, het slawe die reg verkry om grond, geld, vee, landbou-gereedskap, huisraad of goedere van soortgelyke aard te besit.⁴⁵⁾

6.2 Invloed

In die gedeeltes wat hierop volg, sal daar eerstens oorweging geskenk word aan die algemene invloed wat Ordonnansie 19 in die distrik Tulbagh/Worcester gehad het. Daarna sal gepoog word om die invloed van enkele van die artikels afsonderlik te ondersoek namate dit in die distrik van Tulbagh/Worcester toegepas is.

43. W.O.C. 11/8 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor: Plasket - Landdrost of Worcester, 23.8.1826, Circular, n.n., n.p.; W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - van Ryneveld, 5.9.1826, No. 5089, n.p.

44. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Van Ryneveld en Theron, 24.7.1826, No. 5039, n.p.

45. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

Soos deur Bourke voorsien,⁴⁶⁾ het die publikasie van Ordonnansie 19⁴⁷⁾ groot opskudding in die kolonie verwek. In Kaapstad het die Burgersenaat geweier om dit deur die gewone wyse van voorlesing in die stadsaal bekend te maak. Uiteindelik het dit ook tot die bedanking van die president en twee ander lede van hierdie liggaam gelei.⁴⁸⁾ Op Stellenbosch was geeneen van die heemrade by die bekendmaking van dié ordonnansie teenwoordig nie.⁴⁹⁾ Dit blyk ook dat hulle later die administrering van Ordonnansie 19 probeer kortwiek het.⁵⁰⁾ In die distrik Graaff-Reinet is die ordonnansie ook met teenstand begroet.⁵¹⁾

Die distrik Tulbagh/Worcester was in dié verband geen uitsondering nie, waar 'n vyandige gevoel jeens Ordonnansie 19

-
46. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 21.6.1826, No. 34, p. 78, 18.7.1826, No. 45, p. 96.
47. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).
48. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 18.7.1826, No. 45, pp. 97-98; C.O. 263 Letters Received from Burgher Senate: Wouterson - Bourke, 5.7.1826, No. 32, n.p., Hofmeyer - Bourke, 7.7.1826, No. 33, n.p., Van der Poel - Bourke, 10.7.1826, Translation, No. 35, n.p.; G.M. Theal: History of South Africa from 1795-1872 II, p. 67.
49. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 18.7.1826, No. 45, p. 97; The South African Commercial Advertiser, 18.7.1826 (Editorial); G.M. Theal: History of South Africa from 1795-1872 II, p. 67.
50. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 25.10.1826, No. 95, pp. 180-181; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - The Secretary of Government, 28.9.1826, n.n., p. 21.
51. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXI (Bourke - Hay, 28.5.1827), p. 410.

geheers het.⁵²⁾ Dit het onder meer neerslag gevind in 'n versoekskrif deur 39 slawe-eienaars wat op 7 Augustus hul vernaamste besware daarteen geopper het.⁵³⁾

Dit was veral artikels 17, 33 tot 37, 39 en 43 waaroor die petitionarisse in die besonder beswaard gevoel het. Kommer is uitgespreek oor die gemak waarmee slawe hul eienaars aan die pen kon laat ry wanneer klagtes van mishandeling ingedien sou word. Dit was vir die ondertekenaars van hierdie versoekskrif sorgbarend dat slawe prakties gesproke daarin kon slaag om hul vryheid self te bewerkstellig waar 'n eienaar in gebreke sou bly om die teendeel op 'n klag van mishandeling te bewys. Ter ondersteuning van die feit dat hul vrese vir valse klagtes van mishandeling nie buitensporig was nie, het die petitionarisse weer die hofsak te berde gebring waarby Abraham van Wyk se vrou in 1826 betrokke was.⁵⁴⁾ Daarby was die petitionarisse ook besorg oor die algemene waardevermindering van die slawe wat hul by implikasie aan die proklamasie van 18 Maart 1823 gekoppel het. In Ordonnansie 19 het hulle die gevaar van verdere armoede gesien, soveel te meer nog wanneer die getakseerde waarde by vrykoop bereken moes word.⁵⁵⁾

'n Latente vrees vir slawegeweld was ook in dié versoekskrif aanwesig. Net soos die 350 inwoners van Kaapstad en die 173

52. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Trappes - Plasket, 12.9.1826, No. 138, n.p.

53. Ibid.: 39 Slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.); Anoniem: Kopjen der Briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19, pp. 24-27.

54. Ibid., pp. 24-25; Sien ook hoofstuk 3, pp. 119-121.

55. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 39 Slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.); Anoniem: Kopjen der Briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19, pp. 24-26.

inwoners van die distrik Stellenbosch in hul versoekskrifte aan onderskeidelik die Burgersenaat en die landdros en heemrade in Julie, het die Tulbaghse/Worcesterse memoria-liste ook na die slaweopstand van 1825 verwys. Almal het dit gesien as die gevolg van die proklamasie van 18 Maart 1823, en dit het daartoe bygedra dat die gevolge van Ordonnansie 19 vreesagtig afgewag is.⁵⁶⁾

Op grond van die talle petisies wat mettertyd teen Ordonnansie 19 ingestroom het, het Bourke, tot ergernis van die Imperiale regering,⁵⁷⁾ verlof tot 'n openbare vergadering in die stadsaal van Kaapstad toegestaan.⁵⁸⁾ Op hierdie vergadering, wat op 22 Julie 1826 gehou is, is daar 'n komitee benoem.⁵⁹⁾ Hierdie liggaam sou hom as doel stel om 'n versoekskrif aan die Koning voor te lê waarin voorstelle aan die hand gedoen sou word vir die bes moontlike maniere om die lot van die slawebevolking in die Kaapkolonie te verbeter, en wat uiteindelik ook op die algehele afskaffing van slawerny sou neerkom. Alvorens hiermee begin sou word,

56. Ibid., p. 25; G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXVII (Bourke - Bathurst, 18.7.1826, enclosure 3, 350 inhabitants from Cape Town - President and Members of Burgher Senate, 3.7.1826), pp. 98-109; The South African Commercial Advertiser, 12, 15.8.1826 (Memorie der Ingezetenen van de Kaapstad aan den Raad der Gemeente, betreffende de Ordonnantie No. 19, 3.7.1826); A.C. 5 Appendices, No. I: 173 inhabitants - The Landdrost and Heemraaden of the District of Stellenbosch, 5.7.1826, Copy, n.n., pp. 1025-1026.

57. G.H. 1/59 Papers Received from Secretary of State, London: Bathurst - Bourke, 19.12.1826, No. 339, p. 42.

58. G.H. 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 18.7.1826, No. 45, pp. 96-98.

59. The South African Commercial Advertiser, 5.9.1826 (Ver- rigtingen van de Commissie over de Slaven Ordonnantie).

is 'n voorlopige opskorting van Ordonnansie 19 geëis.⁶⁰⁾ Die Tulbagh/Worcesterse memorialiste wat gevoel het dat daar saamgestaan moes word teen Ordonnansie 19, het hul steun aan hierdie komitee toegesê.⁶¹⁾

Die komitee was onsuksesvol in sy poging om Ordonnansie 19 opgeskort te kry. Die Goewerneur-in-Rade het volstrek geweier om die werking van Ordonnansie 19 uit te stel of enige wysigings aan die bepalings daarvan aan te bring.⁶²⁾ Gevolglik moes die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh/Worcester, soos ook die ander slawe-eienaars in die kolonie, tevrede wees met Ordonnansie 19 toe dit op 1 Augustus 1826 amptelik van krag geword het.⁶³⁾

Kort na die inwerkingtreding van Ordonnansie 19 het gerugte wat met die vryheid van slawe verband gehou het, opnuut sy loop in die distrik Tulbagh/Worcester geneem.

60. GH 23/8 Papers Despatched to Secretary of State, London: Bourke - Bathurst, 18.7.1826, No. 45, pp. 96-98, 11.8.1826, No. 56, p. 118.; The South African Commercial Advertiser, 5.9.1826 (Verrigtingen van de Commissie over de Slaven Ordonnantie), (Kaapstad 24.7.1826), 12.9.1826 (Proceedings of the Slave Ordinance Committee ...), 16.9.1826 (Proceedings of the Slave Ordinance Committee ...).

61. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 39 Slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.); Anoniem: Kopyen der Briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19, pp. 25-26.

62. The South African Commercial Advertiser, 16.9.1826 (Copy of Resolution of a Council held this day, 14.8.1826); C.O. 4886 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - Landdrost and Heemraden of Worcester, 5.9.1826, n.n., p. 186.

63. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

Christiaan, 'n vry swarte en voormalige "justitie kaffer" van Tulbagh, het aan die slawe in die veldkornetskap Vier en Twintigriviere verkondig dat alle slawe teen 20 September 1826 vry sou wees. Tegelykertyd het hy hulle gewaarsku om hulself in gereedheid te hou aangesien die slawe van Kaapstad op dié datum sou begin om hul vryheid op te eis.⁶⁴⁾ Aan die huis van weduwee P.W. de Bruin het Christiaan ook in die aanwesigheid van haar slawe verklaar dat die "Engelsman" gereed was om teen die "Afrikaandertjes" op te tree. As bewys hiervan het hy aangevoer dat die landdroste van Stellenbosch en Clanwilliam alreeds van hul poste onthef is omdat hulle die slawe sleg behandel het - 'n stelling wat van alle waarheid ontbloot was.⁶⁵⁾ Christiaan het ook verder aan sy toehoorders verduidelik dat wanneer slawe in die toekoms lyfstraf van hul eienaars sou ontvang en die slawe daarvoor sou gaan kla, die eienaars by die eerste oortreding 'n swaar boete opgelê sou word. By 'n tweede

64. W.O.C. 12/6 Inkomende Briewe van Amptenare: Denyssen - Fischer, 1.3.1821, No. 56, n.p.; C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Theron - Trappes, 9.9.1826 (enclosure to Trappes - Plasket, 12.9.1826, No. 138, n.p.), Extract uit het Journaal gehouden by den Speciale Heemraad van Tulbagh, 7.9.1826 (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.); W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Speciale Heemraad Tulbagh: Theron - den Landdrost van Worcester, 9.9.1826, No. 173, n.p.

65. Dit skyn of Christiaan hier na D.J. van Ryneveld as landdrost van Stellenbosch en J. van Ryneveld as adjunklanddrost van Clanwilliam verwys het. (Vgl. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Extract uit het Journaal gehouden by den Speciale Heemraad van Tulbagh, 7.9.1826 (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.). Op 31 Desember 1827 het beide dié twee persone egter nog in hul ampte gedien. [Vgl. G.M. Theal: Records of the Cape Colony XXXV (Establishment of the Cape of Good Hope for the year One thousand eight hundred and twenty seven, Shewing the Departments as they stood on 31st December of that year), p. 26].

oortreding van 'n soortgelyke aard sou die landdros die klaer vry verklaar.⁶⁶⁾

Alvorens Christiaan op hierdie uitsprake tereg kon staan, is hy op 8 September in Kaapstad op aanklag van diefstal gevange geneem. Hiervoor is hy 'n vonnis van 12 jaar harde arbeid opgelê.⁶⁷⁾

Christiaan se uitlatings moes 'n invloed op die slawebevolking in die distrik Tulbagh/Worcester gehad het,⁶⁸⁾ soos dit oënskynlik voorkom uit die optrede van Amsterdam, 'n 27-jarige slaaf wat in diens van weduwee De Bruin gestaan het. Op 10 September 1826 het Amsterdam by sy eertydse eienaar, P.F. Theron (Pieterse), se huis in Kerkstraat, Tulbagh besoek gaan aflê. Hier het hy laasgenoemde se slawe en Hottentotte meegedeel dat die doel van sy besoek aan Tulbagh slegs was om geld vir homself te verdien aangesien hy hom gedurende die week vir die gerief van sy eienares moes afsloof. Amsterdam het onder meer ook die oortuiging

66. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Theron - Trappes, 9.9.1826 (enclosure to Trappes - Plasket, 12.9.1826, No. 138, n.p.), Extract uit het Journaal gehouden by den Speciale Heemraad van Tulbagh, 7.9.1826 (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.); W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Speciale Heemraad Tulbagh: Theron - den Landdrost van Worcester, 9.9.1826, No. 173, n.p.

67. W.O.C. 12/18 Inkomende Briewe van Amptenare: Lorentz - Trappes, 18.9.1826, n.n., n.p.; C.O. 4886 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - The Landdrost of Worcester, 22.9.1826, n.n., p. 211.

68. The South African Commercial Advertiser, 30.9.1826 (Uittreksel uit een Brief gedateer Kaapstad den 23 Sept.).

uitgespreek dat hy lank genoeg gewerk het en nou op sy vryheid aanspraak maak.⁶⁹⁾

Hierdie optrede het Amsterdam in die gevangenis in Tulbagh laat beland.⁷⁰⁾ Op 18 Oktober het hy voor die landdros en heemrade van Worcester verskyn op die aanklag dat hy onbehoorlike uitlatings gemaak het waardeur hy die openbare rus en veiligheid in gedrang kon bring. Na skuldbevinding is Amsterdam 'n vonnis van tien houe opgelê. Dit moes in die teenwoordigheid van die spesiale heemraad en op die mees openbare plek op Tulbagh geskied.⁷¹⁾ Dit is op 21 November voltrek, waarna Amsterdam aan sy eienares terugbesorg is.⁷²⁾

Die optrede van Christiaan en Amsterdam het egter nie daartoe gelei dat die slawebevolking van die distrik Tulbagh/Worcester die gesag van hul eienaars met gesamentlike fisiese geweld uitgedaag het nie. Nogtans het dit 'n mate van onrus laat posvat in die gemeedere van die inwoners, wat die gedrag van Christiaan en Amsterdam waarskynlik beoordeel het as synde van die eerste gevolge van Ordonnansie 19. Die gevoel van onrus is vernaamlik deur die inwoners van die Kom van Tulbagh ervaar waar 'n aantal plase

69. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Theron - Trappes, 22.9.1826, Copy (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.), Trappes - Bourke, 24.10.1826, No. 165, n.p.

70. W.O.C. 17/11 Uitgaande Briewe van Landdros en Siviele Kommissaris: Trappes - Denyssen, 26.9.1826, No. 6022, n.p.

71. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Trappes - Bourke, 24.10.1826, Nos. 165 and 166, n.p.

72. W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Spesiale Heemraad Tulbagh: Theron - Landdrost van Worcester, 22.11.1826, No. 197, n.p.

digby mekaar geleë was⁷³⁾ wat tot gevolg gehad het dat slawegedrag in hierdie tyd fyn gemonitor is deur veldkornet D.J. Theron.⁷⁴⁾ Onder sy bevel is elke nag patrolliediens verrig.⁷⁵⁾

Die algemene slawegedrag in die tydperk hierna, toe Ordonansie 19 sy invloed toenemend laat geld het, was van so 'n aard dat dit die inwoners van die distrik Tulbagh/Worcester nog meer verontrus het. Slawe en Hottentotte het hulle in dié tyd toenemend aan inbraak, diefstal en rondlopery skuldig gemaak. Gevolglik het Winterbach, die vrederegter van Tulbagh ('n amp wat hy sedert 1 Januarie 1828 bekleed het nadat die pos as spesiale heemraad afgeskaf is,)⁷⁶⁾ binne sy reg gehandel⁷⁷⁾ toe hy in Februarie 1828 verplig gevoel het om verskerpte pasmaatreëls af te dwing. Daarvolgens is slawe en Hottentotte verplig om 'n pas te dra wat deur die eienaars voorsien moes word wanneer hulle na agtuur in die aand êrens heen gestuur is. Op die pas moes hul eindbestemming en die tydperk van hul afwesigheid aangedui word.

-
73. C.O. 203 Letters Received from Bible and School Commission: Truter - The Gentlemen forming the Bible and School Commission, 24.2.1824, Translation (enclosure to Von Manger - Somerset, 19.2.1824, No. 2, n.p.).
74. African Court Calendar and Directory, for 1825, p. 57; The South African Almanack and Directory, for 1827, p. 76.
75. The South African Commercial Advertiser, 30.9.1826 (Uittreksel uit een Brief gedateer Kaapstad den 23 Sept.).
76. C.O. 4888 Letters Despatched, Country Districts: Bell - The Civil Commissioner Worcester/Tulbagh, 28.3.1828, n.n., p. 128; C.O. 4887 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - Special Heemraden of Cradock, Tulbagh and Caledon, 4.12.1827, n.n., p. 429.
77. G.W. Eybers: Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910, p. 108; C.O. 4887 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - The several Landdrosts of the Country Districts, 15.11.1827, Circular, Confidential, p. 389.

Winterbach het aan iedereen die reg verleen om 'n slaaf of Hottentot wat nie in besit van dergelyke pas was nie, aan hom of veldkornet D.J. Theron uit te lewer.⁷⁸⁾

Vervolgens sal gepoog word om die invloed van enkele van die artikels te ondersoek namate dit in die distrik van Tulbagh/Worcester toegepas is.

In die eerste plek het dit aan die lig gekom dat M.J. Borchers, die assistent-voog van slawe by Worcester (wat sy amp aan artikel een van Ordonnansie 19 te danke gehad het), vanweë sy intellektuele onvermoë totaal onbevoeg vir die uitvoering van sy taak was.⁷⁹⁾ Dit kan ook as 'n rede aangevoer word vir die veroordelende en vyandige gesindheid wat mettertyd onder slawe-eienaars ontstaan het jeens die slaweamptenare wat deur Ordonnansie 19 daargestel is. Dit word onder meer deur die volgende voorbeeld geïllustreer: In Februarie 1830 het die twee slavinne Clara en Cathryn (ook Catryn gespel), van Dirk de Vos van die plaas Buffelskraal in die veldkornetskap Agter die Hexrivier, 'n klag by

78. In Oktober 1825 het spesiale heemraad, P.J. Theron, ook pasmaatreeëls afgekondig. (Vgl. W.O.C. 20/2 Uitgaande Briewe van Spesiale Heemraad Tulbagh: P.J. Theron - D.J. Theron, 8.10.1825, No. 59, n.p.); W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Vrederegter van Tulbagh: Winterbach - Theron, 12.2.1828, No. 331, n.p.

79. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, p. 346; The South African Almanack and Directory, for the Year 1830, p. 213.

Borcherds aanhangig gemaak.⁸⁰⁾ Beide slavinne het hul eienaar daarvan beskuldig dat hy hulle sonder rede geslaan het. Dit is van Borcherds verwag om dié klag as sodanig aan te teken (dit wil sê dat gekla is omdat hulle sonder rede geslaan is), maar in plaas daarvan het hy verkeerdelik die klag as net mishandeling aangeteken. Sy eerste stap daarna was om die slavinne vir ondersoek na die distriksgeneesheer te verwys, wat geen uiterlike tekens van mishandeling kon waarneem nie.⁸¹⁾ Gevolglik is dié twee slavinne in die gevangenis gestop en is De Vos in kennis gestel om sy slavinne te kom vrylaat. Borcherds het as voorwaarde vir hul vrylating 'n mediese sertifikaat van De Vos verlang wat van die distriksgeneesheer verkry moes word. Dit sou sertifiseer dat die slavinne nie mishandel is nie.⁸²⁾

De Vos wat reeds sedert Maart 1823 veldkornet was van die veldkornetskap waarin hy gebly het,⁸³⁾ het geweier om die

-
80. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Affidavit of Clara, n.d., n.n., p. 426 (annexture to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349); W.O.C. 19/22 Uitgaande Briewe van Assitent-Beskermer: Borcherds - De Vos, 24.2.1830, No. 52, p. 70; S.O. 1/6 Letters Received from Colonial Office: Bell - The Guardian of Slaves Western Division, 28.2.1828, n.n., n.p.
81. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Borcherds - De Vos, 24.2.1830, Translation, n.n., p. 452, Evidence of Clerk of the Peace, n.d., n.n., pp. 476-479, Evidence of dr. Glaeser, n.d., n.n., p. 487 (Annexures to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).
82. W.O.C. 19/58 Gemengde Dokumente betreffende Slawe en Huurjongens: De Vos - Borcherds, 27.2.1830, Translation, n.n., n.p.; W.O.C. 12/77 Gemengde Inkomende Briewe: De Vos - Le Sueur, 27.2.1830, ongeno., n.p.
83. W.O.C. 12/71 Gemengde Inkomende Briewe: Bird - Landdrost and Heemraden of Worcester, 27.3.1823, No. 135, n.p.; W.O.C. 1/5 Notule van Landdros en Heemrade, 5.5.1823, n.p.

verlangde mediese sertifikaat, waarvoor hy ses riksdalder moes opdok, voor te lê. Sy uitgangspunt was dat Borchers se interpretasie dat sy slavinne mishandel is deur die distriksgeneesheer se ondersoek as ongegrond bewys is. Daarom kon hy aanspraak op die beskerming van die reg maak ten opsigte van die vrywaring van enige betaling.⁸⁴⁾

Die gevolge van Borchers se oordeelsfout was van so 'n aard dat dit ook wrywing veroorsaak het tussen De Vos en P.J. Poggenpoel, die klerk van die vredegerog van Worcester wat, soos reeds vermeld, ook die assistent-registrateur van slawe was.⁸⁵⁾ Die uiteinde was dat Poggenpoel, wat die amp van klerk van vredegerog sedert 1 Januarie 1828 beklee het, in sy hoedanigheid as publieke aanklaer De Vos vir die mishandeling van sy slavinne vervolg het.⁸⁶⁾ Tydens die verhoor wat op Worcester plaasgevind het is hy onskuldig bevind. Clara en Catryn is weer aan sy diens toevertrou, sonder dat daar vir 'n mediese sertifikaat betaal is.⁸⁷⁾

-
84. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: De Vos - The Guardian of Slaves at Worcester, 27.2.1830, Translation, n.n., pp. 455-456 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).
85. Ibid., Memorial of Dirk de Vos, 19.5.1830, n.n., pp. 435-436, Evidence of the Clerk of the Peace, n.d., n.n., pp. 477-480 (Annexures to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).
86. The Cape of Good Hope Government Gazette, 4.1.1828 (Government Advertisement, 1.1.1828); C.O. 4887 Letters Despatched, Country Districts: Plasket - Poggenpoel, 14.12.1827, n.n., p. 455; W.O.C. 19/72 Inkomende Briewe van Prokureur-Generaal: Bell - His Majesty's Attorney General, 8.7.1830, n.n., n.p.
87. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Memorial of Dirk de Vos, 19.5.1830, n.n., pp. 437, 440, 480 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).

Na afloop van sy verhoor het De Vos hom só veronreg gevoel dat hy 'n versoekskrif aan goewerneur Cole, wat Bourke in September 1828 opgevolg het,⁸⁸⁾ gerig het. Daarin het hy onder andere te kenne gegee dat hy van meet af aan uitgelewer was aan die wraakgierigheid van die klerk van die vredegerereg wat vanuit sy bevoorregte posisie 'n bullebakhouding geopenbaar het.⁸⁹⁾ De Vos het verder verklaar dat Poggenpoel hom bloot vervolg het omdat hy in eerste instansie geweier het om die mediese sertifikaat te betaal. De Vos het beswaard gevoel oor die vervolging wat hom duur te staan gekom het met betrekking tot tyd, geld en arbeid, veral aangesien die klerk van die vredegerereg volgens De Vos deurentyd geweet het dat die klag van Clara en Cathryn ongegrond was.⁹⁰⁾

Op versoek van De Vos⁹¹⁾ het prokureur-generaal Oliphant opdrag van die koloniale regering ontvang om die gedrag van Poggenpoel in hierdie saak te ondersoek.⁹²⁾

Sy bevinding was dat Poggenpoel se optrede met die vervolging van De Vos eerder gespruit het uit die klagtes wat van die slavinne ontvang is as oor laasgenoemde se weiering

88. The Cape of Good Hope Government Gazette, 12.9.1828 (Proclamation, 9.9.1828).

89. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Memorial of Dirk de Vos, 19.5.1830, n.n., pp. 430-440, 449-450 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).

90. Ibid., pp. 439-440, 449 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).

91. Ibid., p. 450.

92. W.O.C. 19/72 Inkomende Briewe van Prokureur-Generaal: Bell - His Majesty's Attorney General, 8.7.1830, n.n., n.p.

om die mediese sertifikaat te betaal. Daarby was Oliphant ook van mening dat Poggenpoel nie sy mag in die hantering van die hele aangeleentheid oorskry het nie.⁹³⁾

In dieselfde tyd het Oliphant opdrag ontvang om nog 'n klag wat deur 'n ander veldkornet teen Poggenpoel ingebring is, te ondersoek.⁹⁴⁾ Dit het aan die lig gebring dat Poggenpoel en die resident-magistraat van Worcester, Le Sueur, vir 'n geruime tyd onkundig was ten opsigte van die regte van beskuldigde slawe-eienaars by voorlopige ondersoeke. Poggenpoel en Le Sueur, het verkeerdelik aangeneem dat slawe-eienaars nie die reg gehad het om by voorlopige ondersoeke getuies namens hulself op te roep nie.⁹⁵⁾

Afgesien hiervan het Poggenpoel en Le Sueur ook nie altyd mekaar se hande gesterk in die uitvoering van hul pligte rakende slawe-aangeleenthede waarby eienaars betrokke was

93. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 343-345.

94. *Ibid.*, Memorial of Pieter Hendrik de Villiers, 19.5.1830, n.n., pp. 379-386 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349); W.O.C. 19/72 Inkomende Briewe van Prokureur-Generaal: Bell - His Majesty's Attorney General, 8.7.1830, n.n., n.p.

95. The Cape of Good Hope Government Gazette, 4.1.1828 (Government Advertisement, 1.1.1828); C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Memorial of Pieter Hendrik de Villiers, 19.5.1830, n.n., pp. 383-385 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335, 338).

nie.⁹⁶⁾ Die prokureur-generaal het gevolglik aanbeveel dat, indien moontlik, Poggenpoel en Le Sueur na aparte distrikte verskuif moes word.⁹⁷⁾

Dit alles het skynbaar daartoe bygedra dat slawe-eienaars die slaweamptenary by Worcester, vernaamlik Poggenpoel, met 'n gevoel van vyandiggesindheid en wantroue bejeën het. Ook moet die rol wat H.J. Borchers in die verband gespeel het in aanmerking geneem word. Hy was die broer van M.J. Borchers en het die pos van klerk van die resident-magistraat by Worcester beklee.⁹⁸⁾ Wanneer die koloniste met Poggenpoel in sy hoedanigheid as publieke aanklaer gebots het, het H.J. Borchers dikwels aan hulle raad en bystand verleen. Dit het aan hom die naam "Burger Friend" besorg. Langs hierdie weg het Borchers struikelblokke in die weg van Poggenpoel ten opsigte van die uitoefening van sy amptelike pligte gelê.⁹⁹⁾

-
96. Vgl. A.79 Private Journal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester, 27.8.1829, n.p.; C.O. 2716 Letters Received from Drosdy Worcester: Poggenpoel - Glaeser, 22.10.1829, Copy, n.n., n.p., Glaeser - Le Seuer (sic), 23.10.1829, Copy, n.n., n.p., Le Seuer (sic) - Glaeser, 23.10.1829, Copy, n.n., n.p., Glaeser - Le Seuer (sic), 24.10.1829, Copy, n.n., n.p.; W.O.C. 19/73 Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegereg Worcester: Poggenpoel - His Majesty's Attorney General, 1.8.1828, No. 129, pp. 49-50.
97. C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, p. 347.
98. Ibid., p. 346; The South African Almanack and Directory, for the Year 1828, p. 29.
99. W.O.C. 19/74 Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegereg: Poggenpoel - His Majesty's Attorney General Cape Town, 4.5.1830, n.n., n.p.; C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal: Evidence of Hendrik Borchers, n.n., n.d., pp. 488-490 (Annexure to Oliphant - The Secretary to Government, 13.8.1830, No. 83, pp. 335-349).

Die toepassing en invloed van die artikels van Ordonnansie 19 wat in verband met die vrystelling van slawe gestaan het, net in soverre dit die distrik Tulbagh/Worcester aangegaan het, op die volgende neergekom.

Alhoewel Ordonnansie 19 aansienlik gunstiger geleentheid vir die verkryging van hul vryheid geskep het, het dit, interessant genoeg, nie tot meer vrystellings van slawe in die distrik Tulbagh/Worcester aanleiding gegee nie. Sover nagegaan kon word, is slegs vier slawe sedert die inwerking-treding van die ordonnansie op 1 Augustus 1826 tot 24 Julie 1830 in die teenwoordigheid van die assistent-registrateurs van slawe in Worcester en Clanwilliam vrygestel. Dit wil voorkom of slegs een hiervan sy vryheid deur vrykoop gekry het.¹⁰⁰⁾

Die totaal van vier was die helfte minder in vergelyking met slegs die jare 1823 en 1824. Toe is nege slawe in die distrik Tulbagh/Worcester vrygestel.¹⁰¹⁾

100. S.O. 12/13 Return of Slaves Manumitted: Return of Slaves Manumitted before the Assistant Registrars and Guardians in the several Country Districts, and for which reports have been received up to 31st December 1827, 30.12.1827, Return of Slaves Manumitted before the Assistant Registrars in the Country Districts, and for which Reports have been received from the 1st January to the 25th June 1828, 25.6.1828, Return of Slaves Manumitted before the Assistant Registrars in the Country Districts and for which Reports have been received from the 25th June to the 25th December 1829, 25.12.1829, Return of Slaves Manumitted before the Assistant Registrars in the Country Districts belonging to the Western Province, and for which Reports have been received from the 25th December 1829 to the 24th June 1830, 24.6.1830.

101. Verwerkte gegewens uit S.O. 12/14 Index to Names of Owners whose Slaves have been manumitted, 1816-1826.

Die reg wat Ordonnansie 19 aan slawe verleen het om hul vryheid te koop, het veel eerder tot die voordeel gestrek van die Kaapse slawe wat as geskoolde ambagsmanne werk verrig het. Dit was binne hulle vermoë om genoeg geld te verdien om hulle in staat te stel om hul vryheid te koop. 'n Verdere interessante bevinding van I.E. Edwards was dat die meerderheid van slawe in die Kaapkolonie, waaronder ook dié in die distrik Tulbagh/Worcester moes tel, nie die nuwe voorreg van vrykoop verstaan het nie. Daarby was daar ook nie altyd vir hulle die geleenthede om soveel geld te verdien dat hulle hul vryheid daarmee kon koop nie.¹⁰²⁾

Wat die toepassing en invloed van die negende artikel in die distrik Tulbagh/Worcester betref, kan bewyse gelewer word dat daar gedurende die tydperk 30 Junie 1828 - 9 Junie 1830 geen klag deur slawe teen enige van die slawe-eienaars ingebring is oor verontagsaming van die bepalings wat met Sondagarbeid verband gehou het nie. Hoewel slawe van die distrik Tulbagh/Worcester skynbaar meestal Sondae vry gehad het, bestaan daar 'n sterk vermoede dat die beperkings wat aan Sondagarbeid gestel is, net soos in die ander dele van die kolonie,¹⁰³⁾ ook nie na die letter in dié distrik afgedwing is nie. Daar is 'n geval opgeteken waar 'n slaaf Tulbagh op 'n Sondag besoek het, oënskynlik om vir eie gewin daar te kom werk nadat die negende artikel in werking getree het.¹⁰⁴⁾ Rogers self het 'n ontspanne houding ingeneem teenoor slawe wat verkies het om op Sondae vir hulself te

102. Towards Emancipation: A Study in South African Slavery, pp. 152-153.

103. A. Janse van Rensburg: *Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834*, p. 45.

104. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: Theron - Trappes, 22.9.1826, Copy (enclosure to Trappes - Plasket, 26.9.1826, No. 145, n.p.), Trappes - Bourke, 24.10.1826, No. 165, n.p.

werk.¹⁰⁵⁾ Sy mening hieroor was dat slawe op Sondag kon werk, solank geen klagtes hom bereik het van slawe wat teen hul sin gedwing is om op hierdie dag take te verrig wat nie as noodsaaklik beskou is nie.¹⁰⁶⁾

Wat die 29ste artikel betref, het geen slaaf tot aan die einde van 1828 in Tulbagh/Worcester enige deposito's in die spaarbank gemaak nie.¹⁰⁷⁾ Trouens, sedert die inwerking-treding van hierdie artikel tot aan die einde van die jaar 1829 is in die hele kolonie slegs een deposito van 25 sjielings deur 'n slaaf gedeponeer.¹⁰⁸⁾

Rogers se verklaring vir hierdie toedrag van sake was dat wanneer slawe geld besit het, hulle eerder verkies het om

105. S.O. 3/6 Reports of the Protector of Slaves: General Observations, G.J. Rogers, 25th June 1830 - 24th December 1830, n.n., p. 617.

106. S.O. 3/7 Reports of the Protector of Slaves: General Observations, G.J. Rogers, 24th December 1830 - 25th June 1831, n.n., pp. 729-730; A. Janse van Rensburg: Die Toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834, p. 45.

107. C.O. 311 Letters Received from Registrar and Guardian of Slaves and Director of the Government Slave Lodge: Rogers - Bourke, Report of Proceedings between the 1st day of August and 24th December 1826, 6.1.1827, Copy, No. 94, n.p.; S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - The Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 25.6.1827, No. 37, p. 112, 31.12.1827, No. 73, p. 194, Murphy - His Honor the Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Guardian of Slaves, 30.6.1828, n.n., p. 254, 29.12.1828, n.n., p. 308.

108. Ibid.; S.O. 2/11 Letters Despatched: Murphy - Cole, Half Yearly Report of the Guardian of Slaves, 29.6.1829, n.n., pp. 363-364, Rogers - Cole, Half Yearly Report of the Guardian of Slaves, 29.12.1829, n.n., p. 450.

dit in die hande van vertrouelinge te laat wat daarop 6% rente betaal het.¹⁰⁹⁾

Evaluering

Wat betref sy inhoud, het Ordonnansie 19 nie in alle gevalle met die besonderse aard van die omstandighede in die Kaapkolonie rekening gehou nie. Sondagmarkte, waarvan in die agste artikel melding gemaak is,¹¹⁰⁾ het byvoorbeeld nooit in dié kolonie bestaan nie.¹¹¹⁾

Ten tweede het die onderskeie artikels mekaar nie altyd aangevul in die bereiking van die doel van die ordonnansie nie. Trouens, sommige artikels het mekaar geopponeer. Artikels 29 en 33 het byvoorbeeld slawe aangemoedig om te spaar ten einde hulle in staat te stel om hul eie vryheid te koop, terwyl artikel nege hulle op Sondag aan bande gelê om geld vir eie sak te verdien deurdat 'n loon slegs ontvang kon word waar noodsaaklike werk verrig is.¹¹²⁾

Ordonnansie 19 was in vergelyking met die proklamasie van 18 Maart 1823 vollediger in sy voorskrifte. So, byvoorbeeld is

109. S.O. 3/20(a) Confidential Reports, Protector of Slaves: Rogers - Cole, 29.12.1829, n.n., n.p.

110. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

111. Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Deel VII, No. IV Julie - Augustus 1830, p. 297; A.C. 5 Appendices, No. I: Denysen - Plasket, 3.6.1826, Copy, 3.6.1826, n.n., p. 988.

112. The South African Commercial Advertiser, 11.7.1826 (Editorial, 11.7.1826); The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1826).

die werk wat op Sondae as noodsaaklik geag is en slawe gevolglik gemagtig was om te verrig, beter gedefinieer. Dieselfde het ook gegeld ten opsigte van die strafwerktuig waarmee slawe getug kon word en die eiendom waarop slawe aanspraak kon maak. Desnieteenstaande het artikel tien van Ordonnansie 19 steeds nie die noodsaaklike omskrywing ten opsigte van wat as genoegsame en gesonde voedsel en goeie en voldoende kleding beskou kon word, bevat nie.¹¹³⁾

Of die slawebevolking van die distrik Tulbagh/Worcester soveel voordeel uit Ordonnansie 19 geput het as wat die opstellers daarvan beoog het, word sterk betwyfel.

Anders as in die tydperk na 1808 toe slawehandel nie meer bestaan het nie en slawe dus in waarde begin styg het¹¹⁴⁾ (wat outomaties daartoe bygedra het dat daar met groter sorg na slawe omgesien is),¹¹⁵⁾ het die waarde van slawe na die uitvaardiging van Ordonnansie 19 begin daal.¹¹⁶⁾ Van die eens goeie verhouding tussen eienaar en slaaf was daar so te sê geen sprake meer nie. 'n Aantal slawe-eienaars in die distrik Tulbagh/Worcester het die gevoel wat daar kort na die inwerkingtreding van Ordonnansie 19 geheers het, weergegee toe hulle verklaar het: "... wy worden - neen - wy zyn nu reeds door de Ordonnantie wantrouwend, en

113. The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 22.3.1823 (Proclamation, 18.3.1823); 30.6.1826 (Ordinance No. 19 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council, for improving the Condition of the Slaves at the Cape of Good Hope, 19.6.1830).

114. T.E. Colebrooke: The Life of H.T. Colebrooke, p. 334; E.A. Walker (editor): The Cambridge History of the British Empire, VIII, p. 270.

115. C.O. 238 Letters Received from Court of Justice I: Truter - Somerset, 6.3.1825, No. 9, n.p.

116. E.A. Walker: A History of South Africa, p. 178; Het Nederduitsch Zuid Afrikaansch Tydschrift, Deel VII, No. IV Julie - Augustus 1830, p. 304.

ongemakkelyker teen onzen slaaf geworden, en hy (onze slaaf) ziet ons met oogen van jalousie en vyandschap aan". Hulle vra die vraag of "dit tot rust van ons, of tot het welzyn van den slaaf strekken?"¹¹⁷⁾

Ordonnansie 19 van 1826 was dus kontraproduktief. Dit het nie soos die bedoeling was die lotgevalle van die slawe noemenswaardig verbeter nie en het boonop slawe-eienaars gegrief omdat dit die verhouding tussen slawe-eienaar en slaaf vertroebel het.

117. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 39 Slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.).

HOOFSTUK 7

SLOT

Die sukses, al dan nie, van slawewetgewing het in 'n hoë mate afgehang van die gesindheid waarmee slawe-eienaars dit bejeën het. Uiteraard is slawebesit oorwegend as onbetwiste voorkeureiendom beskou en sou daar dus van enige slawewetgewing verwag kon word om dit as sodanig te respekteer. Slawewetgewing moes nie inbreuk op die reg van die eienaar oor sy slawe maak nie. Juis hierin kon vernaamlik die proklamasie van 18 Maart 1823 en Ordonnansie 19 van 19 Junie 1826 nie slaag nie, in weerwil van die waarborg deur die opstellers daarvan dat dit nie die bedoeling was om hierdie prerogatief van die slawe-eienaars te skend nie.

Algaande het die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh/Worcester tot die besef gekom dat hul mag oor hul slawe aan die verbrokkel was, veral toe die slawebevolking in reaksie op die 1823-proklamasie tekens van 'n weerbarstige houding begin toon het. Dit was nadat die idee onder hulle begin posvat het dat die Britse regering alles in hul vermoë sou doen om vrystelling te bewerkstellig, maar dat die eienaars die enigste struikelblok in die weg daarvan was. Betower deur die gedagte van vryheid, het hierdie opstandigheid gekulmineer in die slaweopstand van 1825.

As teenreaksie het die goedhartigheid van die slawe-eienaars jeens hul slawe begin kwyn. Gunste wat eienaars voorheen geredelik aan hul slawe betoon het, is uit beginsel geweier. Dit het meegebring dat die goeie gesindheid wat algemeen tussen eienaar en slaaf bestaan het, begin skipbreuk ly het.

Hierdie breuk in die sosiale verhouding tussen eienaar en slaaf het ook ^{na} die ekonomiese en politieke terrein van die samelewing uitgebrei, waar dit vir beide partye belang-

rike gevolge ingehou het. In die proses is die primêre doelstelling van dié reeks slawewetgewing, naamlik om die lot van die slawebevolking te verbeter, ongelukkig 'n groot knou toegedien.

Met die uitsondering van die registrasieproklamasies, het die res van die slawewetgewing wat in die periode onder bespreking uitgevaardig is, geskied toe die Kaapkolonie hom in die wurggreep van 'n ekonomiese depressie bevind het. Afgesien hiervan, en soos in hierdie studie aangetoon, moes die distrik Tulbagh/Worcester ook nog in hierdie tyd natuurrampe soos oorstromings en droogtes deurstaan. Hierby kan gevoeg word roes in die koring en grootskaalse Boesmanstrooptogte waaraan veral die inwoners van die veldkornetskappe die Onder-Roggeveld, Hantam en Agterste omtrek van Bokkeveld onderwerp is.¹⁾ In hierdie moeilike tyd moes ook nog kapitaal gevind word om te voorsien in die koste van die nuwe vorm van grondbesit,²⁾ die verhoogde transportgeld en kommandobelasting en dan natuurlik vir die nuut ingestelde slawe- en kerkbelasting.

Te midde van hierdie onbenydenswaardige omstandighede het die slaweregulasies van 1823 en 1826 meegewerk om die ekono-

1. C.O. 2635 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Nel - Fischer, 4.12.1821, Copy, n.n., n.p. (enclosure to Fischer - Bird, 12.12.1821, No. 120, n.p.); C.O. 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh: Van der Merwe - Synnot, 23.3.1822, Copia, n.n., n.p., Nieuwoudt - Synnot, 2.4.1822, Copia, n.n., n.p. (enclosures to Trappes - Bird, 17.4.1822, No. 70, n.p.).
2. P.L. Scholtz: Die Historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, pp. 52-53; C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 13 inwoners van die Agter Hantam - Zijne Excellentie den Gouverneur en Raden aan de Kaap de Goede Hoop, 18.1.1826, n.n., n.p. (enclosure to Trappes - Plasket, 21.2.1826, No. 205, n.p.; W.O.C. 12/72 Gemengde Inkomende Briewe: 7 inwoners van die Voor Hantam - Collegie van adjunct landdrost en heemraden ter Clanwilliam, 4.2.1826, n.n., n.p. (enclosure to Bergh - Landdrost and Heemraden Worcester, 13.2.1826, n.n., n.p.).

miese posisie van die slawe-besittende koloniste verder lam te lê.

In reaksie op gemelde regulasies, en uit protes teen hul eienaars, het die slawebevolking van die distrik Tulbagh/Worcester toenemend uit die diens van hul eienaars begin dros. Vir die eienaar het dit neergekom op 'n onsekere slawe-arbeidsmag in 'n distrik, waar die algemene vraag na arbeid steeds die aanbod oorskry het. Veral die graanboer en wynboer is hierdeur swaar getref aangesien sy arbeid in aard en aanvraag groot was. Boonop het die algemene neiging in hierdie tyd onder die slawebevolking van die buitelandse distrikte voorgekom om juis hul eienaars se diens in saai- en oestye te verlaat.³⁾

Die beskikbaarheid van slawearbeid is 'n verdere slag toegedien met die uitvaardiging van Ordonnansie 50 in 1828⁴⁾, wat tesame met slawewetgewings bygedra het om die slawebevolking se verwagtinge van vryheid te stimuleer. Hierdie ordonnansie het onder meer alle beperkings wat daar op die persoonlike vryheid van die Hottentotte en ander vry anderskleuriges gerus het, opgehef. Dit het meegebring dat baie Hottentotte hul verhewe bo enige arbeid begin ag het en 'n leegloperbestaan begin voer het. In die berge het hul in bendes versamel en roof- en plundertogte op plase uitgevoer.

Die slawebevolking van die distrik Tulbagh/Worcester het in Ordonnansie 50 'n geleentheid gesien om in toenemende mate

-
3. S.O. 2/11 Letters Despatched: Rogers - His Honor the Lieutenant Governor, Half Yearly Report of the Registrar and Guardian of Slaves, 25.6.1827, No. 37, p. 104.
 4. The Cape of Good Hope Government Gazette, 25.7.1828 (Ordinance No. 50 of His Honor the Lieutenant-Governor in Council for improving the Condition of Hottentots and other free Persons of colour at the Cape of Good Hope, and for consolidating and amending the Laws affecting those Persons, 17.7.1828).

uit die diens van hul eienaars te dros en voor te gee dat hul vry persone was. In hul omswerwinge het die slawe met die rondloper-Hottentotte gemeng en sodoende in hul bestaanwyse gedeel. Aangesien Hottentotte in dié stadium toegelaat is om sonder pas te beweeg, en die voorkoms en gelaatstrekke van baie slawe grootliks met dié van talle Hottentotte ooreengestem het, is uitkenning van drosterslawe bemoeilik. Boonop was daar ook nog vrygestelde slawe waarmee rekening gehou moes word wanneer uitkenning sou plaasvind.⁵⁾

Drostersy van slawe het dikwels ekstra uitgawes vir slawe-besittende koloniste meegebring. Wanneer drosterslawe in hegtenis geneem is, moes die tronkonkoste eers vereffen word voordat vrylating kon geskied.⁶⁾ Soms moes die drosters egter eers 'n vonnis uitdien vir die een of ander misdaad wat ten tyde van hul swerwersbestaan gepleeg is, in welke geval die eienaars 'n ruk lank van hul dienste verstoek was. Indien 'n halsmisdaad gepleeg is, sou die eienaar nooit weer op die slaaf se dienste kon aanspraak maak nie.

Die beperkinge wat wetgewing gaandeweg aan die doen en late van slawe opgelê het, het onder andere daartoe bygedra dat die waarde van slawe begin verminder het.⁷⁾ Vir die

-
5. C.O. 3949 Memorials Received IV: 81 inhabitants of the district of Worcester - Cole, circa February 1830, No. 315, n.p.; De Zuid-Afrikaan 19.8.1831 (The Hottentots - Punishment Books, Slaves, 7.8.1831), 9.9.1831 (Rampzalige staat der Hottentotten, Hexrivier, 15.8.1831); (N.G.K.A.B.), P. 42 1/1A Zahn se Dagboek, Januarie 1830 - Desember 1834, p. 4 (Opsommende vertaling uit Duits deur J.A. Heese); C.O. 3941 Memorials Received I: 35 inhabitants of the Bokkeveld - Cole, 7.2.1829, No. 94, p. 711; C.O. 2723 Letters Received from Drosdy Worcester: Redelinghuizen - Cole, circa November 1830, Translation, No. 92, n.p.
 6. Vgl. byvoorbeeld The Cape Town Gazette, and African Advertiser, 18.12.1819 (Fiscal's Office, D. Denyssen, 18.12.1819).
 7. E.A. Walker: History of South Africa, p. 178.

ekonomiese posisie van daardie slawe-eienaar wat sy slawe onder swaar verband geplaas het, het hierdie verskynsel dus niks goeds voorspel nie. Andersyds het dit vir slawe die gevaar ingehou dat eienaars dalk nie meer met soveel sorg na hulle sou omsien nie, soos in die tydperk toe die verbod op die invoer van slawe van krag geword het en slawepryse as gevolg daarvan die hoogte ingeskiet het.

Ten opsigte van die politieke implikasies, het die kumulatiewe uitwerking van die reeks slaweregulasies die slawe-eienaars in die distrik Tulbagh/Worcester verontwaardig en beledig laat voel omdat dit volgens hulle daarop gemik was om die gesag van die eienaar te ondergrawe. As gevolg hiervan het die slawe-besittende koloniste van dié distrik, sover bekend, vir die eerste keer in die tydperk onder bespreking 'n mate van eensgesindheid geopenbaar in hul teëkanting teen slawewetgewing. Dit het hom onder meer gemanifesteer in aktiewe verset in die vorm van 'n memorie aan die Goewerneur in 1826, waarin kapsie teen sommige van die bepalinge van Ordonnansie 19 gemaak is en die tydelike opskorting daarvan versoek is. Hierdie houding van eensgesindheid onder die slawe-eienaars van Tulbagh/Worcester het hom ook weerspieël in 'n bereidwilligheid om oor distriksgrense heen hande te neem en hul heelhartige steun toe te sê aan die komitee in Kaapstad wat aan die Britse Koning voorstelle ter verbetering van die lot van die slawebevolking aan die hand sou doen.

Die redes vir hierdie veranderde politieke sienswyse wat van 'n groter betrokkenheid en openheid gespreek het, blyk egter eerder sowel psigies as materialisties van aard te wees as wat dit enigszins uit morele oorwegings gespruit het. Die slaweopstand van 1825 het 'n onuitwisbare indruk op die gemoedere van die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh/Worcester gemaak en die vrees laat posvat dat só 'n ge-

beurtenis hom kon herhaal wanneer Ordonnansie 19 in werking sou tree.

Ten opsigte van die materiële aspek wil dit voorkom of die Tulbaghse/Worcesterse slawe-eienaars, namate die algehele afskaffing van die slawestelsel as onafwendbaar en bloot as 'n kwessie van tyd beskou is, die finansiële skade wat daardeur gely kon word in berekening begin bring het. Dit kan as 'n moontlike verklaring dien waarom daar ná die uitvaardiging van Ordonnansie 19 terselfdertyd steun vir die geleidelike afskaffing van slawerny was.⁸⁾

Nieteenstaande hul pogings het Ordonnansie 19 mettertyd 'n werklikheid geword waarmee die slawe-eienaars van die distrik Tulbagh/Worcester deeglik rekening moes hou. Die feit dat die Goewerneur-in-Rade nie eens gehoor aan hul oproep gegee het om dié ordonnansie tydelik op te skort nie, het hul vertroue in die Britse bewindhebbers laat wankel. Hierteenoor het 'n groot gedeelte van die slawebevolking Ordonnansie 19 waarskynlik beleef as 'n verdere toegewing van die Britse regering op die pad na vryheid.

Juis hierin lê die onmiskenbare waarde van die reeks slawewetgewing wat in die onderhawige tydperk van krag geword het: dit het die slawe-besittende koloniste van die distrik Tulbagh/Worcester bewus gemaak van die immoraliteit van slawerny as instelling en hul stelselmatig voorberei op die algehele vrystelling van slawe wat uiteindelik op 1 Desember 1834 plaasgevind het.⁹⁾

8. C.O. 2680 Letters Received from Drosdy Worcester II: 39 Slawe-eienaars - Trappes, 7.8.1826 (enclosure to Trappes and the Heemraden - Plasket, 8.8.1826, No. 114, n.p.).

9. The Cape of Good Hope Government Gazette, 5.12.1834 (Draft of an Ordinance, 28.8.1833).

BRONNEI. LITERATUUR

- Anoniem: A Summary view of the Progress of Reform in the Slave Colonies of Great Britain, since the 15th May 1823. London, (n.d.).
- Botha, C.G.: History of Law, Medicine and Place Names in the Cape of Good Hope, Vol. II. Cape Town, 1962.
- Botha, D.C.: Die Kerk op Tulbagh, 1743-1835 (ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1982).
- Cory, G.E.: The Rise of South Africa, Vol. III. London (etc.), 1919.
- Cruse, H.P.: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking: Aanvangsjare, 1652-1795, Deel I. Stellenbosch, 1947.
- De Jongh, P.S.: Sendingwerk in die Landdrostdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester), 1799-1830 (ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1968).
- De Kock, V.: Those in Bondage: An Account of the Life of the Slave at the Cape of Good Hope in the Days of the Dutch East India Company. Pretoria, 1963.
- De Kock, W.J. en D.W. Krüger (reds.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel II. Kaapstad, 1972.
- De Villiers, C.C.: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families, 2 dele (Hersien en aangevul deur C. Pama). Kaapstad en Amsterdam, 1966.
- De Wet, G.C.: Die Vryliede en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting, 1657-1707. Kaapstad, 1981.
- Dickason, G.B.: Irish Settlers to the Cape. Cape Town, 1973.

- Dreyer, A.: Gedenkt uwer Voorgangeren: Korte Levensschetsen van de Predikanten der Ned. Ger. Gemeente Worcester. Kaapstad, 1900.
- Edwards, I.E.: Towards Emancipation: A study in South African Slavery. Cardiff, 1942.
- Elphick, R. and H. Giliomee (eds.): The Shaping of South African Society, 1652-1820. Cape Town, 1979.
- Fagan, G. and G.: Church Street in the Land of Waveren. Tulbagh, 1975.
- Fleurs, N.C.: A Comparative Study of the Treatment of Slaves at the Cape and in the West Indies, 1806-1834 (unpublished M.A. thesis, University of South Africa, 1984).
- Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, 1795-1918, Deel II, Derde druk. Stellenbosch, 1939.
- Heatlie, C.H.: The first three Generations of Heatlies in South Africa. Worcester and Cape Town, 1981.
- Heese, J.A.: Nederduitse Gereformeerde Kerk Gedenkboek Worcester. Worcester, 1970.
- Hengherr, E.C.W.: Emancipation - and after: A Study of Cape Slavery and the Issues arising from it, 1830-1843 (unpublished M.A. thesis, University of Cape Town, 1953).
- Holzapfel, W.: Honderd Jaren Zendingwerk te Tulbagh, 21 September 1817 - 21 September 1917. Genadendal, 1917.
- Janse van Rensburg, A.: Die toestand van die Slawe aan die Kaap, 1806-1834 (ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Kaapstad, 1935).
- Johnstone, A.M.: The Judicial Aspect of the 1823 Commission of Inquiry to the Cape of Good Hope (unpublished M.A. thesis, Rhodes University College Grahamstown, 1936).

- Joubert, D.C.: Die Slawe-opstand van 1808 in die Koe-Tygerberge en Swartland-distrikte (ongepubliseerde M.A.-thesis, Universiteit van Suid-Afrika, 1946).
- Key, G.C.O.: A critical Study of the Administration of Lord Charles Somerset during the period 1821 to 1826 (unpublished M.A. thesis, Rhodes University College Grahamstown, 1935).
- Klingberg, F.J.: The Anti-Slavery Movement in England. London, 1926.
- Latsky, M.T.: Slawewetgewing aan die Kaap, 1806-1834 (ongepubliseerde M.A.-thesis, Universiteit van Stellenbosch, 1943).
- Liebenberg, B.J.: Die Vrystelling van die Slawe in die Kaapkolonie en die implikasies daarvan (ongepubliseerde M.A.-thesis, Universiteit van die Oranje Vrystaat, 1959).
- Macmillan, W.H.: The Cape Colour Question: A Historical Survey. Cape Town, 1968 (Facsimile Reprint of the 1927 original).
- Marais, J.S.: The Cape Coloured People, 1652-1937, 4th edition. Johannesburg, 1968.
- Mathieson, W.L.: British Slavery and it's Abolition, 1823-1838. New York, 1967.
- Millar, A.K.: Plantagent in South Africa: Lord Charles Somerset. Cape Town (etc.), 1965.
- Muller, C.F.J. (red.): Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 2de hersiene uitgawe. Pretoria (ens.), 1975.
- Oberholster, J.A.S.: Gedenkboek van die Ned. Geref. Gemeente Tulbagh (Roodezand, Waveren), 1743-1943. Paarl, 1943.

- Odendal, F.F. (hoofred.): Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 2de hersiene, uitgebreide uitgawe, derde druk. Johannesburg en Kaapstad, 1983.
- Ross, R.: Cape of Torments: Slavery and Resistance in South Africa. London, 1983.
- Scholtz, P.L.: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902 ('n Geskiedenis van die Distrik Vanrhynsdorp). Kaapstad, 1966 (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1966 Deel II).
- Schumann, C.G.W.: Structural Changes and Business Cycles in South Africa, 1806-1936. London, 1938.
- Stockenström, E.: Vrvstelling van die Slawe. Stellenbosch, 1934.
- Swart, P.A.N.: Clanwilliam 150 jr. (1814-1964). Clanwilliam, 1964.
- Theal, G.M.: History and Ethnography of Africa south of the Zambesi, Vol. III. London, 1910.
- Theal, G.M.: History of South Africa, 1795-1834. London, 1891.
- Theal, G.M.: History of South Africa from 1795-1872, 2 volumes, 4th Edition. London, 1915.
- Theal, G.M.: History of South Africa since 1795, Vol. II. London, 1908.
- Theal, G.M.: Short History of South Africa, 1486-1826. Cape Town, 1890.
- Underhay, J.P.G. and H.C. Hopkins: Euufeesgedenboek van Ceres, 1855-1955. Stellenbosch, 1955.
- Van der Merwe, P.J.: Trek: Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap. Kaapstad (ens.), 1945.
- Van Heerde, G.L.: Twee Eeue van Sendingwerk, 1652-1857. Kaapstad, 1951.

- Van Zyl, D.J.: Die Slaaf in die Ekonomiese Lewe van die Westelike Distrikte van die Kaapkolonie, 1795-1834 (Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal, November 1978 No. 10).
- Van Zyl, D.J.: Kaapse Wyn en Brandewyn, 1795-1860. Kaapstad, 1974.
- Venter, C.R.: Die ontwikkeling van die Onderwys in Tulbagh, 1700-1905 (ongepubliseerde M.Ed.-tesis, Universiteit van Suid-Afrika, 1939).
- Walker, E.A.: A History of South Africa. London, 1928.
- Walker, E.A. (ed.): The Cambridge History of the British Empire, Vol. VIII, 2nd Edition. London, 1963.
- Worden, N.A.: Rural Slavery in the Western Districts of the Cape Colony during the Eighteenth Century (unpublished Ph.D. thesis, Cambridge University, 1982).

II. LETTERKUNDIGE BRONNE

- A Civil Servant of the Colony (W.W. Bird): State of the Cape of Good Hope, in 1822. London, 1823.
- A Resident at the Cape of Good Hope: Remarks on the Demoralizing influence of Slavery. London, 1828.
- Backhouse, J.: A Narrative of a Visit to the Mauritius and South Africa. London, 1844.
- Barrow, J.: Travels into the Interior of Southern Africa, Vol. II, 2nd Edition. London, 1806.
- Borcherds, P.B.: An Auto-Biographical Memoir. Cape Town, 1861 (Facsimile Reproduction by Africana Connoisseurs Press, Cape Town, 1963).

- Burchell, W.J.: Travels in the Interior of Southern Africa, Vol. I. London, 1953 (Reprinted from the original edition of 1822-1824).
- Buxton, C.: Memoirs of Sir Thomas Fowell Buxton, 3rd Edition. London, 1849.
- Campbell, J.: Journal of Travels in South Africa, among the Hottentot and other Tribes, in the years 1812, 1813, and 1814. London, 1850.
- Campbell, J.: Travels in South Africa, 4th Edition. London, 1815 (Facsimile Reprint by C. Struik, Cape Town, 1974).
- Colebrooke, T.E.: The Life of H.T. Colebrooke, (by his Son, Sir T.E. Colebrooke). London, 1873.
- Curtis, G.: An Account of the Colony of the Cape of Good Hope, with a view to the Information of Emigrants. London, 1819.
- Fischer, R.B.: The Importance of the Cape of Good Hope as a Colony to Great Britain, 3rd Edition. London, 1816.
- Kolbe, P.: Naaukeurige en Uitvoerige Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, Deel II. Amsterdam, 1727.
- Latrobe, C.I.: Journal of a Visit to South Africa in 1815, and 1816. London, 1818.
- Lichtenstein, H.: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, Vol. I. A reprint of the translation from the original German by A. Plumtre, Cape Town, 1928 (Van Riebeeck Society No. 10).
- Philip, J.: Memoir of Mrs. Matilda Smith. London, 1824.
- Somerville, W.: Cape of Good Hope. London, (n.d.).

- Teenstra, M.D.: De Vruchten Mijner Werkzaamheden ..., 1825 (Geredigeer deur F.C.L. Bosman). Kaapstad, 1943 (Die Van Riebeeck-Vereeniging, No. 24).
- Thompson, G.: Travels and Adventures in Southern Africa. London, 1827.
- Von Meyer, W.: Reisen in Süd-Afrika während der Jahre 1840 und 1841. Hamburg, 1843.
- Vos, M.C.: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos. Kaapstad, 1911.
- Wright, W.: Slavery at the Cape of Good Hope. New York. 1969 (Reprinted from the original edition of 1831).

III. PERIODIEKE PUBLIKASIES

African Court Calendar and Directory, 1817-1825.

Die Burger, 28.9.1968.

Cape Town Gazette, and African Advertiser (Kaapsche Courant; The Cape of Good Hope Government Gazette), 1804, 1806, 1809, 1812, 1814, 1816-1830, 1834.

The Colonist, 1828.

Die Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika, 22.6.1826, 6.7.1867.

Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, Jan. - Febr. 1825, Mei - Aug. 1830.

The Report of the Directors to the thirty-seventh General Meeting of the Missionary Society usually called the London Missionary Society, 1831.

The South African Almanack and Directory, for the Year(s) 1827, 1828 and 1830.

The South African Chronicle, and Mercantile Advertiser, 1824-1826.

The South African Commercial Advertiser, 1826-1831.

The South African Directory Advertiser, for the Year 1831.

De Zuid-Afrikaan, 1830-1831.

IV. TYDSKRIFARTIKELS

- Botha, C.G.: Slavery at the Cape (The South African Law Journal, Vol. I, February 1933).
- Hopkins, H.C.: Die moord op Houdenbek; 'n treur-
spel uit die jaar 1825 (Die Huis-
genoot, 17.10.1941).
- Worden, N.A.: Violence, Crime and Slavery on Cape
Farmsteads in the Eighteenth Cen-
tury (Kronos, Vol. V, 1982).

V. MONOGRAFIEË

- Hugo, A.M.: The Cape Vernacular (Inaugural
Lecture, University of Cape Town,
No. 2, 11.5.1970).

VI. BLOUBOEKE

- No. 282 Reports of the Commissioners of
Inquiry upon the Administration of
the Government at the Cape of Good
Hope, I, 6.9.1826.
- No. 202 Papers relating to Slaves at the
Cape of Good Hope, 26.10.1826.
- No. 371 Further papers relating to the
Government of the Cape of Good
Hope, 21.5.1827.
- No. 406 Documents referred to in the
Reports of the Commission of
Inquiry at the Cape of Good Hope,
30.5.1827.
- No. 50 Papers relative to the Condition
and Treatment of the Native In-
habitants of Southern Africa,
within the Colony of the Cape of
Good Hope, or beyond the frontier
of that Colony, I, 18.3.1835.

VII. HISTORIESE MANUSKRIPTEDie Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad

Harrison, W.: Minutes of a Voyage to the Cape of Good Hope and a Journey into the Interior of South Africa in the Years 1830-1831.

VIII. ARGIVALE BRONNEGEPUBLISEER

Anoniem: Kopjen der Briefwisseling gehouden omtrent de Slaven Ordonnantie No. 19. Kaapstad, 1826.

Eybers, G.W.: Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910. London, 1918.

Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, 1813-1831, 28 Vols. London, 1901-1905.

ONGEPUBLISEER1. Kaapse Staatsargiefbewaarplek1.1 Bataafse Republiek (B.R.)

B.R. 42 Resolusies, 27 - 30 Junie 1804.

1.2 Colonial Office (C.O.)

C.O. 47 Letters Received from Fiscal, Vol. I, 1813.

C.O. 84 Letters Received from Court of Justice, Port Office, and Collector of Tithes, 1817.

- C.O. 103 Letters Received from Sundry Civil Officers, 1819.
- C.O. 203 Letters Received from Bible and School Commission, 1824.
- C.O. 235 Letters Received from Private Individuals, 1825.
- C.O. 236 Letters Received from Fiscal's and Police Offices, Vol. I, 1825.
- C.O. 238 Letters Received from Court of Justice, Vol. I, 1825.
- C.O. 257, 296 Letters Received from Court of Justice, Vols. I and II, 1826-1827.
- C.O. 263 Letters Received from Burgher Senate, 1826.
- C.O. 268 Letters Received from Slave Registrar's Office and Slave Lodge, 1826.
- C.O. 283 Letters Received from Churches, 1826.
- C.O. 311 Letters Received from Registrar and Guardian of Slaves and Director of the Government Slave Lodge, 1827.
- C.O. 369 Letters Received from Consistories, Clergymen and Master of the Grammar School, 1829.
- C.O. 372 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace, Judge of Police, Sheriff, and Commissioner Watermeyer, 1829.
- C.O. 379 Letters Received from Supreme Court, Attorney General, Clerk of the Peace Cape Town, High Sheriff, Late Fiscal, 1830.
- C.O. 2609, 2614 Letters Received from Drosdy Tulbagh and George, 1817-1818.
- C.O. 2620, 2627, 2635, 2643 Letters Received from Drosdy Tulbagh, 1819-1822.

- C.O. 2651, 2660, 2669,
2679-2680, 2696-2697,
2707, 2716, 2723 Letters Received from Drosdy
Worcester, 1823-1830.
- C.O. 2664 Letters Received from Drosdy
Stellenbosch, Vol. I, 1825.
- C.O. 3905, 3914, 3916,
3924-3925, 3928-3930,
3941-3944, 3949 Memorials Received, 1816, 1818-
1819, 1823, 1825-1826, 1829-1830.
- C.O. 4318, 4320-4321 Register of Memorials Received,
Jan. 1820 - Nov. 1821, Aug. 1823 -
June 1827.
- C.O. 4839-4841, 4843-
4844, 4846-4849, 4852-
4853 Letters Despatched, General, 18
Oct. 1816 - 23 Oct. 1819, 14 Jan.
1820 - 27 July 1821, Dec. 1821 - 26
Mar. 1824, 3 Dec. 1824 - 26 Sept.
1825.
- C.O. 4886-C.O. 4888 Letters Despatched, Country Dis-
tricts, 6 Mar. 1826 - 6 Sept. 1828.
- C.O. 4899-C.O. 4900 Letters Despatched, Civil, Vol. II
and III, 22 May 1829 - Nov. 1830.
- C.O. 5720 Schedule of Papers submitted to His
Excellency the Acting Governor,
2 Jan. 1821 - 30 Nov. 1821.
- C.O. 5829 Proclamations and Government
Advertisements, Sept. 1828-1831.
- C.O. 5963-5964, 5970-
5973, 5992 Cape of Good Hope Blue Book and
Statistical Register, 1821-1822,
1828-1830, 1850.
- C.O. 6135 Statements of the Population and
the Quantity of Lands at the Cape
of Good Hope, 1806-1823.

1.3 Government House (G.H.)

- G.H. 1/4, 1/19, 1/34,
1/57, 1/59 Papers Received from Secretary of
State, London, Oct. 1807 - May
1809, Feb. - Oct. 1816, Sept. -
Oct. 1826, Dec. 1826 - Mar. 1827.
- G.H. 23/5, 23/7-23/8 Papers Despatched to Secretary
of State, London, 26 Nov. 1813 -
19 Dec. 1817, 13 Dec. 1821 -
16 Dec. 1826.

1.4 Advisory Council (A.C.)

- A.C. 5 - A.C. 6 Appendices, Nos. I and II, 4 May
1825 - 16 July 1827.

1.5 Attorney-General (A.G.)

- A.G. 31 Papers Despatched, 1812-1813.

1.6 Court of Justice (C.J.)

- C.J. 272 Kriminele Kladresolusies, Jan. -
Jul. 1825.
- C.J. 633, 637 Kriminele Prosesstukke, Jan. - Feb.
1825, Jul. - Des. 1826.
- C.J. 3289 Kladnotule, Verbale ens. van
Gekommitteerdens, Mar. 1825.
- C.J. 3399 Notule, Regsrolle en Verbale van
Kommissie van Regspleging, Tulbagh,
Uitenhage, George, Swellendam,
Caledon (Bylae), 1815-1816.
- C.J. 3416 Notule, Regsrolle en Verbale van
Kommissie van Regspleging, Clan-
william, Tulbagh, Worcester, Swel-
lendam, 1823.

- C.J. 3420 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Clanwilliam, Worcester, Beaufort West, 1824.
- C.J. 3426 Notule, Regsrolle en Verbale van Kommissie van Regspleging, Worcester, Beaufort West, 1825.

1.7 Cape Town Supreme Court (C.S.C.)

- C.S.C. 1/1/1/1 Criminal Cases, 1828.

1.8 Opgaafrolle (J.)

- J. 24, 30, 32 Opgaafrolle Clanwilliam, 1816, 1824, 1826.
- J. 252 Opgaafrol Stellenbosch, 1816.
- J. 384, 389, 391 Opgaafrolle Tulbagh, 1816, 1820, 1821.
- J. 410, 418, 421, 423, 425 Opgaafrolle Worcester, 1820, 1823-1824, 1826-1827.

1.9 Slave Office (S.O.)

- S.O. 1/2 - S.O. 1/6 Letters Received from Colonial Office, 1819-1834.
- S.O. 1/12 Letters Received from Slave Registry Office, Clanwilliam, 1825-1829.
- S.O. 1/44 - S.O. 1/46 Letters Received from Slave Registry Office Tulbagh - Worcester, 1816-1825.
- S.O. 2/8, 2/9, 2/11 Letters Despatched, 1816-1830.
- S.O. 3/1, 3/3, 3/6, 3/7 Reports of the Protector of Slaves, 1826-1827, 1829 - 25th June 1831.

S.O. 3/2, 3/4-3/5	Reports of the Protector of Slaves for Western Division, 1828 - 28th June 1830.
S.O. 3/20(a)	Confidential Reports, Protector of Slaves, 1829-1834.
S.O. 3/22	Slave Cases, 1816-1827.
S.O. 6/36	Register of Slaves Clanwilliam, 1821-1835.
S.O. 6/127, 6/129-6/130, 6/132, 6/135, 6/138, 6/140	Register of Slaves Tulbagh (later Worcester), 1816-1836.
S.O. 7/35	Return of Slave Baptisms, 1824-1832.
S.O. 7/36 - S.O. 7/37	Diverse Slave Returns, 1816-1834.
S.O. 8/4	Abstract of Casualties from Diary kept in the Slave Registry Office Clanwilliam, 1821-1824.
S.O. 8/31	Register of Marriages, 1824-1830.
S.O. 10/15 - S.O. 10/16	Return of Slaves sold by Public Auction with the amount of each sale, 1823-1830.
S.O. 10/22	Statement of Slaves sold by Sequestrator (with Correspondence), 1816-1826.
S.O. 12/13	Return of Slaves manumitted, 1828-1830.
S.O. 12/14	Index to Names of Owners whose Slaves have been manumitted, 1816-1826.

1.10 Worcester-argief (W.O.C.)

W.O.C. 1/3 - W.O.C. 1/6	Notule van Landdros en Heemrade, Febr. 1814 - Des. 1827.
W.O.C. 1/15, 1/18	Bylae tot Notule van Landdros en Heemrade, Jul. 1815 - Des. 1816, Des. 1821 - Des. 1822.

- W.O.C. 10/6 Dagregister van Landdros, Mei 1815
- Jun. 1817.
- W.O.C. 11/4, 11/7-11/8 Inkomende Briewe van Koloniale
Kantoor, Jun. 1815 - Des. 1817,
1825-1826.
- W.O.C. 12/6 - W.O.C.
12/18 Inkomende Briewe van Amptenare,
Sept. 1820 - Des. 1826.
- W.O.C. 12/51 Inkomende Briewe van Adjunk-
landdros Clanwilliam, Mei 1815 -
Des. 1817.
- W.O.C. 12/68 - W.O.C.
12/77 Gemengde Inkomende Briewe, Jan.
1817 - Des. 1830.
- W.O.C. 13/12-13/15 en
13/18-13/19 Briewe ontvang van Veldkornette,
Jan. 1818-1822, 1824-1825.
- W.O.C. 14/10 - W.O.C.
14/11 Inkomende Briewe van Private
Persone en Amptenare, 1824-1827.
- W.O.C. 15/18 Registers van Koste van Inspeksie
en Opmeting van Landerye, 1819-
1825.
- W.O.C. 15/43 Lyste van Plase en Uitspanplekke,
1830.
- W.O.C. 15/103 Attestatien, 1823-1838.
- W.O.C. 15/109 Register van Geboortes en Sterf-
gevalle van Inwoners, 1824-1842.
- W.O.C. 15/140 Briewe en Kerkrekenings aan
Landdros en Kommissaris Politiek,
en Skoolkommissie, 1798, 1805-1826.
- W.O.C. 17/7 - W.O.C.
17/13 Uitgaande Briewe van Landdros en
Siviele Kommissaris, Okt. 1814 -
Des. 1833.
- W.O.C. 17/34 - W.O.C.
17/37 Uitgaande Briewe van Sekretaris van
Landdros en Heemrade, Jul. 1812 -
Des. 1827.

W.O.C. 19/8 - W.O.C. 19/9	Inkomende Briewe van Amptenare, 1821 - Sept. 1822.
W.O.C. 19/11	Inkomende Briewe van Private Persone, Jan. 1821 - Aug. 1822.
W.O.C. 19/12	Uitgaande Briewe van Adjunk-Landdros Worcester, Des. 1819 - Sept. 1822.
W.O.C. 19/15	Inkomende Briewe van Kantore van Slaweregistrasie, 1816 - Des. 1819.
W.O.C. 19/20	Uitgaande Briewe van Distriksklerk en Assistent-Registrateur van Slawe, Jun. 1816 - Des. 1826.
W.O.C. 19/21	Uitgaande Briewe van Assistent-Registrateur, Jan. 1827 - Okt. 1838.
W.O.C. 19/22	Uitgaande Briewe van Assistent-Beskermer, Jul. 1826 - Des. 1832.
W.O.C. 19/24	Dagboek van Assistent-Beskermer, Jul. 1826 - Okt. 1831.
W.O.C. 19/35	Klagtes, Rapporte, en Memos., 1823-1826.
W.O.C. 19/36	Boek van Klagtes, 1828-1829.
W.O.C. 19/42	Lyste van verkoopte Slawe en ander slawedokumente, 1820-1832.
W.O.C. 19/58	Gemengde dokumente betreffende Slawe en Huurjongens, 1825-1833.
W.O.C. 19/69	Inkomende Briewe van Klerke van die Vredegerereg, 1823-1858.
W.O.C. 19/70, 19/72	Inkomende Briewe van Prokureur-Generaal, 1828-1859.
W.O.C. 19/71	Inkomende Briewe van Assistent-Beskermer van Slawe, Worcester, Febr. 1829 - Des. 1830.
W.O.C. 19/73 - W.O.C. 19/74	Uitgaande Briewe van die Klerk van die Vredegerereg, Jan. 1828 - Des. 1829.

- W.O.C. 19/121 Inkomende Briewe aan Skoolkommissie, Des. 1812 - Jan. 1825.
- W.O.C. 20/1 Inkomende Briewe van Speciale Heerraad Tulbagh, Nov. 1822 - Okt. 1823.
- W.O.C. 20/2 - W.O.C. 20/3 Uitgaande Briewe van Speciale Heerraad/Vrederegter Tulbagh, Febr. 1825 - Okt. 1834.

1.11 Graaff-Reinet-argief (G.R.)

- G.R. 8/9 Letters Received from Colonial Office, 1819-1820.

1.12 Stellenbosch-argief (S.T.B.)

- S.T.B. 20/46 Uitgaande Briewe van Landdros, 1825.

1.13 Meester van die Hooggeregshof (Kaapse Afdeling)
Master's Office and Orphan Chamber (M.O.O.C.)

- M.O.O.C. 6/9/3 Death Register, 1822-1833.
- M.O.O.C. 7/129 Ongeregistreerde Testamente en Inventarisse, 1799-1833.
- M.O.O.C. 7/1/95, 7/1/117,
7/1/124-7/1/125 Testamente, Algemene reeks, 1825, 1832, 1834.

1.14 Accessions (A.)

- A.79 Private Journal of P.J. Truter, Civil Commissioner Worcester (Diaries), May 1799, 1829-1866.

1.15 Microfilm Collection (Z.)

- Z.C. 1/6 A Short History of Slavery at the
Cape.
- Z.P. 1/1/31 Letters Received from Court of
Justice, 1825.

1.16 Kaarte (M.)

- M.1/342 Map of the Cape Colony showing the
travels of John Barrow in 1797 and
1798.
- M.1/1256 Map of part of South Africa from
Namaqualand to the Cape and to the
Zwarteberg in the Graaff-Reinet
district, circa 1780.
- M.2/234 Divisional map of Ceres, 1901.
- M.2/1453 Map of part of the Cape Colony
showing parts of the districts of
Paarl, Piketberg, Malmesbury, Swel-
lendam, Riversdal, George, Beaufort
West, and Clanwilliam. Also shows
fieldcornetcies, etc., undated.
- M.3/1606 Map of the Division Ceres showing
fieldcornetcies, farms with grant
numbers, etc. on which are in-
dicated 1891 census particulars.
- M.4/603 Divisional map showing Paarl, Tul-
bagh and Worcester divisions (in-
cluding French Hoek District), un-
dated.

1.17 FotoversamelingsAlgemene Versameling (A.G.)

- A.G.7365 Portrait of Lord Charles Somerset,
governor of the Cape Colony.

Morrisonversameling (M.)

M.333 Drostdy Tulbagh from a vignette in Burchell, 1822-1824.

2. Nederduitse Gereformeerde Kerkargiefbewaarplek, Kaapstad (N.G.K.A.B.)2.1 Tulbagh gemeente (G.)

G.4 5/1 Inkomende Briewe, Febr. 1743 - Sept. 1910.

G.4 9/1 Tulbagh Huweliksregister, Okt. 1744 - April 1835.

G.4 12/1 Tulbagh Sendinggenootskap, diverse stukke, 1821-1845.

2.2 Privaataanwinste (P.)

P.42 1/1A Zahn se Dagboek, Deel I, Julie 1830 - Desember 1834 (Opsommende vertaling uit Duits deur J.A. Heese).

3. Akteskantoor, Kaapstad (A.K.)

Worcester Quitrents, 4.8.1831 - 31.12.1831, Vol. 4.

Register van Plaasname, Ceres, Vol. 2.

4. Die Kantoor van die Hoofdirekteur Opmetings en Kartering, Mowbray (K.H.O.K.)4.1 Kaarte

3218 Clanwilliam: 1:250 000 (Topografies).

3319 Worcester: 1:250 000 (Topografies).

3319 AB Gydopas: 1: 50 000 (Topografies).

4.2 Lugfoto's

Fototaak 126 van Desember 1948 tot Maart 1949, strook 20,
No. 05375.